

'N FONOLOGIESE EN MORFOLOGIESE BESKRYWING VAN LOBEDU

deur

ALBERT EWALD KOTZÉ

voorgelê luidens die vereistes

vir die graad

DOCTOR LITTERARUM ET PHILOSOPHIAE

in die vak

AFRIKATALE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

PROMOTOR: PROF L J LOUWRENS

JUNIE 1995

ERKENNING

Graag spreek ek my hartlike dank uit teenoor die volgende instansies en persone wat 'n rol gespeel het in die loop van my studies:

UNISA, vir die toekenning van 'n Doktorsbeurs wat handig te pas gekom het by die produksie van hierdie proefskrif. Sonder finansiële ondersteuning deur die Departement Afrikatale aan UNISA sou die navorsingsprojek nie moontlik gewees het nie. Die personeel van die Departement Onderrigtegnologie word ook bedank vir die goeie toestand waarin die toerusting wat in die veld gebruik was, gehou is.

Prof L J Louwrens, my promotor, vir sy professionele bystand van die begin af, sy belangstelling, leiding, vaardigheid op verskeie terreine, sy insig en aanvoeling vir dit waaroor 'n saak werklik gaan. Ek is Prof Louwrens veral dank verskuldig vir die tyd wat hy na-ure afgestaan het om te verseker dat die voltooiing van die graad nie vertraag word nie.

Alle kollegas en vriende wat belangstelling in my vordering getoon het, en my opgewondenheid gedeel het na mate die proefskrif einde se kant toe gestaan het. Ook daardie kollegas wat vryelik raad gegee, aangemoedig, en aangebied het om te help waar hulle kan. 'n Spesiale woord van dank gaan aan Prof I M Kosch wat in die finale stadium gesorg het dat ek meer tyd gehad het om aan die proefskrif te wy.

Mev P M du Preez en Mnr W J Van Staden wat aangebied het om te help met die proeflees, taalversorging en finale redigering op 'n tydstip toe die inleweringsdatum vinnig nader gekom het.

Sonder die toestemming van die stamowerheid by Bolobedu sou die navorsingsprojek nooit van stapel gestuur kon word nie. In hierdie verband spreek ek my dankbaarheid uit teenoor koningin Modjadji by wie die finale besluit berus het om haar mense as respondente beskikbaar te stel.

Die belangrikste rolspelers in die veldwerkstadium van die projek was sekerlik my informante. Hierdie bejaarde mense het hulle taak blymoedig en uiters getrou uitgevoer. Boonop het hulle hulle harte oopgemaak vir besoekers uit die vreemde, bloot omdat belangstelling in hulle getoon is. Hulle name is: Gilbert Nakampe Molokwane Modjadji, Hans Malebelebe Booke Modjadji, Samuel Patamedi Modiba, Maphetola Ntšhaupa Modjadji, Makaepa Flovia Modjadji, Makoša Mathekha, Mamodjadji Magdalena Mathekha en Jane Malematša Modjadji.

My vrou, Diane, en my kinders vir die aangename atmosfeer waarin ek tuis kon werk. Ek bedank ook my moeder en skoonouers wat hulle hoë verwagtinge van my dikwels genoeg aan my bekend gemaak het.

Laastens bring ek eer aan die Here wat my pad bepaal het, en my deur goeie gesondheid, talente, vermoëns en geleenthede in staat gestel het om op daardie pad te loop. Ek was nie alleen nie.

OPSOMMING

In hierdie studie word die fonologie en die morfologie van Lobedu, 'n dialek van die Noordoostelike dialekbundel van Noord-Sotho, beskryf. Historiese gegewens, soos in hoofstuk 1 weergegee, toon aan dat die Balobedu vroeër uitgebreide kontak met die Bavenda gehad het.

Die vokale van Lobedu is anders as hulle standaard eweknieë op die vokaalkaart geposisioneer. In hoofstuk 2 word aangetoon dat die vokaalsisteem in sekere opsigte met 'n vyfvokaalsisteem ooreenstem, maar nogtans oor sewe foneme beskik. Tekens van 'n verskuiwing in die rigting van die meer tipiese sewevokaalsisteem is opgemerk. Die konsonante van Lobedu word gekenmerk deur veral vier a-tipiese artikulasies: dentale klanke vervang die standaard laterale sluitklanke, retroflekse sluitklanke vervang alveolêre sluitklanke, oorwegend stemhebbende sluitklanke vervang tipiese Noord-Sotho se geëjekteerde klanke, en affriksie by die vrylating van retroflekse plosiewe is prominent.

In hoofstuk 3 word gekonsentreer op die toonpatrone wat verskillende naamwoorde en werkwoorde kenmerk. Interessante verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu is gedokumenteer, hoewel daar uiteraard ook heelwat ooreenkomste bestaan.

In hoofstuk 4 word die oorsprong van foneme diachronies nagespeur, terwyl alle geïdentifiseerde klankveranderinge in hoofstuk 5 opgeneem is. 'n Uitstaande kenmerk van Lobedu is dat die kombinasie van labiale konsonante geheel en al anders as in tipiese Noord-Sotho hanteer word.

In hoofstukke 6 tot 8 word die woordkategorieë morfologies beskryf en ontleed. Kenmerke van die werkwoord in die verskillende verbale subkategorieë kom ook aan die orde. Daar word na diachroniese feite verwys ten einde die voorkoms van sekere allomorfe te verklaar, terwyl die herkoms van sekere morfeme na Venda en Tsonga teruggevoer word. Hoofstuk 9 bevat 'n gedetailleerde uiteensetting van die struktuur van die verskillende kopulatiewe.

In die finale hoofstuk word tot die slotsom gekom dat Lobedu wel as 'n dialek van Noord-Sotho beskou moet word, ten spyte van aansienlike Venda-beïnvloeding. Die voorkoms van a-tipiese kenmerke diskwalifiseer Lobedu nie as 'n Noord-Sotho dialek nie; indien wel, moet die status van verskeie ander Noord-Sotho dialekte ook bevraagteken word. Die Balobedu beskou hulleself as Noord-Sotho mense, en die effektiewe kommunikasie tussen die Balobedu en sprekers van Noord-Sotho bewys dat onderlinge verstaanbaarheid 'n werklikheid is.

Northern Sotho, notwithstanding obvious influences from Venda. The presence of atypical features should not disqualify Lobedu as a dialect of Northern Sotho; if so, the status of some other Northern Sotho dialects should also be questioned. The Balobedu regard themselves as Northern Sotho people and the effective communication between the Balobedu and speakers of standard Northern Sotho is proof of mutual intelligibility.

Key terms

Lobedu; Northern Sotho; North Eastern dialect cluster; Phonology; Phonetics; Phonological processes; Diachronic phonology; Tonology; Morphology; Copulatives

INHOUD

		Bladsy
HOOFSTUK 1	INLEIDING	
1.1	Doelwit	1
1.2	Bestek van die studie	1
1.3	Teoretiese begronding	3
1.4	Taal versus dialek	4
1.4.1	Linguistiese kriteria	5
1.4.1.1	Die bestaan van variëteite	5
1.4.1.2	Onderlinge verstaanbaarheid	5
1.4.2	Nie-linguistiese kriteria	7
1.4.2.1	Politiese en kulturele kriteria	7
1.4.2.2	Sosiale faktore	9
1.4.3	Begripsomskrywing	9
1.5	Die Balobedu - 'n historiese oorsig	10
1.6	Eksterne geskiedenis van die Balobedu	14
1.7	Linguistiese oorsig	19
1.7.1	Die indeling van Lobedu as Noord-Sotho dialek	19
1.7.2	Raakpunte met ander dialekte	21
1.7.2.1	Phalaborwa	22
1.7.2.2	Hananwa	23
1.7.3	Moontlike bronne van kontaminasie	24
1.8	Bestaande bronne oor Lobedu	26
1.8.1	Ferreira (1948)	26
1.8.2	Louwrens (1977)	27
1.8.3	Louwrens (1978)	29
1.8.4	Eiselen (1928-1929)	31
1.8.5	Eiselen (1928)	32
1.8.6	Mokgokong (1966)	32
1.8.7	Tucker (1969)	34

1.8.8	Krige (s.j.)	34
1.8.9	Krüger (1935-1936)	34
1.8.10	Krüger (1936)	34
1.8.11	Krüger (1937-1938)	35
1.8.12	Van Loggerenberg (1961)	35
1.8.13	Du Plessis (1963)	35
1.9	Aard en inhoud van navorsingsprogram	38
1.10	Navorsingsmetodiek	39
1.11	Afkortings	43
1.12	Ortografieë	43
1.12.1	Praktiese ortografie	43
1.12.2	Fonetiese ortografie	45
1.12.3	Oer-Bantoe ortografie	45
1.13	Samevatting	46

Bylaag tot hoofstuk 1

Figuur 1:	Kaart wat die Lobedugebied (Bolobedu) aandui	47
Figuur 2	Van Wyk (1969b:179) se indeling van die Sotho-taalgroep	48

HOOFSTUK 2 SINCHRONIESE FONOLOGIE

2.1	Inleiding	49
2.2	Doelwit	50
2.3	Teoretiese begroning	51
2.3.1	Die foneem	51
2.3.2	Fonetiese transkripsies	54
2.3.3	Fonetiese beskrywings	55
2.3.4	Fonotaksis	56
2.4	Beskrywing van Lobedu spraakklanke	56
2.4.1	Vokale	56
2.4.2	Konsonante	72

2.4.2.1	Plosiewe	84
2.4.2.2	Affrikatiewe	86
2.4.2.3	Frikatiewe	88
2.4.2.4	Tril	91
2.4.2.5	Flap	91
2.4.2.6	Resonante	92
2.4.2.7	Glyers	93
2.5	Samevatting	93
2.5.1	Vokale	94
2.5.2	Konsonante	95

HOOFSTUK 3 'N INLEIDENDE STUDIE VAN LOBEDU TOON

3.1	Inleiding	97
3.2	Navorsingstegniek	99
3.3	Nominale toon	100
3.3.1	Morfematiese toon	101
3.3.2	Monosillabiese stamme	101
3.3.3	Bisillabiese stamme	102
3.4	Verbale toon	104
3.4.1	Infinitiewe modus	104
3.4.1.1	Infinitiewe modus positief	104
3.4.2	Konsekutiewe modus	107
3.4.3	Imperatiewe modus	108
3.4.4	Situatiewe modus	110
3.4.5	Indikatiewe modus	112
3.4.5.1	Kort vorm van die indikatiewe modus	113
3.4.5.2	Lang vorm van die indikatiewe modus	113
3.5	Samevatting	115
3.5.1	Ooreenkomste in nominale toon	115
3.5.2	Verskille in nominale toon	115

3.5.3	Ooreenkomste in verbale toon	116
3.5.4	Verskille in verbale toon	116

HOOFSTUK 4 DIACHRONIESE FONOLOGIE

4.1	Inleiding	118
4.2	Vokaalfoneme	119
4.3	Konsonantfoneme	121
4.3.1	Basiese plosiewe	122
4.3.2	Basiese frikatiewe	125
4.3.3	Nasale	128
4.3.4	Stemlose palatale	129
4.3.5	Stemhebbende palatale	130
4.3.6	Nasaalverbindinge	131
4.3.7	Die invloed van palatalisering	136
4.3.7.1	Palatalisasie wanneer B./l/ 'n konsonant voorafgaan	137
4.3.7.2	Palatalisasie wanneer B./l/ of B./ll/ op 'n konsonant volg	139
4.3.7.3	Palatalisasie van labiale konsonante	142
4.4	Samevatting	143
4.4.1	Vokale	143
4.4.2	Plosiewe	144
4.4.3	Affrikatiewe	144
4.4.4	Frikatiewe	144
4.4.5	Tril	145
4.4.6	Resonante	145
4.4.7	Glyers	145

HOOFSTUK 5 KLANKVERANDERINGE

5.1	Inleiding	146
5.1.1	Internasionale morfofonologie: 'n tussenvlak tussen morfofonologie en fonologie	146
5.1.2	Plaaslike 'morfofonologie': geen tussenvlak, maar twee vlakke	147
5.1.2.1	Plaaslike morfofonologie	147
5.1.2.2	Klankveranderinge	148
5.1.3	Assimilasie en dissimilasie	150
5.2	Alveolarisasie	151
5.3	Elisie	153
5.3.1	Vokaalelisie	153
5.3.2	Konsonantelisie	155
5.4	Glyervorming	155
5.4.1	Intervokaliëse glyervorming	156
5.4.2	Nie-intervokaliëse glyervorming	156
5.5	Homorganiese nasaalrealisasie	158
5.6	Labialisasie	159
5.7	Metatesis	162
5.8	Okklusivering	162
5.9	Palatalisasie	166
5.10	Retrofleksering	172
5.11	Samesmelting	173
5.12	Vokaalverhoging	177
5.13	Vokaalvervanging	179
5.14	Samevatting	179

HOOFSTUK 6 MORFOLOGIE VAN NIE-VERBALE WOORDE

6.1	Inleiding	183
6.2	Morfologie van die naamwoord	184
6.2.1	Basiese naamwoorde	184
6.2.1.1	Klas 1	184
6.2.1.2	Klas 2	185
6.2.1.3	Subklas 1(a)	186
6.2.1.4	Subklas 2(a)	186
6.2.1.5	Klas 3	187
6.2.1.6	Klas 4	188
6.2.1.7	Klas 5	188
6.2.1.8	Klas 6	189
6.2.1.9	Klas 7	191
6.2.1.10	Klas 8	192
6.2.1.11	Klas 9	193
6.2.1.12	Klas 10	195
6.2.1.13	Klas 11	196
6.2.1.14	Klas 13	198
6.2.1.15	Klas 14	198
6.2.1.16	Klas 15	199
6.2.1.17	Klas 16	199
6.2.1.18	Klas 17	200
6.2.1.19	Klas 18	200
6.2.1.20	Klas 'X'	201
6.2.1.21	Klas 'Y'	201
6.2.1.22	Samevatting van basiese naamwoordprefikse	202
6.2.2	Deverbatiewe naamwoorde	203
6.2.2.1	Klas 1	203
6.2.2.2	Klas 2	204
6.2.2.3	Klas 3	204
6.2.2.4	Klas 4	205

6.2.2.5	Klas 5	205
6.2.2.6	Klas 6	206
6.2.2.7	Klas 7	207
6.2.2.8	Klas 8	207
6.2.2.9	Klas 9	207
6.2.2.10	Klas 10	209
6.2.2.11	Klas 11	210
6.2.2.12	Klas 14	210
6.2.2.13	Samevatting van deverbatiëwe naamwoordprefikse	211
6.2.3	Diminutiewe naamwoorde	211
6.2.3.1	Diminutiefvormingstrategieë	212
6.2.3.2	Betekenis van diminutiewe naamwoorde	213
6.2.3.3	Diminutief-afgeleide werkwoorde	221
6.2.3.4	Fonologiese prosesse betrokke by diminutiefvorming	221
6.2.4	Kwalifikatiewe naamwoorde	228
6.2.4.1	Adjektiewe naamwoorde	228
6.2.4.2	Relatiewe naamwoorde	231
6.2.5	Gelokatiewe naamwoorde	232
6.2.5.1	Fonologiese prosesse betrokke by lokativering	233
6.2.6	Augmentatiewe/vroulike naamwoorde	235
6.3	Voornaamwoorde	235
6.3.1	Absolute voornaamwoorde	236
6.3.2	Demonstratiewe voornaamwoorde	241
6.3.3	Demonstratief-kopulatiewe	246
6.3.4	Kwantitatiewe voornaamwoorde	250
6.3.4.1	Inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde	251
6.3.4.2	Eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde	253
6.3.5	Radikale voornaamwoorde	256
6.3.6	Possessiewe voornaamwoorde	259
6.4	Partikels	260
6.4.1	Konjunktiewe partikels	261
6.4.1.1	Konnektiewe partikel	261

6.4.1.2	Assosiatiewe partikel	261
6.4.2	Instrumentale partikel	262
6.4.3	Lokatiewe partikels	263
6.4.4	Hortatiewe partikel	266
6.4.5	Kwalifikatiewe partikels	266
6.4.6	Possessiewe partikels	268
6.4.7	Agentatiewe partikel	270
6.4.8	Klitiese partikels	270
6.4.9	Interrogatiewe partikels	270
6.5	Bywoorde	272
6.5.1	Basiese bywoorde	272
6.5.2	Afgeleide bywoorde	273
6.5.3	Bywoorde uit ander woordkategorieë	273
6.5.4	Die bywoordelike gebruik van partikelgroepe	274
6.6	Voegwoorde	275
6.6.1	Basiese voegwoorde	275
6.6.2	Voegwoorde wat uit werkwoorde ontwikkel het	276
6.6.3	Voegwoorde wat uit naamwoorde ontwikkel het	278
6.6.4	Voegwoorde wat uit voornaamwoorde ontwikkel het	279
6.6.5	Partikelgroepe met 'n konjunktiewe funksie	279
6.7	Ideofone	280
6.7.1	Klankkenmerke van ideofone	280
6.7.1.1	Ideofone wat op 'n verlengde konsonant eindig	281
6.7.1.2	Ideofone wat op 'n verlengde vokaal eindig	281
6.7.1.3	Ideofone wat bestaan uit 'n stam/sillabe wat herhaal word	282
6.7.1.4	Paranomale klanke in ideofone	282
6.7.2	Raakpunte met ander woordkategorieë	283
6.7.2.1	Basiese ideofone	283
6.7.2.2	Ideofone wat van werkwoordstamme afgelei is	284
6.7.2.3	Ideofone waarvan werkwoordstamme afgelei is	284

6.7.2.4	Ideofone gebaseer op adjektiefwortels wat kleur aandui	285
6.7.3	Raakpunte met Venda en Tsonga	285
6.7.3.1	Raakpunte met Venda	285
6.7.3.2	Raakpunte met Tsonga	286
6.7.4	Verdere voorbeelde van ideofone	286
6.7.5	Konstruksies waarin ideofone gebruik word	287
6.7.5.1	Ideofone as komplemente van -re of -ilê	287
6.7.5.2	Ideofone sonder -re of -ilê	288
6.8	Tussenwerpsels	288
6.8.1	Klankkenmerke van tussenwerpsels	288
6.8.1.1	Tussenwerpsels wat op 'n verlengde vokaal eindig	288
6.8.1.2	Tussenwerpsels wat bestaan uit sillabes/klanke wat herhaal word	289
6.8.1.3	Paranormale klanke in tussenwerpsels	289
6.8.2	Herkoms van tussenwerpsels	289
6.8.2.1	Basiese tussenwerpsels	289
6.8.2.2	Tussenwerpsels uit ander woordkategorieë	290
6.8.3	Verdere voorbeelde van tussenwerpsels	290
6.9	Samevatting	290
6.9.1	Klasprefikse	291
6.9.2	Deverbatiewe naamwoorde	292
6.9.3	Diminutiewe naamwoorde	292
6.9.4	Adjektiewe naamwoorde	294
6.9.5	Kwalifikatiewe naamwoorde	294
6.9.6	Lokatiewe naamwoorde	294
6.9.7	Augmentatiewe/vroulike naamwoorde	295
6.9.8	Absolute voornaamwoorde	295
6.9.9	Demonstratief-kopulatiewe	295
6.9.10	Kwantitatiewe voornaamwoorde	296
6.9.11	Radikale voornaamwoorde	297

6.9.12	Possessiewe voornaamwoorde	297
6.9.13	Partikels	298

HOOFSTUK 7 MORFOLOGIE VAN PREDIKATIEWE WOORDE

7.1	Inleiding	300
7.2	Werkwoordelike prefikse	301
7.2.1	Onderwerpskakels	301
7.2.2	Voorwerpskakels	304
7.2.3	Refleksiefmorfeem zvwe-	306
7.2.4	Onvoltooidheidsmorfeem -(y)a-	307
7.2.5	Situatiefmorfeem -khe-	307
7.2.6	Perfektiewe/statiewe -(y)a-	309
7.2.7	Negatiefmorfeme	310
7.2.7.1	ha-	311
7.2.7.2	-khe-	311
7.2.7.3	-se-	312
7.2.7.4	-sa-	313
7.3	Stabiliseerder e-	314
7.4	Defisiënte hulpwerkwoordvorme	315
7.4.1	Persistiewe -kha-	315
7.4.2	Potensialis -ga-	316
7.4.3	Toekomende tyds -dô-	317
7.4.4	Kasuele -nô-/dlô-	318
7.4.5	Negatiewe -sô-/tšhô-	318
7.4.6	Futuratiewe -yô-	319
7.4.7	Die defisiënte hulpwerkwoordvorm -rô-	319
7.5	Werkwoordelike suffikse	319
7.5.1	Ekstensies	321
7.5.1.1	'Ou' kousatief	321
7.5.1.2	Kousatief	322
7.5.1.3	Applikatief	324

7.5.1.4	Resiprokalis	325
7.5.1.5	Passief	326
7.5.1.6	Neutro-aktief	329
7.5.1.7	Neutro-passief	330
7.5.1.8	Intensief-neutro-aktief	330
7.5.1.9	Transitief-reversief	330
7.5.1.10	Intransitief-reversief	330
7.5.1.11	Kontaktief	331
7.5.1.12	Posisionalis	331
7.5.1.13	Dispersief	331
7.5.1.14	Assosiatief	332
7.5.1.15	Denominatief	332
7.5.1.16	Iteratief	332
7.5.2	Werkwoorduitgange	333
7.5.2.1	Die uitgang -a	334
7.5.2.2	Die uitgang -ê	336
7.5.2.3	Die uitgang -e	340
7.5.2.4	Die perfektumuitgang -ilê	340
7.5.2.5	Relatiewe uitgang -ho	348
7.5.2.6	Meervoudsuitgang -ne	348
7.6	Samevatting	349
7.6.1	Onderwerpskakels	349
7.6.2	Refleksiefmorfeem	350
7.6.3	Situatiefmorfeem	350
7.6.4	Negatiefmorfeme	351
7.6.5	Defisiënte hulpwerkwoordvorme	351
7.6.6	Werkwoordekstensies	352
7.6.7	Werkwoorduitgange	352

HOOFSTUK 8 SUBKATEGORIEË VAN DIE WERKWOORD

8.1	Inleiding	354
8.2	Struktuurkenmerke van werkwoorde	356
8.2.1	Indikatiewe modus	357
8.2.1.1	Onvoltooide tyd	357
8.2.1.2	Voltooide tyd	357
8.2.1.3	Toekomende tyd	359
8.2.2	Situatiewe modus	360
8.2.2.1	Onvoltooide tyd	360
8.2.2.2	Voltooide tyd	360
8.2.2.3	Toekomende tyd	361
8.2.3	Relatiewe modus	363
8.2.3.1	Onvoltooide tyd	365
8.2.3.2	Voltooide tyd	365
8.2.3.3	Toekomende tyd	366
8.2.4	Konsekutiewe modus	369
8.2.5	Subjunktiewe modus	370
8.2.5.1	Subjunktiewe werkwoorde in die hortatief	371
8.2.6	Habituele modus	372
8.2.7	Kondisionale modus	373
8.2.8	Infinitiewe modus	375
8.2.9	Imperatiewe modus	376
8.3	Samevatting	379

HOOFSTUK 9 KOPULATIEWE

9.1	Inleiding	381
9.2	Organisasie van besonderhede	386
9.3	Identifiserende kopulatiewe	387
9.4	Beskrywende kopulatiewe	396

9.5	Assosiërende kopulatiewe	405
9.6	Samevatting	413
9.6.1	Identifiserende kopulatiewe	413
9.6.2	Beskrywende kopulatiewe	416
9.6.3	Assosiërende kopulatiewe	419

HOOFSTUK 10 SAMEVATTING

10.1	Inleiding	422
10.2	Belangrikste fonologiese kenmerke	422
10.2.1	Fonologiese sisteem	423
10.2.1.1	Vokale	423
10.2.1.2	Konsonante	424
10.2.2	Klankveranderinge en klankverskynsels	425
10.2.3	Diachroniese fonologie	426
10.2.4	Tonologie	427
10.2.4.1	Verskille in nominale toon	427
10.2.4.2	Verskille in verbale toon	427
10.3	Belangrikste morfologiese kenmerke	428
10.3.1	Nie-verbale woorde	428
10.3.1.1	Klasprefikse	428
10.3.1.2	Diminutiewe naamwoorde	429
10.3.1.3	Adjektiewe naamwoorde	430
10.3.1.4	Kwalifikatiewe naamwoorde	430
10.3.1.5	Lokatiewe naamwoorde	430
10.3.1.6	Augmentatiewe/vroulike naamwoorde	430
10.3.1.7	Absolute voornaamwoorde	430
10.3.1.8	Demonstratief-kopulatiewe	431
10.3.1.9	Kwantitatiewe voornaamwoorde	431
10.3.1.10	Radikale voornaamwoorde	432
10.3.1.11	Possessiewe voornaamwoorde	432
10.3.1.12	Partikels	433

10.3.2	Predikatiewe woorde	433
10.3.2.1	Onderwerpskakels	433
10.3.2.2	Refleksiefmorfeem	434
10.3.2.3	Situatiefmorfeem	434
10.3.2.4	Negatiefmorfeme	434
10.3.2.5	Defisiënte hulpwerkwoordvorme	434
10.3.2.6	Werkwoordekstensies	434
10.3.2.7	Werkwoorduitgange	435
10.3.3	Subkategorieë van die werkwoord	435
10.3.4	Kopulatiewe	436
10.3.4.1	Identifiserende kopulatiewe	436
10.3.4.2	Beskrywende kopulatiewe	438
10.3.4.3	Assosiërende kopulatiewe	439
10.4	Die klassifikasie van Lobedu as dialek van Noordoos-Sotho	441
10.4.1	Fonologiese faktore	441
10.4.2	Morfologiese faktore	442
10.4.3	Slotsom	443
BRONNELYS		445

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Doelwit

Die oogmerk van hierdie studie is om die klank- en vormleer van Lobedu sistematies te beskryf. Aangesien daar tot dusver nog nie 'n soortgelyke projek van dieselfde omvang as hierdie een aangepak is nie, is die werk eerder beskrywend as analities van aard. Analises van verskillende taalaspekte kan eers onderneem word as die basiese taalfeite bekend is. Hoewel die studie dus nie in sy wese analities van aard is nie, word verskeie analises nogtans gemaak in gevalle waar dit meehelp om beskrywing te vereenvoudig en waar dit nuwe kennis met wyer implikasies as net vir Lobedu ontsluit.

Behalwe vir die feit dat Lobedu nog nie volledig geboekstaaf is nie, is dit ook vanweë ander redes belangrik dat navorsing en verslag daarvoor gedoen word. Eerstens is die te boek stelling daarvan noodsaaklik omdat dialektverskille in die moderne tyd van eenvormige onderwys deur middel van standaard Noord-Sotho en gedeelde media geleidelik opgehef word. Tweedens is informasie en kommentaar oor Lobedu van belang in soverre dit die taal versus dialek status daarvan aangaan. In hierdie opsig som Chambers et al. (1988:24) die logiese basis van die dialektologie soos volg op: "The rationale for a discipline of dialect geography is disalarmingly simple: it seeks to provide an empirical basis for conclusions about linguistic variety that occurs in a certain locale". Kennis van die dialekte van Noord-Sotho is verder noodsaaklik vir die vergelykende en historiese taalkunde.

1.2 Bestek van die studie

Die studie bestaan uit tien hoofstukke: **hoofstuk 1**, wat as inleiding dien, is daarop afgestem om die leser in te lig oor teoretiese uitgangspunte binne die fonetiek, fonologie, morfofonologie, die woordteorie en teorieë rakende die onderskeid tussen taal en dialek, wat vir hierdie studie van besondere belang is. Verder word die herkoms van die Balobedu bespreek, asook hulle verwantskap en kontak met ander

volkere. In die bespreking van bestaande bronne oor Lobedu word die ondersoekterrein wat vir die doel van hierdie proefskrif afgebaken is, gemotiveer. Die veldwerktegnieke wat toegepas is, asook die wyse waarop die ingesamelde data verwerk is, word verduidelik. Laastens word die skryfsisteme wat gevolg word in die aanbieding van taalfeite uiteengesit, en word enkele afkortings wat gebruik word, toegelig.

Hoofstuk 2 behandel die sinchroniese fonologie en bevat 'n opgawe van alle geïdentifiseerde Lobedu foneme en allofone. Die inhoud behels in hoofsaak 'n fonetiese beskrywing van Lobedu spraakklanke, en bevat gevolglik verskeie spektrogramme aan die hand waarvan tipiese klankkenmerke geïllustreer en toegelig word.

In **hoofstuk 3** word daar op die tonologie gekonsentreer, en word die toonpatrone van die verskillende woordkategorieë beskryf. Toonreëls word nie as sodanig behandel nie omdat analyses van dié aard 'n studie van sy eie regverdig. Om die aanbieding van feite te vergemaklik, word toon slegs in hierdie hoofstuk aangedui.

Hoofstuk 4 fokus op die diachroniese fonologie, en bestaan uit 'n lys van alle Oer-Bantoe postulate wat deur Meinhof (1932) en Bourquin (1969) opgestel is tesame met hulle teenhangers in Lobedu. Die hoofstuk word afgesluit met 'n opsomming van die Oer-Bantoe foneme en hulle Lobedu reflekse.

In **hoofstuk 5** word alle fonologiese prosesse behandel. Waar nodig word van diachroniese gegewens gebruik gemaak ten einde sekere prosesse te verklaar.

Hoofstuk 6 bied 'n beskrywing van alle nie-verbale woorde en woordelemente aan. Die beskrywing sluit naamwoorde, voornaamwoorde, bywoorde, nie-kopulatiewe partikels, voegwoorde, ideofone en tussenwerpsels in. Die demonstratiewe kopulatief word by dié hoofstuk ingesluit vanweë die voornaamwoordelike kenmerke daarvan. Oor die woord-kategoriale status van dié woordsoort sal op 'n gepaste punt meer gesê word.

In **hoofstuk 7** word die morfologie van predikatiewe woorde in oënskou geneem, en word die werkwoord volgens die woordelemente wat daarin figureer omskryf. Dit behels al die verbale affikse wat in die verskillende modi en tye in Lobedu teëgekom is.

Hoofstuk 8 behels 'n beskrywing van die verskillende modi en tydsforme in die positief en negatief soos wat dit in Lobedu voorkom.

Hoofstuk 9 bevat 'n gedetailleerde uiteensetting van die struktuur van kopulatiewe met spesifieke verwysing na die kopula in identifiserende, beskrywende en assosierende kopulatiewe in die verskillende verbale subkategorieë.

In **hoofstuk 10** word gevolgtrekkings gemaak rakende sekere kenmerkende aspekte wat aan Lobedu sy unieke karakter verleen. Hier word veral besin oor die status van Lobedu as dialek van Noord-Sotho.

1.3 Teoretiese begroning

'n Fonologiese en Morfologiese Beskrywing van Lobedu is nóg 'n grammatika nóg 'n suiwer dialekstudie. Eersgenoemde veronderstel 'n vollediger en meer didakties georiënteerde taalbeskrywing as wat in hierdie studie onderneem word terwyl laasgenoemde die bepaling van isoglosse ten doel het. Die primêre oogmerk met hierdie proefskrif is om 'n linguistiese beskrywing van veral dáárdie taalverskynsels wat eie is aan Lobedu aan te bied om sodoende helderheid te kry oor Lobedu se posisie binne die groep dialekte wat met die sambreelterm 'Noord-Sotho' benoem word. Die inligting wat in dié proses gedokumenteer word behoort nietemin nuttig te wees vir latere dialekstudies.

Aan die sintaksis en semantiek word daar nie eksplisiet as afsonderlike ondersoekterreine aandag gegee nie. Hierdie twee dissiplines word egter implisiet by die navorsing betrek: wanneer daar byvoorbeeld Lobedu ekwivalente vir bepaalde Oer-Bantoe en Noord-Sotho vorme geïdentifiseer word, geskied dit nie net op grond van klankvormlike ooreenkomste tussen die betrokke vorme nie, maar ook op grond

van hulle betekenis. Die sintaksis weer, kom onder andere ter sprake waar morfeme beskryf word wat relasies tussen werkwoorde en naamwoorde markeer, in die bespreking van woordgroepe soos byvoorbeeld kopulatiewe.

Die beskrywingsraamwerk wat nagevolg word is in wese strukturalisties, maar meer bepaald só in die sin van Bantoeïste soos Van Wyk en Lombard se interpretasie en toepassing daarvan. Die akkuraatheid wat Van Wyk se benadering tot klankbeskrywing in terme van passiewe en aktiewe artikulators bied, is veral noodsaaklik vir dialeknavorsing. Sy woordbeskouing (1955, 1958, 1967, 1968, 1969a) soos verwerk in Lombard et al. (1988) dien as raamwerk vir die aanbieding van besonderhede betreffende die woordkategorieë. Die wyse waarop Lombard (1976) woordkategorieë tonologies beskryf, word gevolg, maar soos reeds genoem, word toonreëls nie behandel nie. Lombard (1985) se prosedure by die analise van fonologiese prosesse vorm die kern waarom hoofstuk 5 uitgebou word.

Die kwessie van wanneer 'n bepaalde idiolek as deel van 'n taal en wanneer as deel van 'n dialek beskou behoort word, word deur feitlik alle dialektoloë behandel. Sowel nie-linguistiese maatstawwe, soos politieke, sosiale, geografiese, historiese en kulturele besonderhede, sowel as suiwer linguistiese kriteria word meestal deur skrywers aangewend om die status van twyfelagtige spreekvorme te bepaal. Vir die doel van hierdie studie word in hierdie verband nou aangesluit by onder andere Chambers & Trudgill (1988), Brook (1965), Fromkin & Rodman (1983), Lyons (1968), MacKay (1987), Robins (1965) en Hockett (1959).

1.4 Taal versus dialek

Van die kriteria wat in 1.3 genoem is, skyn die nie-linguistiese kriteria 'n belangriker rol as linguistiese kriteria te speel. Hierdie toedrag van sake word weerspieël in Chambers en Trudgill (1988:5) se uitlating na aanleiding van die verhouding tussen Noorweegs, Sweeds en Deens: "... 'language' is not a particularly linguistic notion at all" en verder "The term 'language' then, is from a linguistic point of view a relatively non-technical term". Die drie genoemde tale is so eenders soos sekere Engelse dialekte, maar word as aparte tale beskou omdat hulle in verskillende lande gepraat

word en omdat nasionale trots ter sprake is. Hierteenoor word dikwels na die tale van Sjina as dialekte verwys hoewel die twee geykte voorbeelde van Sjinese dialekte, Mandaryns en Kantonees, nie eens onderling verstaanbaar is nie. Dit is duidelik dat 'n bepaalde spreekvorm nie sonder meer geklassifiseer kan word as taal of dialek nie. Brook (1965:18) stel dit as volg: "The distinction between a dialect and a language is not clear-cut, and in philological works related languages are sometimes referred to as dialects, especially if they are not well known". Ten einde meer klaarheid oor dié twee begrippe te verkry, word hulle vervolgens van nader beskou.

1.4.1 Linguistiese kriteria

Die linguistiese kriteria wat normaalweg aangewend word om tale van dialekte te onderskei, word volgende behandel. Die vraag of Lobedu 'n dialek is van Noord-Sotho al dan nie, geniet na aanleiding hiervan in hoofstuk 10 aandag.

1.4.1.1 Die bestaan van variëteite

Die blote bestaan van variëteite van 'n bepaalde spraakvorm wat taalstatus verwerf het, dui daarop dat dié variëteite dialekte is. Brook (1965:voorwoord) definieer op grond hiervan 'n dialek as "... any subdivision of a language that can be associated with a particular group of speakers smaller than the group who share the common language".

Chambers en Trudgill (1988:5) kwalifiseer die aard van die verskille wat van variëteite dialekte maak: "'Dialect'... refers to varieties which are grammatically (and perhaps lexically) as well as phonologically different from other varieties".

Die blote bestaan van variëteite kan uiteraard nie as enigste maatstaf dien aan die hand waarvan status as taal of dialek bepaal kan word nie.

1.4.1.2 Onderlinge verstaanbaarheid

Onderlinge verstaanbaarheid is die eerste en mees basiese kriterium wat deur taalkundiges toegepas word om die status van 'n bepaalde spraakvorm te bepaal. Onderlinge verstaanbaarheid verwys na die vermoë of onvermoë van sprekers van

twee of meer spraakvorme om mekaar te verstaan. Verstaanbaarheid is op sigself 'n komplekse aangeleentheid met meer as een faset wat die situasie ingewikkeld maak. In die eerste plek mag twee dialekte A en D nie onderling verstaanbaar wees nie, maar dan mag daar wel een of meer ander dialekte wees, sê B en C, wat tesame met die eerste twee 'n verhouding A-B-C-D daarstel, en waarin elke opeenvolgende paar onderling verstaanbaar is. In die geval van so 'n dialek kontinuum sou A en D dan wel as dialekte beskou kon word ten spyte daarvan dat hulle nie direk onderling verstaanbaar is nie.

'n Ander faset van onderlinge verstaanbaarheid wat geopper moet word, is die mate waartoe aanpassing in die vreemde dialek gemaak moet word ten einde kommunikasie met sprekers van 'n ander dialek moontlik te maak. Hockett (1959:327) stel dit as volg:

"It may be that each individual continues to speak in his own way, merely learning to understand the differing speech patterns of the other. Or it may be that each individual modifies his own productive habits as well..... In actuality, then, "mutual intelligibility" is not only a matter of degree, rather than of kind, but is not always even mutual".

Hockett verduidelik ook met verwysing na Noorweegse en Deense dat indien twee sprekers mekaar nie dadelik kan verstaan nie, hulle die probleem sonder veel moeite uit die weg sal kan ruim deur aanpassings te maak, aangesien die twee tale na genoeg aan mekaar verwant is.

Robins (1965:59) merk ten opsigte van grade van onderlinge verstaanbaarheid op dat sprekers van twee dialekte mekaar nie noodwendig ewe goed hoef te verstaan ten einde onderlinge verstaanbaarheid te bewerkstellig nie. Dit kan gebeur dat sprekers van dialek A sprekers van dialek B beter verstaan as wat die sprekers van dialek B sprekers van dialek A verstaan. Nogtans is onderlinge verstaanbaarheid in sulke gevalle 'n realiteit.

Ten spyte van etlike verskille is sprekers van afsonderlike dialekte dikwels nog in staat om mekaar te verstaan. Verskille in uitspraak, woordeskat en sintaktiese reëls is algemeen, maar hierdie verskille is relatief gering wanneer die betrokke grammatikas in hulle totaliteit vergelyk word. Omdat die grootste deel van die woordeskat, dit wil sê die klank-betekenis verhouding van woorde asook die sintaktiese reëls gedeel word, is die dialekte onderling verstaanbaar (Fromkin et al, 1983:250).

Chambers en Trudgill (1988:4) aanvaar die kriterium van onderlinge verstaanbaarheid ten volle, maar wys daarop dat dit beslis nie die enigste kriterium is nie. Hulle gebruik die voorbeeld van sekere variëteite van Duits wat nie deur sprekers van ander variëteite verstaan word nie en wat gevolglik nie volgens hierdie kriterium sou kon kwalifiseer as dialekte van Duits nie. Onderlinge verstaanbaarheid is dus nie in alle opsigte 'n absolute kriterium nie.

Volgens Brook (1965:19) ontwikkel twee dialekte in verskillende tale wanneer die graad van verskille tussen twee dialekte sodanig word dat onderlinge verstaanbaarheid nie meer bewerkstellig kan word nie. Hieroor merk Fromkin en Rodman (1983:282) die volgende op: "All genetically related languages were dialects of the same language at an earlier stage". Ofskoon Oer-Bantoe 'n hipotetiese rekonstruksie is, impliseer hierdie beskouing dat minstens sommige lede van die Bantoetaalfamilie wat vandag as afsonderlike tale onderskei word, vroeër dialekte van die voorouertaal moes gewees het.

1.4.2 Nie-linguistiese kriteria

1.4.2.1 Politieke en kulturele kriteria

Wanneer 'n volk polities onafhanklik word en 'n staat so tot stand kom, het dit noodwendig politieke, sosiale, kulturele, geografiese en historiese implikasies. Onafhanklikheidswording geskied altyd binne 'n afgebakende, ooreengekome geografiese gebied. Sweeds, Noorweegs en Deens, wat, soos reeds genoem, linguisties gesproke dialekte van mekaar is, word as gevolg van politieke redes in verskillende geografiese gebiede gepraat en word dus as verskillende tale erken.

MackKay (1987:21) verduidelik aan die hand van Engels dat die dialek wat tot die standaard verhef word, hierdie status nie bereik op grond daarvan dat dit beter kommunikasie moontlik maak as gevolg van 'n meer logiese grammatika soos wat sekere taalpuritiste beweer nie. Die grammatiese sisteme van dialekte wat deur plattelanders gepraat word, steek, wat hulle gesofistikeerdheid betref, geensins af by dié van die standaard taal nie. Dieselfde geld vir die grammatikas van tale wat deur onderontwikkelde mense gepraat word: dit is glad nie ondergeskik aan dié van tale wat deur ontwikkelde volkere gebruik word nie. Die dialek wat tot standaard taal verhef word, is in feitlik alle gevalle die dialek van die handelsentrum; van die mense met geld en mag. Die East Midland dialek van Middel Engels wat in en om Londen gepraat was, het só die standaard taal geword op grond van Londen se geografiese ligging: Londen het 'n handelsentrum geword omdat dit 'n hawe het. Dit het gelei tot ekonomiese en politieke mag vir dié wat die East Midland dialek gepraat het.

Soos geïllustreer, speel politieke en sosiale faktore en nooit linguistiese kriteria nie, die oorheersende rol in die vestiging van 'n dialek as standaard of amptelike taal bo ander dialekte. Chambers en Trudgill (1988:12) druk hulle soos volg uit oor die politieke faktore wat linguistiese onafhanklikheid onderlê: "It has been said that 'a language is a dialect with an army and a navy'". Pedi verteenwoordig in hierdie opsig 'n uitsondering omdat dit taalstatus verkry het vanweë die vertaling van die Bybel in Pedi. Omdat dit die eerste Noord-Sotho dialek was waarin die Bybel verskyn het, is dit gou aanvaar as die taal van die Bybel en later ook as die algemene skryftaal.

'n Gestandaardiseerde variasie van 'n taal is 'n linguisties-onafhanklike spraakvorm waaraan sprekers van 'n dialek hulle besondere variasie ondergeskik stel. As 'n spreker van 'n bepaalde Engelse dialek op 'n vraag sou verklaar dat hy Engels praat, beteken dit dat hy sy dialek ondergeskik stel aan standaard Engels.

Robins (1965:58) beskou die spraakvorme wat binne 'n polities verenigde gebied gepraat word as dialekte. Volgens hierdie maatstaf word die verskillende tipes Laag Duits wat aan weerskante van die Hollands-Duitse grens gepraat word soms as dialekte van Hollands sowel as van Duits beskryf, sonder inagneming van hulle

onderlinge ooreenkomste en verstaanbaarheid.

1.4.2.2 Sosiale faktore

Dit is 'n bekende feit dat verskille in sosiale stand en (sub)kultuur 'n neerslag vind in taal. Dit gee aanleiding tot die ontstaan van hoofsaaklik twee tipes taalverskynsels wat relatief onlangs eers die aandag van taalondersoekers begin geniet het. Die eerste is die sogenaamde stedelike dialekte waarvan die beste voorbeeld waarskynlik dié van die sosiale dialekte van Jamaika is. In hierdie Karribiese land praat persone aan die bopunt van die sosiale leer 'n taal wat vir alle praktiese doeleindes as Engels beskou kan word. Mense van die middelklasse - daar is verkeie stande te onderskei - praat 'n reeks sosiale dialekte wat deel uitmaak van 'n sosiale dialek kontinuum. Hierdie kontinuum bestaan uit variëteite met wisselende grade van Engelse invloed: mense bo aan hierdie sosiale stand besig 'n vorm wat duidelik Engels is, terwyl mense van die laagste stand 'n variëteit gebruik wat minder ooreenkomste met Engels toon. Diegene van die laagste klas, praat Jamaikaanse Kreools wat nie as 'n vorm van Engels beskou kan word nie.

Die ander taalverskynsel wat tot variasie aanleiding gee is styl, ofte wel die reeks van spraakvorme wat individue gebruik in verskillende sosiale omstandighede. Dit is bekend dat mense hulle taal varieer om aan te pas by formele situasies, terwyl 'n meer ontspanne variasie in informele omstandighede gebruik word. Tussen die formele en informele situasies bestaan daar ook nog 'n reeks omstandighede wat aanpassings in styl vereis sodat die spreker kan inpas by die groep waarbinne kommunikasie geskied.

1.4.3 Begripsomskrywing

Volgens Fromkin en Rodman (1983:246) speel nóg onderlinge verstaanbaarheid nóg politieke grense 'n absolute rol by die vasstelling van die status van 'n variëteit as 'n taal of dialek. Gevolglik is 'n duidelik omskrewe definisie van die onderskeid tussen die twee begrippe moeilik formuleerbaar. Hulle bied nogtans die volgende definisie van 'n dialek aan wat gebaseer is op onderlinge verstaanbaarheid: "... mutually intelligible versions of the same basic grammar, with systematic differences between them".

Hierdie definisie word vir die doeleindes van hierdie studie as maatstaf aanvaar.

'n Taal word, in navolging van Chambers en Trudgill (1988:11), beskou as "... a variety which is autonomous together with all those varieties which are dependent (heteronomous) upon it".

1.5 Die Balobedu - 'n historiese oorsig

In hierdie oorsig word gekonsentreer op die herkoms van die Balobedu, na aanleiding van vertellings deur Lobedu informante soos gedokumenteer deur Krige (1947) en Krüger (1936). Die korrekte spelling van name kon nie bepaal word nie, aangesien verkillende bronne dieselfde name verskillend spel. Gevolglik is besluit om deurgaans van Krige (1947) se spelwyse gebruik te maak. Inligting met betrekking tot die voorgeskiedenis van die Balobedu is verder verkry uit Loubser (1989), Wilson (1986) en Van Warmelo (1974).

In 1.6 word ook na die geskiedenis van die Balobedu verwys, maar daar val die klem op die mate van kontak met ander groepe wat 'n invloed op Lobedu kon gehad het. Hoewel die onderstaande inligting gebaseer is op Lobedu oorlewering, word elemente daarvan bevestig deur argeologiese en etnologiese gegewens.

Die Balobedu bewoon tans 'n gebied van sowat 111 310 hektaar. Die "Lobedu lowveld" soos Krige (1947:13) dit noem, word begrens deur die Kruger Wildtuin, die platorand, die Klein Letaba en Olifantsriviere. Aan alle kante van die Balobedu is daar getallegewys magtiger volke as hulle: die Tsonga ten ooste, die Pedi ten suide, die Venda ten noorde en verskeie stamme ten weste. Volgens die 1991/1992 gegewens soos verstrek deur die Departement van Landbou in Lebowa, woon 205 685 mense tans in die Lobedu gebied. Hierdie gebied is kort na die aankoms van die eerste blankes in die vroeë 1890's uitgelê, en in 1930 vergroot.

Die Balobedu vereer die bosvark (kolobê), eet nie vis nie, en is tradisioneel landbouers. Mielies word meestal verbou, terwyl hulle beeste besit ter wille van die handhawing van sosiale verwantskappe: beeste word gebruik om 'n vrou mee te trou.

Hierdie stam het nooit aan groot oorloë deelgeneem nie, maar het hulle invloed deur 'n diplomatieuse versoeningsbeleid laat geld. 'n Uitstaande kenmerk van die stamorganisasie is die posisie van die koningin wat 'n lewe van afsondering lei en haar tydperk as heerseres beëindig deur rituele selfmoord. Sy voer haar bestaan in afsondering en word slegs gesien deur 'n paar familielede en raadslede na aan haar. Só nou verbonde is sy aan die Lobedu grondgebied dat sy dit nooit mag verlaat nie.

Die Balobedu se leefwyse is patrilineêr ingerig, maar vroue beklee hoë posisies beide in die politieke en rituele bestaansfeer. Vroue mag beeste besit, as familiepriesteresse optree en 'n groot mate van beheer uitoefen oor familiesake.

Volgens Venda tradisie (Van Warmelo, 1940:62; 1974:77-78) was die Balobedu vroeër deel van die Venda volk en het hulle mettertyd in 'n afsondelike volk ontwikkel. Hierdie aanname word egter weerlê deur etnologiese en argeologiese bewyse wat daarop dui dat Lobedu, Phalaborwa en Birwa verbind kan word met die Lozvi, 'n Shona groep, terwyl Loubser (1989) bewyse aanvoer dat Venda 'n plaaslike ontwikkeling was wat tot stand gekom het weens die interaksie tussen Sotho en Shona. Volgens Wilson (1986:133-135) kom die oorspronklike Sotho groepe vanuit die noorde, maar het die Balobedu nie bande met die eerste Sotho immigrante nie. Sekere Lobedu rituele waaronder die rituele selfmoord van die koningin, haar lewe van afsondering, die bestaan van heilige tromme en die dood van haar seuns voordat hulle volwassenheid bereik, suggereer nie net bande met die Shona nie maar ook met die Nyakyuse-Ngonde van Tanzanië en Malawi (Wilson, 1986:164).

Volgens oorlewering begin die ontstaansgeskiedenis van die Balobedu by Monomotapa, heerser van Bokhalaka (Mashonaland) rondom 1600. Sy volk was bekend as die Bakaranga. Monomotapa se seuns maak mettertyd elk aanspraak op 'n deel van Bokhalaka. Een van die seuns se hoofstat was by die Maulwi-berg, êrens in Zimbabwe. Hy het as 'n **mambo** (kaptein) bekend gestaan en nie deur middel van geweld geheers nie, maar deur middel van bonatuurlike magte. Volgens tradisie moet hy sy heerskappy beëindig deur rituele selfmoord. Hy word nie deur mensgemaakte reëls aangestel nie, maar deur die gees van sy voorganger.

Die onbekende **mambo** wil die verleier van sy ongetroude dogter, Dzugudini, straf maar Dzugudini en haar moeder weier om die verleier se naam te verstrek. Terwyl die mambo, soos hy bekend staan, al hoe meer agterdogtig raak, steel Dzugudini se moeder die reënmaak toorgoed en heilige krale en onderrig haar dogter in hulle voordele en gebruike. Voordat die mambo kan optree vlug Dzugudini met haar baba Makaphimo en 'n aantal volgelinge na die suide.

Na 'n lang reis kom hulle by Bolobedu aan waar hulle hulleself tuismaak en die Lobedu stam vestig. Dit is onbekend of die mambo ooit uitgevind het wie sy dogter verlei het, maar tradisie wil dit hê dat Makaphimo die resultaat van 'n verhouding tussen Dzugudini en 'n halfbroer aan moederskant was.

Die verhaal vervolg in die helfte van die 17de eeu met 'n nasaat van Makaphimo wat die Mmamabolo stam vestig. Muhale, 'n seun van Makaphimo, regeer die Balobedu te Khumeloni, waarvan die ligging onbekend is. Op sy versoek sluit Mahasha en Mudiga, broers van Makaphimo, hulle by hom aan en gee hulle vrouens en dogters as geskenke aan hom. As beloning stel hy hulle as hoofmanne aan. Volgens oorlewering het Muhale die Khioga, primitiewe inwoners van die Daja-woud wat nie vuur geken het nie en hulle vleis rou geëet het, onderwerp. Die gekultiveerde Balobedu het hulle onder hande geneem en hulle die fynere kunsies van die lewe geleer. (Antropoloë is egter onbewus van 'n volk wat nie vuur geken het nie). Muhale word na sy afsterwe begrawe by die altare van Daja.

Intussen was dit steeds die gebruik dat 'n heerser die toorgoed waarmee reën gemaak word, aan die opvolger oorhandig. So is die mag om reën te kan maak aan die begin van die 18de eeu deur 'n latere heerser, Malaji, aan sy jongste seun Pheduli oorhandig. Die ouer broer Madaji was ontevrede en daar is besliste aanduidings dat 'n groot deel van die stam - waarskynlik as gevolg van Madaji se onvergenoegdheid - weggebreek het. Hierdie mense het later die BagaMamaila geword. Hulle bevind hulle vandag nog binne die Lobedu stamgebied.

Die tydperk tussen 1750 en 1800 is gekenmerk deur chaos. Pheduli se opvolger,

Khiali, beoog om die troon eindelijk af te staan aan sy seun, Mugodo, maar die ouer broer, Khashani, kom in opstand teen Mugodo. Hoewel Khashani verdryf word, neem hy 'n deel van die stam saam met hom. Mugodo se bewind eindig in chaos, onsekerheid en verdeeldheid. Sy hoofmanne baklei ondermekaar, sy seuns stel hom teleur en 'n ongekenende hongersnood heers.

Mugodo spreek 'n profesie uit dat vroulike heerseresse na hom die troon sou beheer. Hy deel sy dogter, Modjadji, mee dat sy die koningin sal wees indien sy nieteenstaande die feit dat sy ongetroud bly, 'n troonopvolger in die wêreld sal bring. Hy sou dan die vader van die kind wees. Modjadji willig in en twee kinders, eers 'n seun en daarna 'n dogter, word gebore. Die seun word verwurg, maar die dogter sou mettertyd haar moeder as Modjadji II opvolg. Modjadji bestyg uiteindelik die troon om so die eerste vroulike heerseres van die Balobedu te word. Die feit dat 'n vrou die heerskappy oorgeneem het vind nie oral byval nie, en nog 'n groep onder leiding van Sephumulo breek weg. Dit lei tot die ontstaan van die Rakwadu en Sekhopo stamme. Eersgenoemde stam bevind hulle vandag by die plaas Meningen teenaan die Lobedu hoofstat en laasgenoemde in die Munnik-Soekmekaar omgewing.

Modjadji I se dogter, Sewela, bestyg die troon in die middel van die negentiende eeu as Modjadji II. Sy heers, in teenstelling met haar voorganger, in vrede en voorspoed vir meer as 'n halfeeue. As gevolg van 'n menigte beperkings op haar, lewe sy in afsondering en ontstaan die geloof dat sy uitermate met wysheid toebedeel is en onsterflik is. Van heinde en vêr kom boodskappers met geskenke en ambassadeurs met versoeke om hulp: 'n afvaardiging van Moshesh uit Lesotho asook van Maleboho, wie se Lobedu vrou hom die beginsels van reënmaak geleer het. Verder ontvang sy ook deputasies uit Venda, van Phalaborwa, van die Birwa en die Tswana, van die Pedi koning Sekwati, van die Kgaga en die Letswalo en laastens selfs ook van die Zoeloe koning - almal met versoeke om reën.

Die koms van die Europeër en van Silkaats se hordes vanaf Swaziland konfronteer Modjadji II met probleme wat sy nie op die tradisionele manier kon oplos nie. So, byvoorbeeld, lê die Z.A.R. regering beslag op 'n gedeelte van haar grondgebied, van

haar onderdane word in diens geneem deur vreemdes (blankes), belasting word gevorder en plekke wat vir die Balobedu heilig is, word onteer. Dit lei daartoe dat Modjadji II haar geloof in die gode van haar voorvaders verloor. In 1894 neem Modjadji II tragies haar eie lewe deur die gifbeker te drink ten einde plek te maak vir haar opvolger, haar niggie, wat bekend sou staan as Modjadji III.

Tydens die hele bewind van Modjadji III word die stryd tussen die tradisionele lewenswyse en die nuwe orde wat saam met die Europeër gekom het, voortgesit. Sy word deur haar dogter, Makoma, opgevolg wat alom as Modjadji IV bekend was en word uiteindelik opgevolg deur die huidige heerseres, Modjadji V, wat die troon so onlangs as 1982 bestyg het.

1.6 Eksterne geskiedenis van die Balobedu

Hockett (1959:372) beskryf die begrip eksterne geskiedenis soos volg:

"The external history of a language concerns the location and migration of its speakers, the episodes in which they have had various sorts of contact with speakers of other languages, the circumstances under which it has acquired new groups of speakers (other than by normal transmission to children born within the community) or lost old groups, and so on - indeed, anything about the history of the language itself".

Aangesien die omswerwinge van die Balobedu nie opgeteken is nie, moes etnoloë besonderhede oor die geskiedenis deur middel van mondelinge mededelings bekom. Oor die onwenslikheid hiervan laat Krige (1947:322-323) haarself soos volg uit:

"The problem of working out the movements and chronology of migration of the Sotho is indeed a formidable one. Our attempt is merely to throw onto relief some origins and tribal relationships as far as they are recorded in existing tradition".

Besonderhede betreffende die eksterne geskiedenis van die Balobedu soos wat dit hier gerapporteer word, is verkry uit Krige (1937), Krige (1947), Krige (s.j.), Mokgokong (1966) en Tucker (1969).

Daar is reeds genoem dat die Balobedu hulle oorsprong waarskynlik in die hedendaagse Zimbabwe gehad het. Dit is verder duidelik vanuit verskeie bronne dat die Balobedu reeds vir 'n geruime tyd kontak met die Venda het. Krige (1937:325) noem die moontlikheid van 'n gemeenskaplike oorsprong in die noorde vir die twee groepe hoewel so iets deur beide groepe ontken word. Hulle fisiese voorkoms verraai in elk geval verskille wat nie ontken kan word nie: die uiterlike van die Balobedu dui op 'n aansienlike mate van vermenging met mense van Arabiese of Hamitiese oorsprong.

Behalwe vir onbeduidende indringings deur die Tsonga, was die etniese en kulturele samestelling van die pre-Lobedu laeveld oorheersend Sotho, hoewel dit aansienlik beïnvloed is deur die kultuur en mense van Kalanga oorsprong. Hierdie pre-Lobedu kultuur wat hoofsaaklik bestaan het uit mense van Sotho-Tswana-Kalanga herkoms, noem Krige (1947:304) die Sotho substratum.

Groepe binne die Lobedu woongebied wat nie deel is van die kerngroep nie, is nasate van segmente van stamme wat sedert die eerste kwart van die agtiende eeu in die Lobedu laeveld aangekom het. Van hierdie groepe is die Tsonga die verste van die koningshuis verwyder omdat huwelike met die Tsonga nie goedgekeur word nie.

Inlywing by die koningshuis vind plaas deur die skenking van 'n dogter van die immigrante groep as vrou aan die koningin. Die koningin skenk op haar beurt die

'bruid' aan edeles van die kerngroep. Hierdeur word die meganisme van ondertrouery met vreemdes geïnisieer. Bande wat geskep word deur die gee van bruide en die gevolglike ontvangs van beeste lei tot die bou van bande met 'n immigrante groep wat mettertyd nou verwant raak aan die sosiale en ander strukture van die stam. Krige (1947:15) verwys na die "great diversity of peoples that make up the Lovedu". Die Kwena word byvoorbeeld reeds sedert die einde van die agtiende eeu met die koningshuis geassosieer toe die Lobedu heerser een van hulle as vrou geneem het (Krige 1937:330). Modjadji I is uit hierdie vrou van Kwena oorsprong gebore. Kwena hoofmanne is daarna toegelaat om oor 'n groot distrik te heers.

Die koninklike groep, wat die kern van die stam uitmaak, woon feitlik uitsluitlik op Lobedu berg. Die vlaktes word bewoon deur mense van Tsonga herkoms en die Roka. Die kerngroep, of **kwebo** ('broers van die Balobedu'), is in 1947 (Krige 1947:14) geskat op minder as 10% van die mense in die Lobedu laeveld. Hoofmanne vanuit die **kwebo** heers oor stamme soos die Sekhopo, Mamaila en Rakwadu. Volgens Mokgokong (1966:26) bevind die mense van Mamaila hulle noord van Modjadji se hoofkwartier en het hulle elemente van die Lobedu taal en kultuur behou. Die Sekhopo is steeds onder jurisdiksie van die Balobedu en is heelwat beïnvloed deur die Tlokwa.

Deur die eeue het die Balobedu met verskeie groepe bande gehad as gevolg van ander volke en stamme se geloof in hulle vermoë om te kan reën maak. Verskillende groepe het hulle by die Balobedu aangesluit as gevolg van die rustige bestaan wat hulle gevoer het, veral na die troonbestyging van Modjadji I. Dit is ook bekend dat die Balobedu 'n heenkome aangebied het aan vlugteling en mense in nood. Die eerste groep wat geabsorbeer is, sluit hulle ten tyde van die Balobedu se suidwaartse migrasie uit Zimbabwe by die Balobedu aan. Hulle was die Olifante (**d̪ōu**) wat deur die Balobedu as boodskappers gebruik is. Ander pre-Lobedu groepe wat die laeveld bewoon het en hulle moontlik later in Bolobedu gevestig het, was die Khiôga, Ngina en Sêja-Phala, meesal splintergroepe van gemengde Sotho en Kalanga oorsprong en 'n aantal Transvaalse Ndebele afkomstig uit die verre suide. Die Tswale groep is vreemdelinge wat teen ongeveer 1730 die Lobedu invloedssfeer betree het. Hulle was oorspronklik van die Venda koningshuis van Thoho-ya-Nd̪ou maar het nie meer

bande met die Venda volk nie.

By meer as een geleentheid het groepe weggebreek van die Balobedu af. Die eerste groep was die Mmamabolo wat sowat 300 jaar gelede reeds afgestig het. Sedertdien het die kulture van die twee groepe grootliks uiteengeloop weens 'n gebrek aan kontak. Die Mmamabolo bevind hulle tans in die Pietersburg omgewing. Die mense van Sekhopo en Rakwadu het net voor die einde van die agtiende eeu weggebreek van die Balobedu kerngroep af as gevolg van interne struweling. Na skermutselings met Modjadji word hulle verjaag na Sekukuniland vanwaar hulle later as nomade na verskillende bestemmings verhuis het.

Terwyl bogenoemde skets die indruk mag laat dat die Noord-Transvaal 300 jaar gelede dig bevolk was, was die bewoners daarvan taamlik yl versprei. Dit is hierdie gebied waarin die eerste Balobedu hulle gevestig, en lank ongehinderd gelewe het. Die eerste noemenswaardige groep mense wat hulle na aan die Balobedu kom vestig het, was die Venda. Die oorgelewerde geskiedenis van dié twee volke val nie saam in Zimbabwe nie, maar beide groepe het bande gehad met die mense van Kalanga, Lozvi en Nyai. In die post-immigrasie tydperk, veral tussen 1750 en 1820 het kontak tussen die Balobedu en die Venda toegeneem deur handel, migrasie, koninklike huwelike en die Venda se afhanklikheid van Modjadji se gawe om reën te maak.

Teen 1730 het die Kwebo en die Moila, twee Venda stamme, hulle binne die grense van Bolobedu kom vestig. Hulle het gevolglik ver-Lobedu, terwyl die Mamaila groep van die Balobedu ver-Venda het. Die bande tussen die Venda en Lobedu volke was van so 'n aard dat Mashau, 'n Venda hoof, in 1780 hulp aan Mugodo verleen het om rebelle in Bolobedu te onderdruk. Na ongeveer 1790 het Birwa en Tlokwa groepe ook kontak met die Balobedu gemaak. Daarna, ongeveer in 1800, het die mense van Thôbôlô voor die Mafêfê na Bolobedu gevlug.

Die instroming en invloed van die Laudi, 'n versamelterm waaronder Krige (1947:305) die Phalaborwa, Nareni met inbegrip van die Mahlo en Letswalo, asook die Koni insluit, oortref selfs die Venda invloed. Al die genoemde groepe, insluitend groot dele

van die Venda, is afkomstig van Bolaudi (naby Pelgrimsrus en volgens Van Warmelo (1944:4) in die omgewing van die huidige Sabie) of Phalaborwa. Dit is waar groot groepe van die oorspronklike Sotho- en Ngunimigrasies mekaar ontmoet en saamgesmelt het. In die 18de eeu het eers mense van die Phalaborwa en daarna van die Letswalo na Bolobedu oorgeloop en het hulle gevolglik volkome ver-Lobedu. Teen 1750 het die Laudi hulle oos, suid en suid-wes van die Balobedu gevestig.

In die 19de eeu, veral tussen 1820 en 1870, het instroming van die Laudi in Bolobedu grootliks toegeneem as gevolg van onrus wat veroorsaak is deur Moselekatse, voortvlugtige kannibale, Pedi- en Mafêfêstrooptogte, Shangaan-Tsonga invalle en Swazi rooftogte. Saam met die Laudi mense het elemente van die Pedi kultuur gekom. Die Pedi het tussen 1800 en 1870 die Drakensberge oorgesteek en hulle kultuur na die Laudi versprei. Volgens Krige (1937:347) het die Kgaga noue bande met die Balobedu gehandhaaf. 'n Seksie onder Maupa het hulle vroeg in die negentiende eeu op die Lobedu grens gevestig. Die Kgaga is uiteindelik baie deur die Lobedu kultuur beïnvloed, veral deur gebruike van die koningshuis.

Getalsgewys was die grootste enkele binnekoms van mense dié van die Shangana Tsonga, hoewel hierdie groep volgens Krige (1947:306) geen noemenswaardige invloed op die Lobedu kultuur gehad het nie. Krige (1937:356) besoek in 1937 twee groepe Tsonga wat kontak met die Balobedu gemaak het, naamlik die Valoyi en die Nkuna. Eersgenoemde groep is oorspronklik van Bokhalaka en het na die Balobedu gevlug vir veiligheid na 'n botsing met die Ngoni van Soshangane in Portugees Oos-Afrika in 1836-1840. Die Nkuna vlug ook weg van Soshangane na Transvaal en word onderdane van verskeie Sotho hoofmanne, waaronder Modjadji.

Die presiese aard en omvang van die invloed wat ander volke op die kultuur van die Balobedu gehad het, is onbepaalbaar. Krige (1947:307) druk haarself soos volg hieromtrent uit: "It is manifestly impossible to examine in detail the nature and magnitude of the changes in Lovedu culture that may be attributed to the Sotho substratum, Venda, Laudi, Shangana-Tonga and other tribes".

1.7 Linguistiese oorsig

1.7.1 Die Indeling van Lobedu as Noord-Sotho dialek

Lobedu word deur verskeie vooraanstaande Bantoeïste as 'n dialek van Noord-Sotho beskou, hoewel daar ook diegene is wat onseker is oor die status daarvan. Volgens Van Warmelo (1935:7) is die ideaal om van 'n kombinasie van historiese, etnologiese, geografiese en taalkundige gegewens gebruik te maak by die klassifikasie van die Bantoetale. Hy voorsien dat daar verbeter sal word op sy klassifikasie soos en wanneer meer inligting oor bepaalde dialekte bekend word: "I do not claim to have made all the sub-divisions and groupings that are possible, and, I think, necessary to a perfect understanding of the subject, in fact I have deliberately avoided making some sub-divisions that will certainly have to be made later on". Van Warmelo gaan voort en onderskei hoofsaaklik op taalkundige gronde tussen sewe Sotho groepe, waarvan Noordoos-Sotho een is. Onder hierdie groep sluit hy Phalaborwa, Lobedu, Sai, Mamidja, Letswalo, Mmamabolo, Kolobe en Mahlo in. Hy sê ook dat "a large portion of the people under this head are of non-Sotho origin", waarmee hy moontlik selfs na sommige van bogenoemde groepe verwys maar miskien veral na sekere Tsonga en Venda elemente wat hy ook as deel van sy Noordoos-Sotho beskou.

Doke (1954:24) aanvaar nie Van Warmelo se indeling goedskiks nie. Hy verklaar "In addition the languages of (1) Lovedu, spoken in northern and eastern Transvaal, differ very considerably from Northern Sotho, but their classification has not yet been definitely determined."

Ná Doke kom Van Wyk (1969b:179) met sy klassifikasie - sien figuur 2 (bladsy 48) - wat reeds 'n geruime tyd as gesaghebbend aanvaar word. Volgens sy indeling val Lobedu ook in die Noordoostelike dialekgroep saam met Phalaborwa en Mahlo. Hy verdeel die Sotho taalgroep in tipiese en a-tipiese dialekgroepe. Hy spel nie duidelik uit wat hy verstaan onder tipiese vorme van Sotho nie, maar oor die a-tipiese vorme sê hy:

"Laasgenoemde sluit Kgalagadi, Noordwes-Sotho, Noordoos-Sotho en Oos-Sotho in, asook in 'n bepaalde sin, Lozi. Hulle vorm 'n ,gordel' om die tipiese dialekte, wat strek vanaf die Kalahari in die weste, oor die noordelike dele van Botswana en Transvaal tot in Oos-Transvaal, en wat as 'n ,buffer' dien tussen tipiese Sotho en nie-Sotho-tale soos Tsonga, Venda, Shona en Ngamilandse Bantoetale. Daar is heelwat gronde om te vermoed dat al hierdie dialekte enigsins los staan van die ander vorme van Sotho, in die sin dat die sprekers daarvan òf van nie-Sotho-oorsprong kan wees òf sterk deur nie-Sotho-sprekendes beïnvloed is".

(Van Wyk, 1969b:177)

Van Wyk (1969b:177) gaan voort en stippel uit wat hy as a-tipiese Sotho kenmerke beskou. Hy noem onder ander die volgende:

- (a) Oer-Bantoe **ki** neem afwykende vorme aan, byvoorbeeld in Pai - [hi], Phalaborwa - [the], Lobedu - [khe], Birwa en Tšwapong - [t]hi en Kgalagadi - [e]. Waar hierdie verskynsel voorkom, is dit veral sigbaar in die klasprefiks en skakels van klas 7.
- (b) Anders as in tipiese Sotho waarin die prefikse van klasse 8 en 10 feitlik identies is, verskil die twee ooreenstemmende prefikse in a-tipiese Sotho aansienlik. Die prefiks van klas 8 het naamlik, volgens Van Wyk, 'n "oorspronklik" vorm in a-tipiese Sotho as in tipiese Sotho. Voorbeelde uit die volgende dialekte staaf Van Wyk se siening: Pai - klas 8 {hi-} : klas 10 {tin-}; Lobedu - klas 8 {dzi-} : klas 10 {lin-}; Birwa - klas 8 {bi-} : klas 10 {lin-}; Kgalagadi - klas 8 {bi-} : klas 10 {lin-}; Lozi - klas 8 {βi-}/{li-} : klas 10 {lin-}.
- (c) Daar bestaan 'n neiging onder a-tipiese Sothotale tot vyfvokaal sisteme. Noordoos-Sotho het volgens Van Wyk 'n sewevokaalsisteem, maar die

tongstande van die middelhoë vokale /e/ en /o/ is "opmerklik hoër as in tipiese Sotho". Dit kan moontlik 'n teken wees dat sommige tale in hierdie groep neig tot vyfvokaalsisteme.

- (d) In a-tipiese Sotho word die palatale konsonante van Oer-Bantoe deurgaans as dentale of selfs alveolêre teruggevind in plaas van laterale, met die uitsondering van Pai waarin laterale wel voorkom.

Gemeet aan Van Wyk se kriteria vir a-tipiese Sotho is Lobedu beslis nie verteenwoordigend van tipiese Sotho en veral nie van tipiese gestandaardiseerde Noord-Sotho nie. Soos reeds aangedui, vertoon dit die a-tipiese kenmerke in (a) en (b) hierbo. Ten opsigte van (c) merk Van Loggerenberg (1961:96) op dat die Sotho dialekte met vyfvokaalsisteme of dié wat in daardie rigting neig, op die rand van die Sotho gebied aangetref word. Hy sonder Lobedu nie as 'n voorbeeld uit nie, maar waarnemings ten opsigte van vokaalkwaliteit in Lobedu dui daarop dat daar steeds 'n duidelike onderskeid tussen middelhoë en hoë vokale in hierdie dialek bestaan. Wat (d) aanbetref is Lobedu wel a-tipies omdat die palatale konsonante van Oer-Bantoe as dentale konsonante in Lobedu aangetref word. Bo en behalwe die genoemde a-tipiese kenmerke wat in Lobedu voorkom, is daar ook woordeskat wat ontleen is uit Venda en enkele voorbeelde van beïnvloeding deur Tsonga.

1.7.2 Raakpunte met ander dialekte

Hoewel 'n vergelyking tussen Lobedu en ander dialekte buite die bestek van hierdie studie val, het 'n bondige oorsig van ooreenkomste en verskille wel waarde, aangesien sekere ooreenkomste met dialekte buite die Noordoostelike dialekbundel opvallend is. In hierdie verband sal slegs na Hananwa as verteenwoordiger van Van Wyk (1969b) se Noord-Sotho bundel gekyk word aangesien inligting oor ander dialekte tans nog te gebrekkig is. Die aandag word egter eers na Phalaborwa as ander hoof verteenwoordiger van Noordoos-Sotho verskuif ten einde vas te stel in hoe 'n mate variasie binne dieselfde dialekbundel daar uitsien.

1.7.2.1 Phalaborwa

Vanuit Vercueil (1966) is dit duidelik dat die klank- en morfologiese sisteme van Phalaborwa en Lobedu heelwat in gemeen het. Die vernaamste ooreenkomste tussen die twee dialekte sluit in:

- (a) Dentale in plaas van laterale.
- (b) Retroflekse konsonante kom algemeen voor.
- (c) 'n Neiging tot stemhebbendheid by sekere klanke wat in standaard Noord-Sotho stemloos is.
- (d) Palatalisering van labiale konsonante wat 'n j-agtige afloop tot gevolg het.
- (e) Perfektumvorme wat gekenmerk word deur **dē** in die finale sillabe.
- (f) Die lokatiefsuffiks **-ne**.
- (g) 'n A-tipiese klasprefiks vir klas 7. Vergelyk L.¹ **khe-** en Ph.² **the-**. Daar is 'n duidelike fonologiese korrelasie tussen L. **kh** en Ph. **th** wat ook in die geval van die persistief, die situatiewe morfeem en een van die negatiefmorfeme realiseer. Vergelyk (i), (j) en (k).
- (h) Die refleksiefmorfeem neem in beide dialekte 'n ongewone vorm aan. Vergelyk L. **zwwe-** en Ph. **i-**, **the-** of **tše-**.
- (i) In albei dialekte word 'n morfeem gebruik om die situatiewe modus aan te dui. So word **-khe-** in Lobedu met hierdie funksie aangewend, en **-the-** in Phalaborwa. Hierdie situatiewe morfeme verskil weliswaar klankvormlik, maar

1 L. = Lobedu

2 Ph. = Phalaborwa

hulle sintaktiese posisie en aanwending stem basies ooreen.

- (j) In Lobedu word die persistief as **-kha-** waargeneem. Die Phalaborwa teenhanger **-tha-** word as ewe ongewoon beskou.
- (k) Die Lobedu en Phalaborwa teenhangers van standaard Noord-Sotho se ontkenningismorfeem **-se-** is in meeste gevalle onderskeidelik L. **-khe-** en Ph. **-the-**.

1.7.2.2 Hananwa

Sekere ooreenkomste tussen die klanksisteme van Lobedu en Hananwa is so opvallend dat dit kommentaar regverdig. Dit moet beklemtoon word dat die twee dialekte op morfologiese gebied nie naastenby soveel ooreenstem as op fonologiese gebied nie. Die waargenome ooreenkomste is:

- (a) Die voorkoms van dentale in plaas van laterale.
- (b) Retroflekse konsonante kom algemeen voor.
- (c) 'n Neiging tot stemhebbendheid by sekere klanke wat in standaard Noord-Sotho stemloos is.
- (d) Palatalisering van labiale konsonante wat 'n j-agtige afloop tot gevolg het.
- (e) SNS.³ /f/ realiseer oor die algemeen as [ɸ].
- (f) Die voorkoms, hoewel op beperkte skaal, van 'n retroflekse allofoon [ɽ].
- (g) SNS. /ɣ/ realiseer as stemhebbende [ɦ].

3 SNS. = Standaard Noord-Sotho

- (h) SNS. /h/ realiseer as [k^h].
- (i) SNS. /s/ realiseer dikwels as [ts^h].
- (j) SNS. /ʃ/ realiseer dikwels as [s].
- (k) B.⁴ nt, dit wil sê SNS. /ŋ/, realiseer as [ne].
- (l) Vertraagde vrylating by die artikulasie van retroflekse wat hoorbare affriksie tot gevolg het.
- (m) Sogenaamde fluitklanke of te wel labio-alveolêre klanke kom voor.

Dit word nie nodig geag om 'n opsomming van verskille tussen Lobedu en Hananwa te gee nie aangesien dit hier hoofsaaklik gaan oor die bevestiging van 'n vermoede dat die lys van a-tiiese kenmerke soos gevind in Van Wyk (1969b:177) en herhaal in 1.7.1, waarskynlik uitgebrei kan word. Alleenlik voortgesette navorsing op dialektologiese gebied sal meer helderheid hieromtrent kan meebring.

1.7.3 Moontlike bronne van kontaminasie

Verskeie taalkundiges waaronder Van Loggerenberg (1961), Van Warmelo (1935), Krüger (1937), Eiselen (1928-1929) en Mokgokong (1966) is dit eens dat Lobedu deur Venda beïnvloed is. Soos reeds vermeld in paragraaf 1.6, is Krige (1947:305) van mening dat die invloed van Laodi dié van Venda oortref het. Dit is onmoontlik om die aard en omvang van die taalkundige beïnvloeding wat hier 'n rol gespeel het te bepaal, enersyds omdat Laodi nêrens beskryf is nie, en andersyds omdat die Laodi hulle later in Bolobedu gevestig het.

Oor fonologiese ontleding sê Van Loggerenberg (1961:87) dat Lobedu, Tlokwa, Hananwa en selfs Birwa deur Venda beïnvloed kon gewees het. Hy benadruk (Van

4 B. = Oer-Bantoe

Loggarenberg, 1961:95) dat die dialekte wat fonologies die meeste geleen het by ander Bantoetale en Sotho dialekte op die periferie van die Sotho gebied voorkom. In hierdie verband sonder hy Pai, Lobedu, Tlokwa en Kgalagadi uit saam met Lozi. Hierdie dialekte vorm 'n semi-sirkel om die res van die tipiese Sotho dialekte.

Eiselen (1928-1929:103-104) is van mening dat die stemhebbendheid van B.mb, B.nd en B.ŋg in Lobedu waarskynlik as gevolg van Venda invloed is. Mokgokong (1966:123) stem hiermee saam en maak die opmerking dat dit aan Venda invloed toe te skryf is "since voicing in the position where it occurs in these dialects is not a distinctive feature of Sotho".

Krüger (1937:86-87) skryf die aanwesigheid van dentale in plaas van laterale in Tlokwa toe aan beïnvloeding deur Venda. Dieselfde geld waarskynlik Lobedu en ander a-tipiese dialekte waarin dentale figureer. Krüger se siening word gedeel deur Van Warmelo (1935:114) en Mokgokong (1966:123).

Retroflekse spraakklanke kon Lobedu moontlik via Laodi binnegedring het. Die voorkoms daarvan in Phalaborwa - 'n dialek in die Laodi groep - wat tot vandag toe onafhanklik van Lobedu bestaan, steun hierdie vermoede. Geen konkrete bewyse kon egter in hierdie verband opgespoor word nie.

Beïnvloeding deur Tsonga was waarskynlik gering, gesien in die lig van die genoemde weerstand teen vermenging met die Tsonga.

Meer spesifieke opmerkings oor moontlike beïnvloeding word gemaak waar besprekings van verskillende taalfeite aan die beurt kom.

Soos wat dit die geval is met alle ander Noord-Sotho dialekte, is Lobedu in 'n verlore oorlewingstryd teen die standaard taal gewikkel. As amptelike voertaal in die Noordelike provinsie is standaard Noord-Sotho die taal waardeur skoolkinders en studente opgelei word en waarmee volwassenes in die media gekonfronteer word. Talle mans en vroue werk boonop op verskillende plekke deur die land waar hulle aan

invloede blootgestel word wat vreemd is aan Lobedu. Die gevolg is dat slegs bejaarde persone Lobedu vandag nog in sy suiwerste vorm praat. Daar kan met 'n redelike mate van sekerheid voorspel word dat die Lobedu wat in hierdie proefskrif as verteenwoordigend weergegee word, onder die huidige omstandighede binne die volgende 50 jaar sal uitsterf.

1.8 Bestaande bronne oor Lobedu

1.8.1 Ferreira (1948)

Soos wat die titel "Klank- en vormleer van Lovedu" aandui, bevat Ferreira se werk feite oor die fonologie en morfologie van Lobedu. Dit is die eerste poging om die genoemde twee aspekte van Lobedu in besonderhede te dek en verteenwoordig dus in hierdie opsig baanbrekerswerk. Die werk het gevolglik ook sedert die verskyning daarvan as bron vir verskeie verhandelings gedien, waaronder dié van Du Plessis (1963), Mokgokong (1966) en Van Loggerenberg (1961).

In soverre dit die fonologiese komponent aangaan, dek Ferreira die volgende:

- (a) Klankverskuiwings vanaf Oer-Bantoe na Lobedu
- (b) Enkele fonologiese prosesse
- (c) Die spraakklanke van Lobedu

Ferreira behandel die klankverskuiwings waarna in (a) hierbo verwys word, in heelwat besonderhede. Nogtans het die navorsingstegnieke wat vir hierdie proefskrif gebruik is 'n aansienlike hoeveelheid feite opgevang wat nie in Ferreira (1948) figureer nie. So, byvoorbeeld, gee Ferreira slegs die reël waarvolgens 'n bepaalde Oer-Bantoe sillabe na Lobedu verskuif het aan, terwyl alle uitsonderings op sodanige reëls in hierdie proefskrif aangedui word. Verskille met betrekking tot Ferreira se bevindings is wel teëgekome en kan waarskynlik toegeskryf word aan veranderinge wat Lobedu sedert 1948 ondergaan het, terwyl idiolektiese verskille ook 'n rol kon gespeel het. Ferreira ondersoek nie die invloed van die saamgestelde vokale op die konsonante van

Oer-Bantoe sistematies nie - slegs enkele voorbeelde hiervan word voorgehou. Die huidige navorsing het aangetoon dat 'n ondersoek na die Lobedu refleks van Oer-Bantoe /konsonant + saamgestelde vokaal/ heelwat besonderhede aan die lig bring wat nie verkry kan word wanneer slegs gekyk word na /konsonant + a/ nie. Laasgenoemde benadering is deur Ferreira gevolg. Die diachroniese navorsing vir hierdie proefskrif het letterlik alle moontlike kombinasies van /konsonant + vokaal/ waarvoor daar reflekse in standaard Noord-Sotho bestaan, ingesluit.

Ferreira behandel fonologiese prosesse in Lobedu net kursories. Hy rapporteer slegs oor sekere gevalle van konsonantassimilasie, vokaalassimilasie, dissimilasie, metatesis en elisie. 'n Hele aantal fonologiese prosesse en dus ook die klankomgewings wat aanleiding gee tot hierdie prosesse, is nie deur hom behandel nie.

Wat Ferreira se hantering van die spraakklanke van Lobedu betref, moet genoem word dat hy nie van fonetiese simbole gebruik gemaak het vir die voorstelling van klanke nie. Hy gee ook geen besondere aandag aan die fluitklank *zvw* nie, wat die indruk wek dat hy dit nie as sulks herken het nie. Verder is dit duidelik dat hy met die uitsondering van [J] die retroflekse klanke van Lobedu as alveolêr beskou.

Die vormleer-komponent van Ferreira se verhandeling is net soos die klankleer-komponent in sommige gevalle meer volledig as in ander. Feite word klinies aangebied met slegs enkele interpretasies. Hy dek die kopulatiewe en subkategorieë van die werkwoord in slegs twee bladsye. Die laaste 29 bladsye van Ferreira se verhandeling word gewy aan Lobedu tekste en vertalings. Die materiaal wat vir hierdie proefskrif ingesamel is, verskil ook wat die morfologiese komponent betref in sommige gevalle van Ferreira s'n. Dit is verder duidelik dat Ferreira meer gekonsentreer het op normvariante aangesien geen prominensie aan variante van die norm verleen is nie. Hierdie proefskrif vul dus Ferreira se feite in verskeie opsigte aan.

1.8.2 Louwrens (1977)

Die artikel bevat 'n sistematiese uiteensetting van die vokale en konsonante van

Lobedu soos wat die skrywer dit deur veldwerk gedokumenteer het. Hy poog om rekenskap van alle spraakklanke wat in Lobedu voorkom te gee en beskryf alle spraakklanke in bondige fonetiese terme. 'n Groot korpus voorbeelde word ter staving van die skrywer se bevindinge ingesluit.

Louwrens bemerk ook die wisseling in vokaalkwaliteit waarna Eiselen (1928-1929:102) verwys. As voorbeelde hiervan verwys hy na SNS. /o/ en /e/ wat soms in Lobedu as onderskeidelik [u] en [i] uitgespreek word en na SNS. /u/ en /i/ wat soms weer as onderskeidelik L. [o] en [e] (of selfs [ɛ]) gehoor word. Soos Eiselen bied hy nie 'n verklaring vir hierdie verskynsel aan nie.

Louwrens (1977:65) noem dat die konsonante van Lobedu "'n merkwaardige lenis artikulasie" het. Aangesien hy nie akoestiese analyses van lenis konsonante gemaak het nie, kon hy nie meer presiese uitsprake maak oor die hoeveelheid stem wat aanwesig is by hierdie klanke nie. Sodanige analyses is noodsaaklik veral omdat dit aangetoon het dat wisselings in die hoeveelheid stem beslis voorkom (vergeelyk 2.4.2). Indien hierdie wisselings, soos wat Eiselen (1928-1929:101) vermoed, wel verband hou met die klankomgewing, sal akoestiese analyses des te meer van waarde wees.

Louwrens is, sover vasgestel kon word, die eerste navorser wat die retroflekse konsonante van Lobedu as sulks erken. Hy is ook die eerste skrywer sedert Eiselen wat verwys na die labio-alveolêre oftewel fluitklanke van Lobedu. Die jongste navorsingsresultate dui op twee verskille met Louwrens se bevindings:

- (a) [f] wat beslis voorkom, ontbreek in sy samevatting van Lobedu spraakklanke.
- (b) L.h, wat tydens die onderhawige ondersoek as stemhebbend waargeneem is, word in Louwrens se samevatting as stemlose [h] weergegee.

Aangesien dit nie sy doel was nie, behandel Louwrens nie die fonologiese sisteem van Lobedu nie. Sy artikel bevat dus nie informasie betreffende die fonologiese prosesse wat in Lobedu voorkom, fonologiese verhoudings wat tussen klanke bestaan of

besonderhede van die diachroniese fonologie nie.

1.8.3 Louwrens (1978)

In die tweede artikel oor Lobedu spits Louwrens hom toe op morfologiese aspekte van Lobedu wat opmerklik van standaard Noord-Sotho verskil. Hy wys gevolglik op 'n hele aantal afwykings van die standaard, maar afleidings oor die mate waartoe standaard Noord-Sotho en Lobedu ooreenstem kan nie op grond van die artikel gemaak word nie. Die morfologiese verskynsels wat behandel word, is die volgende:

- (a) Die naamwoordklasesisteem
- (b) Voornaamwoorde
- (c) Modale vorme van die werkwoord
- (d) Kopulatiewe

Die artikel getuig van volledigheid op die gebiede waarop die outeur gekonsentreer het, maar aangesien slegs die opmerklikste verskille in oënskou geneem is, is daar heelwat uitsonderlike vorme en interessantheite waarvoor nie verslag gedoen is nie. In hierdie verband kan byvoorbeeld gewys word op 'vreemde' vorme van die klasprefiks van klas 9 wat tot stand kom as gevolg van Lobedu se eiesoortige klanksisteem, naamlik dentale en retroflekse allomorfe. Louwrens, soos die ander taalkundiges wie se werk in hierdie paragraaf bespreek word, gee die klasprefiks van klas 8 aan as **dzwe-**, terwyl dit by informante wat vir die doel van hierdie proefskrif ondervra is, as **zvwe-** aangetref is.

Louwrens dek die diminutief nie in besonderhede nie. Daar kan nie saamgestem word met sy stelling dat die klasprefiks van klas 7 veral saam met naamwoorde in klasse 5 en 9 gebruik word nie. Waarnemings ten opsigte van die betekenis van diminutiewe wat tydens die navorsing vir hierdie proefskrif gemaak is, kan moontlik verdere lig werp op diminutiewe in die algemeen.

Louwrens verwys na een eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoordstam, naamlik **-ôsi**, hoewel twee ander kwantitatiewe voornaamwoorde benewens **-ôsi**, aangetref is, te wete **yêsi** en **nôsi**. As voornaamwoord het **-ôsi** altyd 'n prefiks soortgelyk aan dié van die absolute en inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde. Al drie hierdie voornaamwoorde word by gebruik aangetref as komplemente in beskrywende kopulatiewe. Eksklusiewe voornaamwoorde word in besonderhede behandel in 6.3.4.2.

Die morfologie van die werkwoord word onder die volgende opskrifte behandel:

(i) Die refleksief

Louwrens se kommentaar oor die refleksief stem ooreen met hierdie ondersoek se bevindinge. Hy verwys daarna as **zwi-**, terwyl die vokaal **i** in hierdie prefiks klaarblyklik ook onderworpe is aan die wisseling in kwaliteit waarna reeds verwys is - vergelyk die bespreking van Louwrens (1977) hierbo.

(ii) Perfektumvorme van die werkwoord

Louwrens wys op die ongewone gestaltes wat die slotlettergreep in Lobedu kan aanneem wanneer die perfektumsuffiks aangevoeg word. Dit kan as volg opgesom word:

-la → **-dê**; **-dža** → **-džidže** maar soms ook **-dê**; **-na** → **-ne** maar soms ook **-ndê**. Hy spekuleer nie oor die herkoms van die **-dê**-vorm waarvoor Eiselen (1928-1929) 'n aanneemlike verklaring aanbied nie. (Hierdie perfektumvorme word almal in 7.5.2.4 ondersoek).

(iii) Modale vorme

Die struktuur van werkwoorde in die positief en negatief in die volgende modi word aangetoon: Indikatief (onvoltooide en voltooide tye), Situatief (onvoltooide en voltooide tye), Relatief (onvoltooide en voltooide tye), Subjunktief en Infinitief.

Die kopulatiewe word onder die opskrif "Morfologie van die koppelwerkwoord" betrag.

Daar word nie na alle kopulatiewe verwys nie, maar hoofsaaklik na bepaalde vorme van die kopulatief in die indikatiewe, situatiewe en relatiewe modi.

Dit is duidelik dat Louwrens vanweë sy spesifieke benadering selektief te werk gegaan het en dat die behoefte om 'n volledige beskrywing van die totale morfologiese sisteem van Lobedu te gee, nog steeds bestaan.

1.8.4 Eiselen (1928-1929)

Die artikel bevat 'n dertig stuks Oer-Bantoe klanke en lettergrepe asook hulle Pedi en Lobedu refleksie. Eiselen (1928-1929:101) bied 'n aanneemlike verklaring vir die ontstaan van die **dê**-vorm van die perfektum in Lobedu aan. Hierdie perfektumvorm word hoofsaaklik aangetref by werkwoordstamme wat die konsonant **l** in die slotlettergreep het. Die voorgestelde oorsprong van **dê**, wat in 7.5.2.4 behandel word, is **-phêla** → **-phêde** ← ***-phêlyê** ← ***-phêllê** 'het geleef'.

Eiselen (1928-1929:99) kom agter dat hy in sommige gevalle dieselfde Lobedu woord verskillend getranskribeer het weens wisselings in die hoeveelheid stem waarmee party klanke uitgespreek word. Hy stel doelbewus nie 'n volledige klankleer van Lobedu op nie weens 'n gebrek aan kennis van Lobedu. Hy is boonop onder die indruk dat Pedi en Lobedu so weinig verskil dat die opstel van 'n volledige klankleer oorbodig is. Volgens sy waarneming (Eiselen, 1928-1929:101) is die stemlose Lobedu weergawes van **k**, **t**, **p** en **tš** steeds beduidend meer stemhebbend as hulle Pedi teenhangers. 'n Reël wat stemhebbendheid in sulke gevalle bepaal, het hom ontwyk, maar hy bied tog twee moontlike verklarings aan: eerstens is die gevalle van minder stem moontlik toe te skryf aan Pedi invloed, en tweedens kom dit voor asof stemhebbende weergawes van die genoemde klanke aangetref word in sillabes met hoogtoon indien dit nie in 'n monosillabiese woord voorkom nie. Hy skryf die stemhebbendheid van die Lobedu weergawes van **B.nd**, **B.mb** en **B.rig**, asook die voorkoms van dentale in plaas van laterale aan Venda invloed toe. Eiselen (1928-1929:102) maak ook melding van die volgende:

- (a) Die onvoorspelbare wisseling in kwaliteit tussen **l**, **o**, **e** en hulle Pedi

teenhangers. Hy verwys in hierdie verband na SNS. /e/ wat soms as L. [e] realiseer en na SNS. /o/ wat soms as L. [ɔ] aangetref word. Hy slaag nie daarin om 'n reël te bewoord wat dié wisseling voorspel nie.

- (b) Pedi /eŋ/ ('n refleks van B. *inŋ*) realiseer as L. [ene], hoewel naamwoorde wat op B. *nŋ* eindig in Lobedu as [ne] realiseer en nie as die verwagte [ne] nie.
- (c) 'n Vormlike ooreenkoms tussen Zoeloe en Lobedu se reflekse van die onbepaalde telwoord B. *mwe*, naamlik Z.⁵ /ne/ en L. /mje/.
- (d) Klas 8 se prefiks word as **dzwi-** aangegee. Klas 7 **khe-** kan as diminutiewe prefiks funksioneer (Eiselen, 1928-1929:103).
- (e) 'n Menigte leenwoorde uit Venda wat in Lobedu gebruik word (Eiselen, 1928-1929:104).

Die laaste 12 bladsye van die artikel bevat 'n aantal Lobedu tekste en meegaande vertalings in Duits.

1.8.5 Eiselen (1928)

Dié werk bevat Kopa, Pedi en Lobedu tekste wat in Afrikaans vertaal is. Die Lobedu tekste strek vanaf bladsy 30 tot bladsy 33. Aangesien die outeur nie die ortografie wat hy gebruik, verduidelik nie, kan die foneties-fonologiese inligting wat die tekste bevat nie beoordeel word nie.

1.8.6 Mokgokong (1966)

Mokgokong se verhandeling bevat in hoofsaak lyste van Pedi items met hulle teenhangers in ander Noord-Sotho dialekte. Dit is dus 'n fonologies-vergelykende werk waarin Lobedu feite ook weerspieël word. Informatie betreffende die volgende taalaspekte kan uit hierdie bron verkry word:

5 Z. = Zoeloe

- (a) Die vokale van Lobedu. Daar word nie kwaliteitsgewys onderskei tussen die vokale van Lobedu en dié van ander dialekte nie. Mokgokong (1966:57) merk wel op dat wanneer /ɛ/ en /o/ verhoog uitgespreek word, dit meer merkbaar is in Pedi en naverwante dialekte as in, byvoorbeeld, wat hy die Lobedu dialekgroep noem.
- (b) Die konsonante van Lobedu. Hy beskou klanke soos L. **d**, **th** en ander as post-alveolêr in plaas van retrofleks. Omdat hy dieselfde simbole gebruik vir post-alveolêr as vir alveolêr, onderskei hy nie ortografies tussen retrofleks en alveolêr nie. In hoofstuk 2 en elders word wel ortografies tussen retroflekse en alveolêre konsonante onderskei. Mokgokong maak nie melding van die stadige vrylating wat retroflekse plosiewe in Lobedu kenmerk en wat daaraan 'n affrikatiewe karakter gee nie. Uiteraard gee Mokgokong slegs aandag aan die mees algemene allofone en word variasies nie hanteer nie.
- (c) Opmerkings (pp. 44-45) oor sekere tonologiese aspekte.
- (d) Ooreenkomste tussen die fonologiese sisteme van dialekte in die "Tlokwa-like" en die "Lobedu-like" dialekgroepe blyk duidelik uit Mokgokong hoewel hy dit nie eksplisiet uitwys of 'n opmerking daarvoor maak nie. Die volgende ooreenkomste is ter sake:
- (i) Die gebruik van dentale in plaas van laterale
 - (ii) Pedi /ɣ/ wat realiseer as stemhebbende glottale [ŋ]
 - (iii) Pedi se pre-velêre /h/ wat as stemlose geaspireerde [k^h] realiseer
 - (iv) Pedi se labio-dentale /f/ wat as bilabiale [ɸ] uitgespreek word
 - (v) Pedi se frikatiewe /s/ wat as affrikatiewe [ts^h] uitgespreek word
 - (vi) Pedi se lokatiewe suffiks /-ŋ/ wat as L. [-ne] realiseer

Uit Kotzé (1987a) kan 'n verdere punt hier bygevoeg word ten opsigte van ten minste Hananwa, naamlik die lenis artikulasie van sekere sluitklanke wat daaraan 'n stemhebbende karakter verleen. Hierdie aspek is des te meer kenmerkend van die

ooreenstemmende klanke in Lobedu.

1.8.7 Tucker (1969)

Tucker (1969:11) verwys slegs een maal in hierdie werk na Lobedu. Hy stem saam met Krige (s.j.:4) dat Lobedu en Phalaborwa sterk deur Venda beïnvloed is.

1.8.8 Krige (s.j.)

Dié bron is van volkekundige aard, maar op bladsy 4 spreek Krige haarself soos volg oor Lobedu uit: "... though Khilovedu is now practically a dialect of Sotho, it cannot be adequately written in Sotho orthography. It approximates to Venda in much of its vocabulary, falls midway between Sotho and Venda in grammatical structure and is Sothoized in phonology".

1.8.9 Krüger (1935-1936)

Die artikel bestaan uit 'n aantal Lobedu tekste wat in Duits vertaal is. Aangesien Krüger nie die ortografie wat hy gebruik uiteensit nie, kan die foneties-fonologiese feite wat dit bevat nie na waarde geskat word nie.

1.8.10 Krüger (1936)

Ter inleiding bied die outeur 'n opsomming van Lobedu spraakklanke aan. Sy poging is egter nie geslaagd nie want 'n hele aantal spraakklanke ontbreek. Die res van die artikel bevat Lobedu tekste wat in Engels vertaal is. Twee taalkundige feite in die tekste wat hier vermelding verdien, is

- (a) Krüger (1936:92) gee die prefiks van klas 8 as **zwi-** aan en nie as **dzwi-/dzwe-** soos deur sommige ander navorsers nie. Dit stem ooreen met dit wat in hierdie ondersoek bevind is, naamlik dat dit eerder **zwwe-** is. Krüger dui feitlik deurgaans die vokaal /e/ aan deur middel van **i**.
- (b) Krüger neem duidelik waar dat die Lobedu ekwivalent van SNS. /tʃ/ dikwels in Lobedu as [ʒ] realiseer: hy skryf dit **ž**. Dat dit wissel met [dʒ] het hy óf nie waargeneem nie óf bloot geïgnoreer, want hy maak geen opmerking in verband

daarmee nie. Hierdie wisseling kom ter sprake in 2.4.2.2.

1.8.11 Krüger (1937-1938)

Hierdie artikel bevat ook Lobedu tekste wat in Duits vertaal is. In 'n kort inleiding lug Krüger die mening dat die tekste in Eiselen (1928-1929) en Krüger (1935-1936) sterk beïnvloed is deur wat hy Transvaal-Sotho (Pedi) noem. Hy noem egter dat hy Krüger (1936) en Krüger (1937-1938) gesuiwer het van vreemde invloede.

1.8.12 Van Loggerenberg (1961)

Van Loggerenberg se bronne was Ferreira (1948), Eiselen (1928) en (1928-1929), Tucker (1932) en Krüger (1935-1936; 1937-1938). Die leemtes in hierdie bronne is reeds hierbo uitgewys. Sy werk bevat in hoofsaak 'n lys van Oer-Bantoe postulate en teenhangers in die Sotho dialekte. Van Loggerenberg se doel was nie om 'n lys van alle Oer-Bantoe postulate se Sotho reflekse te bekom nie. Gevolglik sluit sy lys heelwat minder Lobedu reflekse in as die een in hoofstuk 4 van hierdie werk. Omdat hy van ander bronne afhanklik was, kon hy in sommige gevalle nie 'n Lobedu teenhanger vir Oer-Bantoe postulate vind nie. Om dieselfde rede dui hy soms ook van Lobedu se retroflekse klanke nie as sulks aan nie, byvoorbeeld op pp. 75, 76, 80 ens. Na aanleiding van inligting verkry uit Ferreira (1948) gee Van Loggerenberg (1961:84-85) verkeerdelik te kenne dat L. */moa/ en L. */ñwa/ reflekse van B. **mu+ya** is, en dat L. */mwe/ 'n refleks van B. **mu+ye** is. Van Loggerenberg (1961:71-73, 80) dui **k** en **p** verkeerdelik as ejektiewe klanke in Lobedu aan. Voorts word die bestaan van 'n allofoon L. [βj] naas [β₃] nie erken nie (Van Loggerenberg, 1961:54).

1.8.13 Du Plessis (1963)

In hierdie bronnestudie maak Du Plessis gebruik van inligting soos vervat in Ferreira (1948), Eiselen (1928-1929; 1928), Krüger (1935-1936; 1936; 1937; 1937-1938) en Tucker (1969). Afgesien van Ferreira (1948) bevat die genoemde bronne slegs tekste, waarvan dié in Krüger (1935-1936; 1937-1938) volgens Du Plessis self deur Pedi beïnvloed is.

Soos die titel van die werk, "Die morfologie van die naamwoord en die

voornaamwoord in die Sothotale: 'n Vergelykende studie", aandui, is dit beperk tot 'n vergelyking van naamwoorde en voornaamwoorde in die verskillende Sothotale. Die dialekte van Noord-Sotho (en dus ook Lobedu) word by die vergelykings betrek. Du Plessis probeer om die samestelling van naamwoorde en die verskillende voornaamwoorde, insluitende sekere morfeemvariante, sover moontlik volledig te beskryf. Vanweë die gebreke waaraan bronnestudies mank gaan op grond van leemtes wat in geraadpleegde bronne voorkom, is hierdie bron ook nie sonder tekortkominge nie. Du Plessis se inligting verskil in die volgende opsigte van inligting wat vir hierdie proefskrif ingesamel is:

- (a) **ngw-** word as variant vir die prefikse van klasse 1 en 3 aangegee, vergelyk p. 28. Tydens die ondersoek vir hierdie proefskrif is slegs **my-** (klasse 1 en 3) en **m-** (klas 3) as morfeemvariante van hierdie klasse geïdentifiseer.
- (b) **my-** word nie as 'n variant vir die prefiks van klasse 1 en 3 aangedui nie.
- (c) Geen melding word daarvan gemaak dat **le-** en **lo-** as klasprefikse afgewissel kan word nie.
- (d) Daar word nie verwys na die rol van **khe-** by die afleiding van diminutiewe nie.
- (e) Volgens Du Plessis kan die prefiks van klas 8, **dzwi-**, ook realiseer as **zwi-**, terwyl **di-** naas laasgenoemde wisselvorme gebruik kan word, vergelyk p. 56. Geen ander prefiks behalwe **zwwe-** is egter vir hierdie klas teëgekome nie. Gevolglik gee hy ook die absolute voornaamwoord van klas 8 as **dzôna** aan, terwyl **zvwôna** in die loop van die onderhawige ondersoek aangetref is. Die demonstratiewe van klas 8 word insgelyks deur Du Plessis se erkenning van wisselvorme geraak.
- (f) Die dentale en retroflekse variante van die prefiks van klas 9 word nie aangegee nie.

- (g) /β₃-/ in plaas van /β_j-/ word aangegee as 'n allomorf van die prefiks van klas 14, vergelyk p. 74.
- (h) Volgens Du Plessis word die augmentatiewe suffiks met augmentatiewe sowel as vroulike betekenis gebruik, vergelyk p. 94. In teenstelling hiermee toon hierdie ondersoek dat die gebruik van die genoemde suffiks in Lobedu vermy word en dat dit eerder vervang word met **-tshadi** binne 'n possessiefkonstruksie ten einde vroulikheid uit te druk.
- (i) P. 101: **yôna** in plaas van **wôna** word as absolute voornaamwoord vir klas 3 aangegee.
- (j) P. 101: **yêna** naas **yôna** in plaas van **yôna** alleen word as absolute voornaamwoord vir klas 4 aangegee.
- (k) P. 103: **yêna** word naas **yôna** as absolute voornaamwoord vir klas 9 aangegee, in plaas van **yôna** alleen.
- (l) **lôna** word nie as 'n absolute voornaamwoord in Lobedu aangegee nie.
- (m) P. 105: Die absolute voornaamwoord van klas 14 word as /β₃ɔna/ ([β₃ɔna]) aangegee terwyl hierdie studie toon dat dit eerder /β_jɔna/ ([β_jɔna]) moet wees.
- (n) Du Plessis maak nie melding van die alternatiewe vorm wat die absolute voornaamwoorde in Lobedu aanneem wanneer dit naas die demonstratief van posisie 1a gebruik word nie. Vergelyk 6.3.1 in hierdie verband.
- (o) P. 133: Volgens Du Plessis kan die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord (hy benoem nie hierdie voornaamwoord nie) soms **-êsi** en soms **-ôsi** wees. Daar is egter bevind dat **yêsi**, **nôsi** en **-ôsi** al drie in Lobedu voorkom en wel as variante van mekaar. Vergelyk 6.3.4.2 in hierdie verband.

Du Plessis (1963:134-136) verwys in sy bespreking van "enumeratiewe" - vergelyk radikale voornaamwoorde in hierdie proefskrif - nie spesifiek na Lobedu nie.

Die verskynsels waaroor daar in die voorgenoemde bronne nie volledig gerapporteer is nie, of waaroor teenstrydige uitsprake gemaak word, word mettertyd in hierdie studie weer aan die orde gestel en so volledig moontlik beskryf.

1.9 Aard en inhoud van navorsingsprogram

Die navorsingsprogram wat vir hierdie studie gebruik is, is ontwikkel oor 'n tydperk van bykans tien jaar. Dit is verskeie kere na veldwerksessies in ander navorsingsgebiede gewysig ten einde die inhoud daarvan te vervolledig en makliker analiseerbaar te maak asook om dit meer natuurlik en verstaanbaar vir ongeletterde informante aan te bied. Die program van net minder as 200 bladsye bestaan uit ses afdelings, naamlik: Afdeling I **Morfologie**; Afdeling II **Fonologiese prosesse**; Afdeling III **Oer-Bantoe**; Afdeling IV **Die werkwoord**; Afdeling V **Kopulatiewe** en Afdeling VI **Tonologie**.

Die genoemde afdelings dek gesamentlik die basiese aspekte van die grammatika van standaard Noord-Sotho. Omdat die presiese aard van Lobedu nie vooraf bekend was nie, is standaard Noord-Sotho as vertrekpunt gebruik, en is die program na die eerste besoek aan die Balobedu waar nodig aangepas ten einde dit meer spesifiek op Lobedu gerig te kry.

Afdeling I dek die volgende aspekte van die morfologie van Lobedu: die morfologie van naamwoorde, voornaamwoorde, bywoorde, vraagwoorde, adjektiefgroepe, naamwoordelike en werkwoordelike relatiefgroepe, enumeratiewe en ideofone en die vorm van onderwerp-, besit- en voorwerpskakels. Werkwoordelike en naamwoordelike affikse wat kan aanleiding gee tot fonologiese prosesse, is opgeneem in afdeling II. Afdeling II is gerig op die verkryging van informasie met betrekking tot fonologiese prosesse, maar maak voorsiening vir die dokumentering van morfologiese besonderhede wat nie in afdeling I ondervang is nie. Alle moontlike fonologiese omgewings wat kan aanleiding gee tot fonologiese prosesse word verteenwoordig.

Afdeling III bevat 'n lys van alle Oer-Bantoe wortels met Noord-Sotho teenhangers wat deur Meinhof (1932) en Bourquin (1969) gepostuleer is. Benewens hierdie wortels is 'n verdere aantal ingesluit wat ook Noord-Sotho teenhangers het maar wat nie deur die genoemde outeurs verstrekkend is nie. Guthrie (1970) se postulate is nie gebruik nie, omdat Meinhof (1932) eensydig reeds in verskeie Noord-Sotho dialektstudies as basis vir die navorsing van diachroniese fonologie gedien het, en andersydig so 'n groot korpus postulate bevat wat teenhangers in Noord-Sotho het. Die navorsingsprogram bevat meer as 700 gerekonstrueerde wortels en stamme waarvan vir meer as 90% reflekse in Lobedu gevind is.

Die bogenoemde drie afdelings het soveel informasie betreffende die fonetiese en fonologiese eienskappe van Lobedu ondervang dat dit nie nodig was om 'n aparte afdeling spesifiek vir die verkryging van dergelike inligting binne die navorsingsprogram te ontwerp nie.

Afdelings IV en V omvat alle moontlikhede rakende die modi en tydsforme in die positief en negatief. Die navorsingsprogram is sodanig ontwerp dat die verskillende modale vorme van werkwoorde en kopulas binne spesifieke sintaktiese omgewings getoets kan word.

In afdeling VI fokus die navorsingsprogram op kenmerkende toonpatrone van woorde uit verskillende woordkategorieë. Dit bestaan gevolglik uit 'n woordelys wat voorsiening maak vir verskille in toon as gevolg van onder andere die aantal sillabes van 'n woord, die subkategorieë van die werkwoord of bloot net tipiese toonpatrone van woordkategorieë waarin toonvariasies nie algemeen is nie.

1.10 Navorsingsmetodiek

Navorsing onder die Balobedu is tydens drie besoeke van 'n week elk onderneem. Die eerste besoek het gestrek van 25 Februarie 1991 tot 1 Maart 1991, die tweede van 9 September 1991 tot 13 September 1991 en die derde van 21 September 1992 tot 25 September 1992. Weens persoonlike omstandighede kon sommige informante nie by al drie besoeke aanwesig wees nie. Informante kon nie self gekies word nie, maar

is aan die navorsers toegewys deur die stamowerheid nadat verduidelik is wat die doel van die navorsing is. Daar is aan gesaghebbendes verduidelik dat informante bejaard en van beide geslagte moet wees en dat hulle goeie gesondheid moet geniet. Die informante was:

Gilbert Nakampe Molokwane Modjadji, gebore 1908

Hans Malebelebe Booke Modjadji, gebore 1920

Samuel Patamedi Modiba, gebore 1935

Maphetola Ntšhaupa Modjadji, geboortedatum onbekend

Makaepea Flovia Modjadji, gebore 18/3/1924

Makoša Mathekha, geboortedatum onbekend

Mamodjadji Magdalena Mathekha, gebore tussen 1910 en 1912

Jane Malematša Modjadji, gebore 8/8/1929

Chambers en Trudgill (1988:33) beskryf die tipe informante wat tradisioneel gebruik is as 'NORMs': "nonmobile, older, rural males". Informante moet dus persone wees wat nie die tradisionele woongebied dikwels verlaat het nie; hulle moet bejaard wees omdat die spraak van 'n verbygegane era nagevors word; hulle moet plattelanders wees omdat stedelinge aan te veel kontaminerende invloede blootgestel is; en hulle moet manlik wees omdat "In this country [England] men speak vernacular more frequently, more consistently, and more genuinely than women, and the same would be true elsewhere" (Orton in Chambers & Trudgill, 1988:35). Volgens Chambers en Trudgill weerspieël westerse vroue se spraak meer self- en klasbewustheid as dié van mans. Alle aspekte van die NORM-vereiste is aanvaar met betrekking tot die keuse van Lobedu informante, behalwe die vereiste dat informante manlik moet wees. Dit is algemeen bekend dat swart mans meer mobiel as vroue is. Gevolglik is dit veilig om aan te neem dat vroue in die Lobedu gemeenskap eerder die preserveerders van ouer vorme is as mans.

Volgens Hockett (1959:336-337) is daar drie benaderingswyses ten opsigte van die bestudering van dialekte: die een behels die bestudering van een dialek sonder verwysing na ander verwante dialekte. Hierdie benadering is deur baie

taalondersoekers in Hockett se tyd aanvaar maar word deur hom gekritiseer. (Meer resente bronne wat hierdie aspek van dialektologiese ondersoek aanspreek is nie geraadpleeg nie. Dit is egter uit verskeie bronne duidelik dat dit die algemene benadering is om die dialekte van 'n hele streek te ondersoek ten einde isoglosse te bepaal). Die ander twee benaderings behels beide die bestudering van 'n hele groep dialekte as deel van dieselfde projek. Ofskoon sodanige werkswyse aanvanklik beplan is, is spoedig daarvan afgesien toe dit duidelik geword het watter omvang die beskrywing van sowel die fonologie as die morfologie van slegs 'n enkele dialek sou aanneem.

Navorsingsessies het in groepsverband geskied met alle informante gelyktydig teenwoordig. Informante is ondervra na gelang verskillende aspekte in die navorsingsprogram aan die orde gekom het. Benewens fonetiese transkripsies, is daar terselfdertyd bandopnames van die informante se response gemaak met die oog op meer gesofistikeerde analises in die taallaboratorium.

Chambers en Trudgill (1988:58) wys op die sogenaamde "observers paradox": "...linguists want to observe the way people speak when they are not being observed". Uiteraard lei die stel van direkte vrae tot versigtiger, meer formele spraak. Direkte vrae is egter tydbesparend en weens die omvang van die navorsingsprogram was dit noodsaaklik om response op die vinnigste moontlike wyse te bekom. Die vereiste dat die data wat ingesamel word in informele omstandighede verkry moet word geld egter meer vir stedelike dialektologie as vir plattelandse dialektologie. Die rede hiervoor is gesetel in wat Chambers en Trudgill (1988:58) die "wide range of social informants" noem. Plattelandse informante vorm gewoonlik 'n homogene groep waaruit verteenwoordigende response verkry kan word. Volgens Chambers en Trudgill (1988:59) oorkom Labov die probleem van die "observer's paradox" deur groepe mense in plaas van individue se spraak te ondersoek. Dit kom ooreen met die werkswyse wat tydens hierdie projek gevolg is, en dit is van belang dat die informante, nadat hulle die navorser goed leer ken en aanvaar het, ongeïnhibeerd en spontaan op vrae gereageer het. Meer natuurlike, aaneenlopende spraak is ook nagevors deur vertellings oor verskillende onderwerpe op band op te neem en te analiseer.

Voor die aanvang van 'n opnamesessie is die spesifieke gedeeltes van die navorsingsprogram wat voltooi moes word aan informante voorgehou, en daar is seker gemaak dat hulle verstaan waarna elke item verwys. Konsensus moes tussen die informante onderling bestaan dat die respons verteenwoordigend van Lobedu is. Items wat vir die informante vreemd was, is of geskrap of met Lobedu ekwivalente vervang. Items waarvoor onsekerheid bestaan het, is bespreek sodat verseker kon word dat die verwagte respons geldig is. 'n Nagra, model IV-S VCIR, oopspoel bandopnemer is deurgaans vir die maak van opnames gebruik. Opnames is op BASF DP 26 magnetiese band gemaak en deur UNISA se klankatelljее-personeel oorgedra op TDK SA-X ekstra hoë resoluksie magnetiese band met die oog op die maak van akoestiese ontledings. Vir hierdie doel is 'n DSP Sona-Graph, model 5500 van Kay Elemetrics asook 'n CSL, model 4500 van Kay Elemetrics gebruik.

Behalwe vir geslagsverskille was die groep redelik uniform: alle informante was van die hoofgroep op Lobedu berg, en met die moontlike uitsondering van Samuel Patamedi Modiba, bejaard. Modiba was ten tyde van die navorsing op 56 jaar die jongste informant, maar sy spraak het nie ooglopend afgewyk van dié van die ander informante nie. Sy artikulasie van die Lobedu vokale het egter afgewyk van dié van twee ander manlike bejaardes. (Vergelyk 2.4.1 vir besonderhede hieromtrent). Variasie in die uitspraak van individu tot individu ten opsigte van stem is waargeneem. Dit is te betwyfel of die wisseling in stem 'n idiolektiese verskynsel is. Dit is moontlik eerder toe te skryf aan vrye variasie, waarskynlik as gevolg van beïnvloeding deur een van die vele tale waarmee Lobedu in aanraking was. Chambers en Trudgill (1988:147) spreek hulle egter sterk uit teen "unpredictable occurrences of some linguistic feature which for some reason or other has two or more possible realisations". Volgens hulle is daar "... no such thing as free variation" omdat "features which vary are conditioned, sometimes by a complex of linguistic and social factors". Sosiale faktore is klaarblyklik nie verantwoordelik vir die wisseling in stem nie, en bo en behalwe die genoemde moontlikheid van taalbeïnvloeding, kon geen taalkundige oorsake hiervoor geïdentifiseer word nie.

Sistematisering van die ingesamelde data het reeds na die eerste besoek aan

Bolobedu begin. Bandopnames van alle gedeeltes van die navorsingsprogram is teruggespeel en vergelyk met transkripsies daarvan. Taalverskynsels wat nie tipies Noord-Sotho is nie, is ondersoek ten einde die oorsprong daarvan te probeer bepaal. Veral Venda en Tsonga is as waarskynlike bronne van vreemde invloede beskou. Daar is byvoorbeeld gevind dat die radikale voornaamwoord **-fheyo?** wat in Lobedu voorkom uit Venda ontleen is, en dat die gebruik van die klasprefiks van klas 7 saam met die diminutiewe agtervoegsel ten einde diminutiewe af te lei, ook in Tsonga voorkom.

Akoestiese analises was hoofsaaklik nodig om die hoeveelheid stem te ondersoek van sekere Lobedu klanke wat stemlose standaard Noord-Sotho teenhangers het. Aspekte van vokaalkwaliteit is ook akoesties ontleed.

1.11 Afkortings

Die gebruik van afkortings is tot die minimum beperk. Erkende afkortings word egter wel by uitsondering gebruik. Waar voorbeelde gelys word, word van die volgende afkortings gebruik gemaak: B. = Oer-Bantoe; SNS. = standaard Noord-Sotho; L. = Lobedu; V. = Venda; Ph. = Phalaborwa; Z. = Zoeloe.

1.12 Ortografieë

1.12.1 Praktiese ortografie

Dit was vroeër die gebruik om Lobedu 'Lovedu' te skryf. Eersgenoemde skryfwyse word deurgaans gebruik, behalwe in die geval van aanhalings.

Die amptelike Noord-Sotho ortografie soos uiteengesit in die *Noord-Sotho Terminologie en Spelreëls* Nr. 4, 1988 word gebruik om standaard Noord-Sotho woorde te skryf. Aanpassings aan hierdie ortografie was nodig om voorsiening te maak vir die eiesoortige aard van Lobedu. Hieronder volg riglyne waarvolgens 'n praktiese Lobedu ortografie vir die doeleindes van hierdie studie saamgestel is. Die volledige ortografie word in hoofstuk 2 uiteengesit wanneer fonetiese simbole vir teenhangers in die praktiese ortografie gegee word.

- (a) .. word onderaan 'n letter aangebring om dentale artikulasie aan te dui. SNS. **mmétli** 'skrynwerker' word gevolglik as **movéđi** in Lobedu geskryf.
- (b) Vir retroflekse konsonante word die ooreenstemmende fonetiese simbole in die praktiese ortografie gebruik, byvoorbeeld **đau** 'leeu', **mođho** 'mens'.
- (c) Konsonante wat as stemhebbend waargeneem word, word as sulks geskryf, byvoorbeeld **dž** in **ledžadži** 'dag' (vergelyk SNS. **letsatši**).
- (d) L. /β/ word **v** geskryf sodat L. /b/ deur **b** voorgestel kan word.
- (e) L. /f/ word **fh** geskryf omdat L. /f/ deur **f** voorgestel word.
- (f) Wanneer **y** op simbole volg, dui dit die tipiese j-agtige artikulatoriese afloop aan wat kenmerkend is in Lobedu. Vergelyk:
- (i) SNS. **bj** word in Lobedu as **vy** geskryf, byvoorbeeld SNS. **lebjé** 'klip' is L. **levyé**.
- (ii) SNS. **fš** korreleer met L. **fhy**, byvoorbeeld SNS. **-rafša** '(heuning) word uitgehaal' is L. **-rafhya**.
- (iii) SNS. **pš** word in Lobedu weergegee as **by**, byvoorbeeld SNS. **-tôpša** 'word opgetel' is L. **-đôbya**.
- (iv) SNS. **pšh** korreleer met L. **phy**, byvoorbeeld SNS. **-pšha** 'opdroog' is L. **-phya**.
- (g) In ooreenstemming met die gebruik in ander bronne, word die sogenaamde fluitklanke aangedui deur 'n samestelling waarin **v** op die eerste letter in die samestelling volg. Vergelyk L. **lezwéle** 'bors'.

1.12.2 Fonetiese ortografie

Vir fonetiese en fonologiese transkripsies word die jongste stel simbole van die I.P.A., soos vervat in International Phonetic Association (1989), gebruik. Die diakritiese tekens wat gebruik word in noue fonetiese transkripsies is ook standaard. In noue fonetiese transkripsies word gestalte gegee aan wat Robins (1965:127) as invloed van kondisionering deur die fonetiese omgewing beskou. Die tipes beïnvloeding wat foneties deur middel van diakritiese tekens aangedui word, sluit labialisasie, palatalisasie en vokaalverhoging in. Affriksie word ook met behulp van diakritiese tekens aangedui. (Sien 2.3.2 in hierdie verband). In 2.3.2 word ook enkele fonetiese simbole aangehaal wat op 'n ad hoc. basis gebruik word vir Lobedu klanke waarvoor daar nie IPA simbole bestaan nie.

1.12.3 Oer-Bantoe ortografie

Oer-Bantoe postulate deur Meinhof (1932) en Bourquin (1969) word in Meinhof se oorspronklike ortografie geskryf. Die volledige stel simbole wat in hierdie proefskrif figureer, word geriefshalwe hier aangehaal:

(a) Konsonante

Primêre plosiewe p, t, k

Primêre frikatiewe v, l, ɣ

Nasale m, n, ŋ

Stemlose palatale t, k

Stemhebbende palatale l, ɣ

Geslote semivokale w, ɣ

Oop semivokale w, y

Stemlose primêre nasaalverbindinge nt, n̄k, n̄k̄

Stemhebbende primêre nasaalverbindinge mb, nd, n̄g, n̄ḡ, nd̄

Stemlose sekondêre nasaalverbindinge mp, nt, n̄k, n̄k̄, nt̄

Stemhebbende sekondêre nasaalverbindinge mb, nd, n̄g, n̄ḡ, nd̄

(b) Vokale

Primêre vokale	i, a, u
Geslote vokale	î, û
Saamgestelde vokale	e, o

1.13 Samevatting

Die doel van hierdie proefskrif is om 'n linguistiese beskrywing van tipiese Lobedu taalverskynsels aan te bied, sodat Lobedu se posisie binne die groep dialekte wat as 'Noord-Sotho' bekend staan, bepaal kan word. 'n Finale uitspraak in dié verband word nie in hierdie studie beoog nie, aangesien daar nog nie genoeg gegewens van ander dialekte beskikbaar is nie. Die vernaamste mikpunt is om 'n uitspraak te kan lewer of Lobedu kwalifiseer as 'n dialek van Noord-Sotho, en of dit miskien soveel a-tipiese Sotho kenmerke besit dat dit nie as 'n dialek van Noord-Sotho beskou kan word nie. Daar moet in die formulering van so 'n uitspraak deeglik rekening gehou word met die feit dat nie-linguistiese kriteria dikwels swaarder weeg as linguistiese gegewens. Een van die belangrikste linguistiese kriteria wat twee spreekvorme in 'n dialektiese verhouding tot mekaar plaas, is onderlinge verstaanbaarheid. 'n Belangrike nie-linguistiese faktor is landsgrense wat dialekte van mekaar skei. Wanneer dit gebeur word dialekte gewoonlik as afsonderlike tale beskou.


'n Historiese oorsig van die herkoms van die Balobedu toon aan dat hulle volgens Venda tradisie van Venda herkoms is, maar ander bronne suggereer bande met die Shona en selfs die Nyakyuse-Ngonde van Tanzanië en Malawi.

In 'n bondige linguistiese oorsig van die dialeksituasie binne die Noordoostelike dialekgroep word aangetoon dat Lobedu, soos ander dialekte binne hierdie groep, 'n aantal a-tipiese Sotho kenmerke vertoon. Lobedu toon heelwat ooreenkomste met Phalaborwa wat as die hoof verteenwoordiger van Noordoos-Sotho beskou word.


Vanuit bestaande bronne is dit duidelik dat daar 'n behoefte is aan 'n volledige beskrywing van die klank- en vormleer van Lobedu, aangesien so 'n projek nog nooit aangepak is nie.

Bylaag tot hoofstuk 1

Figuur 1: Kaart wat die Lobedu gebied (Bolobedu) aandui



Figuur 2: Van Wyk (1969b:179) se indeling van die Sotho-taalgroep



HOOFSTUK 2

SINCHRONIESE FONOLOGIE

2.1 Inleiding

In 1.7.1 hierbo is verwys na faktore wat as maatstaf gebruik kan word wanneer 'n uitspraak oor die status van Lobedu as 'n dialek van Noord-Sotho gemaak moet word. Daar is onder andere verwys na die volgende foneties-fonologiese aspekte:

- (a) Dat die tongstand vir die middelhoë vokale /e/ en /o/ hoër as vir hulle tipiese Sotho eweknieë is. 'n Uitspraak oor die korrektheid van so 'n siening moet in hierdie hoofstuk gemaak word. Die moontlikheid dat Lobedu 'n oorgangsfase vanaf 'n sewe- na 'n vyfvokaalsisteem beleef, moet in die lig hiervan ook oorweeg word.
- (b) Dat die laterale konsonante van die tipiese Sothotale in die a-tipiese dialekte deur dentale of selfs alveolêre konsonante vervang word.

Bo en behalwe bogenoemde aanduidings van die andersheid van Lobedu, moet daar ook gekyk word na a-tipiese kenmerke waardeur ander dialekte van Noordoos-Sotho gekenmerk word. In 1.7.2.1 word na Vercueil (1966) verwys omdat hy opmerk dat Phalaborwa, benewens die pas genoemde a-tipiese kenmerke, ook oor die volgende a-tipiese klankkenmerke beskik:

- Retroflekse konsonante;
- 'n neiging tot stemhebbendheid by sekere klanke wat in tipiese Sotho stemloos is;
- palatalisering van labiale konsonante wat 'n j-agtige afloop van die konsonant tot gevolg het.

Daar is reeds in 1.7.2.1 genoem dat beide Lobedu en Phalaborwa oor hierdie a-tipiese klankkenmerke beskik.

Hananwa - vergelyk 1.7.2.2 - beskik eweneens oor a-tipiese kenmerke wat met dié van Lobedu ooreenkom. Die volgende is as voorbeelde aangehaal:

- Die voorkoms van dentale klanke in plaas van die meer tipiese laterale;
- die algemene voorkoms van retroflekse konsonante;
- 'n neiging om sekere klanke wat in tipiese Sotho stemloos is, stemhebbend uit te spreek;
- vertraagde vrylating by die artikulasie van retroflekse plosiewe wat hoorbare affriksie tot gevolg het;
- die voorkoms van fluitklanke;
- palatalisering van labiale konsonante waardeur die klank 'n j-agtige afloop bekom;
- die realisasie van die standaard /f/ as 'n bilabiale [ɸ];
- die beperkte voorkoms van 'n retroflekse allofoon [ɽ];
- die realisasie van die meer tipiese /y/ as [ɸi].

Die volgende Lobedu konsonante kom ook in tipiese Noord-Sotho voor, maar as realisasies van ander Noord-Sotho foneme:

- [k^h] as realisasie van /h/;
- [ts^h] as realisasie van /s/;
- [s] as realisasie van /j/ (maar ook van /s/).

2.2 Doelwit

In 1.7.3 is kortliks besin oor die moontlike herkoms van die a-tipiese klanke wat in Lobedu aangetref word. Die punte wat daar geopper is word nie hier herhaal nie. Die doel van hierdie hoofstuk is hoofsaaklik om die foneme en allofone waaruit die klanksisteem van Lobedu bestaan, te identifiseer en te beskryf. Daar moet verder ook vasgestel word of die klanksisteem van Lobedu sodanig van standaard Noord-Sotho s'n verskil dat Lobedu nie as 'n dialek van Noord-Sotho beskou kan word nie.

2.3 Teoretiese begronding

2.3.1 Die foneem

Vanweë die uiteenlopende benaderings tot die foneem as linguistiese teken is dit wenslik om die wyse waarop die foneem in hierdie werk hanteer sal word, te motiveer. Die standpunte van ten minste drie denkrigtings wat oor die jare op die een of ander stadium as gesaghebbend aanvaar is, en steeds as sodanig deur sommige beskou word, word vervolgens kortliks in oënskou geneem ten einde die benadering wat hier gevolg word in perspektief te stel. Die denkrigtings verteenwoordig naamlik dié van die Praagse skool, die Amerikaanse strukturalisme en die generatiewe fonologie.

Die Praagse skool onder die invloed van veral Trubetzkoy benadruk die abstrakte waarde van die foneem. Die foneem word gesien as 'n geheel van fonologies-relevante eienskappe wat hoofsaaklik in opposisies bestaan. Van Wyk (1974:47), se kritiek teen hierdie foneemopvatting is gebaseer op die feit dat spraakklanke wat as realisasies van foneme beskou word, konkrete taaltekens is. Die Praagse foneembeskouing bevat teenstrydighede vanweë die standpunt dat 'n abstrakte entiteit, die foneem, in 'n konkrete entiteit, die spraakklank, bestaan.

Robins (1979:209) beskryf hoe die Amerikaanse strukturalisme onder leiding van Bloomfield die foneembegrip ontwikkel het tot een waarbinne die foneem beskou word as 'n eenheid wat alle fonologies-distinktiewe fonetiese eienskappe insluit wat binne spraakklanke aanwesig is. Hierdie siening veronderstel dat die genoemde distinktiewe kenmerke konstante klankwaardes is. Dit is egter lank reeds bekend dat die eienskappe van spraakklanke nie konstant is nie en wissel van spreker tot spreker en selfs binne die spraak van die individu.

Jakobson, wat hom aanvanklik binne die Praagse denkstroom uitleef, verfyn uiteindelik die siening van die Praagse skool en die Amerikaanse strukturalisme. Van eersgenoemde neem hy die gedagte oor dat foneemkenmerke bestaan in verhoudinge (opposisies), en van laasgenoemde, dat foneme gehele van fonetiese kenmerke is, en nie abstrakte entiteite nie. Volgens Van Wyk (1974:48) bestaan Jakobson se eie bydrae in sy siening

"dat foneemkenmerke gereduseer kan word tot 'n universele versameling van 12 pare inherente en 6 pare prosodiese kenmerke waaruit elke taal volgens sy eie reëls sy foneme moet saamstel..."

Jakobson en sy medewerkers (vergelyk Lass (1989:75)) was verantwoordelik vir die identifisering van die eerste volledige stel distinktiewe kenmerke. Jakobson se uitgangspunt by die vasstelling van die kenmerke was dat 'n relatief klein stel universele distinktiewe kenmerke waardeur opposisies in tale geskep word, die basis van fonologie uitmaak. Sy gedagtes lê uiteindelik die transformasionele fonologie ten grondslag. Vir Jakobson is die distinktiewe kenmerke akoesties eerder as artikulatories begrond. Van Wyk (1974:50) beskou die ontwikkeling van die generatiewe fonologie vanuit Jakobson se basiswerk as "'n logiese stap wat na Jakobson moes volg".

Chomsky en Halle (1968) verduidelik die teorie van die generatiewe fonologie en die toepassing daarvan in hulle beroemde werk *The Sound Pattern of English*. Dit blyk uit hulle gedetailleerde uiteensetting van die teorie dat hulle distinktiewe kenmerke hoofsaaklik van Jakobson s'n verskil in dié opsig dat hulle meer van kenmerke met 'n artikulatoriese basis gebruik maak as Jakobson.

In hierdie proefskrif word deeglik rekening gehou met Lass (1989:103) se kritiek dat die generatiewe fonologie te swaar steun op kognitiewe of psigologiese aannames. Vir Lass moet 'n distinktiewe kenmerke teorie aan die volgende vereiste voldoen:

"... a feature theory should be ... a notational framework that yields satisfactory descriptions, and helps us understand the data we're interested in. For my money, the most sensible position is this: the 'best' system is the one that yields the 'best' descriptions".

Lass (1989:103-104) vervolg deur te verduidelik wat hy onder "best" verstaan in

soverre dit 'n kenmerke teorie aangaan. Hy noem 'n aantal aanwysers en voer aan dat indien 'n teorie een of meer hiervan tot gevolg het, die teorie ten minste bevredigend sal wees. Drie van die vier aanwysers is:

"...'giving the greatest coverage of (chosen) phenomena'; or 'yielding the maximum number of (unexpected) further discoveries of structure and relations'; or 'giving the account of the data best fitting in with what we take to be the rest of our established knowledge of relevant matters'..."

Lass (1989:21-22) verduidelik wat hy as 'n fonemiese analise van 'n taal beskou. Volgens hom bestaan so 'n analise uit drie komponente:

- Die opstel van 'n lys van die foneme van die taal;
- die weergee van die allofoniese reëls wat die verspreiding van die allofone van die foneme in die foneemlys bepaal;
- fonotaksis ("phonotactics"), oftewel die uitspel van die voorwaardes waaronder foneme kombineer. Die sillabestruktuur van die taal onder bespreking moet ook beskryf word. Hierdie aspek van die fonologiese analise van Lobedu word in 2.3.4 net heel oorsigtelik gedek omdat Lobedu en standaard Noord-Sotho in hierdie opsig ooglopend baie ooreenstem. Die beskrywing in hoofstuk 5 bevat heelwat fonotaktiese besonderhede, maar hierdie aspek maak nie daar die sentrale onderwerp van bespreking uit nie.

Die doel van hierdie studie is, soos vantevore in 1.3 uitgespel, om Lobedu te beskryf op so 'n manier dat die gegewens geredelik met dié van ander Noord-Sotho dialekte vergelyk sal kan word. Met in agneming van Lass se beskouing, asook die uitgangspunte van hierdie studie, is besluit om die fonologiese komponent van Lobedu, dit wil sê die data wat betrekking het op hoofstukke 2, 3, 4 en 5 soos volg te hanteer:

- (a) Die foneem word beskou as 'n fonetiese entiteit.

- (b) Lass (1989) se riglyne vir die identifisering van foneme en allofone (gebaseer op die Praagse skool) word nagevolg.
- (c) Aangesien die studie hoofsaaklik beskrywend en nie analities van aard is nie, word Lass (1989:21-22) se analitiese komponente nie afsonderlik onder verskillende opskrifte bespreek en afgehandel nie. Al drie komponente word nogtans in besonderhede in hoofstukke 2 en 5 gedek maar sonder dat die drie komponente sistematies as fokuspunte dien.

2.3.2 Fonetiese transkripsies

Vanweë die aard van die studie word die fonetiese simbole waarmee klanke voorgestel word, asook transkripsies van woorde en frases, so gedetailleerd gedoen as wat genoegsaam sal wees om die wesenswaard van die klanke onder bespreking na vore te laat kom. Gedetailleerde ("narrow") transkripsies is veral noodsaaklik in gevalle waar fyn fonetiese verskille onderskei tussen allofone tref. In sekere gevalle is van spektrografiese analises gebruik gemaak om die omvang van oudities-waargenome verskille te meet. Veral hierdie verskille word deur middel van gedetailleerde transkripsies weergegee.

Alle simbole wat in fonetiese transkripsies gebruik word is ontleen aan die IPA-stel waarop tydens die 1989 Kiel konvensie besluit is (vergelyk International Phonetic Association, 1989). In enkele gevalle is IPA simbole vir ander klanke gebruik as waarvoor die IPA hulle bestem het omdat die IPA nie 'n simbool vir die betrokke klank aangee nie. Hierdie simbole is: [ɾ] (retroflekse frikatief as allofoon van /r/), [h] (stemlose prevelêre frikatief), en [z̥w] (labiodentaal-alveolêre stemhebbende (fluit)frikatief). Die diakritiese teken vir labialisasie word in ooreenstemming met die standpunt ten opsigte van labialisasie, soos bespreek in 5.6, gebruik. Affriksie word deur middel van [ʃ] (stemlose klanke) en [ʒ] (stemhebbende klanke) aangedui. In Lobedu word allofone van stemhebbende sluitklanke gekenmerk deur 'n wisseling in die hoeveelheid stem wat die ontsluiting voorafgaan. Hierdie wisseling is geakkommodeer deur gebruikmaking van die diakritiese tekens [̤]/[̥] (oorwegend stemhebbend) en [̤̥]/[̥̥] (oorwegend stemloos). Hierdeur kan 'n kontinuum waarop

sluitklanke wissel van volledig stemhebbend tot oorwegend stemloos soos volg voorgestel word:

- [b] - volledig stemhebbend
- [p̤] - oorwegend stemhebbend
- [b̥] - oorwegend stemloos

Dieselfde simbole word vir foneme en hulle fonetiese realisasies gebruik, met die verskil dat eersgenoemde tussen skuins strepe en laasgenoemde tussen kantige hakies geplaas word. Foneme word ook nie van diakritiese tekens vergesel nie.

2.3.3 Fonetiese beskrywings

Die beskrywing van spraakklanke word so gedetailleerd moontlik gedoen sonder om oortollige kenmerke te noem. Van Wyk (1979:52) se riglyne vir oortolligheid word nagevolg. Die beginsels wat geld is

- (a) By die beskrywing van vokale word oortolligheid op die volgende maniere vermy:
 - (i) Dat 'n vokaal stemhebbend en oraal is word as oortollig beskou omdat vokale normaalweg hierdie kenmerke besit. Wanneer 'n bepaalde vokaal nie hierdie kenmerke besit nie, moet dit egter genoem word.
 - (ii) Daar kan aanvaar word dat voorvokale met ongeronde lippe, en agtervokale met geronde lippe uitgespreek word. Hierdie aanname veronderstel dat die lippe 'n neutrale vorm aanneem in die geval van die lae, sentrale vokaal [a].
- (b) In die geval van konsonante word soos volg te werk gegaan:
 - (i) 'Sluitklank' word nie by beskrywings ingesluit nie omdat dit geïmpliseer word deur 'plosief', 'affrikatief' en 'flap'.

- (ii) 'Duur' word weggelaat omdat dit deur 'frikatief', 'resonant', 'tril' en 'glyer' geïmpliseer word.
- (iii) Die weglating van 'geaspireed' uit 'n beskrywing impliseer dat die klank nie met aspirasie geartikuleer word nie.
- (iv) 'Nasaal' impliseer 'stemhebbend'.

2.3.4 Fonotaksis

Die eerste twee van Lass (1989) se analitiese komponente genoem in 2.3.1 word in 2.4 behandel, terwyl daar nie verder pertinent na die fonotaksis verwys word nie. Besonderhede rakende die verspreiding van foneme en die toelaatbaarheid, aldan nie, van sekere foneemkombinasies, is verweef in die beskrywings in 2.4 en in hoofstuk 5.

Die sillabestruktuur wat in Lobedu aangetref word kom ooreen met dié van standaard Noord-Sotho. Die basiese struktuur is KV, terwyl vokale en (sillabiese) konsonante ook soms onafhanklik sillabes uitmaak.

2.4 Beskrywing van Lobedu spraakklanke

2.4.1 Vokale

Roux (1983) toon aan dat daar baie gebreke in tradisionele sieninge van die vokale van die Sothotale in die besonder is, en van die vokale van die Suidelike Bantoetale in die algemeen. Hy bewys eksperimenteel dat opgeleide fonetici die kwaliteite van [e] en [o] aan die een kant, en hulle vernoude variante [ɛ] en [ɔ] (my ortografie) aan die ander, in feitlik 50% van die gevalle met mekaar verwar (Roux, 1983:81-82). Die eerste en tweede formante van hierdie vokaalpare verskil weinig, wat die mate van verwarring verstaanbaar maak. Verder wonder Roux (1983:16) of "die vokale ɛ en ɔ moontlik kwasi-fonetiese segmente kan wees wat bloot geskep word om 'n gewaande fonologiese patroon te regverdig". Vir hom sou dit verkeerd van taalkundiges wees om die bogenoemde vernoude vokale patroonmatig as allofone van

/e/ en /o/ te identifiseer, bloot omdat die middellae vokale ook vernoude allofone het. Die vraag wat hierdie bevinding laat ontstaan is of Suid-Sotho oor 'n 7+4 of 'n 7+2 vokaalsisteem beskik. In geval van 'n 7+2 sisteem sou die standpunt wees dat slegs die middellae vokale verhoog.

Roux (1983) toon oortuigend aan dat tradisionele vokaalidentifikasies en vokaalbeskrywings ontoereikend is. Hy kom egter nie met sodanige oplossing vir Suid-Sotho vorendag dat sy werkswyse vir Lobedu herhaal kan word ten einde die Lobedu feite te ontleed nie. Daarvoor is die kompleksiteit van die hele vokaalkwessie eenvoudig te groot. Sy studie is dus nie van veel onmiddellike waarde vir Lobedu nie, behalwe dat hy aantoon hoeveel navorsing nog in verband met vokale onderneem moet word: "... daar behoort met besorgdheid kennis geneem te word van die steeds groeiende agterstand wat daar in Suid-Afrika aan die ontwikkel is op die gebied van fonetieknavorsing en -onderrig..." (Roux, 1983:112); 'n situasie wat, onder andere, gewyt kan word aan 'n "... gebrek aan geverifieerde data in die Bantoetale..." (Roux, 1983:112). Hy bevind dat die realisasies van die foneem /e/ nie in 'n hoog-laag verhouding tot mekaar staan nie, maar wel in 'n voor-agter verhouding. Gevolglik is hy gekant teen die tradisionele terme 'vokaalverhoging' en 'vokaalvernouing'. Soos hieronder aangetoon word, bestaan realisasies van /e/ (maar nie van /o/ nie) in Lobedu wel in 'n hoog-laag verhouding, en gevolglik is besluit om tog die term 'vokaalverhoging' in hierdie studie te gebruik. As gevolg van Roux (1983) se bevindinge betreffende die invloed van prosodiese invloede op die persepsie van vokaalkwaliteit, en sy uitwys van talle leemtes in die bestaande kennis op die gebied van vokaalverhoging, is besluit om hierdie klankproses in 5.12 slegs oorsigtelik te behandel.

Anders as in die geval van konsonante, kan 'n konstante waarde nooit aan die fonetiese simbole vir vokale geheg word nie. Wanneer [e], byvoorbeeld, gebruik word om na 'n bepaalde vokaal in Afrikaans, Zulu of Noord-Sotho te verwys, beteken dit nie dat die vokaal in al drie tale dieselfde tongstand het nie. Daar kan slegs aanvaar word dat die tongstande in hierdie tale naby mekaar lê. Van Wyk (1979:68-74) verduidelik dat vokaalbeskrywings met behulp van die vokaalkaart eweneens problematies is

deurdat dit in wese 'n oriënterings- en nie 'n beskrywingsinstrument is nie. Wanneer vokale op die vokaalkaart aangedui word, moet die fonetikus sowel as die leser vertrouwd wees met die uitspraak van die kardinale vokale ten einde die suksesvolle interpretasie van die aangeduide vokale se waarde te verseker. 'n Verdere belemmerende faktor is dat die terminologie van die vokaalkaart nie eenduidig is nie.

Ten einde 'n bydrae te lewer op die gebied van vokaalbeskrywing, is die vokale van Lobedu spektrogrammes ontleed volgens riglyne uit Ladefoged (1975) en Roux (1983). Individuele artikulasies van Lobedu vokale deur drie sprekers is op formantkaarte volgens die Melskaal geïndividueel (vergelyk Ladefoged (1975:172-173) en Roux (1983:62-70)). Vooraf is die frekwensies van die eerste en tweede formante van elke vokaal spektrogrammes bepaal. Daarna is die posisies van die vokale op die formantkaart aangestip deur die snyding te bepaal van die eerste formantwaardes op die vertikale as, en die verskil tussen die eerste en tweede formantwaardes op die horisontale as.

'n Geldige vergelyking van die standaard vokale met dié van Lobedu is slegs moontlik indien 'n standaard meetinstrument gebruik word. Die formantkaart waarna hierbo verwys is, is so 'n meetinstrument, maar ongelukkig is die vokale van standaard Noord-Sotho nog nie akoesties ontleed nie. Gevolglik is dit nie moontlik om die vokale van standaard Noord-Sotho en Lobedu op 'n meer wetenskaplike basis met mekaar te vergelyk nie. 'n Vokaalkaart kan ook as vergelykingsmaatstaf dien, maar die wenslikheid om op menslike indrukke terug te val terwyl akkurate elektroniese meetinstrumente beskikbaar is, moet bevestig word. Die gebrek aan 'n meer wetenskaplike beskrywing van standaard Noord-Sotho se vokale ten spyte, sal daar nogtans by geleentheid na die vokaalkaart van standaard Noord-Sotho vokale in Ziervogel & Mokgokong (1985: inleiding, 73) verwys word. Die vokale van Lobedu word nie sistematies beskryf met verwysing na die kardinale vokale nie.

Die volgende metode is gevolg by die berekening van die formantwaardes waarvolgens individuele sprekers se uitspraak van Lobedu vokale op formantkaarte (figure 1, 2 en 3) aangebring is. Vir elke vokaalsegment is 'n aantal woorde wat op

band opgeneem is vir spektrografiese analise geselekteer. Die formantfrekwensies is verkry vanaf 'n DSP Sonagraph van die Kay Elemetrics Korporasie, model 5500 gekoppel aan 'n Teac, model C-1 bandmasjien. Die bandmasjien was aan 'n Sony TA-F5A klankversterker gekoppel. Vir hierdie doel is die stemme van drie manlike informante gebruik, naamlik Hans Malebelebe Booke Modjadji, Gilbert Nakampe Molokwane Modjadji en Samuel Patamedi Modiba. Die voorbeeldmateriaal wat gebruik is, was nie deurgaans identies vir die genoemde sprekers nie, maar die klankomgewing waarin elke vokaalsegment waarop gefokus is voorkom, was oorwegend dieselfde. Die formantfrekwensies is gemeet op 'n punt in die middel van die vokaalartikulasie waar invloede van ander segmente tot die minimum beperk is. Nadat spektrogramme van alle vokale gegenerer is, is die formantwaardes van elke vokaal bepaal, waarna 'n maksimum van vyf verskillende sny punte vir elke vokaal volgens die eerste en tweede formantwaardes op afsonderlike formantkaarte vir elke spreker aangedui is. Vanweë die stemkwaliteit van Gilbert Modjadji kon duidelike metings van sekere vokale nie geneem word nie, en was dit in die geval van [ɛ] moontlik om slegs een snyding te bepaal. Dit is bekend dat die eerste en tweede formante van agtervokale dikwels nie genoegsaam sigbaar is ten einde 'n akkurate lesing te kan neem nie. Gevolglik was dit nie moontlik om eweveel voorbeelde van voor- en agtervokale te ontleed nie. In hierdie opsig was die data van Hans Modjadji uitsonderlik, aangesien heelwat duidelike spektrogramme van agtervokale in sy geval gemaak kon word. Vervolgens word die formantwaardes van elke spreker afsonderlik in tabelvorm aangegee, gevolg deur 'n formantkaart volgens die Melskaal, waarop een tot vyf sny punte vir elke vokaal aangedui word. (Sien tabel 1 op volgende bladsy).


Tabel 1: Formantwaardes van vokale soos in die uitspraak van Hans Malebelebe Booke Modjadji

Vokaal	Formant	Waardes				
[i]	F1	320	340	360	360	360
	F2	2240	2240	2200	2240	2300
	F2-F1	1920	1900	1840	1880	1940
[ɛ]	F1	280	280	300		
	F2	2040	2160	2160		
	F2-F1	1760	1880	1860		
[e]	F1	320	320	320	340	360
	F2	2000	2040	2200	1840	2140
	F2-F1	1680	1720	1880	1500	1780
[ɛ]	F1	320	320	320		
	F2	1920	2160	1940		
	F2-F1	1600	1840	1620		
[e]	F1	560	560	560	580	580
	F2	1760	1840	1880	1840	1860
	F2-F1	1200	1280	1320	1260	1280
[a]	F1	640	660	680	680	740
	F2	1200	1320	1200	1360	1280
	F2-F1	560	660	520	680	540
[ɔ]	F1	540	560	580		
	F2	960	1010	880		
	F2-F1	420	450	300		
[ɔ]	F1	320	320	330	340	360
	F2	800	810	830	820	760
	F2-F1	480	490	500	480	400
[o]	F1	320	320	320	320	
	F2	630	640	670	720	
	F2-F1	310	320	350	400	

[ɔ]	F1	320	320	
	F2	760	790	
	F2-F1	440	470	
[u]	F1	320	340	340
	F2	640	640	660
	F2-F1	320	300	320

Met bogenoemde formantwaardes as basis is die Lobedu vokale soos volg op die formantkaart aangebring:

Figuur 1: Formantkaart van Lobedu vokale volgens die uitspraak van Hans Malebelebe Booke Modjadji



Tabel 2: Formantwaardes van vokale soos in die uitspraak van Gilbert Nakampe Molokwane Modjadji


Vokaal	Formant	Waardes				
[i]	F1	320	320	320		
	F2	2120	2120	2200		
	F2-F1	1800	1800	1880		
[e]	F1	280				
	F2	2080				
	F2-F1	1800				
[e]	F1	320	320	320	340	380
	F2	1980	2040	2120	2120	2000
	F2-F1	1660	1720	1800	1780	1620
[e] ¹	F1	geen				
	F2	geen				
	F2-F1	—				
[e]	F1	550				
	F2	1940				
	F2-F1	1390				
[a]	F1	680	680	680		
	F2	1340	1370	1380		
	F2-F1	660	690	700		
[ɔ]	F1	520	560			
	F2	940	1040			
	F2-F1	420	480			
[ɔ]	F1	320	400			
	F2	960	750			
	F2-F1	640	350			

1 Geen spektrogram was duidelik genoeg vir 'n akkurate lesing nie.

[o]	F1	300	320	380
	F2	720	800	820
	F2-F1	420	480	440
[ɔ]	F1	320	360	
	F2	800	960	
	F2-F1	480	600	
[u]	F1	280		
	F2	780		
	F2-F1	500		

Met bogenoemde formantwaardes as basis is die Lobedu vokale soos volg op die formantkaart aangebring: (sien volgende bladsy)

Figuur 2: Formantkaart van Lobedu vokale volgens die uitspraak van Gilbert Nakampe Molokwane Modjadji



2 Sirkels dui die waarskynlike verspreidingsgebied van vokale aan.

Tabel 3: Formantwaardes van vokale soos in die uitspraak van Samuel Patamedi Modiba


Vokaal	Formant	Waardes				
[i]	F1	280	300	300	300	
	F2	2080	2020	2080	2100	
	F2-F1	1800	1720	1780	1800	
[ɛ]	F1	300	320	320	320	
	F2	2000	1960	2000	2020	
	F2-F1	1700	1640	1680	1700	
[e]	F1	400	400	400	420	
	F2	1880	1960	2060	1980	
	F2-F1	1480	1560	1660	1560	
[ɛ̃]	F1	400	400	400	400	420
	F2	1940	1980	2000	2020	2000
	F2-F1	1540	1580	1600	1620	1580
[ɛ]	F1	480				
	F2	1920				
	F2-F1	1440				
[a]	F1	700				
	F2	1360				
	F2-F1	660				
[ɔ]	F1	480	540	560		
	F2	900	920	950		
	F2-F1	420	380	390		
[ɔ̃]	F1	380	400	400	400	420
	F2	760	760	820	840	840
	F2-F1	380	360	420	440	420
[o]	F1	380	390	400		
	F2	680	780	780		
	F2-F1	300	390	380		

[ɔ]	F1	330	
	F2	940? ³	
	F2-F1	610	
[u]	F1	300	300
	F2	660	700
	F2-F1	360	400

Met bogenoemde formantwaardes as basis is die Lobedu vokale soos volg op die formantkaart aangebring: (sien volgende bladsy)

3 F2 was leesbaar in 'n enkele spektrogram. Hierdie lesing kon dus nie deur ander spektrogramme bevestig word nie.

Figuur 3: Formantkaart van Lobedu vokale volgens die uitspraak van Samuel Patamedi Modiba



Die data, soos weerspieël in figure 1 tot 3, word vervolgens bespreek. Klem word geplaas op die gegewens wat op die voorvokale betrekking het, aangesien die agtervokale nie deurgaans duidelike spektrogramme gegenereer het nie. Dit kan aanvaar word dat uitsprake wat ten opsigte van die voorvokale gemaak word, ook op die agtervokale van toepassing sal wees. Die data van figure 1 en 2 word saam bespreek omdat dit grootliks ooreenstem, terwyl dié van figuur 3 afsonderlik hanteer word. Slegs besonderhede wat van fonologiese belang is, word in oënskou geneem, aangesien die bedoeling van die fonetiese analises in hoofsaak daarop gemik was om Van Wyk (1969(b):177) se vermoedens m.b.t. 'n vyfvokaalsisteem te ondersoek.

(a) Figure 1 en 2

Die voorvokale [i], [e], [ɛ] en [ɛ̄], asook die agtervokale [u], [o], [ɔ] en [ɔ̄] lê besonder na aan mekaar. In figuur 1 is een artikulasie van [ɛ̄] op die buiterand van die gebied wat vir [e] afgebaken is. Net so is daar 'n raakpunt tussen die artikulasies van [o] en [u]. Oorvleueling vind egter nie plaas nie. Die nabyheid van bogenoemde vokale laat die vraag ontstaan of Lobedu sprekers hierdie segmente wel ondubbelsinnig van mekaar kan onderskei. Geen persepsietoetse is in hierdie verband onderneem nie.

In figuur 2 is daar raakpunte tussen [i] en [e] aan die een kant, en [ɔ̄] en [o] aan die ander.

Die mate waartoe vokaalverhoging plaasvind, is verstommend, aangesien [ɛ̄] [i] in hoogte oortref, en [ɛ̄] hoër as [e] geplaas is.

Die agtervokale [o] en [ɔ] bestaan eerder in 'n voor-agter verhouding as in 'n hoog-laag verhouding. Dit stem ooreen met wat Roux (1983) ten opsigte van Suid-Sotho se middelhoë vokale bevind het, maar dieselfde kan nie van die voorvokale in Lobedu gesê word nie. Aangesien die voorvokale makliker analiseerbare data as agtervokale voorsien, is 'n hoog-laag verhouding versus 'n voor-agter verhouding van middelhoë vokale nie ondersoek nie, en is, soos reeds verklaar, die fokus op voorvokale geplaas. Verdere ondersoeke van vokaalverhoudings in Lobedu sal, na verwagting, interessante

nuwe feite aan die lig bring.

(b) Figuur 3

Die hoë en middelhoë vokale is nie in dieselfde gebied gekonsentreer soos in figure 1 en 2 nie. Wat wel opval, is dat verhoogde voorvokale baie met die volgende hoër basiese vokaalfoneme gemeen het, d.w.s. [ɛ̄] is teenaan [i] geleë, terwyl [ɛ̄] en [e] grotendeels oorvleuel.

Die spektrografiese resultate wat behaal is, kan uiteraard nie as die finale uitspraak oor die vokale van Lobedu beskou word nie, omdat 'n baie meer omvattende studie van die vokale alleen daarvoor nodig is. Die verskille tussen figure 1 en 2 aan die een kant, en figuur 3 aan die ander, het 'n logiese verklaring. Die informant wie se gegewens in figuur 3 weerspieël word, was 'n onderwyser van beroep, en het dus formele onderwysopleiding ondergaan. Dit is duidelik dat hy deur standaard Noord-Sotho beïnvloed is. Die twee informante wat vir die gegewens in figure 1 en 2 verantwoordelik is, is egter nie aan soortgelyke invloede blootgestel nie.

Figure 1 en 2 suggereer dat Lobedu oor 'n vyfvokaalsisteem beskik, terwyl figuur 3 aanduidend van 'n sewevokaalsisteem is. Indien laasgenoemde figuur verteenwoordigend van 'moderne' Lobedu is, en figure 1 en 2 van 'tradisionele' Lobedu, kan voorspel word dat die Lobedu van die toekoms 'n sewevokaalsisteem sal ontwikkel wat baie met dié van standaard Noord-Sotho ooreenstem. Die kwessie van 'n vyfvokaalsisteem, al dan nie, is onopgelos omdat, onder andere, persepsietoetse aangelê sal moet word om te bepaal of Lobedu sprekers wel ondubbelsinning kan onderskei tussen die vokale [i], [e], [ɛ̄] en [ɛ̄] wat nou saamgegroepeer is, maar nie met mekaar oorvleuel nie. Die feit dat die foneme /i/ en /e/ van mekaar onderskei word - hulle kontrasteer in minimale pare - bewys egter dat tradisionele sprekers tussen sewe vokaalfoneme onderskei. Om hierdie rede word die vokaalfoneme en hulle allofone hieronder bespreek in terme van 'n 7+4 sisteem soos wat tradisioneel m.b.t. die vokale van standaard Noord-Sotho gedoen word. Vergelyk byvoorbeeld die vokaalkaart in Ziervogel & Mokgokong (1985: inleiding, 73).

Van Wyk (1969b:177) is ook daarvan oortuig dat die dialekte van Noordoos-Sotho, waaronder Lobedu tel, oor sewe vokaalfoneme beskik. Van Wyk se opmerking dat die tongstande van die middelhoë vokale hoër is as in tipiese Sotho kan eweneens beaam word, maar ideaal gesproke moet uitsprake oor hierdie verskille op akoestiese gronde berus. Hoewel die middelhoë vokale in sekere standaard Noord-Sotho woorde as hoë vokale in Lobedu realiseer, vind dit geïsoleerd plaas en kan dit nie as 'n aanduiding van 'n vyfvokaalsisteem beskou word nie. Vergelyk voorbeelde soos die volgende in hierdie verband:

SNS. -senya	L. -tšhinya	'verniel'
SNS. -lesa	L. -disa	'laat staan'
SNS. -šoga	L. -suha	'(vel) brei'

Volgens Louwrens (1977:63) word hoë en middelhoë vokale van standaard Noord-Sotho soms as laer vokale in Lobedu teruggevind:

SNS. -buša	L. -vosa	'regeer'
SNS. phefô	L. phêfhô	'wind'
SNS. -diša	L. -lesa	'vee oppas'

In die lig van Roux (1983) se waarnemings, kan ten opsigte van die verhoogde vokale van Lobedu gevra word watter klankkwaliteit inderdaad auditief waargeneem is. Hoewel die spektrografiese analises dui op die bestaan van verhoogde allofone vir elke middelvokaal, sal slegs uitgebreide verdere navorsing kan lei tot 'n gesaghebbende uitspraak in hierdie verband. Die voorbeelde waarin verhoogde vokale voorkom en wat hier voorgehou word, mag later eksperimenteel as ontoepaslik of selfs verkeerd bewys word. Die verhoogde variante word aangedui deur middel van die diakritiese teken vir vokaalverhoging, dit wil sê [ː].

Hoewel Roux (1983) soveel leemtes in bestaande sieninge van vokaalbeskrywings in die Sothotale identifiseer, is dit nie die doel van sy studie om alle omgewings waarin vokaalverhoging voorkom te identifiseer nie. Terwyl daar gewag word op antwoorde

op al hierdie kwessies, is die enigste uitweg om vokaalverhoging aan te dui in die klankomgewings waarin dit gewoonlik ouditief waargeneem word.

Alle Lobedu vokale het, net soos hulle standaard eweknieë, gefluisterde teenhangers (vergelyk, byvoorbeeld, Van Wyk (1979:81)). Gefluisterde allofone word nie hieronder gelys nie omdat hulle voorkoms nie konstant voorspelbaar is binne enige fonologiese omgewing nie.

Die vokale van Lobedu, soos weerspieël in figure 1 en 2 hierbo, kan soos volg beskryf word:

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/a/	[a]	'n Lae sentrale vokaal, bv. -vala -[βala] 'lees'.
/i/	[i]	'n Hoë voorvokaal, bv. -vina -[βina] 'dans'.
/e/	[e]	'n Hoë middelhoë voorvokaal wat aan [i] grens, bv. -dzeva -[dzeβa] 'weet'.
	[ɛ]	Hierdie vernoude hoë middelhoë voorvokaal is 'n konteksgevoelige allofoon van /e/ wat selfs hoër as /i/ realiseer. Vergelyk die formantwaardes van die twee genoemde vokale in figure 1 en 2. Voorbeeld: molemi [molɛmi] 'landbouer'.
/ɛ/	[ɛ]	'n Middellae voorvokaal, bv. -rêga -[rɛga] 'koop'.
	[ɛ̥]	'n Vernoude middellae voorvokaal, en 'n konteksgevoelige allofoon van /ɛ/, bv. morêgi [morɛ̥gi] 'koper'. Hierdie vokaal kom akoesties baie ooreen met [e] - vergelyk die formantwaardes in figure 1 en 2.
/ɔ/	[ɔ]	'n Middellae agtervokaal, bv. -ôra -[ɔra] 'verwarm'.
	[ɔ̥]	Hierdie vernoude middellae agtervokaal is 'n konteksgevoelige allofoon van /ɔ/, bv. molôri [molɔ̥ri] 'dromer'. Hierdie vokaal realiseer, netsoos die

ooreenstemmende middellae voorvokaal, baie hoër as die standaard teenhanger. Die spektrografiese gegewens dui op 'n meer sentrale artikulasie as wat die geval met die basiese agtervokale is.

/o/	[o]	'n Hoë middelhoë agtervokaal wat baie na aan /u/ geleë is, bv. -roma [-roma] 'stuur'.
	[ɔ]	'n Konteksgevoelige vernoude hoë middelhoë agtervokaal, bv. vadzomi [βadzɔmi] 'jagters'. Die spektrografiese ontledings van hierdie vokaal suggereer dat dit baie met die volgende, hoër vokaal ([u] in hierdie geval) ooreenkom, hoewel dit meer sentraal geartikuleer word.
/u/	[u]	'n Hoë agtervokaal, bv. -dula [-lula] 'sit'.

2.4.2 Konsonante

Die beskrywing van konsonantfoneme en allofone geskied binne die tradisionele artikulatoriese raamwerk soos wat dit onder andere in Van Wyk (1979) uiteengesit word. Hiervolgens word vyf aspekte van die konsonant se artikulasie gedek, naamlik die artikulasiepunt(e), aard van die lugstroom, vrylatingskanaal, vrylatingswyse en die tipe konsonant.

Oortollighede word uit beskrywings weggelaat. Die implikasies daarvan is dat:

- Die artikulasiepunt(e) altyd genoem word;
- die aard van die lugstroom nie in die geval van resonante en glyers genoem word nie omdat hierdie vrylatingswyses stemhebbendheid impliseer;
- die vrylatingskanaal telkens genoem word;
- die vrylatingswyse deurgaans genoem word;
- konsonante nie direk beskryf word as sluit- of duurklanke nie, omdat hierdie aspekte afleibaar is vanuit die vrylatingswyse: plosiewe, affrikatiewe en die flap [ɺ] is sluitklanke; en frikatiewe, resonante, die tril [r] en glyers is duurklanke.

Die beskrywing van konsonante geskied in orde volgens die vrylatingswyse: eerstens plosiewe, daarna affrikatiewe, frikatiewe, tril, flap, resonante en laastens glyers. Gelabialiseerde konsonante word met die diakritiese teken [ʷ] gemerk, terwyl liprondding in die geval van konsonante nie aangedui word nie. Die onderskeid tussen labialisasie en liprondding word in 5.6 verduidelik. Weens tipografiese probleme word sillabisiteit in die geval van konsonante slegs aangedui wanneer sillabisiteit deel van die onderwerp onder bespreking uitmaak.

Van Wyk (1979:133) verdeel konsonante met twee artikulasiepunte (saamgestelde artikulasiepunte) in konsonante met sekondêre artikulasies, enersyds, en konsonante met dubbelartikulasies, andersyds. Eersgenoemde ontstaan wanneer 'n glyer se artikulasie (in tyd) saamval met dié van 'n ander konsonant. Voorbeelde van sekondêre artikulasies waarna van tyd tot tyd in hierdie hoofstuk verwys word bestaan uit 'n primêre artikulasie (dié van die nie-glyer) en uit 'n sekondêre artikulasie wat tot palatalisering lei. Hierdie klanke het 'n j-agtige afloop en die diakritiese teken [j] verteenwoordig die sekondêre artikulasie. 'n Dubbelartikulasie word deur Van Wyk (1979:138) gedefinieer as "...die aanbring van twee versperrings tydens die artikulasie van 'n konsonant, waarvan albei voldoende is om minstens tot wrywing aanleiding te gee." Daar word nie sistematies onderskei tussen konsonante met saamgestelde artikulasiepunte onderling, en enkelvoudige konsonante nie. Die voorkoms van allofone met sekondêre artikulasie en allofone met dubbelartikulasie word, waar nodig, beklemtoon.

Stemhebbende sluitklanke en gepalataliseerde konsonante in Lobedu word dáárdeur gekenmerk dat hulle oor verskeie fakultatiewe allofone beskik. Ten einde die mate waartoe fakultatiewe allofone voorkom te verifieer, is spektrografiese analises gemaak. Die spektrogramme word hieronder as figure 4 tot 6 aangehaal. Die spektrogramme toon die volgende aan:

- Stemhebbende sluitklanke vertoon wisselings in stem sonder dat die fonologiese omgewing 'n rol speel. Wisselings in stem is opgemerk in artikulasies van dieselfde woord deur verskillende sprekers maar ook in

artikulasies van dieselfde woord deur dieselfde spreker (vergelyk figure 4 (a) - (c));


- fakultatiewe allofone van gepalataliseerde labiale konsonante ontstaan deurdat die oorgang na die palatale segment soms met minimale wrywing gepaard gaan wat 'n j-agtige uitspraak tot gevolg het (vergelyk figuur 5(a)), soms met duideliker friksie, in welke geval die artikulasie steeds j-agtig is (vergelyk figuur 5(b)), en soms met sodanige friksie dat die palatale segment uit friksie alleen bestaan (vergelyk figuur 5 (c)). In figuur 5(d) word gepalataliseerde /b/ se vrylating gekenmerk deur sekondêre palatale friksie wat ook voorgestel kan word met [ʃ]. /b/ word dan gevolg deur 'n relatief duidelik sigbare palatale segment /j/.
- allofone van retroflekse sluitklanke ontstaan deurdat die ontsluiting van sodanige klanke deur wisselende grade van affriksie gekenmerk word (vergelyk figure 6 (a) en (b)).

Figuur 4: Wisselings in stem

(a) Informant: Flovia Modjadji

ge magadê [ke magadɛ] 'ek is verbaas'


[k] is stemloos aangesien die ontsluiting nie deur stembandvibrasies voorafgegaan word nie. (Vergelyk ook figuur 4 (b) hieronder waarin [tʰ] in die intervokaliëse posisie ook stemloos is). [g] en [d] is duidelik stemhebbend deurdat die plosiewe vrylating van beide deur stembandvibrasies voorafgegaan word.



(b) Informant: Samuel Modiba

loraða [lora^ʔa] 'liefde'


[t^ʰ] is stemloos omdat die plosiewe vrylating nie deur stembandvibrasies voorafgegaan word nie. Stemlose ongeaspireerde sluitklanke soos hierdie is uitsonderlik in Lobedu aangesien sodanige klanke normaalweg realiseer as óf volledig stemhebbend óf oorwegend stemhebbend óf oorwegend stemloos, maar nie geheel en al stemloos nie.



(c) Informant: Flovia Modjadji

mofhaga [moφaqa] 'mes'

'n Gedeeltelik stemhebbende realisasie van /g/. Die aanvang van die drukopboufase vertoon ligte stembandaktiwiteit terwyl die stembandvibrasies staak direk voor die plosiewe ontsluiting. Die meeste stembandvibrasies vind plaas in die middelste gedeelte van die drukopboufase.




Figuur 5: Allofone van gepalataliseerde labiale konsonante

Fakultatiewe allofone van gepalataliseerde labiale konsonante ontstaan deurdat die oorgang na die palatale segment soms met minimale wrywing gepaard gaan wat 'n j-agtige uitspraak tot gevolg het, soms met duideliker friksie, en soms met sodanige friksie dat die palatale segment uit friksie alleen bestaan. Ten einde hierdie subtiele verskille te illustreer is spektrogramme gemaak wat 'n bepaalde verskynsel telkens die beste toelig. Voorbeelde van gepalataliseerde /b/ is hiervoor gebruik.

(a) Informant: Gilbert Modjadji

-bjesa [-bjesa] 'laat grawe'


Die afwesigheid van noemenswaardige tekens van friksie na die plosiewe ontsluiting van [b] toon aan dat dit 'n j-agtige afloop het.



(b) Informant: Hans Modjadi

-bjesa [-b³jesa] 'laat grawe'


Na die plosiewe ontsluiting van [b] is tipiese frikatiewe markerings sigbaar, maar hierdie frikatiewe aktiwiteit duur vir slegs 45 ms. Hierdie markerings begin by ongeveer 1800 Hz wat tipies vir palatale sibilante is. Die matige affriksie beteken dat [b³] in hierdie geval 'n akkurater transkripsie sou wees as [b].



(c) Informant: Hans Modjadji

-bjewa [-bʒewa] 'word gegrawe'


[b] word gevolg deur 'n duidelike frikatiewe segment [ʒ] waarvan die artikulasie sowat 87 ms. duur.



(d) Informant: Hans Modjadji

volebjana [βoleb³jana] 'bietjie voëlent'

Gepalataliseerde /b/ se vrylating gaan gepaard met sekondêre palatale friksie wat ook voorgestel kan word met [ʃ]. /b/ word gevolg deur 'n relatief duidelik sigbare palatale segment /j/.




Figuur 6: Retroflekse konsonante met wisselende grade van affriksie

(a) Informant: Flovia Modjadji

mep^had^ɔ [mep^had^ɔ] 'klasse'


'n Oorwegend stemlose [d] waarvan die plosiewe ontsluiting met minimale affriksie gepaard gaan.



(b) Informant: Flovia Modjadji

mephaɔ̌ [mep^ha^ʔɔ̌] 'klasse'

'n Deels stemhebbende [ʔ] waarvan die plosiewe ontsluiting geaffriseerd is.



Die konsonantfoneme en -allofone wat in Lobedu voorkom kan soos volg beskryf word:

2.4.2.1 Plosiewe

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/b/	[b]	'n Bilabiale stemhebbende, plosief, bv. belo [belo] 'hart'. Die mate waartoe stem in realisasies van /b/ aanwesig is, is nie konstant nie. Stemhebbendheid wissel binne die spraak van die individu en selfs in herhalings van dieselfde woord soos uitgespreek deur dieselfde spreker. Hierdie toedrag van sake kan getranskribeer word met simbole soos aangegee in die kolom "Allofoon" hiernaas.
	[b̥]	'n Oorwegend stemlose allofoon van /b/.
	[p̚]	'n Oorwegend stemhebbende allofoon van /b/.
	[bʲ]	'n Konteksgevoelige gepalataliseerde allofoon van /b/ wat voor /j/ realiseer, bv. mbya [mbija] 'hond'. Wisselings in stem soortgelyk aan dié wat die ander genoemde allofone van /b/ kenmerk kom ook voor. Die palatale segment kan ook as 'n volledige frikatiwe segment uitgespreek word, in welke geval 'n dubbelartikulasie ontstaan. (Vergelyk [bʲʒ] en [p̚ʲ] hieronder).
	[p̚ʲ]	'n Oorwegend stemhebbende bilabiaal-prepalatale affrikaat wat fakultatief met [bʲ+j] varieer.
	[bʒ]	'n Oorwegend stemlose bilabiaal-prepalatale affrikaat wat fakultatief met [bʲ+j] varieer.
/pʰ/	[pʰ]	'n Bilabiale geaspireerde plosief, bv. in -phela -[pʰeɪa] 'leef'.
	[pʰʲ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /pʰ/ wat voor /j/ realiseer, bv. -pjha -[pʰja] 'opdroog'. Soos

in die geval van die allofone van /b/ hierbo, ontstaan dubbelartikulasies wanneer die palatale segment volledig frikatief uitgespreek word. Die resultaat hiervan is die affrikaat [pʰ] hieronder.

	[pʰ]	'n Bilabiaal-prepalatale geaspireerde affrikaat wat fakultatief met [p ^{ih} +j] wissel.
/d/	[dʰ]	'n Retroflekse stemhebbende plosief waarvan die vrylating deur affriksie gekenmerk word, bv. dau [dʰau] 'leeu'. Die hoeveelheid stem waarmee realisasies van /d/ uitgespreek word, wissel van volledig stemhebbend tot oorwegend stemloos, terwyl die hoeveelheid affriksie ook kan wissel van feitlik onhoorbaar tot baie duidelik hoorbaar. Vergelyk die ander allofone van /d/ hieronder.
	[tʰ]	'n Oorwegend stemhebbende fakultatiewe allofoon van /d/ waarvan die ontsluiting ook met affriksie gepaard gaan.
	[dʰ]	'n Oorwegend stemlose fakultatiewe allofoon van /d/ waarvan die ontsluiting ook deur affriksie gekenmerk word.
	[dʰʲ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /d/ wat voor /j/ realiseer, bv. lemadyana [lemadʰʲjana] 'deurtjie'. Die vrylating gaan meesal met affriksie gepaard. Wisselings in stem kom ook in die geval van die gepalataliseerde allofone voor, maar elke wisseling word nie hier weergegee nie.
/tʰ/	[tʰβ]	'n Retroflekse geaspireerde plosief waarvan die vrylating deur affriksie gekenmerk word, bv. thava [tʰβaβa] 'berg'. Aangesien al die realisasies van /tʰ/ met affriksie gepaard gaan, word dit nie weer genoem by die beskrywing van die allofone wat volg nie.

	[tʰ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /tʰ/ wat voor /j/ realiseer, bv. zwereṯhyana [zʷwereṯʰjɪna] 'hakskeentjies'.
/d/	[d]	Apiko-dentale stemhebbende plosief, bv. -ḍoha [-ḍoɦa] 'weggaan'.
	[t]	'n Oorwegend stemhebbende fakultatiewe allofoon van /d/.
	[d̥]	'n Oorwegend stemlose fakultatiewe allofoon van /d/.
/tʰ/	[tʰ]	'n Apiko-dentale geaspireerde eksplisief, bv. -ṯhava [-ṯʰaβa] 'steek'.
/g/	[g]	'n Dorso-velêre stemhebbende eksplisief, bv. -rêga [-rɛga] 'koop'. Die hoeveelheid stem waarmee die artikulasie gepaard gaan, is, soos in die ander gevalle hierbo, nie konstant nie, maar wissel tussen stemhebbend en oorwegend stemloos.
	[k]	'n Oorwegend stemhebbende fakultatiewe allofoon van /g/.
	[k̥]	'n Oorwegend stemlose fakultatiewe allofoon van /g/.
/kʰ/	[kʰ]	'n Dorso-velêre geaspireerde plosief, bv. khômo [kʰɔmo] 'bees'. Dit blyk hier dat L. /kʰ/ die teenhanger van SNS. /kxʰ/ is. Aangesien L. egter ook oor 'n foneem /kʰ/ beskik, bestaan die opposisie tussen /kʰ/ en /kxʰ/ nie soos in SNS. nie.

2.4.2.2 Affrikatiewe

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/dz/	[dz]	'n Apiko-alveolêre stemhebbende affrikaat, bv. -dzeva [-dzeβa] 'weet'. Die hoeveelheid stem waarmee die artikulasie gepaard gaan wissel ook soos in die geval van ander sluitklanke wat reeds behandel is. Daarom kan die fakultatiewe allofone van hierdie foneem in

gedetailleerde fonetiese transkripsies ook geskryf word soos in die kolom hiernaas. Die afsluiting van die eerste segment van [dz] is soms so swak (of selfs afwesig) dat slegs 'n frikatiewe [z] gehoor word. Dieselfde verskynsel is ook in die geval van /dʒ/ (hieronder) waargeneem.

	[z]	'n Stemhebbende apiko-alveolêre frikatief as fakultatiewe allofoon van /dz/. Vergelyk bv. dzêvê 'oor' wat as [dzeβe] en as [zeβe] gehoor word.
	[tʃ]	'n Oorwegend stemhebbende fakultatiewe allofoon van /dz/.
	[dʒ]	'n Oorwegend stemlose fakultatiewe allofoon van /dz/.
/tsʰ/	[tsʰ]	'n Apiko-alveolêre geaspireerde plosief, bv. letshôkhu [letsʰɔkʰu] 'blinde persoon'.
/dʒ/	[dʒ]	'n Lamino-prepalatale stemhebbende affrikaat, bv. -vidža -[βidʒa] 'roep'. Die hoeveelheid stem is ook, soos in die geval van ander stemhebbende sluitklanke, nie konstant nie. Die mate van variasie word in die kolom hiernaas weerspieël.
	[tʃ]	'n Oorwegend stemhebbende fakultatiewe allofoon van /dʒ/.
	[dʒ]	'n Oorwegend stemlose fakultatiewe allofoon van /dʒ/.
	[ʒ]	'n Lamino-prepalatale stemhebbende frikatief wat as fakultatiewe allofoon van /dʒ/ funksioneer. Hierdie allofoon wissel [dʒ] reëlmatig af behalwe wanneer /dʒ/ deur /N/ voorafgegaan word, in welke geval slegs die affrikatiewe allofone realiseer.
/tʃʰ/	[tʃʰ]	'n Lamino-prepalatale geaspireerde affrikaat, bv. -tšhebela -[tʃʰebela] 'loop'.

2.4.2.3 Frikatiewe

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/β/	[β]	'n Bilabiaale stemhebbende frikatief, bv. vana [βana] 'kinders'.
	[β ^j]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /β/ wat realiseer voor /j/, bv. -rôvya [-rɔβ ^j ja] 'word gebreek'. Die kwaliteit van die palatale segment wat deur y voorgestel word wissel tussen 'n palatale segment [j] en 'n frikatief [ʒ]. /β+j/ kan dus òf lei tot die realisasie van /β/ as gepalataliseerde [β ^j], dit wil sê met sekondêre artikulasie, òf tot gepalataliseerde [β ^ʒ] waarby 'n geringe mate van friksie te bespeur is, òf as 'n dubbelkonsonant wanneer die palatale segment as 'n frikatief realiseer. (Vergelyk die allofoon [β ₃] in die kolom hiernaas).
	[β ₃]	'n Bilabiaal-prepalatale stemhebbende frikatief wat fakultatief met [β ^j +j] varieer.
/φ/	[φ]	'n Bilabiaale stemlose frikatief, bv. mofhenye [moφɛne] '(byl)steel'. /φ/ oorvleuel in enkele gevalle met /f/ omdat sprekers in sommige gevalle nie tussen die twee onderskei nie. Vergelyk in hierdie verband bv. -fhêbêlêdža/-fêbêlêdža [-φɛbɛlɛdʒa]/-[fɛbɛlɛdʒa] 'kalmeer'.
	[φ ^j]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /φ/ wat realiseer voor /j/, bv. -lefhya [-lɛφ ^j ja] 'betaal word'. Soos in die geval van /β/ hierbo, wissel die aard van die palatale segment wat deur y voorgestel word tussen 'n glyer [j] en 'n frikatief, in hierdie geval, [ʃ]. /φ+j/ realiseer dus òf met sekondêre artikulasie as [φ ^j], òf as 'n dubbelkonsonant. (Vergelyk die allofoon [φʃ] in die kolom hiernaas).

	[ɸ]	'n Bilabiaal-prepalatale stemlose frikatief wat as fakultatiewe allofoon van /ɸ ^j +j/ funksioneer.
/f/	[f]	'n Labio-dentale stemlose frikatief, bv. lefudu [ləfuɸu] 'stampblok'. /f/ kom op beperkte skaal in Lobedu voor, aangesien /ɸ/ eintlik die teenhanger van SNS. /f/ is. L. /f/ is duidelik uit Venda oorgeneem wat wel oor beide /f/ en /ɸ/ as aparte foneme beskik. Vergelyk die opmerking in 4.4.4 in hierdie verband. Die voorkoms van /f/ en /ɸ/ naas mekaar in 'n Sotho dialek is uiters uitsonderlik en word ook nie deur Mokgokong (1966) gemeld nie. Hoewel [f] en [ɸ] nie fakultatief of kombinatories varieer nie, funksioneer hulle nie wesenlik as aparte foneme nie. Die rede waarom hierdie klanke nogtans as aparte foneme voorgestel word is dat /f/ in woorde voorkom waarin /ɸ/ nie figureer nie. (Vergelyk 4.3.1(a) in hierdie verband).
/s/	[s]	'n Apiko-alveolêre stemlose frikatief, bv. -sila [-sila] 'maal'.
/ʃ/	[ʃ]	'n Lamino-prepalatale stemlose frikatief, bv. lešabô [leʃabɔ] 'been'.
/zʷ/	[z ^w]	Van Wyk (1979:140) beskryf die fluitfrikatiewe van Venda en Tsonga as "sinchrone dubbelkonsonante met labiodentale en apikoalveolêre artikulasie". Die afgekorte term vir die plekke van artikulasie is labiodentaal-alveolêr. In Lobedu kom slegs een fluitklank voor, naamlik die labiodentaal-alveolêre stemhebbende fluitfrikatief [z ^w], bv. -zvwaga [-z ^w waga] 'meng'. Die glyer [w] word in die voorstelling van die fluitfrikatief gebruik, enersyds omdat 'n glyer histories voorkom in die posisie wat [w] inneem, en andersyds, vanweë die betrokkenheid van die lippe in

die artikulasie van [z^w]. Dit kom voor asof die glyer [w] 'n belangrike rol speel in die tot standkoming van [z^w]. Poulos (1990:498) merk hieromtrent op dat "The whistling effect could possibly be directly related to the fricative nature of [s] and [z], combined with the phenomenon of lip-rounding". In 'n enkele geval is /zw/ ook in 'n homorganiese nasaalverbinding aangetref, met die gevolglike realisasie van die kombinatoriese allofoon [dz^w]. Vergelyk die kolom "Allofoon" hiernaas.

[dz^w]

'n Labiodentaal-alveolêre stemhebbende fluitaffrikaat wat as kombinatoriese allofoon van /zw/ in homorganiese nasaalrealisasies realiseer, bv. **lendzvi** [ləndz^wvi] 'stem'

/fi/

[fi]

'n Glottale frikatief wat met asemstem uitgespreek word, bv. **-haha** [-fiɸiɸi] 'bou'. Hoewel meeste fonetici saamstem dat [fi] 'n (frikatiewe) konsonant is, beskou Van Wyk (1979:133) dit nie as 'n konsonant nie, maar as "'n geasemde halfvokaal wat die tongstand van daaropvolgende vokale aanneem". Vanuit 'n fonetiese oogpunt maak Van Wyk se argument, nl. dat [fi] 'n glyer is, sin, maar aangesien [fi] binne die fonologiese sisteem van Lobedu soos 'n frikatief hanteer word - dit ondergaan bv. okklusivering soos ander frikatiewe - word dit hier as 'n frikatief ingedeel.

2.4.2.4 Tril

Foneem	Allofoon	Beskrywing
<i>/r/</i>	[r]	'n Apiko-alveolêre stemhebbende tril, bv. -roga -[roga] 'naaldwerk doen'.
	[r̥]	'n Retroflekse stemhebbende frikatief wat as fakultatiewe allofoon van <i>/r/</i> funksioneer. Hierdie realisasie is slegs by uitsondering waargeneem en is die gevolg van 'n lenis artikulasie wat daartoe lei dat die tongpunt nie vibreer nie, maar slegs staties teenoor die alveolus gehou word. Die uitgaande lug ontsnap gevolglik met friksie.
	[rʲ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van <i>/r/</i> wat realiseer voor <i>/j/</i> , bv. khenaryana [khenarʲjana] 'buffeltjie'. Die kombinasie <i>/r+j/</i> realiseer egter ook as [ʃ] - vergelyk 5.9(f).

2.4.2.5 Flap

Foneem	Allofoon	Beskrywing
Sien <i>/l/</i> - 2.4.2.6	[l]	'n Apikopalato-alveolêre stemhebbende flapklank, bv. modimo [moɫimo] 'god'. [l] is, soos in standaard Noord-Sotho, 'n kombinatoriese allofoon van <i>/l/</i> . [l] en [ɫ] is onderling uitsluitend aangesien elk voorkom in vokaalkombinasies waarin die ander nie gevind word nie. [l] kan gevolg word deur alle vokale behalwe [i] en [u], terwyl [ɫ] slegs deur laasgenoemde vokale gevolg word.
	[ɫ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van <i>/l/</i> wat realiseer voor <i>/j/</i> , bv. movedyana [moβeɫjana] 'liggaampie'. Die omstandighede waaronder hierdie realisasie plaasvind word in besonderhede in 5.9(f) bespreek.

2.4.2.6 Resonante

Die identifikasie van nasaalfoneme en allofone geskied volgens die riglyne wat in Kotzé (1987b:118-120) en Lass (1989:46-49) daarvoor gevolg is. Dit kom kortliks daarop neer dat nasale wat in 'n verhouding van komplementêre distribusie tot mekaar voorkom, as realisasies van 'n archinasaal /N/ beskou word. Hierdie realisasies word altyd in nasaalverbindings aangetref wat, soos in SNS., bestaan uit 'n nasaal met dieselfde artikulasiepunt as die konsonant waarmee dit in verbinding is, bv. [ŋ] wat in verbinding is met [g] in **ngwê** [ŋg^wwe] 'lui-perd'.

Nasale wat kan kontrasteer is nie konteksgevoelig nie en word volgens aanvaarde fonologiese beginsels as afsonderlike foneme beskou. Ingevolge hierdie beskouing is 'n gegewe sillabiese nasaal, bv. [m̩], 'n realisasie van die archinasaal /N/, soos in **mbya** [m̩bjja] 'hond', terwyl nie-sillabiese [m] behoort aan die nasaalfonem /m/, soos bv. in **molomo** 'mond'. Die voorkoms van /m/ in laasgenoemde voorbeeld is nie konteksgevoelig soos [m̩] in **mbya** hierbo nie.

'n Belangrike verskil tussen nasale wat in nasaalverbindings voorkom en dié daarbuite, is dat eersgenoemde sillabies is en laasgenoemde nie. 'n Verdere verskil is dat nasale buite nasaalverbindings gelabialiseer kan word, terwyl nasale binne nasaalverbindings nie aan labialisering onderworpe is nie, aangesien hulle nie direk deur /w/ gevolg kan word nie.

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/N/	[m̩]	'n Bilabiale sillabiese nasaal en kombinatoriese allofoon van /N/, bv. mbya [m̩bjja] 'hond'.
	[ŋ̩]	'n Apikodentale sillabiese nasaal en kombinatoriese allofoon van /N/, bv. ndô [ŋ̩dɔ] 'huis'.
	[ŋ]	'n Mediopalatale sillabiese nasaal en kombinatoriese allofoon van /N/, bv. -nnyaga [-ŋŋaga] 'my soek'.
	[ŋ]	'n Retroflekse sillabiese nasaal en kombinatoriese allofoon van /N/, bv. -nthoma [-ŋ ^h oma] 'my stuur'.

	[ŋ]	'n Dorsovelêre sillabiese nasaal en kombinatoriese allofoon van /N/, bv. -nkha -[ŋk ^h a] 'stink'.
/m/	[m]	'n Bilabiale nasaal, bv. -loma -[loma] 'byt'.
	[mʲ]	'n Kombinatoriese gepalataliseerde allofoon van /m/ wat realiseer voor /j/, bv. -myaya -[mʲaja] 'krap'.
/n/	[n]	'n Apikoalveolêre nasaal, bv. -nôna -[nɔna] 'vet word'.
/ɲ/	[ɲ]	'n Mediopalatale nasaal, bv. -nyaga -[ɲaga] 'soek'.
/ŋ/	[ŋ]	'n Dorsovelêre nasaal, bv. ngaga [ŋaga] 'dokter'.
/l/	[l]	'n Apikoalveolêre laterale resonant, bv. -loma -[loma] 'byt'. Benewens gelabialiseerde allofone het /l/ ook [ɭ] en [ɭʲ] wat in 2.4.2.5 beskryf is as kombinatoriese allofone.

2.4.2.7 Glyers

Glyers word ook semivokale of halfvokale genoem (vergelyk Van Wyk (1979: 37)). Die term 'glyer' is afgelei van die Engels "glide" (vergelyk MacKay (1987:103)) wat reeds wyd as alternatief vir die ander genoemde terme gebruik word. Die term 'glyer' word verkies omdat hierdie klanke dikwels ontstaan wanneer daar oor voor- of agtervokale heen 'gegly' word ten einde vokaalopeenhopings te vermy. Vergelyk 4.3.7 in hierdie verband. Die benaming vir die klankverandering 'glyervorming' (sien 5.4) is ook van die term 'glyer' afgelei.

Foneem	Allofoon	Beskrywing
/w/	[w]	'n Bilabialvelêre glyer, bv. wêna [wena] 'jy'.
/j/	[j]	'n Mediopalatale glyer, bv. yêna [jɛna] 'hy/sy'.

2.5 Samevatting

Die klanksisteem van Lobedu word gekenmerk deur 'n aantal a-tipiese kenmerke wat ook in ander dialekte van die Noordoostelike bundel voorkom.

2.5.1 Vokale

By gebrek aan 'n objektiewe, wetenskaplike maatstaf, soos wat deur die akoestiese fonetiek daargestel word, is dit nouliks moontlik om Van Wyk (1969b) se mening dat die middelvokale van Lobedu (as dialek van die Noordoostelike dialekbundel) meer vernou uitgespreek word as hulle standaard eweknieë, wetenskaplik te evalueer. Die rede hiervoor is dat akoestiese data ten opsigte van standaard Noord-Sotho se vokale nie beskikbaar is nie. Daar word egter met Van Wyk saamgestem dat dit klink asof die middelvokale van Lobedu hoër tongstande as die vergelykbare standaard Noord-Sotho vokale het. Die vokale van Lobedu is akoesties ondersoek en op formantkaarte volgens die Melskaal geïndividueel. Die volgende bevindinge is gemaak:

- (a) Die voorvokale [i], [e], [ɛ] en [ɛ̄], asook die agtervokale [u], [o], [ɔ] en [ɔ̄] lê besonder na aan mekaar, maar sonder om te oorvleuel. Dit bevestig Van Wyk (1969b:177) se uitspraak dat die middelhoë vokale van Lobedu as dialek van Noordoos-Sotho hoër is as in tipiese Sotho.
- (b) Die gegewens van twee informante dui op 'n neiging in die rigting van 'n vyfvokaalsisteem hoewel daar tog sewe vokaalfoneme onderskei word, terwyl dié van 'n ander dui op die bestaan van 'n meer tipiese sewevokaalsisteem. Laasgenoemde informant is waarskynlik tydens formele onderwys-opleiding deur standaard Noord-Sotho beïnvloed, en kan nie as 'n tipiese spreker van tradisionele Lobedu beskou word nie. Daar is voorspel dat Lobedu in die toekoms 'n meer tipiese sewevokaalsisteem sal ontwikkel vanweë verwagte beïnvloeding deur standaard Noord-Sotho.
- (c) Ten spyte van die resultate van fonetiese analyses, word die standpunt gehuldig dat die vokale van Lobedu tog binne 'n sewevokaalsisteem funksioneer, hoofsaaklik omdat die hoë en (hoë) middelhoë vokale in minimale pare kontrasteer. Hierdie standpunt is in ooreenstemming met dié van Van Wyk (1969b:177) vir die dialekte van Noordoos-Sotho.

- (d) Die teenhangers van middelhoë vokale in standaard Noord-Sotho word in sommige woorde as hoë vokale in Lobedu waargeneem, en in sommige weer as middellae vokale. Hierdie wisselings is nie fonologies gekondisioneer nie.

2.5.2 Konsonante

Wanneer die konsonante van Lobedu met hulle teenhangers in standaard Noord-Sotho vergelyk word, val die volgende op:

- (a) Standaard Noord-Sotho se ejetiewe sluitklanke word oorwegend stemhebbend uitgespreek in Lobedu. Vergelyk byvoorbeeld:

SNS. [pʰ], [tʰ], [kʰ] L. [b], [dʰ], [g]

- (b) Standaard Noord-Sotho se laterale sluitklanke het dentale teenhangers in Lobedu. Vergelyk byvoorbeeld:

SNS. [tʰlʰ], [tʰ], [tʰh] L. [d], [tʰ], [tʰh]

- (c) Standaard Noord-Sotho se labio-prepalatale konsonante word in Lobedu aangetref as gepalataliseerde labiale klanke. Hierdie klanke word gekenmerk deur 'n j-agtige afloop. Vergelyk byvoorbeeld:

SNS. [βʒ], [pʰj], [fj] L. [βʲj], [pʰʲj], [fʲj]

- (d) In Lobedu word retroflekse en alveolêre konsonante ook deur die glyer /j/ gepalataliseer. Sodanige klanke kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie. Vergelyk byvoorbeeld L. [tʰʲ], [rʲ].

- (e) Affriksie is ietwat uitsonderlik in standaard Noord-Sotho, terwyl Lobedu se retroflekse plosiewe gekenmerk word deur affriksie by vrylating. Vergelyk L. [dʰʲ], [tʰʲ].

(f) Lobedu konsonante wat nie in die voorafgaande punte gedek is nie en wat eweneens nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie, is L. [z^w], [dz^w], [ϕ], [ŋ], [r].

(g) Sekere fonologiese opposisies wat in standaard Noord-Sotho geld, is nie op Lobedu van toepassing nie. Vergelyk byvoorbeeld:

SNS. /kx^h/ vs. /k^h/ Beide foneme het L. /k^h/ as teenhanger

SNS. /t/ vs. /t^h/ Beide foneme het L. /t^h/ as teenhanger

SNS. /fi/ vs. /y/ Beide foneme het L. /fi/ as teenhanger

HOOFSTUK 3

'N INLEIDENDE STUDIE VAN LOBEDU TOON

3.1 Inleiding

In vergelyking met die Ngunitale het weinig publikasies op die gebied van Sotho toon die lig gesien. Kunene (1961) en Lombard (1976) het tot dusver die enigste omvattende studies oor toon in die Sothotale onderneem: eersgenoemde oor die toon van Suid-Sotho en laasgenoemde oor Noord-Sotho. Lombard se studie verteenwoordig baanbrekerswerk op die gebied van toon in Noord-Sotho. Dit bied sinchroniese en diachroniese verklarings vir 'n verskeidenheid van toonverskynsels soos wat dit in standaard Noord-Sotho werkwoorde en 'n aantal ander woordsoorte aangetref word. Hierdie verklarings sluit die formulering van toonreëls in wat op die onderliggende toon inwerk, ten einde die oppervlakte toon af te lei. Lombard stel dit duidelik dat hy dit nie ten doel het om die toon van woordgroepe, sinne en sinstipes te ontleed nie, maar alleenlik dié van die geïsoleerde linguistiese woord. Hy beperk dus sy studie tot die morfotonologie, dit wil sê "'n studie van die toon van geïsoleerde woorde as 'n stellende (d.w.s. nie-vraende) of nie-nadruklike finale sinstipe" (Lombard, 1976:5). Die studie van toon op sintaktiese vlak lei onvermydelik tot 'n studie van intonasie. Dit was nie die doel om intonasie in Lobedu te ondersoek nie. Alle modi maak dit egter nie moontlik om werkwoorde te isoleer op die wyse wat Lombard voorstel nie. Die rede hiervoor is dat die afhanklike modi (vergelyk Lombard et al. (1988:139-140)) nie op 'n geredelik aanvaarbare wyse in isolasie aan informante voorgehou kan word nie, maar in saamgestelde sinne opgeneem moes word. Gevolglik is dit moontlik dat intonasie in enkele gevalle waar Lobedu van standaard Noord Sotho afwyk, 'n rol kon gespeel het.

Aangesien Lombard in sy werk 'n model vir die beskrywing van Noord-Sotho toon daargestel het, is die navorsingsprogram wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek gebruik is grootliks n.a.v. Lombard se model gestruktureer. Lombard se voorstelling van verskeie toonverwante begrippe is net so oorgeneem, byvoorbeeld /+H/ = 'hoog', /-H/ = 'laag', [+ -] = bisillabiese stam (of twee spesifieke sillabes) met die patroon 'hoog

laag', 2s = bisillabiese stam. In die praktiese ortografie word hoogtoon deur 'n akuut aangedui, terwyl die afwesigheid van 'n akuut op 'n laagtoon dui. Wat die voorstelling van middellae vokale aanbetref, word van Lombard afgewyk deur sodanige vokale te onderstreep in plaas daarvan om 'n kappie op die betrokke middelvokaal te plaas. Dit maak dit steeds moontlik om 'n akuut op hierdie vokale te plaas ten einde hoogtoon aan te dui sonder dat 'n opeenhoping van diakritiese tekens ontstaan.

In hierdie hoofstuk word oorsigtelik gekyk na enkele fasette van nominale en verbale toon in Lobedu. 'n Gedetailleerde toonstudie is uiteraard 'n baie omvattende taak wat nie binne die bestek van die onderhawige studie aangepak kon word nie. 'n Beskrywing van ten minste sekere aspekte van toon is egter noodsaaklik, omdat toon 'n wesenlike deel van die fonologiese sisteem van Lobedu uitmaak. Msimang (1989:250) beskou byvoorbeeld die insluiting van 'n hoofstuk oor tonologiese aspekte van die Tekela-Nguni dialekte in sy proefskrif as belangrik vir, onder andere, 'n ondersoek na die onderlinge verwantskap van die dialekte wat tot die Tekela vertakking behoort.

Die primêre doel met hierdie hoofstuk is nie om toonreëls te bepaal ten einde verskille met standaard Noord-Sotho te kan verklaar nie, maar om die leser 'n idee te gee van die mate van ooreenkomste en verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu. Nogtans is gepoog om sekere verskille te verklaar deur gebruik te maak van die toonreëls wat Lombard (1976) in standaard Noord-Sotho identifiseer.

Die navorsingsprogram het alleenlik voorsiening gemaak vir die onvoltooide tydsforme van werkwoorde, terwyl negatiewe vorme in enkele gevalle ondersoek is. Die toon van hulpwerkwoordgroepe is nie ondersoek nie. Wat verbale toon betref, word verslag gelewer oor die volgende modi: infinitief (positief), met en sonder voorwerpskakel, konsekutief (positief) sonder voorwerpskakel, imperatief enkelvoud (positief en negatief) sonder voorwerpskakel, situatief (onvoltooide tyd, positief) sonder voorwerpskakel en indikatief (onvoltooide tyd, positief) kort sowel as lang vorm sonder voorwerpskakel. 1-, 2-, 3- en 4-sillabiese werkwoordstamme is by die ondersoek betrek.

Nominale toon is ondersoek deur voorbeelde eers aan informante voor te hou sonder die lokatiewe of diminutiewe suffikse, en daarna met hierdie suffikse. In die bespreking van nominale toon word alleenlik na 1- en 2-sillabiese stamme verwys.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat standaard Noord-Sotho en Lobedu in baie opsigte tonologies ooreenstem, hoewel daar in sommige gevalle drastiese verskille voorkom. In gevalle van identiese toonpatrone of duidelike ooreenkomste, kan aanvaar word dat dieselfde toonreëls in standaard Noord-Sotho en Lobedu aan die werk is. Lobedu voorbeelde van werkwoorde in die relatiewe modus (onvoltooide tyd, positief) met en sonder voorwerpskakel en die subjunktiewe modus (positief) met en sonder voorwerpskakel is juis weggelaat vanweë die groot mate van ooreenstemming tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu.

3.2 Navorsingstegniek

Slegs mev. Flovia Modjadji en mnr. Hans Modjadji is vir die doel van toonnavorsing gebruik, hoofsaaklik vanweë hulle besondere stemkwaliteit en duidelike artikulasie. In navolging van Lombard (1976:16) se sogenaamde primêre kriterium wat dit ten doel het om die invloed van intonasie op navorsingsresultate uit te skakel, is woorde sover moontlik sonder faktore wat dit kon beïnvloed aan informante voorgehou. Hierdie kriterium bepaal dat

- (a) 'n Woord in sy minimale morfologiese struktuur getoets moet word, dit wil sê as die wortel met die minimum affigale morfeme waarmee dit as woord kan fungeer;
- (b) 'n morfeem of wortel in 'n omgewing van /-H/ (laag) morfeme getoets moet word;
- (c) woorde in isolasie getoets moet word;
- (d) woorde in stelsinne getoets moet word.

Dit was egter in bykans alle gevalle onmoontlik om die toon van werkwoorde wat in bysinne voorkom in isolasie na te vors, aangesien sodanige werkwoorde in meeste gevalle nie van die hoofsin te skei is nie. Lombard (1976:16) wys self daarop dat dit nie moontlik is om alle woorde in stelsinne te toets nie. Hy verwys in hierdie verband na imperatiewe werkwoorde.

Die informante se response op voorbeelde is op band opgeneem. Die data wat só verkry is, is ontleed deur ouditiwe waarneming sowel as deur die DSP Sonagraph en 'n CSL (Computerised Speech Lab), model 4500. By ontleding van die data is gevind dat die informante in enkele gevalle van mekaar verskil het. Dit moet waarskynlik aan idiolektiese variasie toegeskryf word, hoewel die formele spreeksituasie vermoedelik ook 'n rol kon gespeel het. In gevalle waar die informante tonologies van mekaar verskil het, word na mev. Flovia Modjadji verwys as 'Informant 1' en na mnr. Hans Modjadji as 'Informant 2'.

3.3 Nominale toon

Daar is gepoog om die volgende aspekte van nominale toon vas te stel:

- (a) Wat die onderliggende toon van klasprefikse is - ook dié van klas 2a;
- (b) of dieselfde toongroepe as in standaard Noord-Sotho voorkom;
- (c) of toonassimilasie in Lobedu in dieselfde gevalle as in standaard Noord-Sotho voorkom.

Dit moet beklemtoon word dat die ondersoek nie sistematies gewentel het om die bestaan al dan nie van homogene en heterogene toongroepe nie, hoewel daar soms na hierdie groepe verwys word. Lombard (1976:242 et seq.) kan in hierdie verband geraadpleeg word.

3.3.1 Morfematiese toon

Daar is bevind dat die onderliggende toon van klasprefikse dieselfde is as in standaard Noord-Sotho, naamlik /-H/ vir alle klasprefikse behalwe vir dié van klas 2a wat /+H/ is. Verder vertoon die lokatiewe en diminutiewe suffikse dieselfde onderliggende toonpatroon as hulle standaard Noord-Sotho eweknieë, naamlik [--], dit wil sê 'laag, laag'. Voorbeelde waarin die diminutiewe suffiks **-nyana** voorkom, is nie in die ondersoek gebruik nie.

Dieselfde tonologiese groepe wat Lombard vir standaard Noord-Sotho identifiseer, is inderdaad ook in Lobedu aangetref. Hierdie groepe is die volgende:

3.3.2 Monosillabiese stamme

Twee tonologiese groepe kom voor, te wete die /-H/ groep en die /+H/ groep. Die data wat ingesamel is, behoort tot wat Lombard (1976:244) die "voorspelbare tipe" noem, aangesien die oppervlaktetoon vanuit die onderliggende toon voorspel kan word, en wysigings in terme van morfotonologiese reëls verklaarbaar is.

(a) /-H/ groep

In die geval van naamwoorde in die /-H/ groep bly alle tone onveranderd, dit wil sê dié van die naamwoord sowel as dié van die diminutiewe en lokatiewe suffikse. Vergelyk:

modze + -ana → modzana 'statjie'

(b) /+H/ groep

Die /+H/ toon van naamwoorde in die /+H/ groep word deur 'n assimilasiereël oorgedra op die eerste sillabe van die diminutiewe en lokatiewe suffikse wanneer die stamsillabe weens 'n morfofonologiese proses geskrap word. In **moṭhwá** hieronder behels dit dat die hoë toon van die sillabe **ṭhwá** oorgedra word op **(e)** van die lokatiewe suffiks. Hierdie **(e)** is die resultaat van vokaalsamesmelting - vergelyk **-ṭhwá + -(e)ne** wat aanleiding gee tot **-ṭhwéne**. Daar word gevolglik nie twee nie maar een hoë toon gerealiseer. Vergelyk ook Lombard (1976:245) in hierdie verband. Voorbeelde:

moṯhwá + -(e)ne → moṯhwéne 'by die termiet'
 nkhó + -(e)ne → nkhóne 'in die kleipot'

3.3.3 Bisillabiese stamme

Drie tonologiese groepe kom voor, te wete die [--], [-+] en [+ -] groepe.

(a) Die [--] groep

Die data wat versamel is behoort tot beide die tonologiese tipes wat Lombard (1976:244) beskryf, naamlik die "voorspelbare tipe" en die "latente toon tipe". Eersgenoemde tipe se oppervlaktetoon is voorspelbaar vanuit die onderliggende toon, terwyl wysigings in terme van morfotonologiese reëls verklaarbaar is. Die toon is voorspelbaar omdat alle sillabes as /-H/ realiseer.

In standaard Noord-Sotho realiseer die latente toon tipe met /+H/ op die finale stamsillabe wat beteken dat die (e) van standaard Noord-Sotho -(e)ng en die vokaal van die finale stamsillabe òf versmelt, òf dat die (e) weggelaat word. Vergelyk standaard Noord-Sotho **sehlare + -(e)ng** → **sehlaréng** 'in die boom'.

In Lobedu het die voorbeelde wat Lombard vir standaard Noord-Sotho geïdentifiseer het as behorende tot die latente toon tipe, gereageer asof hulle tot die voorspelbare tipe behoort. Dit wil dus voorkom asof die latente hoë finale sillabe van stamme wat tot hierdie tipe behoort, nie meer in Lobedu as /+H/ realiseer nie. Vanweë die beperktheid van die datakorpus is 'n verdere ondersoek nodig om 'n finale uitspraak hieroor te kan lewer. As voorbeelde word die naamwoord eerstens aangehaal, gevolg deur die lokatiewe en/of diminutiewe vorm daarvan:

ngaga	'dokter'	ngagene	khengagana (voorspelbare tipe in standaard Noord-Sotho)
govó	'kometers'	govone	govyana (voorspelbare tipe in standaard Noord-Sotho)
leedó	'reis'	leedwana	(latente toon tipe in standaard Noord-Sotho)

(b) Die [-+] groep

Lombard (1976) beskou hierdie groep as homogeen, aangesien die toonpatrone van stamme geen verandering ondergaan met die suffigering van die diminutiewe en lokatiewe agtervoegsels nie. Dit is ook die geval in Lobedu. Vergelyk:

ledžadži 'son' ledžadžine
bidža 'pot' bidžána

(c) Die [+ -] groep

In standaard Noord-Sotho word hierdie groep gekenmerk deur die bestaan van twee tonologiese tipes, naamlik die +TA (toonassimilasie) tipe en die -TA tipe. Die +TA-tipe word gekenmerk deur die herhaling van die /+H/ eerste sillabe op die tweede sillabe, sodat die stamtoon verander van [+ -] na [++]. Die toonpatroon van die -TA-tipe bly onveranderd.

In Lobedu is slegs voorbeelde van die +TA-tipe gevind, hoewel voorbeelde wat in standaard Noord-Sotho tot die -TA-tipe behoort ook getoets is. Dit wil dus voorkom asof die meganisme waarvolgens die eerste stamsillabe se /+H/ op die volgende sillabe herhaal word met die suffigering van die diminutiewe en lokatiewe agtervoegsels 'n algemene reël in geval van die [+ -] groep in Lobedu geword het. Weereens moet daarop gewys word dat die datakorpus te klein is om 'n finale uitspraak hieroor te kan gee. Die volgende dien as voorbeelde:

+TA-tipe in SNS:

leíno 'tand' leínóne kheínwána

-TA-tipe in SNS:

thóho 'kop' thóhóne khetóhwána

3.4 Verbale toon

Die volgende aspekte van verbale toon in Lobedu is nagevors:

- (a) Of dieselfde toonklasse in Lobedu voorkom as in standaard Noord-Sotho.
- (b) Watter mate van ooreenkoms daar tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho bestaan ten opsigte van die funksionering van toonreëls.
- (c) Of verbale morfeme en skakels in Lobedu dieselfde onderliggende toon het as hulle eweknieë in standaard Noord-Sotho.
- (d) Kenmerkende toonaspekte van sekere modi.

3.4.1 Infnitiewe modus

3.4.1.1 Infnitiewe modus positief

Dit is bekend dat die onderliggende toon van 'n werkwoordstam die toon van die werkwoordstam in die infinitiewe modus positief is (vergelyk Lombard (1976:15 et seq.)). 'n Voorwaarde hieraan verbode is dat die infinitiewe werkwoord in isolasie as 'n stelsin geuiter moet word. By navolging van hierdie vereistes is bepaal dat, soos in die geval van standaard Noord-Sotho, daar in Lobedu /-H/- en /+H/-klas werkwoordstamme voorkom. 1-, 2-, 3- en 4-sillabiese werkwoordstamme is by die ondersoek betrek. Die volgende toonpatrone kom in die twee genoemde toonklasse voor:

(a) /-H/-klas

1s	[-]	ho lwa	'om te veg'
2s	[--]	ho t̥hava	'om te steek'
3s	[---]	ho fheq̄oha	'om te verander'
4s	[----]	ho t̥haholeja	'om te skoffel'

(b) /+H/-klas

1s	[+]	ho fhá	'om te gee'
2s	[+]	ho rúna	'om lief te hé'
3s	[++]	ho vóláya	'om dood te maak'
4s	[+++]	ho gólóvédža	'om te doop'

Dit is duidelik dat Lobedu en standaard Noord-Sotho grootliks ooreenstem wat die onderliggende toon van werkwoordstamme betref. Die enigste uitsondering is dat 4-sillabiese stamme in Lobedu in die /+H/-klas die patroon [+++] het, en nie [++-] soos in standaard Noord-Sotho nie. Die ooglopendste verklaring vir hierdie verskynsel is dat die omstandighede waaronder Lombard (1976:33) se sogenaamde "stam-interne reël" opereer, in standaard Noord-Sotho anders is as in Lobedu. In standaard Noord-Sotho bepaal hierdie reël dat slegs die eerste sillabe van polisillabiese /+H/-klas werkwoordstamme /+H/ is, en dat toonassimilasie daartoe lei dat die tweede sillabe ook as /+H/ realiseer. Die Lobedu feite dui daarop dat die 4-sillabiese en moontlik selfs 3-sillabiese werkwoordstamme twee onderliggende /+H/ tone het. Indien hierdie vermoede waar is vir 3-sillabiese stamme, is die stam-interne reël nie daarop van toepassing nie, maar slegs op 4-sillabiese stamme. As daar egter van die standpunt uitgegaan word dat die stam-interne reël algemeen geldend is vir Lobedu, hou dit ten opsigte van 4-sillabiese stamme in dat die eerste sillabe se /+H/ die volgende twee sillabes deur toonassimilasie affekteer. (Met die oog op 'n vereenvoudige beskrywing word nie tussen toonassimilasie en toonrepetisie onderskei soos in Lombard nie. Toonrepetisie word as 'n vorm van toonassimilasie beskou). Hierdie verskil noodsaak verdere navorsing.

Wanneer die infinitiewe werkwoord 'n voorwerpskakel insluit, opereer dieselfde toonreëls as in standaard Noord-Sotho, naamlik toonassimilasie (Lombard, 1976:25-26) in die geval van stamme in die /-H/-klas, en die finalesillabe verlagingsreël (Lombard, 1976:27). Vergelyk enkele voorbeelde:

(i) Toonassimilasie

/-H/-klas

- 2s *ho zvwé t̥hava → ho zvwé t̥háva 'om dit te slag'
3s *ho zvwé fhed̥osa → ho zvwé fhéd̥osa 'om dit te verander'
4s *ho zvwé t̥haganed̥ža → ho zvwé t̥háganed̥ža 'om dit te meng'

/+H/-klas

In die /+H/-klas kan die effek van toonassimilasie nie waargeneem word nie aangesien die sillabe wat deur die reël beïnvloed word reeds /+H/ is. Lombard (1976:24) verduidelik dat daar aanvaar kan word dat toonassimilasie in sulke gevalle wel latent opereer.

(ii) Finalesillabe verlaging

Hierdie reël opereer slegs in die geval van monosillabiese stamme.

/-H/-klas

In die geval van monosillabiese stamme wat deur 'n voorwerpskakel voorafgegaan word vind toonassimilasie wel plaas, maar die effek daarvan word gekanselleer deur die finalesillabe verlagingreël.

- *ho é lwa 'om dit te veg'
→ *ho é lwá (toonassimilasie)
→ ho é lwa (finalesillabe verlaging)

/+H/-klas

Die toonassimilasiereël is weereens latent teenwoordig, maar die finalesillabe verlagingreël verander die finale sillabe na /-H/.

- *ho vá fhá 'om aan hulle te gee'
→ ho vá fha (finalesillabe verlaging)

3.4.2 Konsekutiewe modus

Lombard (1976) hanteer die infinitiewe en konsekutiewe modi saam omdat hulle in standaard Noord-Sotho tonologies identies is. In Lobedu is daar aansienlike verskille tussen hierdie modi. Die verskille wat teëgekrom is kan moontlik aan die effek van sinstoon toegeskryf word omdat die konsekutiewe werkwoorde nie in isolasie getoets is nie en daar dus aanvaar kan word dat ander sinselemente ook 'n aandeel in die afwykings gehad het. Sekere van die verskille kan egter moeilik net aan die invloed van sinstoon of ander invloede toegeskryf word. Dit kom dus voor asof die infinitiewe en konsekutiewe modi in Lobedu nie tonologies identies is nie. Dit val buite die bestek van hierdie studie om toonreëls te formuleer.

Die konsekutiewe werkwoorde wat aan informante voorgehou is, het meestal aan die einde van sinne voorgekom, maar is in sommige gevalle deur 'n naamwoord in die voorwerpsposisie gevolg. Een van die opvallendste verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu is dat die konsekutiewe onderwerpskakel in die geval van /+H/-klas werkwoordstamme /-H/ is soos in standaard Noord-Sotho, maar /+H/ in die geval van /-H/-klas werkwoordstamme. Die volgende voorbeelde illustreer die aard van die verskille wat teëgekrom is. In gevalle waar die werkwoord deur 'n naamwoord gevolg word, word die naamwoord in die voorbeeld ingesluit en die toon daarvan ook aangedui. Opmerkings word, waar nodig, gemaak ten einde sekere verskille in perspektief te stel.

/-H/-klas

1s	gá ya	'toe gaan ek'
2s	há lémya masémo	'dan word die landerye geploeg'
3s	há thávíwa khóho	'toe word 'n hoender geslag'
4s	vá nyágísisa	'en toe stel hulle ondersoek in'

Dit is duidelik dat hier nouliks enige ooreenkoms tussen die infinitiewe en konsekutiewe modi bestaan. Die /+H/ van die onderwerpskakel en die oënskynlike spreiding daarvan in die geval van die 2-, 3- en 4-sillabiese stamme kan nie verklaar word in 'n toonstudie met 'n beperkte omvang nie.

/+H/-klas

1s	a fhá	'en hy sterf toe'
2s	ga fhóla	'toe word ek gesond'
3s	kha vóláyá budi	'en dit maak toe 'n bok dood'
4s	a gólóvédžá vana	'en hy doop toe die kinders'

In die geval van die /+H/-klas stamme is daar besliste en ooglopende ooreenkomste tussen die infinitiewe en konsektiewe modi. Die /+H/ op die finale sillabes van 3- en 4-sillabiese stamme is waarskynlik toe te skryf aan toonassimilasie. Lombard (1976:39-40) beskryf dit as 'n reël wat "realiseer slegs in 'n woord wat deur 'n bepaling gevolg word..."

3.4.3 Imperatiewe modus

Die stamtoon van werkwoordstamme in die imperatiewe modus is identies in die positief en negatief. Dieselfde toonreëls werk dus op die onderliggende toon in om die oppervlakte toon af te lei. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die imperatief negatief in Lobedu morfologies van sy eweknie in standaard Noord-Sotho verskil omdat die werkwoord in Lobedu 'n onderwerpskakel insluit en dus ooreenstem met die subjunktief negatief. Aangesien werkwoorde in die subjunktiewe modus nie afsonderlik in hierdie hoofstuk aandag geniet nie, moet hier genoem word dat die imperatief negatief se onderwerpskakel in Lobedu /-H/ is, teenoor die /+H/ van standaard Noord-Sotho se subjunktief negatief.

In standaard Noord-Sotho is die imperatiewe modus positief en negatief eweneens identies. Daar sal aangetoon word dat dieselfde toonreëls in standaard Noord-Sotho en Lobedu in die imperatiewe modus opereer. 'n Verdere ooreenkoms tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu is dat dieselfde toonreëls in die imperatief en infinitief negatief opereer. Hierdie reëls word in 'n bepaalde orde toegepas, naamlik eerstens die tweede-/enigstesillabe-merkingsreël, gevolg deur die toonassimilasiereël en laastens die finalesillabe verlagingsreël. Geen voorbeelde van die infinitief negatief word aangehaal nie. Die werking van hierdie reëls word na die aanhaling van voorbeelde in enkele gevalle geïllustreer:

/-H/-klas

	Imperatief positief		Imperatief negatief
1s	(e)lwá!	'baklei!'	o khe lwé!
2s	ṭhaáva!	'steek!'	o khe ṭhaáve!
3s	gidíma!	'hardloop!'	o khe gidíme!
4s	eból'la!	'grawe uit!'	o khe eból'le!

Die drie genoemde toonreëls opereer soos volg in 'n voorbeeld soos **o khe gidíme!**:

- *o khe gidíme! (onderliggende toon)
- *o khe gidíme! (tweede sillabe merkingsreël)
- *o khe gidímé! (latente toonassimilasie)
- o khe gidíme! (kansellering van toonassimilasie deur finalesillabe verlaging)

Die toon van **(e)lwá!** is te danke aan die tweede sillabe merkingsreël en dié van **o khe lwé!** aan die enigste sillabe merkingsreël.

Volgens Lombard (1976:27-28) bestaan 'n sillabe met lengte uit twee morae en het só 'n sillabe "ritmiese kwantiteit". Die eerste sillabe in **ṭhaáva!** is 'n voorbeeld hiervan. Die sillabe met lengte word ter wille van die ontleding van die voorbeeld met twee vokale geskryf: een vokaal vir elke mora. Die tone op hierdie morae is alleenlik waarneembaar indien die tone relatief tot mekaar kontrasteer, dit wil sê tonologies van mekaar verskil. Die toonpatroon van hierdie stam is te danke aan wat Lombard (1976:27-28) "toonaantrekking" noem. Die voorbeeld kan as volg verklaar word:

- *ṭhaava! (onderliggende toon)
- *ṭhaavá! (tweede sillabe merkingsreël)
- ṭhaáva! (regressiewe toonaantrekking)

/+H/-klas

	Imperatief positief	Imperatief negatief
1s	(e)fhá!	o khe fhé!
2s	rúna!	o khe rúne!
3s	vóláya!	o khe vóláye!
4s	gólóvédža!	o khe gólóvédže!

Die toon van die 2-, 3- en 4-sillabiese stamme word oënskynlik nie deur enige toonreëls beïnvloed nie. Die genoemde drie reëls opereer egter, maar is of latent of word gekanselleer. Vergelyk:

- *vóláya! (onderliggende toon)
- *vóláya! (latente merking van tweede sillabe)
- *vóláyá! (latente toonassimilasie)
- vóláya! (kansellering van toonassimilasie deur finalesillabe verlaging)

3.4.4 Situatiewe modus

Die voorkoms van die situatiewe morfeem **-khe-** in Lobedu noodsaak 'n meer gedetailleerde bespreking as wat tot dusver die geval met die ander modi was. Om hierdie rede word die standaard Noord-Sotho feite eers van nader bekyk: Lombard (1976:79 et seq.) noem die situatiewe modus "patroonvormend" omdat 'n beduidende aantal standaard Noord-Sotho werkwoorde in hierdie modus die toonreeks [+--+] op die eerste drie sillabes het. 'n Aantal van hierdie werkwoorde se oppervlaktetoon is volgens Lombard nie verklaarbaar in terme van toonreëls nie. Die toon van die eerste drie sillabes word aangepas volgens dié van monosillabiese stamme sonder 'n voorwerpskakel in die /+H/-klas, wat as dominant beskou word. Vergelyk in dié verband standaard Noord-Sotho (**gé**) ké efá 'as ek gee'. As voorbeeld van hoe die toon van werkwoorde hiervolgens aangepas word kan gelet word op die verandering wat die onderliggende toon van standaard Noord-Sotho **-kólóbetša** ondergaan wanneer dit in die situatiewe modus realiseer as **-kolóbetša**, soos in (**gé**) ké **kolóbetša** '(as) ek doop'.

Laastens is daar stamme in die /-H/-klas wat gekenmerk word deur toonassimilasie. Die eerste stamsillabe word verander van /-H/ na /+H/ vanweë die invloed van die situatiewe onderwerpskakel wat onderliggend /+H/ is.

Die situatiewe modus in Lobedu is tonologies veral belangrik weens die bestaan van die situatiewe morfeem **-khe-**, wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie. Daar sou verwag kon word dat hierdie morfeem die patroon wat die situatiewe modus in standaard Noord-Sotho kenmerk ten minste sou beïnvloed, of moontlik selfs totaal sou verander. Dit is egter interessant dat situatiewe werkwoorde in Lobedu ook deur die patroon [+--+] getipeer word. Die onderwerpskakel is hier ook onderliggend /+H/, terwyl **-khe-** /-H/ is. Dit beteken dat die eerste twee tone van die toonreeks [+--+] reeds onderliggend volgens die patroon is, sonder dat die wysiging van stamtone - vergelyk standaard Noord-Sotho (**g_é**) **ké kolóbetša** hierbo - enigsins nodig is.

In die /+H/-klas word die patroon [+--+] gerealiseer sonder dat enige toonreëls opereer, en kan die toon van hierdie werkwoorde volgens Lombard (1976:56) se definisie as voorspelbaar beskou word. Uitsonderings ten opsigte van voorspelbaarheid geniet aandag by die aanhaal van voorbeelde hieronder.

In die /-H/-klas kom 2-, 3- en 4-sillabiese stamme ooreen met hulle /+H/-klas eweknieë. Dit kom voor asof die toonpatroon van die /+H/-klas dominant is en dat 'n verskynsel wat vir die doel van hierdie studie toonkopiëring genoem word, op die /-H/-klas van toepassing is. Soos hierbo genoem, is toonassimilasie in standaard Noord-Sotho daarvoor verantwoordelik dat die /+H/ onderwerpskakel die aanvangsillabe van 2-, 3- en 4-sillabiese werkwoordstamme tot /+H/ assimileer. In Lobedu skakel **-khe-** met sy /-H/ egter hierdie moontlikheid uit. Die enigste verklaring vir die stamtoon van die 2-, 3- en 4-sillabiese stamme is, soos reeds genoem, kopiëring van die /+H/-klas se stampatrone. Hierdie vermoede impliseer dat toonreëls nie verantwoordelik is vir die toonpatroon van situatiewe werkwoorde in die /-H/-klas nie. 1-sillabiese stamme is nie onderworpe aan toonkopiëring nie. Vervolgens word voorbeelde in die /-H/-klas en /+H/-klas aangehaal:

/-H/-klas

- 1s (h_é) vá khe elwa 'as hulle baklei'
2s (h_é) ré khe t̥háva 'as ons slag'
3s (h_é) ó khe gíqíma 'as jy hardloop'
4s (h_é) lé khe ébó'la 'as julle grawe'

/+H/-klas

- 1s (h_é) á khe efhá 'as hy gee'
2s (h_é) á khe dádža 'as hy volmaak'
3s (h_é) á khe vóláayá 'as hy doodmaak' (Informant 1)
3s (h_é) á khe vóláya 'as hy doodmaak' (Informant 2)
4s (h_é) á khe gólóvédža 'as hy doop'

Die 1-, 2-, 3- (Informant 2) en 4-sillabiese stamme se toon is voorspelbaar omdat dit onveranderd vanuit die onderliggende toon realiseer. Die voorbeeld met die 3-sillabiese stam, soos uitgespreek deur Informant 1, vertoon wel die patroon [+--+], maar die morae van die sillabe met ritmiese kwantiteit kontrasteer. Daar word nie hier gepoog om te bepaal watter reël, indien enige, verantwoordelik is vir die finale /+H/ sillabe van hierdie stam nie.

3.4.5 Indikatiewe modus

Slegs indikatiewe werkwoorde met 2- en 3-sillabiese stamme in die onvoltooide tyd positief (lang en kort vorm) is by die ondersoek betrek. Die voorbeelde bevat nie voorwerpskakels nie. Die ingesamelde inligting dui op 'n groot mate van ooreenstemming tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho. Eerstens is die onderwerpskakels van die eerste en tweede persone in beide gevalle /-H/, en dié van die naamwoordklasse /+H/. Verder is daar 'n ooreenkoms in die wyse waarop die toonrepetisie reël werk in die geval van /+H/-klas stamme wat deur 'n bepaling gevolg word.

3.4.5.1 Kort vorm van die indikatiewe modus

/-H/-klas

Toonrepetisie kom nie algemeen by 2-sillabiese stamme voor soos in standaard Noord-Sotho nie. In beide 2- en 3-sillabiese stamme vind slegs toonassimilasie plaas.

Vergelyk:

2s	*Vá t̪hóda vyalwá	'Hulle filtreer bier'
→	Vá t̪hóda vyalwá	(toonassimilasie)
3s	*Vá abea vooswa	'Hulle kook pap'
→	Vá ábea vooswa	(toonassimilasie)

Een voorbeeld van 'n 2-sillabiese stam waarin toonrepetisie wel opereer, is aangeteken. Dié afwyking van die Lobedu norm het voorgekom in die uitspraak van Informant 2 en kan óf toegeskryf word aan 'n spreekfout óf 'n idiolektiese verskil.

Vergelyk:

2s	*Vómalómé vá t̪hava khómó	'Oom-hulle slag 'n bees'
→	Vómalómé vá t̪hává khómó	(toonassimilasie)

/+H/-klas

Soos reeds genoem, kenmerk toonrepetisie 2- en 3-sillabiese stamme wat deur 'n bepaling gevolg word. Die toonrepetisie vind plaas tot voor die woordgrens. Vergelyk:

2s	*O réma meré	'Hy kap bome'
→	O rémá meré	(toonassimilasie)
3s	*Ge t̪shébéla dzeléne	'Ek loop in die pad'
→	Ge t̪shébélá dzeléne	(toonassimilasie)

3.4.5.2 Lang vorm van die indikatiewe modus

(a) Met onderwerpskakels van die eerste en tweede persone

/-H/- en /+H/-klas werkwoordstamme realiseer onveranderd in die oppervlakte:

/-H/-klas

2s	Le a t̥hava	'Julle slag'
3s	Re a abea	'Ons kook'

/+H/-klas

2s	Ge a réma	'Ek kap'
3s	Le a t̥shébéla	'Julle loop'

(b) Met naamwoordklasse se onderwerpskakels

/-H/-klas

Lombard (1976:165 et seq.) argumenteer dat die onvoltooidheidsmorfeem uit 'n hulpwerkwoordstam ontwikkel het en dat dit tonologies gesproke 'n woordgrens verteenwoordig. Om hierdie rede beskou hy die verandering daarvan van /-H/ na /+H/ onder invloed van die /+H/ onderwerpskakel as 'n geval van toonrepetisie en nie toonassimilasie nie. Die /-H/-klas wyk in Lobedu van standaard Noord-Sotho af deurdat die invloed van toonrepetisie tot by die eerste sillabe van die werkwoordstam strek.

2s	Vá á t̥háva	'Hulle slag'
3s	ó á ábea	'Sy kook'

/+H/-klas

2s	Vá a réma	'Hulle kap'
3s	ó a t̥shébéla	'Hy loop'

Die onvoltooidheidsmorfeem is onderworpe aan latente toonrepetisie maar realiseer nie as /+H/ nie weens latente toondissimilasie. Vergelyk die volgende uiteensetting:

2s	*Vá a réma	'Hulle kap'
-	*Vá á réma	(latente toonassimilasie)
-	Vá a réma	(latente toondissimilasie)

3.5 Samevatting

Sekere fasette van nominale en verbale toon in Lobedu is ondersoek en vergelyk met die toedrag van sake in standaard Noord-Sotho. Die slotsom waartoe gekom word is dat standaard Noord-Sotho en Lobedu in vele opsigte ooreenstem, maar dat daar ook ingrypende verskille voorkom. Die uitspraak is gemaak dat in gevalle van identiese toonpatrone aanvaar kan word dat dieselfde toonreëls die enersheid onderlê. Verskille is toegeskryf aan, onder andere, die veralgemening van 'n toonreël in gevalle waar 'n mate van dualisme in standaard Noord-Sotho bestaan, verskille in onderliggende toon, en die andersheid van die omstandighede waaronder bepaalde reëls opereer. 'n Ander faktor wat nie buite rekening gelaat moet word nie, is verskille met betrekking tot die navorsingsprosedures wat gevolg is.

Die vernaamste ooreenkomste en verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu kan soos volg opgesom word:

3.5.1 Ooreenkomste in nominale toon

- (a) Die onderliggende toon van klasprefikse, lokatiewe en diminutiewe suffikse in standaard Noord-Sotho en Lobedu is identies.
- (b) Sover dit 1- en 2-sillabiese naamwoordstamme aangaan, kom dieselfde toongroepe in standaard Noord-Sotho en Lobedu voor.

3.5.2 Verskille in nominale toon

- (a) Die voorkoms van toonassimilasie by naamwoorde geskied in Lobedu hoofsaaklik soos in standaard Noord-Sotho met dié verskil dat die -TA-tipe van die [+] groep in Lobedu oënskynlik opgegaan het in die +TA-tipe.
- (b) Die [-] groep Lobedu naamwoorde verskil van hulle eweknieë in standaard Noord-Sotho deurdat voorbeelde wat Lombard vir standaard Noord-Sotho geïdentifiseer het as behorende tot die latente toon tipe reageer asof hulle tot die voorspelbare tipe behoort.

3.5.3 Ooreenkomste in verbale toon

- (a) 'n Bespreking van voorbeelde in die relatiewe modus (onvoltooide tyd, positief) met en sonder voorwerpskakel en die subjunktiewe modus (positief) met en sonder voorwerpskakel is weggelaat vanweë die mate van ooreenstemming tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu.
- (b) Dieselfde toonklasse kom in standaard Noord-Sotho en Lobedu voor.
- (c) Die imperatiewe en infinitiewe modi in standaard Noord-Sotho en Lobedu is onderhewig aan dieselfde toonreëls, hoewel imperatiewe werkwoorde in Lobedu 'n onderwerpskakel insluit.
- (d) Die situatiewe modus in beide standaard Noord-Sotho en Lobedu word gekenmerk deur die toonpatroon [+ - +] op die eerste drie sillabes ten spyte daarvan dat situatiewe werkwoorde in Lobedu die situatiewe morfeem **-khe-** insluit. (Sien egter ook 3.5.4 (c)). Hierdie patroon word slegs verbreek in die geval van 1-sillabiese stamme in die /-H/-klas.
- (e) Die toon van indikatiewe werkwoorde stem in 'n groot mate ooreen. Die onderwerpskakels van die eerste en tweede persone is /-H/ en dié van die naamwoordklasse /+H/. Verder is daar 'n ooreenkoms in die wyse waarop die toonrepetisie reël werk in die geval van /+H/-klas stamme wat deur 'n bepaling gevolg word.

3.5.4 Verskille in verbale toon

- (a) Lobedu en standaard Noord-Sotho stem grootliks ooreen wat die onderliggende toon van werkwoordstamme betref. Die enigste uitsondering is dat 4-sillabiese stamme in Lobedu in die /+H/-klas die patroon [+++ -] het en nie [++ -] soos in standaard Noord-Sotho nie.

- (b) Anders as in standaard Noord-Sotho waar die infinitiewe en konsekatiewe modi tonologies identies is, is daar aansienlike verskille tussen hierdie modi in Lobedu. Sommige verskille kan moontlik aan die effek van sinstoon toegeskryf word, maar dit is te betwyfel of sinstoon vir alle verskille verantwoordelik is.
- (c) Die [+–] patroon van die situatiewe modus kom nie op dieselfde wyse in Lobedu tot stand as in standaard Noord-Sotho nie. In Lobedu is toonkopiëring in die geval van /-H/-klas stamme daarvoor verantwoordelik. Hierdie verskynsel kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie.

HOOFSTUK 4

DIACHRONIESE FONOLOGIE

4.1 Inleiding

Die postulate wat vir navorsingsdoeleindes gebruik is, is versamel uit twee bronne, te wete Meinhof (1932) en Bourquin (1969). Alle postulate wat op Noord-Sotho betrekking het is in 'n lys opgeneem wat uiteindelik meer as 700 items bevat het. Postulate wat op Noord-Sotho betrekking het, is uiteraard items met reflekse in standaard Noord-Sotho, soos deur die genoemde bronne aangegee, maar benewens hierdie postulate is 'n verdere aantal ingesluit waarvoor Meinhof en Bourquin nie standaard Noord-Sotho reflekse gevind het nie. Die verband tussen hierdie reflekse en standaard Noord-Sotho is getrek deur 'n veronderstelde refleks af te lei met behulp van klankverskuiwingsreëls, en dan die resultaat volgens klankvorm en betekenis in die woordeboek van Ziervogel et al. (1985) op te soek. Die volgende voorbeelde van sodanige postulate, waarvoor Bourquin (1969) nie 'n Noord-Sotho refleks aangee nie, dien as illustrasie:

B.-kingama (Bourquin, 1969:56-57)

→ SNS.-sekama = L.-tšhegama 'skuins wees'

B.-lamula (Bourquin, 1969:96)

→ SNS.-lamola = L.-lamola 'vegtendes uitmekaar maak'

B.-mue (Bourquin, 1969:121)

→ SNS.-myêmyêla = L.-myêmyêla 'glimlag'

B.-pema (Bourquin, 1969:130)

→ SNS.-hêma = L.-fêma 'asemhaal'

B.-pīkikā (Bourquin, 1969:133)

→ SNS.-pikitla = L.-phikhitha 'oë vryf'

In sommige gevalle is op Noord-Sotho reflekse afgekom wat nie Lobedu teenhangers het nie. Vergelyk byvoorbeeld B.-kuakua → SNS.mankgwagwaripa 'akkedis' (L.mofhêgwa) in hierdie verband (Bourquin, 1969:69).

Tydens die navorsing is die lys stelselmatig deurgewerk deur die standaard Noord-Sotho reflekse aan informante voor te hou, waarop hulle dan die Lobedu ekwivalente, indien dit voorgekom het, moes verstrek. Opnames van response is op magnetiese band vasgelê.

Daar word uiteraard nie in hierdie hoofstuk gekonsentreer op die fonetiese waardes van klanke nie, aangesien dit reeds in hoofstuk 2 behandel is.

Meinhof (1932) se ortografie word onveranderd gebruik vir die voorstelling van gerekonstrueerde oer-vorme, terwyl Lobedu reflekse fonemies in die I.P.A. ortografie geskryf word.

In die voorstelling van oer-vorme word klasprefikse met koppeltekens vooraan stamme en wortels gevoeg om aan te dui dat gepostuleerde vorme nie klasprefikse insluit in die genoemde bronne nie. Die klasprefikse word egter sonder koppeltekens geskryf by die aanhaal van Lobedu reflekse. In die geval van vokale word telkens drie voorbeelde aangehaal, maar voorbeelde van die reflekse van Oer-Bantoe konsonante word, om praktiese redes, tot een beperk.

4.2 Vokaalfoneme

In ooreenstemming met Oer-Bantoe, onderskei Lobedu sewe vokaalfoneme. Hierdie foneme is:

(a) B./ i/ → L./ i/

B./mu-kîpa/ → L./mosiφa/ 'spier'

B./mu-tîti/ → L./moriri/ 'haar'

B./ni-pîti/ → L./phiri/ 'hiëna'

(b) B./i/ → L./e/

B./-kimbila/	→	L./-tʃhebelə/	'loop'
B./lu-limi/	→	L./loleme/	'tong'
B./mi-yili/	→	L./meβele/	'liggame'

(c) B./e/ → L./e/

B./-tema/	→	L./-rema/	'kap'
B./ki-yembe/	→	L./kheebe/	'byl'
B./li-yele/	→	L./leβele/	'vroulike bors'

(d) B./a/ → L./a/

B./-kama/	→	L./-fiama/	'melk'
B./-tanda/	→	L./-raɖa/	'liefhê'
B./-lamba/	→	L./-laba/	'moeg word'

(e) B./o/ → L./ɔ/

B./mu-yombo/	→	L./m̩mɔbɔ/	'neusbrug'
B./ma-tako/	→	L./maʃafɔ/	'boude'
B./-kokola/	→	L./-fiɔʔhɔla/	'hoes'

(f) B./u/ → L./o/

B./ni-kuku/	→	L./khofio/	'hoender'
B./-kulu/	→	L./-fiolo/	'groot'
B./mu-kuyu/	→	L./mofioo/	'wildevyeboom'

(g) B./û/ → L./u/

B./ma-kûta/	→	L./makhura/	'vet'
B./ma-yû/	→	L./maβu/	'grond'
B./-tûnda/	→	L./-ruɖa/	'onderrig'

Daar bestaan heelwat voorbeelde van Lobedu refleksie wat nie reëlmatig korreleer met

die Oer-Bantoe postulate nie. Hierdie verskynsel is nie ongewoon nie, en vergelykbare gevalle kom ook in standaard Noord-Sotho voor. Die volgende gevalle dien as voorbeelde hiervan:

B./mu-yî/	→	L./modze/	'stat'	B./î/ korreleer met L./e/
B./-yîva/	→	L./-fiudzwa/	'steel'	B./î/ korreleer met L./u/
B./-tia/	→	L./-tʰeja/	'fondasie lê'	B./i/ korreleer met L./e/
B./ni-pembe/	→	L./pheba/	'kryt'	B./e/ korreleer met L./a/
B./ma-ta/	→	L./mare/	'speeksel'	B./a/ korreleer met L./e/
B./mu-kono/	→	L./mofɔno/	'voorarm'	B./o/ korreleer met L./o/
B./mu-kovû/	→	L./mokhuβu/	'nawel'	B./o/ korreleer met L./u/
B./ki-tumbo/	→	L./kherobɛ/	'dybeen'	B./o/ korreleer met L./e/
B./-yulû/	→	L./gulu/	'baie'	B./u/ korreleer met L./u/
B./-yuma/	→	L./-ɔma/	'opdroog'	B./u/ korreleer met L./ɔ/
B./li-pûlo/	→	L./lephilɔ/	'skuim'	B./û/ korreleer met L./i/

4.3 Konsonantfoneme

In hierdie afdeling word die konsonantfoneme van Oer-Bantoe en hulle Lobedu reflekse sistematies weergegee. By die bepaling van die korrelasie tussen postulaat en refleks, is die kombinasie van die Oer-Bantoe konsonantfoneem met elke Oer-Bantoe vokaal oorweeg. Voorbeelde word onder mekaar gelys volgens die kombinasie van die Oer-Bantoe konsonantfoneem met die Oer-Bantoe vokale in die volgorde /a/, /e/, /o/, /i/, /î/, /u/ en /û/. Die reëlmatige Lobedu reflekse (aangedui deur **) word telkens eerste aangehaal, waarna minder reëlmatige voorbeelde (aangedui deur *) en uitsonderings aan die beurt kom.

Die voorkoms van drie of meer voorbeelde is as kriterium vir reëlmatigheid gebruik. Die verskil tussen reëlmatige en minder reëlmatige reflekse lê egter daarin dat daar meer voorbeelde van eersgenoemde as van laasgenoemde is. Wanneer daar minder as drie voorbeelde van 'n refleks voorkom, hetsy omdat daar minder as drie postulate is, of om ander redes, word geen asteriske gebruik nie, aangesien reëlmatigheid in

sulke gevalle nie met sekerheid bepaal kan word nie. Die afwesigheid van 'n bepaalde Oer-Bantoe konsonant-vokaal kombinasie en ooreenstemmende Lobedu reflekse dui daarop dat geen Lobedu reflekse vir sodanige kombinasie teëgekomp is nie.

Voorsiening is ook gemaak vir kombinasies van konsonantfoneme met die semi-vokale. Meinhof (1932) en Bourquin (1969) dui die Oer-Bantoe semi-vokale aan as /y/, /ɨ/, /w/ en /w̄/, maar gee ook heelwat voorbeelde waar die vokale /i/, /ɪ/, /u/ en /û/ deur 'n verdere vokaal gevolg word, byvoorbeeld B./-puaŋga/ → L./-ɸjaɖa/ 'verbrysel'. In hierdie voorbeeld gee die kombinasie B./-pua/ aanleiding tot die gepalataliseerde Lobedu refleks /ɸj/. Wanneer hierdie voorbeeld met B./ni-vwa/ → L./mbja/ 'hond' vergelyk word, is dit duidelik dat B./u/ in die kombinasie /u+a/ soos die semi-vokaal B./w/ funksioneer deurdat beide tot palatalisasie aanleiding gee. Om hierdie rede word kombinasies van Oer-Bantoe /K+V₁+V₂/ hanteer asof dit kombinasies van /K+SV+V₂/ is, waar /V₁/ enige voor- of agtervokaal kan wees, en /SV/ 'n semi-vokaal is.

4.3.1 Basiese plosiewe

In standaard Noord-Sotho het Oer-Bantoe se plosiewe reëlmatig kontinuante as reflekse, hoewel hierdie reflekse ook by uitsondering geaspireerde plosiewe kan wees. Lobedu stem in hierdie opsig met standaard Noord-Sotho ooreen, maar die indruk bestaan tog dat 'n groter persentasie van Lobedu se geaspireerde plosiewe na Oer-Bantoe plosiewe teruggevoer kan word as wat die geval in die standaard taal is.

(a) B./p/

B./-pa/	→	L.**/-ɸa/	'gee'	
B./-pela/	→	L.**/-ɸela/	'voltooi',	maar ook
B./-peta/	→	L./-beɖa/	'buig',	asook
B./-pema/	→	L./-fema/	'asemhaal'	
B./-pola/	→	L./-ɸola/	'herstel',	maar ook
B./-pona/	→	L./-phɔŋɔkha/	'ontsnap'	

B./mu-pinî/	→	L.**/moφene/	'(byl)steel',	maar ook
B./-pila/	→	L./-phela/	'lewe'	
B./-pîka/	→	L.**/-φija/	'opdaag',	maar ook
B./-pîkka/	→	L./-phikhiḥa/	'oë vryf',	en ook
B./-pîna/	→	L./-khwina/	'knoop'	
B./-pula/	→	L.**/-φola/	'dors',	maar ook
B./-pupuma/	→	L./-phophoma/	'gis'	
B./-pûta/	→	L.**/-phuṭha/	'opvou',	maar ook
B./-pûlata/	→	L./-φuralēla/	'die rug draai',	asook
B./-pûpa/	→	L./lekhuφa/	'jaloesie'	

B./p/ kombineer soos volg met die semivokale /y/, /ɣ/, /w/ en /w̃/:

B./-pya/	→	L./-swa/	'nuut'	
B./-pîa/	→	L./-tshwa/	'uitspoeg'	
B./-pua/	→	L./-fa/	'sterf',	maar ook
B./-puaṅga/	→	L./-φjaḍa/	'verbrysel',	asook
B./-pua/	→	L./-pjha/	'opdroog'	
B./-pûana/	→	L./-tshwana/	'lyk soos'	

(b) B./t/

B./vo-ta/	→	L.**/βora/	'boog',	maar ook
B./-tala/	→	L.*/-ṭhala/	'n streep trek'	
B./-tema/	→	L.**/-rema/	'kap',	maar ook
B./mu-teṅga/	→	L.*/moṭhega/	'veer',	asook

B./-tepa/	→	L./-jeba/	'ledemate wat slap langs sye hang'
B./mu-tolû/	→	L.**/morolu/	'lood', maar ook
B./-tombo/	→	L./-thobola/	'ontkiem'
B./-tinta/	→	L.**/lere[ha/	'as met warm kole in', maar ook
B./-tikijna/	→	L./-sigijna/	'skud', asook
B./-tia/	→	L./-theja/	'naam gee'
B./-tîla/	→	L.**/-sila/	'maal', maar ook
B./mu-tîtî/	→	L.*/moriri/	'hare', asook
B./-tîtîma/	→	L./-fijimisa/	'laat skrik'
B./-tuka/	→	L.**/-rofia/	'vloek', maar ook
B./-tutuma/	→	L./-thuhumela/	'bewe'
B./-tûma/	→	L.**/-ruma/	'omsoom'

B./t/ kombineer soos volg met die semivokale /w/ en /w̥/:

B./-tuala/	→	L./-rwala/	'dra'
B./y <u>u</u> -tûa/	→	L./βoswa/	'pap'

(c) B./k/

B./-kama/	→	L.**/-fiama/	'melk', maar ook
B./-k <u>a</u> ka/	→	L.*/-khaṭha/	'verdik'
B./-keta/	→	L./-khera/	'knaag', asook
B./-keka/	→	L./-tjhefia/	'sny'
B./-koka/	→	L.**/-fiṭfia/	'trek', maar ook

B./-komba/	→	L./-khɔbama/	'krom wees',	asook
B./-kotama/	→	L./-gwaɖama/	'op knieë hurk'	
B./mu-kila/	→	L.**/motʃhela/	'stert',	maar ook
B./mu-kiyama/	→	L./moseamɔ/	'kussing'	
B./mu-kīpa/	→	L.**/mosiɸa/	'sening',	maar ook
B./-kīta/	→	L./-tshira/	'buite sig bly'	
B./-kula/	→	L.**/-fiola/	'groei',	maar ook
B./-kuŋguluka/	→	L.*/-khogolofia/	'rol',	asook
B./-kukuma/	→	L.*/-gogomofia/	'swel'	
B./ma-kūta/	→	L.**/makhura/	'vet'	

B./k/ kombineer soos volg met die semivokale /y/, /w/ en /w̃/:

B./-kia/	→	L./-tʃha/	'dag wat breek'	
B./ <u>y</u> -kwe/	→	L./βofiwe/	'skoonfamilie',	asook
B./-kuata/	→	L./-tshwara/	'gryp'	

4.3.2 Basiese frikatiewe

(a) B./v/

B./- <u>v</u> ala/	→	L.**/-βala/	'lees'	
B./- <u>v</u> eŋga/	→	L.**/-βega/	'haat',	maar ook
B./- <u>v</u> e <u>v</u> a/	→	L./-βeba/	'abba'	
B./- <u>y</u> ona/	→	L.**/-βona/	'sien'	
B./- <u>y</u> ila/	→	L.**/-βela/	'kook'	

B./-vîmba/	→	L.**/-βiba/	'laat gis'
B./-vumba/	→	L.**/-βoba/	'vorm'
B./ma-vû/	→	L./maβu/	'grond'

B./v/ kombineer soos volg met die semivokale /y/, /ÿ/, /w/ en /w̃/:

B./mu-yya/	→	L./mozwa/	'riem'
B./-vÿala/	→	L./-zwala/	'baar'
B./li-ywe/	→	L./leβje/	'klip'
B./-ṽwima/	→	L./-dzoma/	'jag'

(b) B./l/

B./mu-landu/	→	L.**/molaqo/	'skuld'
B./ki-lelû/	→	L.**/khelelu/	'ken'
B./-lota/	→	L.**/-lora/	'droom'
B./-lima/	→	L.**/-lema/	'ploeg'
B./-luma/	→	L.**/-loma/	'byt'
B./mu-lîmu/	→	L.**/molimo/	'god'
B./-lûma/	→	L.**/-luma/	'dreun'

B./l/ kombineer soos volg met die semivokale /y/, /ÿ/, /w/ en /w̃/:

B./-lya/	→	L./-la/	'eet'
B./-milÿa/	→	L.**/-medza/	'sluk', maar ook
B./-lÿuka/	→	L./-dzofia/	'opstaan'
B./-lwala/	→	L./-lwala/	'siek wees'
B./-l̃wa/	→	L./-gwa/	'uitkom'

(c) B./ÿ/

B./-ÿakama/	→	L.**/-aḥama/	'gaap', maar ook
B./-ÿaka/	→	L./-fiafia/	'bou'

B./-yenda/	→	L.**/-eɔa/	'gaan kuier', maar ook
B./mu-yenî/	→	L.* /mojeni/	'gas'
B./-yonda/	→	L.**/-ɔɔa/	'maer word', maar ook
B./-yona/	→	L.* /-fiɔna/	'snork'
B./-yina/	→	L.** /-inama/	'buk'
B./-yîla/	→	L.** /-ila/	'vermy', maar ook
B./mu-yî/	→	L. /modze/	'stat'
B./ki-yulu/	→	L. /kheolo/	'miershoop', maar ook
B./-yuyuna/	→	L. /-gogona/	'knaag'
B./ni-yoyû/	→	L. /ɔɔu/	'olifant'

B./y/ realiseer in die vorm van L./fi/ of L./j/, hoewel daar nie 'n eenduidige verhouding tussen B./y/ en L./fi/, L./j/ bestaan nie. Dit hou in dat B./y/ weens idiolektiese verskille soms in 'n gegewe woord figureer en soms nie. Daar is egter ook reflekse waarin die voorkoms van L./fi/ en L./j/ meer konstant is as in ander, soos byvoorbeeld L./-fiafia/ 'bou' waarin die eerste /fi/ deurgaans aanwesig is. Vanweë hulle funksie om die oorgang tussen vokale te fasiliteer kan /fi/ en /j/ oorgangsklanke genoem word.

L./fi/ en L./j/ word in verskillende klankomgewings aangetref. Die gebruik van die een in plaas van die ander word bepaal deur wat as die artikulatoriese oorgangsomgewing beskryf kan word. Wanneer die artikulare van een vokaal na 'n volgende beweeg deur 'n tongstand wat die artikulasie van een van hierdie oorgangsklanke moontlik maak, sal dit eerder realiseer as die ander. So is gevind dat /fi/ gevolg word deur /a/, /ɔ/, /u/, terwyl /j/ deur /a/ en /e/ gevolg word. Dit is dus duidelik dat /fi/ hoofsaaklik realiseer wanneer dit deur 'n agtervokaal gevolg word, terwyl /j/ hoofsaaklik realiseer wanneer dit deur 'n voorvokaal gevolg word. In beide gevalle is die realisasies foneties logies. Aangesien /fi/ 'n glottale artikulasie het en die tong nie 'n aktiewe rol speel nie, kan die tong met gemak in gereedheid gebring word vir die artikulasie van die daaropvolgende agtervokaal. /e/ en die ander voorvokale se palatale kenmerke (vergelyk byvoorbeeld MacKay (1987:103) in hierdie verband) skep weer die ideale omgewing vir die artikulasie van die palatale /j/.

Soos aangedui, kan beide oorgangsklanke egter deur /a/ gevolg word. Aangesien die rol van die tong by die artikulasie van /fi/ nie bepalend is vir die tipiese kwaliteit daarvan nie, kan verwag word dat dit deur /a/ gevolg sou word, omdat die tong ook nie aktief betrokke is by die artikulasie van /a/ nie. Nadere ondersoek dui daarop dat die reflekse waarin die volgorde /j/ plus /a/ aangetref is, ook in ander tale die volgorde /j/ plus /a/ het, byvoorbeeld -voya 'terugkeer' wat in Zoeloe voorkom as -buya. Op grond van die beskikbare materiaal kan dus gesê word dat die volgorde /j/ plus /a/ in Lobedu ongewoon is, en waarskynlik 'n historiese oorsprong het.

Oorgangsklanke kom selde tussen twee identiese voor- of agtervokale voor omdat die eenderse klankomgewing in sulke gevalle 'n oorgangsklank oorbodig maak. Vergelyk vervolgens eers drie voorbeelde waarin /fi/ deur /a/ of 'n agtervokaal gevolg word, asook 'n verdere drie waarin /j/ deur 'n voorvokaal gevolg word:

L./-fiafia/ 'bou'

L./-fiɔna/ 'snork'

L./-fiuzwa/ 'steel'

L./-jeledza/ 'vermaan'

L./mojeni/ 'gas'

L./mojedze/ 'maanhaar'

B./y/ kombineer soos volg met die semivokale /y/ en /w/:

B./-yya/ L./-ja/ 'gaan'

B./-ywa/ L./-wa/ 'val'

4.3.3 Nasale

(a) B./m/

B./-luma/ → L.**/-loma/ 'byt'

B./-mela/ → L.**/-mela/ 'groei'

B./li-tûmo/	→	L./lerumo/	'spies'
B./lu-limi/	→	L.**/loleme/	'tong'
B./-muna/	→	L.**/-mona/	'suig'
B./-mîmîna/	→	L./-fimila/	'neus snuit'
B./-mûma/	→	L./-muma/	'mond toehou'

B./m/ kombineer soos volg met die semivokale /w/ en /w̃/:

B./-mwe/	→	L./-mjemjela/	'glimlag'
B./-mûa/	→	L./-nwa/	'drink'

(b) B./n/

B./-muna/	→	L.**/-mona/	'suig'
B./-yaneka/	→	L./-anefa/	'oopsprei om te droog'
B./-nona/	→	L./-nɔna/	'vet word'
B./-konula/	→	L./-khɔnula/	'afbreek'
B./mu-yeŋi/	→	L.**/mojeni/	'gas'

B./n/ kombineer soos volg met die semivokale /y/, /ỹ/, /w/ en /w̃/:

B./-nya/	→	L./-na/	'reën', maar ook
B./-menya/	→	L./-neŋa/	'verag'
B./mu-nwe/	→	L./monwe/	'vinger'

4.3.4 Stemlose palatale

(a) B./t/

B./-takûna/	→	L.**/-thakhuna/	'kou'
B./ni-tati/	→	L./thase/	'vonk'
B./-fikita/	→	L./-dzigidela/	'invryf'

(b) B./k/

B./- <u>k</u> akula/	→	L.**/- <u>ṭ</u> hafiola/	'skoffel',	maar ook
B./- <u>k</u> anda/	→	L./- <u>ḷ</u> aḷola/	'van kleur verander'	
B./- <u>k</u> eka/	→	L.**/- <u>se</u> fia/	'lag'	
B./- <u>k</u> ola/	→	L./- <u>ṭ</u> hola/	'spioeneer'	
B./lu- <u>v</u> iki/	→	L.**/lo <u>ḷ</u> ese/	'vars melk'	
B./- <u>k</u> uva/	→	L.**/- <u>ṭ</u> ho <u>ḷ</u> a/	'vere pluk',	maar ook
B./- <u>k</u> uma/	→	L./- <u>s</u> oma/	'boodskap oordra'	

B./k/ kombineer soos volg met die semivokaal /w/:

B./mu- <u>k</u> wa/	→	L.**/mo <u>ṭ</u> hwa/	'termiet'
---------------------	---	-----------------------	-----------

4.3.5 Stemhebbende palatale

Hoewel Meinhof (1932:32) B.ɣ en B.l identifiseer as stemhebbende palatale wat in Oer-Bantoe voorgekom het, haal hy nie voorbeelde aan wat B.l bevat nie. Die rede hiervoor is vermoedelik die eendersheid van reflekse van die twee palatale klanke, waarna hy ook in Meinhof (1932:32) verwys.

(a) B./ɣ/

B./- <u>ɣ</u> ala/	→	L.**/- <u>ḷ</u> ala/	'vol word',
B./li- <u>ɣ</u> ota/	→	L./le <u>ḷ</u> ora/	'dors'
B./- <u>ɣ</u> iva/	→	L./- <u>dze</u> ḷa/	'weet'
B./mu- <u>ɣ</u> ukulu/	→	L.**/mo <u>ḷ</u> o <u>ḷ</u> o/	'kleinkind'

Die kombinasie B./ɣi/ wat in L. as /dze/ realiseer, kom verdag voor, omdat al die ander reflekse van B./ɣ/ L./ḷ/ is. Voorbeelde van die kombinasie B./ɣi/ is uiters beperk, en gevolglik kan 'n meer gesaghebbende uitspraak nie gemaak word nie.

B./ɣ/ kombineer soos volg met die semivokaal /w/:

B./-iyûa/ → L./-udwa/ 'hoor'

4.3.6 Nasaalverbindinge

Daar word onderskei tussen primêre en sekondêre nasaalverbindinge. Eersgenoemde tipe word gekenmerk deur 'n verbinding wat binne 'n woordstam of -wortel voorkom, terwyl in laasgenoemde tipe die nasaal en daaropvolgende konsonant altyd geskei word deur 'n morfeemgrens. Die Lobedu reflekse van primêre en sekondêre nasaalverbindinge waarin dieselfde nasaal-konsonant kombinasie voorkom is baie eenders, hoewel verskille wat as uitsonderings beskou moet word, ook voorkom.

Vanweë die beperktheid van voorbeeldmateriaal word nasaalverbindinge nie soos in die geval van 4.3.1 tot 4.3.5 sistematies hanteer in hulle kombinasie met Oer-Bantoe vokale en semi-vokale nie. Aangesien die reflekse van nasaalverbindinge in 'n groot mate reëlmatig voorkom, word asteriske nie in hierdie afdeling gebruik om sodanige reflekse te merk nie. In gevalle waar die vokaal of semi-vokaal wat op 'n nasaalverbinding volg aanleiding gee tot 'n uitsondering of afwykende Lobedu refleks, word aandag hieraan gegee. In gevalle waar genoegsame voorbeelde beskikbaar is, word drie daarvan aangehaal.

Nasaalverbindinge waarin nie-gepalataliseerde konsonante voorkom word in (a) tot (f) hanteer, terwyl nasaalverbindinge wat wel palatale konsonante bevat in (g) tot (i) behandel word.

Vanuit die versamelde gegewens blyk duidelik dat nasaalverbindinge wat 'n stemlose konsonant insluit, oorwegend geaspireerde plosiewe as reflekse in Lobedu het, terwyl nasaalverbindinge wat 'n stemhebbende konsonant insluit, stemhebbende plosiewe as reflekse in Lobedu het.

(a) B./mb/

Primêr

B./-lamba/ → L./-laba/ 'moeg word'

B./li-tambo/ → L./leʃabɔ/ 'been'
 B./li-yombe/ → L./leɔbe/ 'donga'

Geen uitsonderings kom by hierdie klankverskuiwing voor nie, behalwe onder die invloed van palatalisering, soos bespreek in 4.3.7.

Sekondêr

B./ni-yeyu/ → L./beo/ 'saad'
 B./ni-yula/ → L./bula/ 'reën'
 B./ni-yila/ → L./bela/ 'dassie', maar ook
 B./ni-ywa/ → L./mbja/ 'hond'

In L./mbja/ is die ontstaan van palatalisering duidelik sigbaar. B./w/ het waarskynlik deur labiale dissimilasie in 'n palatale semi-vokaal B./y/ verander, waardeur L./mbja/ tot stand gekom het.

(b) B./mp/

Sekondêr

B./ni-paka/ → L./phafia/ 'wildekat'
 B./ni-pepo/ → L./pheɸɔ/ 'wind'
 B./ni-poku/ → L./phɔkhu/ 'eland', maar ook
 B./ni-pwe/ → L./mpjhe/ 'volstruis'

Geen voorbeelde waarin B./mp/ in primêre nasaalverbinding voorkom, is teëgekom nie.

(c) B./nd/

Primêr

B./mu-tîndî/ → L./moriɖi/ 'skaduwee'
 B./mu-landu/ → L./molaɖo/ 'skuld'
 B./-panda/ → L./-ɸaɖa/ 'skrop (van hoender)'

Geen uitsonderings op hierdie klankverskuiwing kom voor nie.

Sekondêr

- B./N-la-ini/ → L./d̪ene/ 'binne'
B./ni-lia-el-o/ → L./d̪elɔ/ 'houtsommel'

Geen uitsonderings op hierdie klankverskuiwing kom voor nie.

(d) B./nt/

Primêr

- B./mu-ntu/ → L./moθho/ 'mens'
B./-kuŋkunta/ → L./-fiɔkhɔθha/ 'uitskud (bv. meelsak)'
B./li-tinta/ → L./lereθha/ 'as met brandende kole in', maar ook
B./-konta/ → L./-gɔgɔd̪a/ 'klop'

Sekondêr

- B./ni-tambo/ → L./θhabɔ/ 'riem'
B./ni-finde/ → L./θhidɔ/ 'boomstomp'
B./ni-tunda/ → L./θhoɖa/ 'grondhoop', maar ook
B./ni-fimba/ → L./θhiba/ 'muskejaatkat'

L./θh/ in laasgenoemde voorbeeld is toe te skryf aan die palatale kenmerke van B./l/.
Nog soortgelyke voorbeelde is teëgekom.

(e) B./ŋg/

Primêr

- B./-kaŋŋa/ → L./-fiŋliga/ 'braai'
B./-yoŋgula/ → L./-fiɔgola/ 'afskep'
B./-teŋga/ → L./-rega/ 'koop'

Geen uitsonderings kom by hierdie klankverskuiwing voor nie, behalwe onder die

invloed van palatalisering, soos bespreek in 4.3.7.

Sekondêr

B./ni-yoma/	→	L./gɔma/	'lied'	
B./ni-yulu <u>v</u> e/	→	L./goloβe/	'vark'	
B./ni-ywenya/	→	L./gwena/	'krokodil',	maar ook
B./ni-yaŋga/	→	L./ŋaga/	'dokter',	asook
B./ni-yuki/	→	L./notʃhi/	'heuning'	

(f) B./ŋk/

Primêr

B./-nuŋka/	→	L./-ŋkha/	'stink'	
B./-yaŋka/	→	L./-akha/	'beduie'	
B./-kuŋkunta/	→	L./-fiɔkxoʃha/	'uitskud (bv. meelsak)'	

Geen uitsonderings op hierdie klankverskuiwing kom voor nie.

Sekondêr

B./ni-kaŋga/	→	L./khaga/	'tarentaal'	
B./ni-komba/	→	L./khɔba/	'slakdop'	
B./ni-kūlū/	→	L./khulu/	'skilpad',	maar ook
B./ni-kīma/	→	L./tʃhima/	'stampmielie en bone kooksel'	

Laasgenoemde voorbeeld is toe te skryf aan die invloed van B./ŋ/. Ander voorbeelde hiervan is ook teëgekome - vergelyk byvoorbeeld 4.3.6 (d) hierbo.

(g) B./nd/

Primêr

B./mu-yende/	→	L./mojedze/	'maanhaar'	
--------------	---	-------------	------------	--

Slegs hierdie een Lobedu refleks van B./nd/ is gevind.

Sekondêr

B./ni-leve/ → L./dzeβe/ 'oor'

Van hierdie sekondêre nasaalverbinding bestaan eweneens slegs een voorbeeld.

(h) B./h̄g/

Primêr

B./ki-yañga/ → L./kheada/ 'hand'

B./li-koñgo/ → L./lefiɔɔ/ 'muis'

B./-puañga/ → L./-ɸjada/ 'stukkend breek'

Sekondêr

B./ni-yuyu/ → L./ɖoo/ 'grondboontjie'

B./ni-yoyû/ → L./ɖou/ 'olifant'

B./ni-yala/ → L./ɖala/ 'honger'

Geen uitsonderings op hierdie klankverskuiwing kom voor nie.

(i) B./h̄k/

Primêr

B./-oñka/ → L./-ɔtɛ/ 'alle' (kwantitatief)

Slegs hierdie een Lobedu refleks van B./h̄k/ is gevind.

Sekondêr

B./ni-kakû/ → L./tɬakhu/ 'kuit'

B./ni-kolî/ → L./tɬoli/ 'spioen'

B./ni-koko/ → L./tɬofo/ 'kop'

Geen uitsonderings op hierdie klankverskuiwing kom voor nie.

4.3.7 Die invloed van palatalisering

Hoewel daar in 4.3.4 - 4.3.6 hierbo aandag aan Lobedu reflekse van die Oer-Bantoe palatale gegee is, verdien die volle invloed van palatalisering soos veroorsaak deur ondermeer B./i/, B./ɨ/, B./u/ en B./ũ/ verdere aandag. Wanneer die Oer-Bantoe palatale gevolg word deur die oop vokale B./a/, B./e/, B./o/, is die Lobedu reflekse nie palataal nie, maar oorwegend dentaal. In hierdie afdeling word gekonsentreer op die invloed wat die nouer vokale, soos hierbo aangehaal, op die palatale konsonante van Oer-Bantoe het.

Dit is 'n bekende feit dat wanneer wortels en stamme met B./yi/ en B./yɨ/ begin, of wanneer die klasprefiks B./li-/ (klas 5) is, die daaropvolgende konsonant dikwels 'n gepalataliseerde refleks het. Dit is ook in Lobedu die geval. Gevalle van palatalisasie wat deur kombinasies van konsonant plus vokaal veroorsaak is, word egter ook behandel.

Ondersoek het aan die lig gebring dat wanneer labiale konsonante in Oer-Bantoe gevolg word deur /u/ en /ũ/ plus 'n ander vokaal, maar veral B./a/, die resultaat in Lobedu in baie gevalle ook 'n palatale refleks is. Die verklaring hiervoor kan gesoek word in labiale dissimilasie. B./u/ of /ũ/ gevolg deur B./a/ lei tot glyervorming (ook konsonantaliserings en desillabifikasie genoem), dit wil sê die tot standkoming van die semi-vokale B./w/ en B./w̥/. Die naasmekaarstelling van 'n labiale konsonant en een van hierdie semivokale, gevolg deur 'n vokaal, het tot gevolg dat die semivokale B./w/ en B./w̥/ realiseer as L./j/. Dit het aanleiding gegee tot die vorming van feitlik alle sekondêre palatale artikulasies in Lobedu, byvoorbeeld [βʲ] en [ϕʲ]. Vergelyk ook hoofstuk 2 vir verdere voorbeelde.

Die voorbeelde wat hieronder aangehaal word, toon duidelik dat nie alle Oer-Bantoe kombinasies van konsonant plus palatale vokaal palatale reflekse in Lobedu het nie. Daar is egter getuigenis dat die teenhangers van hierdie nie-palatale Lobedu klanke in ander tale en Noord-Sotho dialekte wel palatale is. Dit is dan ook die rede waarom daar met reg van palatalisasie gepraat kan word in 'n geval soos byvoorbeeld B./-pya/ → L./-swa/ 'nuut'. Die Lobedu refleks is nie palataal nie, maar teenhangers uit Suid-

Sotho (-tjha) en Zoeloe (-sha) dui op die palatale oorsprong van hierdie klanke. Rakende die voorkoms van palatalisasie merk Cole (1992:42) juis die volgende in 'n voetnota op:

"In a more minute analysis this process might be subdivided into two categories, prepalatalization and alveolarization. However, both series of changes are attributable to the same causes, and there is some dialectal overlapping of the two, so they are best treated together."

In 4.3.7.1 word eerstens voorbeelde van palatalisasie aangehaal wat onder die invloed van 'n voorafgaande B./i/ tot stand gekom het. Dit sluit voorbeelde van palatalisasie deur die klasprefiks van klas 5 in. In 4.3.7.2 word gevalle van palatalisasie deur B./i/ of B./ɪ/ behandel, waar hierdie vokale volg op die konsonant wat die verandering ondergaan. Hierby inbegrepe is B./y/ en B./ʏ/ wat terug te voer is na onderskeidelik B./i/ en B./ɪ/. Laastens word die palatalisasie van labiale konsonante in 4.3.7.3 hanteer.

4.3.7.1 Palatalisasie wanneer B./i/ 'n konsonant voorafgaan

(a) B./p/

B./li-papu/ → L./letshwaɸo/ 'long'

(b) B./t/

B./-ita/ → L./-ʃela/ 'skink'

B./-yitava/ → L./-ʃaβa/ 'vlug'

B./li-tambo/ → L./leʃabo/ 'been', maar ook

B./-yituka/ → L./-tʃhofia/ 'skrik'

(c) B./k/

B./li-kofigolo/ → L./lesəgələli/ 'duisendpoot'

(d) B./v/

B./li-vele/ → L./lezwele/ 'bors', maar ook

B./li-yoko/ → L./ledzofio/ 'arm'

(e) B./l/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(f) B./y/

B./mu-iyua/ → L./moozwa/ 'doring'

(g) B./m/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(h) B./n/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(i) B./t/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(j) B./k/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(k) B./y/

B./li-yanî/ → L./ledzani/ 'stoppel', maar ook

B./li-ywi/ → L./lendzwi/ 'stem'

(l) B./mb/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(m) B./mp/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(n) B./nd/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(o) B./nt/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(p) B./ŋg/

B./-yĩngela/ → L./-dzena/ 'ingaan'

(q) B./ñk/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(r) B./nd/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(s) B./ñt/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(t) B./ñg/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(u) B./ñk/

Geen voorbeelde is gevind nie.

4.3.7.2 Palatallsasie wanneer B./i/ of B./ĩ/ op 'n konsonant volg

(a) B./p/

B./-pyata/ → L./-tshwara/ 'gryp', maar ook

B./-pya/ → L./-swa/ 'nuut', asook

B./-pia/ → L./-swa/ 'brand'

B./-pĩa/ → L./-tshwa/ 'spoeg'

(b) B./t/

B./-títíma/ → L./-fíjímisa/ 'laat grill'

(c) B./k/

B./-kia/ → L./-tʃha/ 'dag wat breek'

(d) B./y/

B./mu-via/ → L./mozwa/ 'riem'

(e) B./l/

B./-líuka/ → L./-dzofia/ 'opstaan'

Hoewel Meinhof (1932) nie die teenwoordigheid van die ou kousatief in Oer-Bantoe stamme soos die onderstaande aandui nie, kan gepostuleer word dat dit wel teenwoordig was, vandaar die palatale /dʒ/ in die Lobedu reflekse. Vergelyk:

B./-vilŷa/ → L./-βidʒa/ 'roep'

B./-milŷa/ → L./-medʒa/ 'sluk'

B./-vulŷa/ → L./-βodʒa/ 'sê'

(f) B./y/

B./mu-ŷî/ → L./modze/ 'stat', maar ook

B./-ŷîla/ → L./-ila/ 'vermy'

(g) B./m/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(h) B./n/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(i) B./t/

B./-t̥iŋg̃ya/ → L./-ʃidza/ 'keel afsny'

B./-f̥ikita/ → L./-dzigidɛla/ 'invryf'

(j) B./k/

B./mu-ki/ → L./mose/ 'stamper'

(k) B./ɣ/

B./-ɣiva/ → L./-dzeβa/ 'weet'

(l) B./mb/

Geen voorbeelde is gevind nie, hoewel gepostuleer kan word dat L./-lazwa/ 'lek' en /-thazwa/ 'was' terug te voer is na die volgende gepostuleerde vorme waarin die 'ou' kousatief na B./mb/ ingevoeg is:

B./-lamb̃ya/ → L./-lazwa/ 'lek'

B./-kamb̃ya/ → L./-thazwa/ 'was'

(m) B./mp/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(n) B./nd/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(o) B./nt/

B./ni-t̥imba/ → L./t̥h̥iba/ 'muskejaatkat', maar ook

B./ni-t̥inde/ → L./t̥hid̥ɔ/ 'boomstam'

(p) B./ŋg/

B./-k̥aŋg̃ya/ → L./-thadza/ 'vomeer', maar ook

B./-t̥iŋg̃ya/ → L./-ʃidza/ 'keel afsny', asook

B./ni-yiye/ → L./dziɛ/ 'sprinkaan'

(q) B./ŋk/

B./ni-kima/ → L./tʃhima/ 'kooksel van bone en stampmielies'

Bourquin (1969:79) haal die voorbeeld B./ni-kya/ wat realiseer as L./Ntsha/ 'duikerram' aan. Hy dui egter aan dat die postulaat moontlik ook B./ni-tya/ kan wees.

(r) B./nd/

Geen voorbeelde is gevind nie.

(s) B./nt/

Geen voorbeelde is gevind nie..

(t) B./ŋg/

B./ni-yila/ → L./dzela/ 'pad'

(u) B./ŋk/

Geen voorbeelde is gevind nie.

4.3.7.3 Palatallisasie van labiale konsonante

(a) B./p/

B./-pua/ → L./-pjha/ 'opdroog', maar ook

B./-puaŋga/ → L./-ɸjaɗa/ 'stukkend breek'

B./-pūana/ → L./-tshwana/ 'eenders lyk'

(b) B./v/

B./li-ywe/ → L./leβje/ 'klip'

B./vu-yoŋgo/ → L./βjɔgɔ/ 'harsings', maar ook

B./-vūaŋga/ → L./-zwaga/ 'meng'

(c) B./v/

B./li-vele/ → L./lezwele/ 'bors'

(d) B./m/

B./-muc/ → L./-mjemjela/ 'glimlag'

(e) B./mb/

B./ni-ywa/ → L./mbja/ 'hond'

(f) B./mp/

B./ni-pwe/ → L./mpjhe/ 'volstruis'

4.4 Samevatting

Ten einde makliker toegang te verleen tot die materiaal wat in hierdie hoofstuk ontleed is, word die verhouding tussen Lobedu foneme en Oer-Bantoe foneme opgesom met die Lobedu foneme as fokuspunt. In die geval van konsonante, word die Lobedu foneem telkens eerste aangehaal met die Oer-Bantoe sillabe waaruit die Lobedu refleks ontstaan het, daarnaas. Met 'n voorstelling soos L./g/ ← B./ŋga/ word nie gesuggereer dat 'n bepaalde Oer-Bantoe sillabe in sy geheel opgegaan het in 'n Lobedu konsonant nie. Deur slegs die Lobedu konsonantfoneme aan te haal word die aandag op hierdie konsonante alleen gefokus. Geen woorde/stamme word as voorbeelde aangehaal nie. Vokale word eerste hanteer, en daarna die konsonante in die volgorde plosiewe, affrikatiewe, frikatiewe, tril, resonante en glyers. In voorbeelde met die klasprefiks van klas 5 word die prefiks deur 'n "+" gevolg ten einde die morfeemgrens aan te dui.

4.4.1 Vokale

(a) L./i/ ← B./i/, B./ü/

(b) L./e/ ← B./i/, B./i/

(c) L./e/ ← B./e/, B./i/, B./a/, B./o/

(d) L./a/ ← B./a/, B./e/

- (e) L./ɔ/ ← B./o/, B./u/
- (f) L./o/ ← B./u/, B./o/
- (g) L./u/ ← B./ú/, B./u/, B./o/, B./í/

4.4.2 Plosiewe

- (a) L./b/ ← B./mbi/, /mbe/, /mba/, /mbo/, /mbu/, /mbú/, /ve/, /pe/
- (b) L./bj/ ← B./bwa/
- (c) L./ph/ ← B./mpí/, /mpi/, /mpe/, /mpa/, /mpo/, /mpu/, /pí/, /pi/, /pu/, /pú/
- (d) L./pjh/ ← B./pua/, /pwe/
- (e) L./d/ ← B./ya/, /yo/, /yu/, /nga/, /ngo/, /ngu/
- (f) L./d/ ← B./ndí/, /nde/, /nda/, /ndo/, /ndu/, /nta/
- (g) L./th/ ← B./ka/, /ko/, /ku/, /kua/, /kwa/, /ya/, /ka/, /ko/, /ta/, /tia/, /nta/
- (h) L./th/ ← B./ní/, /nta/, /nto/, /ntu/, /te/, /ta/, /to/, /tu/
- (i) L./g/ ← B./nga/, /ngo/, /ngu/, /ngú/, /ngw/, /yu/, /yúa/, /lúa/, /ko/
- (j) L./kh/ ← B./ki/, /ke/, /ka/, /ko/, /ku/, /kú/, /ka/, /ko/, /ku/, /kú/, /kw/, /pí/, /pú/

4.4.3 Affrikatiewe

- (a) L./dz/ ← B./nge/, /ngi/, /yi/, /li+ywi/, /vwi/, /li+vo/, /liu/, B./yi/, /yua/, /iva/, /vya/, /via/, /li+ve/, /ngya/, /nde/
- (b) L./tsh/ ← B./pía/, /pya/, /ipa/, /li+pa/, /li+po/, /púa/, /kí/, /kua/, /kya/
- (c) L./dʒ/ ← B./ngí/, /lya/, /li+ya/, /ngya/
- (d) L./tʃh/ ← B./kí/, /ki/, /ke/, /kia/, /li+ki/, /itu/, /ní/, /kí/

4.4.4 Frikatiewe

- (a) L./β/ ← B./ví/, /vi/, /ve/, /va/, /vo/, /vu/, /vú/
- (b) L./βj/ ← B./vu+ya/, /vu+yo/, /vwe/, /vuo/
- (c) L./φ/ ← B./pí/, /pi/, /pe/, /pa/, /po/, /pu/, /pú/
- (d) L./φj/ ← B./pua/
- (e) L./f/ ← B./mí/, /kúa/, /pe/, /pua/
- (f) L./s/ ← B./pia/, /pya/, /kya/, /liu/, /lí/, /ti/, /kí/, /ki/, /kya/, /li+ko/, /ti/, /ki/, /ke/

- (g) L./zw/ ← B./v̥ia/, /v̥ûa/
- (h) L./j/ ← B./t̥i/, /te/, /ita/, /li+ta/, /ki/, /ti/, /ka/
- (i) L./fi/ ← B./ya/, /yo/, /ka/, /ko/, /ku/, /kw/

Lobedu is, sover bekend, die enigste Noord-Sotho dialek waarin beide /ɸ/ en /f/ (vergelyk (c) en (e) hierbo) voorkom. /ɸ/ korreleer in alle gevalle met B./p/ (vergelyk 4.3.1), terwyl /f/, waarvan daar veel minder voorbeelde is, met B./p/ sowel as met B./m/ en B./k/ korreleer. Ondersoek na die herkoms van woorde waarin /f/ voorkom, het aangetoon dat sodanige woorde ook in Venda met /f/ uitgespreek word. Dit is duidelik dat hoewel /f/ en /ɸ/ nie in Noord-Sotho in dieselfde klanksisteem gebruik word nie, die voorkoms van beide in Lobedu te wyte is aan beïnvloeding deur Venda.

4.4.5 Tril

- (a) L./r/ ← B./t̥i/, /ti/, /te/, /ta/, /to/, /tu/, /t̥û/

4.4.6 Resonante

- (a) L./m/ ← B./me/, /ma/, /mo/, /mu/, /m̥û/
- (b) L./mj/ ← B./mu+ye/, /mu+ya/, /m̥ue/, /m̥ua/
- (c) L./n/ ← B./n̥i/, /ne/, /na/, /no/, /nu/, /n̥ûa/
- (d) L./l/ ← B./l̥i/, /li/, /le/, /la/, /lo/, /lu/, /l̥û/
- (e) L./ɲ/ ← B./n̥i/
- (f) L./ŋ/ ← B./ni+ya/

4.4.7 Glyers

- (a) L./w/ ← B./yua/
- (b) L./j/ ← B./ye/, /yia/

HOOFSTUK 5

KLANKVERANDERINGE EN -VERSKYNSELS

5.1 Inleiding

Vanweë die agglutinerende aard van Lobedu, word die klanksisteem daarvan, net soos dié van ander Noord-Sotho dialekte, gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid klankveranderinge (ook morfofonologiese of morfofonemiese prosesse genoem) wat behels dat 'n gegewe foneem òf verander in/vervang word deur 'n ander, òf anders realiseer in 'n bepaalde klankomgewing. Die klankomgewings wat aanleiding daartoe gee dat klanke verander, word in hierdie hoofstuk onder die loep geneem. Alvorens hiertoe oorgegaan word, is dit noodsaaklik om te wys op verskille in die hantering van morfofonologiese data, soos aangetref in Suid-Afrikaanse versus internasionale publikasies.

5.1.1 Internasionale morfofonologie: 'n tussenvlak tussen morfologie en fonologie

In internasionale bronne soos Fromkin & Rodman (1983), Lass (1989) en Lyons (1968), word daar in besprekings van morfofonologiese prosesse ("morphophonemics") gekonsentreer op die tot standkoming van allomorwe. Lass (1989:63) se idee van die wyse waarop morfofonologiese beskrywings moet verloop word weerspieël in die uitspel van sy sogenaamde "Unique Underlier Condition":

"Every non-suppletive alternation is to be accounted for by assigning to each morpheme a SINGLE, PHONOLOGICALLY SPECIFIED UNDERLYING REPRESENTATION, with the allomorphy derived by general (preferably phonologically specified) rules".

Vir Lass val die klem in die beskrywing van die tot standkoming van allomorwe min of meer ewe veel op die rol van die morfologie as die fonologie: eerstens, word die tot standkoming van 'n allomorf ('n morfologiese begrip) behandel, en, tweedens, word

'n klankreël ('n fonologiese begrip) geformuleer waarvolgens die allomorf ontstaan. In die geval van 'n Lobedu voorbeeld soos **nare+ana** → **našana** 'buffeltjie', sou die werkswyse dus wees om 'n reël te formuleer waarmee die realisasie van die allomorf **naš** voorspel kan word. So 'n reël sou soos volg daar kon uitsien: *Wanneer die diminutiewe agtervoegsel -ana gevoeg word aan 'n naamwoord wat eindig op [re], vervang [re] met [ʃ].* Die reël sou, na oorweging van alle klankomgewings, uitgebrei kon word om voorsiening te maak vir alle naamwoorde wat eindig op [rV], waar V alle vokale verteenwoordig wat op dieselfde wyse reageer wanneer hulle op [r] volg. Die klanke wat verander wanneer die allomorf **naš** ontstaan, word nie uitgesonder as, byvoorbeeld, gevalle van palatalisasie of samesmelting nie.

5.1.2 Plaaslike 'morfofonologie': geen tussenvlak, maar twee vlakke

Binne die plaaslike beskrywingsmodelle, word tradisioneel 'n onderskeid getref tussen morfologie enersyds, en klankveranderinge andersyds, wanneer die soort data ontleed word waarna in die vorige paragraaf verwys is. Hierdie skeiding tussen morfologie en klankveranderinge impliseer dat morfofonologie, soos wat dit plaaslik beoefen word, nie ooreenstem met die beoefening daarvan elders nie, omdat dit plaaslik nie toegepas word op 'n vlak wat tussen die morfologie en die fonologie lê nie. Vervolgens word kortliks aangetoon hoe dieselfde data in Suid-Afrika verskillend in terme van die morfologie, enersyds, en 'morfofonologie' (klankveranderinge), andersyds, geïnterpreteer word.

5.1.2.1 Plaaslike morfologie

Wat die morfologie betref, moet rekening gehou word met die feit dat daar oor die jare streng onderskei is tussen wortels en morfeme. Ingevolge hierdie onderskeid, is wortels, anders as in die geval van morfeem-gebaseerde morfologieë, nie as morfeme beskou nie. Gevolglik is daar in die morfologiese komponent van taalbeskrywing altyd gekonsentereer op variante van affikse. Alternasies van wortels, soos byvoorbeeld **naš** hierbo, is nie in beskrywings betrek nie. Verder word geen melding gemaak van die klankomgewings waarbinne alternante van wortels (soos **naš**) aangetref word nie. Die klem val slegs op die realisasie van alternante van affigale morfeme. Dit is dus gebruikeliker om te fokus op die omstandighede waaronder alternante van,

byvoorbeeld, die klasprefiks van klas 1 realiseer, (byvoorbeeld waar en wanneer Lobedu **mo-** as **mo-**, **m-** of **my-** realiseer), as om veranderinge wat in die wortel voorkom, te belig.

5.1.2.2 Klankveranderinge

In soverre dit die beskrywing van klankveranderinge aangaan, word tradisioneel op die klanke gefokus wat by hierdie prosesse betrokke is. Die hoofdoel is om die klankverandering te tipeer in terme van kriteria soos die wyse van artikulasie, *plek* van artikulasie, ensovoorts, en gevolglik word veranderings geklassifiseer onder benaminge soos 'palatalisasie', 'alveolarisasie', e.d.m. Indien 'n foneem wat by 'n klankverandering betrokke is deel van 'n affigale morfeem uitmaak, word tydens reëlformulering melding hiervan gemaak. Ingevolge hierdie benadering is dit gebruikelik om **nare+ana** → **našana** te beskou as 'n voorbeeld waarin palatalisasie voorkom, dit wil sê /r/ → /ʃ/ in naamwoorde wanneer die naamwoord eindig op /r/ gevolg deur 'n voorvokaal, en die diminutiewe agtervoegsel **-ana** geaffigeer word.

Dit is dus duidelik dat daar 'n fokusverskil is in die benadering tot morfofonologiese verskynsels wat skrywers soos Lass (1989), Lyons (1968), e.a. volg, enersyds, en die benadering wat oor die jare heen hier te lande vir die beskrywing van die Bantoetale ontwikkel is, andersyds. Die essensie van hierdie verskil lê dáárin dat Amerikaanse en Europese taalkundiges die klem laat val op allomorwe van *wortels* sowel as alle ander morfeme, terwyl daar binne die Suid-Afrikaanse konteks eerder gekonsentreer word op die identifisering van klanke wat klankveranderinge ondergaan en op die benoeming van hierdie klankveranderinge, as op die ontstaan van allomorwe. Die omgewings waarbinne allomorwe van *affigale morfeme* voorkom word nie as deel van die morfofonologie beskou nie, maar word binne 'n morfologiese raamwerk hanteer.

Die werkswyse wat in hierdie hoofstuk gevolg word, sluit aan by die Suid-Afrikaanse model vir die beskrywing van klankveranderinge wat hierbo geskets is. Gevolglik word die omstandighede waaronder die allomorwe van affigale morfeme tot stand kom, beskryf in die hoofstukke waarin dit oor die morfologiese besonderhede van nie-verbale en verbale woorde handel, naamlik hoofstukke 6 en 7.

Aangesien sommige klankveranderinge voorspelbaar is en ander nie, kan onderskei word tussen reëlmatige klankveranderinge en sporadiese klankveranderinge wat eerder as klankverskynsels beskou kan word. Hierdie onderskeid is belangrik, aangesien dit moontlik is om fonologiese reëls vir eersgenoemde te formuleer, terwyl sodanige reëls nie vir klankverskynsels geformuleer kan word nie. So is dit, byvoorbeeld, moontlik om na oorweging van alle gevalle van glyervorming - sien 5.4 - 'n reël te formuleer waardeur alle gevalle van hierdie klankverandering ondervang word. Dieselfde kan egter nie ten opsigte van metatesis gedoen word nie, omdat die klankomgewings waarbinne hierdie klankverskynsel aangetref word onvoorspelbaar is. In die geval van L. **-monoga** 'uitsuig' (vergelyk SNS. **-mokona** (vanaf B. **-muŋgunya**)), word metatesis nie teweeggebring deur die voorkoms van die besondere klankreeks **o + g + o + n** nie, maar is die resultaat **o + n + o + g** die gevolg van 'n onvoorspelbare omruiling van klanksegmente.

Klankveranderinge wat die verandering/vervanging van een allofoon van 'n foneem deur 'n ander allofoon van dieselfde foneem behels, word as veranderinge op die sub-fonologiese (allofoniese) vlak beskou. Wanneer 'n klankverandering egter die verandering/vervanging van een foneem deur 'n ander foneem behels, vind die verandering op die fonologiese vlak plaas. Die onderskeid tussen die vlakke waarop veranderinge aangetref word, word aangedui deur die notasie wat gebruik word: klanke wat tussen skuins strepe geskryf word dui foneme aan, terwyl klanke wat tussen kantige hakies verskyn, realisasies/allofone van foneme is. Die notasie $/\phi/ \rightarrow /p^h/$ dui dus aan dat 'n foneem $/\phi/$ verander in/vervang word deur 'n foneem $/p^h/$. Die klankverandering vind dus op die fonologiese vlak plaas. Die notasie $/I/ \rightarrow [I]$ dui aan dat $/I/$ onder bepaalde omstandighede realiseer in die vorm van die allofoon $[I]$. Hierdie klankverandering geskied dus op die sub-fonologiese vlak omdat die foneem wat die verandering ondergaan nie in 'n ander foneem verander nie, maar dat 'n allofoon van die foneem $/I/$ realiseer.

Die benadering tot die beskrywing van klankveranderinge is hoofsaaklik sinchronies van aard. Daar word egter in sommige gevalle ook van diachroniese gegewens gebruik gemaak om 'n verklaring vir sekere klankveranderinge aan te bied.

Klankveranderingsreëls word nie konstant deur middel van formele notasies aangebied nie, omdat dit onderworpe is aan die kies van 'n stel distinktiwe kenmerke en dus beter in 'n eksklusief-fonologiese studie tuishoort. Die reëls waarvolgens en voorwaardes waaronder klankveranderinge voorkom word meestal woordeliks omskryf, enersyds, omdat dit die gebruik in meeste bestaande werke in die Bantoetale is, maar, andersyds, ook omdat woordelikse omskrywings meer toeganklik is vir diegene wat nie oor gevorderde fonologie-opleiding beskik nie. Daar word egter in gevalle waar dit nodig geag is, van 'n eenvoudige formele notasie gebruik gemaak ten einde 'n bepaalde klankomgewing bondig saam te vat. In die beskrywing wat na 5.1.3 hieronder volg, kom die verskillende klankveranderinge in alfabetiese orde aan die beurt.

5.1.3 Assimilasie en dissimilasie

Assimilasie en dissimilasie word nie in hierdie hoofstuk as afsonderlike klankveranderinge as sodanig erken nie, maar enkele kenmerke van elk word kortliks in oënskou geneem omdat daar genoeg getuienis bestaan dat beide as't ware dryfvere is wat aanleiding gee tot meeste van die klankveranderinge wat hieronder behandel word. Assimilasie behels die gelykmaking van klanke, dit wil sê een klank beïnvloed 'n ander sodat die twee klanke óf gelyk óf gedeeltelik eenders word. Wanneer twee klanke gelyk word, word die proses volledige assimilasie genoem. Gevalle waar die betrokke klanke gedeeltelik eenders word, word onvolledige assimilasie genoem. Progressiewe assimilasie vind plaas wanneer 'n spraakklank gelyk of gedeeltelik eenders aan 'n voorafgaande klank word, terwyl retrogressiewe assimilasie behels dat 'n spraakklank gelyk of gedeeltelik eenders aan 'n daaropvolgende spraakklank word.

Klankveranderinge soos byvoorbeeld okklusivering, palatalisasie en vokaalverhoging vind plaas as gevolg van sprekers se onbewuste strewe om uitspraak te vereenvoudig. Vereenvoudiging van uitspraak word verweselik deur klankveranderinge wat streng gesproke as manifestasies van óf assimilasie óf dissimilasie beskou kan word. In die geval van okklusivering (sien 5.8), is die aktiveerder van die verandering in alle gevalle, met die uitsondering van die refleksiewe prefiks, 'n nasaal. In die geval van nasale, is daar altyd 'n orale afsluiting, en is die verandering van 'n kontinuant in 'n

sluitklank 'n logiese gevolg van 'n homorganiese verbinding tussen 'n nasaal en die kontinuant wat die verandering ondergaan. In die geval van okklusivering het die ondersoeker dus te make met assimilasië ten opsigte van die geslotenheid van artikulatorie.

Dissimilasië het tot gevolg dat klanke verskillend gemaak word. Wanneer twee klanke wat die een of ander onkombineerbare fonetiese eienskap gemeen het, as gevolg van 'n morfologiese of ander proses naasmekaar gestel word, vind 'n veranderingsproses plaas in gevolge waarvan die betrokke klanke verskillend gemaak word, sodat hulle nie meer daardie eienskap deel nie. Die werking van dissimilasië (en assimilasië) kan in heelwat gevalle slegs histories waargeneem word. So kan die oorsaak vir palatalisasië in gevalle van $/K_{lab} + V_{agter} + a/$ (waar $/a/$ die eerste vokaal van die diminutiewe suffiks is) gesoek word in dissimilasië. Vergelyk 'n voorbeeld soos $*/mora\phi o + ana/ \rightarrow */mora\phi wana/ \rightarrow */mora\phi jana/$ 'volkie' waarin $*/\phi w/$ van die tussenstap weens labiale dissimilasië omvorm is tot $/\phi j/$.

5.2 Alveolarisasië

Alveolarisasië behels 'n verandering in die plek van artikulasië. Wanneer 'n nie-alveolêre spraakklank dus vervang, verdring of verander word sodat 'n alveolêre spraakklank die plek daarvan inneem, kan so 'n proses as alveolarisasië beskryf word. In Lobedu kom alveolarisasië nie op dieselfde skaal voor as in standaard Noord-Sotho nie. Die rede hiervoor is dat die foneemkombinasie $/b + glyer + a/$ (vergelyk SNS. $/p + glyer + a/$) in Lobedu anders hanteer word as in standaard Noord-Sotho. In Lobedu vind palatalisasië plaas in die omgewings waar alveolarisasië in standaard Noord-Sotho aangetref word. Vergelyk byvoorbeeld:

SNS.	$/seletswana/$	←	$*/selepe + ana/$	
L.	$/k^h eebjana/$	←	$*/k^h eebe + ana/$	'byltjie'

Die volgende gevalle van alveolarisasië is in Lobedu teëgekóm:

(a) /fi/ → /s/

Bepaalde voorbeeldmateriaal van hierdie klankverandering is beskikbaar. Dit is in die volgende gevalle aangetref:

(i) Na die klasprefiks van klas 5/11:

Die verandering van /fi/ na /s/ is toe te skryf aan die invloed van die vokaal B./i/ in die klasprefiks van klas 5 wat daarvoor bekend is dat dit tot klankveranderinge (oorwegend tot palatalisasie) aanleiding gee. Vergelyk ook Cole (1992:83) in hierdie verband. Klas 11 se prefiks gee na analogie van die funksionering van klas 5 s'n ook aanleiding tot alveolarisasie. Die verandering is opsioneel, omdat daar twee voorbeelde bestaan: een wat nie deur die genoemde prefikse beïnvloed is nie, en 'n ander wat wel die verandering ondergaan het. Vergelyk /lofiɛda/ en /loseɛda/ 'skouer', maar /lefiala/, /lofiala/ 'houtskeel' wat nie aan alveolarisasie onderworpe is nie.

(ii) /fi/ gevolg deur die 'ou' kousatief:

Vergelyk:

*-/ɔofi-+-i-+-a/ → /-ɔosa/ 'wegneem'

(b) /ɸ/ → /tsʰ/

Slegs een voorbeeld is teëgekome. Dit vind ook plaas na die klasprefiks van klas 5. Vergelyk:

*/le-+-ɸiɸi/ → /letsʰwiɸi/ 'duisternis'

(c) /β/ → /zʷ/

Hierdie klankverandering kom ook voor na die klasprefiks van klas 5/11. Vergelyk:

/le-+-βeɛ/ → /lezweɛ/ 'vroulike bors'

/leβeɛ/ en /lezweɛ/ bestaan naas mekaar as fakultatiewe variante.

5.3 Elisie

Elisie behels die weglating van klanke, sillabes of selfs 'n morfeem uit 'n woord.

5.3.1 Vokaalelisie

Die geïdentifiseerde gevalle van vokaalelisie is:

(a) /i/ → ∅

Dit vind in die volgende gevalle plaas:

- (i) Wanneer die kousatiewe suffiks **-is-** aan werkwoordstamme met /n/ in die finale sillabe gevoeg word. /i/ word weggelaat waarna, onder andere, okklusivering plaasvind. Vergelyk die volgende voorstelling van die veronderstelde verloop van die proses:

*-/βɔn-+-is-+-a/

→ */-βɔn-+-s-+-a/ Elisie: /i/ → ∅

→ */-βɔntʃʰa/ Okklusivering: /s/ → /tʃʰ/

→ /-βɔntʃʰa/ 'wys' Homorganiese nasaalrealisasie: /n/ realiseer as [ŋ]

- (ii) Wanneer die vokaal /i/ wat deel van die perfektumsuffiks uitmaak, weggelaat word as die perfektumsuffiks gevoeg word aan werkwoordstamme wat op /ɲ/ eindig. Vergelyk */-φɛɲ-+-ilɛ/ → /-φɛɲdʒɛ/ 'het oorwin'. Voorbeelde van die omvorming van /l/ tot /dʒ/ word in 5.9(a) aangehaal, en word ook in 7.5.1.3(b) en 7.5.2.4(b) in meer detail uiteengesit.
- (iii) Die vokaal /i/ van die perfektumsuffiks is histories weggelaat wanneer die suffiks aan sommige werkwoordstamme gevoeg word wat op /n/ eindig. Werkwoordstamme wat in standaard Noord-Sotho deur die

allomorf -e perfektum afgelei word, word in Lobedu netso hanteer. Die genoemde allomorf kom deur die volgende prosesse tot stand:

*-/βɔn+-ile/ → */-βɔnine/ Assimilasie: /l/ → /n/
 → */-βɔnne/ Elisie: /i/ → ∅
 → */-βone/ Elisie: /n/ → ∅
 → /-βone/ Vokaalvervanging: /e/ → /e/
 'het gesien'

(Voorbeeld volgens Meinhof (1932: 60 & 78)).

- (iv) Die voorbeeld wat hieronder aangehaal word verteenwoordig 'n uitsondering, aangesien die foneemkombinasie /a+i/ in Lobedu nie ongewoon of strydig met die dialek se klankreëls is nie. Die enigste voorbeeld wat teëgekrom is kom ook in standaard Noord-Sotho voor, naamlik

*/maɪ̯ᵀᵇ/ → /maᵀᵇ/ 'oë'

Die klankomgewing /ma-+-i.../ kan ook aanleiding gee tot vokaalsamesmelting - vergelyk 5.11(b) - maar word as 'n reël onveranderd gelaat.

(b) Tydens diminutiefvorming

Die voorvokale en /a/ word volgens die volgende patroon weggelaat: /N_{voort/sentraal}+ana/ → /∅ana/. Vergelyk:

/i/ → ∅: */musi+-ana/ → /musana/ 'bietjie rook'
 /e/ → ∅: */k^he+-βone+-ana/ → /k^heβonana/ 'spieëltjie'
 /e/ → ∅: */k^he+-βone+-ana/ → /k^heβonana/ 'lampie'
 /a/ → ∅: */k^he+-φiga+-ana/ → /k^heφigana/ 'klippie'

5.3.2 Konsonantelisie

(a) /n/ → ∅

In 5.3.1(a)(iii) hierbo is na voorbeelde verwys waarin die perfektumsuffiks vanaf /-ile/ omvorm word totdat dit uiteindelik as /-e/ herken word. In hierdie omvormingsproses word nie slegs die vokaal /i/ weggelaat nie, maar uiteindelik ook die oorspronklike konsonant /l/.

*-/βɔn-+ile/ → */-βɔnine/ Assimilasie - /l/ → /n/
→ */-βɔnne/ Elisie - /i/ → ∅
→ */-βɔne/ Elisie - /n/ → ∅
→ /-βɔne/ Vokaalvervanging - /e/ → /e/
'het gesien'

(b) /N/ → ∅

Die klasprefiks van klas 9 word uit meersillabige deverbatiwe naamwoorde weggelaat:

*/N-+-reg-+-ɔ/ → /tʰegɔ/ 'prys'
*/N-+-pɛdɔl-+-ɔ/ → /pʰɛdɔɔ/ 'verandering'
*/N-+-lem-+-ɔ/ → /dɛmɔ/ 'landbou'

(c) /fi/ → ∅

Die konsonant /fi/ van die infinitiefprefiks /fiɔ-/ raak verlore wanneer hierdie prefiks saamsmelt met die hulpwerkwoordstam /-ɖa/ om die defisiënte hulpwerkwoordvorm /-ɖɔ-/ te vorm, dit wil sê */-ɖa+fiɔ-/ → /-ɖɔ-/.

5.4 Glyervorming

Glyervorming is die klankverandering waarna tradisioneel as konsonantelisasie of desillabifikasie verwys word. Dit behels die verandering van 'n vokaal in 'n semivokaal (glyer). Die term 'glyervorming' word as 'n meer gepaste term vir hierdie klankverandering beskou omdat dit in die Sothotale hoofsaaklik daarop neerkom dat

voor- en agtervokale as semivokale uitgespreek word as gevolg van vokaalopeenhopings wat deur die een of ander morfologiese proses veroorsaak word. Die gevolg van hierdie opeenhopings is dat sprekers van een vokaal na 'n volgende beweeg deur oor die vokaal wat die finale vokaal in so 'n opeenhoping voorafgaan, te 'gly'. Gevolglik word voorvokale waaroorheen gegly word as /j/ uitgespreek en agtervokale as /w/.

Glyervorming word hoofsaaklik aangetref wanneer naamwoorde diminutief afgelei word en die eerste vokaal /a/ van die diminutiewe suffiks /-ana/ aanleiding gee tot die opeenhoping van 'n reeks onkombineerbare vokaalfoneme. 'n Onderskeid word getref tussen intervokaliëse en nie-intervokaliëse glyervorming.

5.4.1 Intervokaliëse glyervorming

Intervokaliëse glyervorming vind plaas wanneer die klankkombinasie KV-V#V hom voordoen ("#" dui 'n morfeemgrens aan). Die vokaal direk links van die morfeemgrens ondergaan die proses. Vergelyk:

- (a) /u/ → /w/: * /k^he-+dau+-ana/ → /k^hedawana/ 'leeutjie'
- (b) /o/ → /w/: * /doo+-ana/ → /dowana 'klein grondboontjie'
- (c) /ɔ/ → /w/: * /k^he-+boɔ+-ana/ → /k^hebowana/ 'bulletjie'
- (d) /i/ → /j/: * /gɔlɔi+-ana/ → /gɔlɔjana/ 'waentjie'
- (e) /e/ → /j/: Geen voorbeelde van KV-V#V is teëgekome nie.
- (f) /ɛ/ → /j/: * /k^he-+-dzɛ+-ana/ → /k^hedzɛjana/ 'sprinkaantjie'

5.4.2 Nie-intervokaliëse glyervorming

Die klankkombinasie KV#V gee aanleiding tot hierdie klankverandering. Die vokaal direk voor die morfeemgrens ondergaan die proses. Wanneer 'n agtervokaal deur glyervorming in /w/ verander, lei dit tot labialisasie van 'n voorafgaande nie-labiale konsonant, en tot palatalisasie van 'n voorafgaande labiale konsonant. Vergelyk (a) tot (c) hieronder in hierdie verband. Soos reeds genoem, word voorvokale in /j/ verander. Dit lei weereens tot palatalisering van voorafgaande konsonante. Vergelyk (d) tot (f) vir voorbeelde hiervan.

(a) /u/ → /w/

/maru+-ana/ → /marwana/ 'wolkies'

Invloed van /w/ op voorafgaande nie-labiale konsonant: Labialisasie van /r/ vind plaas.

*/k^he+guβu+-ana/ → */k^heguβwana/ → /k^heguβjana/ 'seekoeitjie'

Invloed van /w/ op voorafgaande labiale konsonant: Palatalisasie van /β/ vind uiteindelik plaas.

(b) /o/ → /w/

/molaqo+-ana/ → /molaqwana/ 'oortredinkie'

Labialisasie van /d/ vind plaas weens die invloed van /w/.

*/mok^huβu+-ana/ → */mok^huβwana/ → /mok^huβjana/ 'naweltjie'

Invloed van /w/ op voorafgaande labiale konsonant: Palatalisasie van /β/ vind uiteindelik plaas.

(c) /ɔ/ → /w/

/leinɔ+-ana/ → /leinwana/ 'tandjie'

Labialisasie van /n/ vind plaas weens die invloed van /w/.

*/lek^humɔ+-ana/ → */lek^humwana/ → /lek^humjana/ 'bietjie rykdom'

Invloed van /w/ op voorafgaande labiale konsonant: Palatalisasie van /m/ vind uiteindelik plaas.

(d) /i/ → /j/

/moriqi+-ana/ → /moriqjana/ 'bietjie skaduwee'

Palatalisasie van /d/ vind plaas weens die invloed van /j/.

(e) /e/ → /j/

/k^he+-nare+-ana/ → /k^henarjana/ 'buffeltjie', asook

/k^he+-nare+-ana/ → /k^henafjana/ 'buffeltjie'

Palatalisasie van /r/ vind plaas weens die invloed van /j/. In die eerste voorbeeld word /r/ gepalataliseer deur die glier, terwyl samesmelting van /r/ en /j/ aanleiding gee tot /rj/ in die tweede voorbeeld.

(f) /e/ → /j/

/zwe-t-re[^he+-ana/ → /zweret[^hjana/ 'hakskeentjies'

Palatalisasie van /t^h/ vind plaas weens die invloed van /j/.

5.5 Homorganiese nasaalrealisasie

Fonetiese realisasies van die archinasaal /N/ geskied alleenlik in die vorm van homorganiese nasaalverbinding. Vergelyk 2.4.2.6 in hierdie verband. Die proses waarvolgens /N/ in homorganiese nasaalverbinding met daaropvolgende konsonante realiseer, word homorganiese nasaalrealisasie genoem. Dit is 'n klankverandering op die sub-fonologiese vlak omdat alle oppervlakte realisasies van /N/ as allofone daarvan beskou word. Wanneer /N/ met kontinueante verbind, gee dit aanleiding tot okklusivering van die kontinueante. In die Sothotale verteenwoordig /N/ tipies die klasprefiks van klas 9 (in geval van monosillabiese naamwoordstamme) en die voorwerpskakeel van die eerste persoon enkelvoud.

Die volgende realisasies van /N/ is in Lobedu geïdentifiseer:

(a) [m]

/N/ realiseer as [m] in die klankomgewing /N + K_{labiaal}/. Vergelyk:

*-/N-+-βɔna/ → [-mβɔna] 'my sien'

(b) [ŋ]

/N/ realiseer as [ŋ] in die klankomgewing /N + K_{dentiaal}/. Vergelyk:

*-/N-+-ɔɔ/ → [ŋɔɔ] 'huis'

(c) [n]

/N/ realiseer as [n] in die klankomgewing /N + K_{alveolêr}/. Vergelyk:

*/-N-+-dzeβa/ → [-ndzeβa] 'my ken'

(d) [ŋ]

/N/ realiseer as [ŋ] in die klankomgewing /N + K_{palataal}/. Vergelyk:

*/-N-+-ŋaga/ → [-ŋŋaga] 'my seek'

(e) [ŋ]

/N/ realiseer as [ŋ] in die klankomgewing /N/ + K_{retroflêks}/. Vergelyk:

*/-N-+-roma/ → */-N-+-t^homa/ → [-ŋt^homa] 'my stuur'

(f) [ŋ]

/N/ realiseer as [ŋ] in die klankomgewing /N + K_{velêr}/. Vergelyk:

/N-+-gu/ → [ŋgu] 'skaap'

5.6 Labialisasie

In die bespreking wat volg, word afgewyk van die tradisionele hantering van hierdie klankverandering omdat 'n eksperimentele fonetiese ondersoek deur Roux (1979) aangetoon het dat bestaande sieninge van hierdie verandering reeds sedert Kunene (1961) se proefskrif hersien moes gewees het. In sy ondersoek het Roux nie net by artikulatoriese eienskappe van labialisasie stilgestaan nie, maar is akoestiese sowel as aerodinamiese eienskappe van hierdie proses bestudeer.

Labialisasie word tradisioneel beskryf as 'n klankverandering waarvolgens nie-labiale konsonante gerond uitgespreek word wanneer hulle deur een van die agtervokale of die glyer /w/ gevolg word. Vergelyk in hierdie verband Ziervogel et al. (1967:262):

"Labialisasie word veroorsaak sodra 'n konsonant gevolg word deur 'n agtervokaal of die semivokaal w. Die invloed van hierdie vokaal of semivokaal is dat die voorafgaande konsonant met lipronding uitgespreek word." Roux (1979:3) wys egter daarop dat Ziervogel et al. (1967:67) hulleself weerspreek omdat dié bron ten opsigte van labialisasie ook sê "Labialisasie word nl. aangedui deur die semivokaal w wat op 'n konsonant volg. In werklikheid staan dit dan nie vir 'n konsonant wat deur w gevolg word nie, maar wel vir 'n konsonant wat terselfdertyd as w uitgespreek word." In die eerste aanhaling van Ziervogel et al. word aangevoer dat, onder andere /w/, *aanleiding* gee tot labialisasie, terwyl in die tweede aanhaling gesê word dat die simbool *w* gebruik word om labialisasie mee *aan te dui*.

Cole (1992:33) sluit hom by die gevestigde siening aan in dié opsig dat hy labialisasie alleen toeskryf aan die invloed van agtervokale: "When preceding the back vowels *u*, *o* and *ô*, all consonants are labialized to a greater or less extent, i.e. the lips are rounded and whenever possible, the back of the tongue is raised towards the velum". Sy opmerking dat die agtertong ook by labialisasie betrokke is, verdien spesiale vermelding. Daar word in (iv) hieronder hierna verwys. Wat die simbool *w* betref, skaar Cole hom by Ziervogel et al., deurdat hy ook aanvoer dat "... the symbol *w* is used to indicate the labialization...". Ziervogel et al. en Cole se siening dat *w* bloot gebruik word om labialisasie aan te dui, is waarskynlik ook daarvoor verantwoordelik dat nòg die een nòg die ander *w* as 'n afsonderlike foneem erken in die omgewing KGV (konsonant + glyer /w/ + vokaal). Cole (1992:34) se woorde "It must be emphasized that *w*, when used in this way, does not represent a separate sound..." beklemtoon hierdie standpunt.

In sy navorsing bevind Roux (1979) dat Kunene (1961) se impressionistiese standpunte rondom labialisasie in sekere belangrike opsigte veel nader aan die waarheid is as dié van Tucker (1929) waarop huidige sieninge gebaseer is. Roux se vernaamste bevindinge wat vir hierdie bespreking van belang is, is dat

- (i) Die agtervokale nie labialisasie veroorsaak nie, maar wel lipronding, wat fonologies onbelangrik is.

- (ii) Alleenlik die glyer /w/ aanleiding gee tot labialisasie.
- (iii) Die glyer /w/ in die omgewing KGV wel 'n afsonderlike segment uitmaak.
- (iv) Die onderskeid tussen labialisasie en liprondding daarin geleë is dat "A rounded segment is a segment articulated with the lips in a rounded and/or protruded position, whilst a labialized segment may be regarded as a segment articulated with a greater measure of liprounding and/or protrusion, as well as a participation of the body of the tongue and of the jaw" (Roux, 1979:230). Roux (1979:95) bevind dat die betrokkenheid van die tong by KG-volgordes ingrypend verskil van die betrokkenheid daarvan by Kɔ-volgordes: "From these observations it becomes evident that there is much more tongue activity present in the /-wa/ sequence than in the /-ɔ/-sequence. The body of the tongue does not retain the more or less constant overall shape in the /-wa/ sequence as it does in the /-ɔ/ sequence." Hy wys ook op 'n depressie van die antedorsale area van die tong wat gelyktydig plaasvind met wat hy "anticipatory raising and retraction" noem, in die geval van die /-wa/-volgorde. Die depressie waarna pas verwys is, is egter afwesig in die geval van /-ɔ/-volgordes.

In ooreenstemming met Roux se bevindinge, word labialisasie dus beskou as die oordrag van labiale eienskappe op nie-labiale konsonante deur die glyer /w/. Labiale eienskappe moet nie met liprondding verwar word nie, maar verwys na "a distinct approximation of the lower lip to either the upper lip or the upper teeth, with a concomitant depression in the antedorsal area of the body of the tongue" (Roux, 1979:253).

Labialisasie is 'n klankverandering op die sub-fonologiese vlak, aangesien die verandering (gelabialiseerde) allofone van die betrokke foneem teweegbring. Labialisasie word veral veroorsaak deur die passiefekstensie -w-, en wanneer diminutiewe naamwoorde deur middel van -ana, afgelei word. Daar is egter ook 'n aantal werkwoordkerne waarin /w/ op 'n konsonant volg en waarin die konsonant wat hierdie glyer voorafgaan dus altyd gelabialiseerd uitgespreek word. Vergelyk die

volgende voorbeelde:

Met passiefekstensie:

/-βɔn+-w+-a/ → [-βɔn^wwa] 'gesien word' [n^w] is gelabialiseer

Met diminutiewe agtervoegsel:

/maru+-ana/ → [mar^wwana] 'wolkies' [r^w] is gelabialiseer

In sommige woordkerns:

/-lwala/ → [-l^wwala] 'siek wees' [l^w] is gelabialiseer

/monwana/ → [mon^wwana] 'vinger' [n^w] is gelabialiseer

5.7 Metatesis

Metatesis is "... the transposition of segments..." (Lass, 1989:188), met ander woorde dit behels die omruiling of herrangskikking van klanksegmente in 'n woord. Hierdie herrangskikking of omruiling word nie deur ongewensde klankkombinasies veroorsaak nie, maar is oënskynlik die gevolg van die foutiewe uitspraak van 'n bepaalde taalitem wat met die verloop van tyd die norm word. As sulks is metatesis dus nie 'n klankverandering nie, maar 'n klankverskynsel. Metatesis is universeel gesproke nie baie algemeen nie, en voorbeelde daarvan is dus taamlik beperk. Vergelyk die volgende voorbeeld:

-monoga 'uitsuig' (vergelyk SNS. -mokona (vanaf B.-muŋgunya))

In die voorafgaande voorbeeld is /n/ en /g/ omgeruil. Die Oer-Bantoe postulaat skep die verwagting dat die Lobedu refleks *-mogona moet wees.

5.8 Okklusivering

Hierdie klankverandering staan onder andere ook bekend as klankverharding (Ziervogel et al., 1967:261; Cole, 1992:37), plosivering (Ziervogel et al., 1967:268) en nasalisering (Cole, 1992:39). Na aanleiding van Snyman (1974:67), is besluit om die

term 'okklusivering' te gebruik vir die klankproses ingevolge waarvan 'n duurkonsonant (kontinuant) verander in, of vervang word deur, 'n sluitkonsonant. Snyman dui aan dat die Afrikaans vir "occlusivation" "okkludering" is, maar die Afrikaanse term 'okklusief' vir 'sluitklank/eksplosief' suggereer dat 'okklusivering' 'n geskikter term is. Snyman se term is meer neutraal as die ander genoemde terme omdat 'hard' in 'klankverharding' nie 'n erkende foneties-fonologiese klankaspek benoem nie. 'Plosivering', weer, is onvanpas omdat die resultaat van okklusivering soms 'n affrikaat is; terwyl 'nasalering' eintlik 'n term is waarmee aangedui word dat 'n bepaalde klank wat normaalweg geartikuleer word met orale lugstroomvrylating, ingevolge die verandering geartikuleer word met nasale lugstroomvrylating (vergelyk MacKay (1987:141)).

Die oorsake van okklusivering is reeds uitvoerig deur verskeie taalkundiges beskryf. Vergelyk in hierdie verband, byvoorbeeld, Ziervogel et al. (1967:268-272). Dit word gevolglik nie nodig geag om hier te herhaal wat reeds intensief deur ander grammatici behandel is nie. In meeste gevalle vind okklusivering plaas wanneer 'n kontinuant deur die archinasaal /N/ voorafgegaan word (vergelyk 2.4.2.6 in verband met die archinasaal). In Lobedu is okklusivering na die refleksiefmorfeem **-zvwe-** opsioneel. Hoewel die refleksief nie 'n nasaal bevat nie, postuleer verskeie taalkundiges, waaronder Cole (1992:41) en Lombard et al. (1988:106), die bestaan van 'n nasaal as deel van die refleksief. Die Lobedu refleksief verskil vormlik aansienlik van sy standaard Noord-Sotho eweknie, maar hierdie verskil ten spyte, word daar op grond van die (okklusiverings-) effek van **-zvwe-** vermoed dat 'n latente nasaal ook in Lobedu se geval vir dié effek verantwoordelik is. Benewens die refleksief, is die klasprefiks van klas 9 en die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud hoofsaaklik vir okklusivering verantwoordelik. Die enigste uitsondering hierop is okklusivering wat plaasvind wanneer werkwoordstamme wat op /n/ of /ɲ/ eindig deur die kousatiefsuffiks **-is-** gevolg word (vergelyk (h) hieronder).

Die nasaal wat okklusivering aktiveer word nie altyd behou nadat die verandering plaasgevind het nie. So word die klasprefiks van klas 9 weggelaat wanneer die naamwoord uit meer as een sillabe bestaan. Die voorbeelde wat vervolgens aangehaal word is verteenwoordigend van elke verandering wat geïdentifiseer is,

hoewel die voorbeelde wat 'n bepaalde verandering illustreer nie noodwendig altyd die klasprefiks van klas 9, die refleksiefmorfeem sowel as die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud bevat nie. Die konsonante wat okklusivering ondergaan, is:

(a) /β/ → /b/

- */N-+-βɔn-+-ɔ/ → /bɔnɔ/ 'gesig'
- */-N-+-βidʒa/ → /-mbidʒa/ 'my roep'
- */-zweN-+-βɔna/ → /-zwebɔna/ 'myself sien'

(b) /φ/ → /pʰ/

- */N-+-φ-+-ɔ/ → /mpʰɔ/ 'geskenk'
- */-N-+-φa/ → /-mpʰa/ 'vir my gee'

(c) /l/ → /d/

- */N-+-lem-+-ɔ/ → /dɛmɔ/ 'landbou'

(d) /r/ → /rʰ/

- */-N-+-raɖa/ → /-rʰaɖa/ 'my liefhê'

(e) /s/ → /tsʰ/

- */-zweN-+-suba/ → /-zwetsʰuba/ 'na jousef wys'
- */je-+N-+-swa/ → /jentsʰwa/ 'n nuwe een'

(f) /f/ → /kʰ/

- */-N-+-fiɖa/ → /-ŋkʰaɖa/ 'my trap'

(g) /ʃ/ → /tʃʰ/

- */je-+N-+-ʃweu/ → /jetʃʰweu/ 'n witte'

(h) /s/ → /tʃʰ/

Hierdie geval van okklusivering kom alleenlik voor wanneer die kousatief **-is-** na /n/ of

/ɲ/ in 'n werkwoordwortel geaffigeer word. Die vokaal /i/ word eers weggelaat, waarna /s/ onder invloed van die nasaal okklusivering ondergaan. /s/ → /tʃʰ/ verteenwoordig ook 'n geval van palatalisasie. Sien 5.9 (b) in hierdie verband. Vergelyk:

*/-βɔn-+-is-+-a/ → /-βɔntʃʰa/ 'wys'
 */-tʃʰiɲ-+-is-+-a/ → /-tʃʰiɲtʃʰa/ 'laat verniel'

(I) /N/ → /gV/

Die verandering behels die oënskynlike voorvoeging van die konsonant /g/ aan vokaalwerkwoordwortels wanneer

- (i) Deverbatiewe naamwoorde in klas 9 van sodanige werkwoordwortels afgelei word.
- (ii) Die voorwerpskakeel van die eerste persoon enkelvoud aan 'n vokaalwerkwoordwortel gevoeg word.
- (iii) Die refleksief aan vokaalwerkwoordwortels gevoeg word. In laasgenoemde gevalle is okklusivering opsioneel.

Okklusivering van vokaalwerkwoordstamme by deverbatiefafleiding is wel sinchroniese voorvoeging, maar die proses kan diachronies teruggevoer word na B.*/N+ɣV/ → L./gV/ (Meinhof, 1932:34). Meinhof noem hierdie proses "remarkable", maar dit maak heeltemal sin as in ag geneem word dat B.*/n+ɣ/ → B./ŋg/ → L./g/. Wat wel verbasend is omtrent hierdie geval van okklusivering, is dat moedertaalsprekers hulle vandag nog intuïtief hou by 'n baie ou klankverskuiwingsreël. Soos onder andere in 4.3.2 genoem, realiseer B./ɣ/ soms as L./j/ of L./fi/. In die geval van werkwoordwortels wat met L./j/ of L./fi/ begin, vind okklusivering dan ook plaas, en wel volgens die patroon wat reeds uiteengesit is. Vergelyk:

*/-zweN-+-abesa/ → /-zwegabesa/ 'self klee', maar ook
 → /-zweabesa/ 'self klee'

*/-N-+-fiuzwedʒa/ → /-ŋguzwedʒa/ 'my besteel'
 */N-+-jeledʒɔ/ → /geledʒɔ/ 'vermaning'

L./-fiafia/ ← B.*/-yaka/ 'bou' is uitsonderlik, aangesien dit binne die Lobedu klanksisteem hanteer word asof dit van B.*/-kaka/ afkomstig is. Vergelyk */-zweN- + -fiafia/ → /-zwek^hafia/ 'vir myself bou', waarin B.* /N+ɣV/ → L./k^hV/. Die mees waarskynlike verklaring hiervoor is dat L./-fiafia/ nie soos meeste ander vokaalwerkwoordstamme soms met en soms sonder 'n oorgangsklank uitgespreek word nie. Die aanvangs-/fi/ het om die een of ander rede deel van die stam geword en funksioneer nie meer as 'n oorgangsklank nie, maar as 'n outonome foneem.

5.9 Palatalisasie

Palatalisasie is die klankverandering waarvolgens konsonantfoneme met min of geen palatale eienskappe nie, verander in, of vervang word deur, konsonantfoneme met meer palatale eienskappe. Hierdie proses vind plaas op die sub-fonologiese sowel as op die fonologiese vlakke. Enkele gevalle is ook teëgekem waar palatalisasie 'n verskynsel eerder as 'n klankverandering is. (Die onderskeid tussen hierdie begrippe is in 5.1 verduidelik). Palatalisasie gaan hoofsaaklik gepaard met die affigering van die passiefekstensie, perfektumuitgang, kousatiefekstensie, applikatiewe ekstensie, en lokatiewe en diminutiewe agtervoegsels. Soos genoem in 4.3.7, het die klasprefiks van klas 5/11 ook soms palatalisasie tot gevolg. Palatalisasie ontstaan enersyds weens labiale dissimilasie (vergelyk ook 5.1.3), en andersyds, wanneer voorvokale deur glyervorming verander in /j/.

In sommige gevalle is dit nie moontlik om 'n sinchroniese verklaring vir palatalisasie aan te bied nie, en word daar dan na diachroniese gegewens verwys.

In 5.9(a)(iii) & (iv), (c) en (d) hieronder word palatalisasie tot stand gebring deur samesmelting. Vergelyk 5.11 vir 'n bespreking van hierdie klankproseses.

(a) /l/ → /dʒ/

Palatalisasie van /l/ vind in die volgende gevalle plaas:

- (i) /dʒ/ gevolg deur die perfektumuitgang. Die historiese rede hiervoor word in 7.5.2.4 (b) uiteengesit.

*-/βidʒ-+-ile/ → /-βidʒidʒe/ 'het geroep'

- (ii) /l+u/ gevolg deur die diminutiefsuffiks. Palatalisasie of retrofleksering is die gevolg. Vergelyk:

*/k^he^lel^u+ana/ → /k^he^ledʒwana/ 'baardjie', asook
→ [k^he^leɪ^wwana] 'baardjie'

- (iii) /l+j/, waar /j/ die 'ou' kousatief is. Vergelyk:

*-/tʃ^hebel-+-j-+-a/ → /-tʃ^hebedʒa/ 'bestuur'

- (iv) /l+i/ gevolg deur die diminutiefsuffiks. Vergelyk:

*/k^he-+-eli+-ana/ → /k^heedʒana/ 'ligskynseltjie'

(b) /s/ → /tʃ^h/

Hierdie klankverandering geskied reëlmatig wanneer die kousatiefekstensie aan werkwoordwortels geaffigeer word wat /n/ of /ɲ/ as finale konsonant bevat. Vergelyk ook 5.8(h). Die vokaal /i/ word eers weggelaat, waarna /s/ onder invloed van die nasaal okklusivering ondergaan, wat met 'n verskuiwing van die artikulasiepunt saamval. Vergelyk:

*-/βɔn-+-is-+-a/ → /-βɔntʃ^ha/ 'wys'

*-/tʃ^hijɲ-+-is-+-a/ → /-tʃ^hijntʃ^ha/ 'laat verniel'

(c) /r/ → /ʃ/

Palatalisasie van /r/ is in die volgende gevalle teëgekrom:

- (i) /r+V_{voor}+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is.
Vergelyk:

*/k^he-+-nare+-ana/ → /k^henaʃana/ 'buffeltjie'

Sien egter ook (f) hieronder aangaande die alternatiewe realisering van /r/ op die sub-fonologiese vlak as [rʲ]. /r/ → /ʃ/ vind egter ook in sommige gevalle plaas wanneer /r+a+a/. Die waarskynlikste rede vir hierdie gevalle van palatalisasie is analogie. Vergelyk:

*/mak^hura+-ana/ → /mak^huʃana/ 'vetjies'

- (ii) /e+r/, waar /e/ die vokaal in die klasprefiks van klas 5 is, dit wil sê B./i/, waarna ook in 5.2 verwys is. Vergelyk die volgende voorbeeld:

/le-+-rabɔ/ → /leʃabɔ/ 'been'

Die vokaal in klas 11 se prefiks word nie hier genoem nie, omdat palatalisasie na klas 11 se prefiks analogies is.

(d) /n/ → /ɲ/

Palatalisasie van /n/ vind onder die volgende omstandighede op die fonologiese vlak plaas:

/n+V_{voor}+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is. Vergelyk:

*/k^he-+tʃ^hwene+-ana/ → /k^hetʃ^hwɛnana/ 'bobbejaantjie', maar vergelyk ook

**/k^he-+nɔne+-ana/* → */khenɔnana/* 'aasvoëltjie'

waarin elisie in plaas van palatalisasie plaasgevind het.

(e) Die (sub-fonologiese) palatalisasie van labiale konsonante

Labiale konsonante word vervolgens gesamentlik hanteer, omdat die onkombineerbare klankkenmerke wat tot die palatalisasie van hierdie konsonante aanleiding gee konstant is. Die vorm wat gepalataliseerde labiale konsonante aanneem is eweneens tot 'n groot mate eenders. Gepalataliseerde labiale konsonante word naamlik deur 'n j-agtige afloop gekenmerk. Die foneemkombinasies wat tot labialisasie aanleiding gee is */K_{lab}+V_{voor/agter}/w+a/*, waar */a/* die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks is, en */w/* die passiefekstensie wat dissimileer tot die allomorf *-y-* (vergeelyk 7.5.1.5 (d)). Soos met die ontstaan van hierdie passiewe allomorf, lei die naasmekaarstelling van */K_{lab}+V_{agter}+a/* tot glyervorming waardeur */V_{agter}/* → */w/* → */j/*. Gevolglik het beide voor- en agtervokale uiteindelik palatalisasie tot gevolg wanneer die diminutiewe suffiks *-ana* aan naamwoordstamme geaffigeer word wat eindig op labiale konsonante. Die foneme met gepalataliseerde allofone is:

/β/ → *[β^j]*

/b/ → *[b^j]*

/p^h/ → *[p^h^j]*

/φ/ → *[φ^j]*

/m/ → *[m^j]*

Vergelyk die volgende voorbeelde:

<i>*/k^he-+goloβe+-ana/</i>	→	<i>[k^hegoloβ^jjana]</i>	'varkie'
<i>*/mofioβe+-ana/</i>	→	<i>[mofioβ^jjana]</i>	'waterplassie'
<i>*/goβɔ+-ana/</i>	→	<i>[goβ^jjana]</i>	'kombersie'
<i>*/k^he-+guβu+-ana/</i>	→	<i>[k^heguβ^jjana]</i>	'seekoeitjie'
<i>*/-t^haβ-+-w-+-a/</i>	→	<i>[-t^haβ^jja]</i>	'gesteek word'
<i>*/k^heebe+-ana/</i>	→	<i>[k^heeβ^jjana]</i>	'byltjie'
<i>*/βubi+-ana/</i>	→	<i>[βub^jjana]</i>	'bietjie meel'

*/marabɔ+-ana/	→	[marabʲjana]	'beentjies'
*/kʰedqobo+-ana/	→	[kʰedqʷobjana]	'lykie'
*/-qob-+-w-+-a/	→	[-qʷobja]	'geroof word'
*/kʰe-+tsʰepʰe+-ana/	→	[kʰetsʰepʰjana]	'springbokkie'
*/-tʰɔmpʰ-+-w-+-a/	→	[-tʰɔmpʰjana]	'gerespekteer word'
*/lefɔφi+-ana/	→	[lefɔφjjana]	'handpalmpie'
*/moraφɔ+-ana/	→	[moraφjjana]	'volkie'
*/-leφ-+-w-+-a/	→	[-leφjja]	'betaal word'
*/leleme+-ana/	→	[lelemjjana]	'tongetjie'
*/lerumɔ+-ana/	→	[lerumjjana]	'spiesie'
*/-lom-+-w-+-a/	→	[-lomjja]	'gebyt word'

Enkele uitsonderlike voorbeelde is teëgekrom waarin die kombinasie /K_{lab}+a+a/ ook palatalisasie van die labiale konsonant tot gevolg het. Hierdie gevalle word aan analogie toegeskryf.

*/kʰe-+dzoba+-ana/	→	[kʰedzobjana]	'bietjie klei'
*/maʃoφa+-ana/	→	[maʃoφjjana]	'pootjies'
*/leʃama+-ana/	→	[leʃamjjana]	'wangetjie'

(f) Palatalisasie van /tʰ, d, r, l/

Soos in die geval van labiale konsonante in (e) hierbo, kan /tʰ, d, r, l/ ook saamgegroepeer word vanweë sekere gemeenskaplikhede. Wanneer konsonante uit hierdie groepie in die kombinasie /K+ɛ, e, i+a/ voorkom, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks **-ana** is, word /K/ gepalataliseer. /K/ verteenwoordig enige van die genoemde konsonante. Die verandering vind op die sub-fonologiese vlak plaas omdat die resulterende klanke gepalataliseerde allofone van die genoemde klanke is. Die foneme met hulle gepalataliseerde allofone is:

/tʰ/ → [tʰj]

/d/ → [dj]

/l/ → [lj]

/r/ → [rj]

Die volgende voorbeelde illustreer die pasgenoemde klankverandering. Aangesien daar uitsonderings ten opsigte van /l/ en /r/ is, word hierdie foneme afsonderlik en laaste bespreek.

*/zweretʰe+-ana/ → [zweretʰjana] 'hakskeentjies'

*/lemadji+-ana/ → [lemadjjana] 'deurtjie'

(l) /l/ → [lj]

Palatalisasie van /l/ vind in die volgende gevalle op die sub-fonologiese vlak plaas:

/l+a,o,ɔ+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is.

Vergelyk:

*/lefiala+-ana/ → [lefialjana] 'brandende kooltjie',

maar vergelyk ook die meer reëlmatige

*/mala+-ana/ → /malana/ 'dermpies'

*/kʰe-+[ʰɔɔ+-ana/ → [kʰetʰɔɔjana] 'koedoekalf',

maar vergelyk ook die meer reëlmatige

*/kʰe-+[ʰɔɔ+-ana/ → /kʰetʰɔɔwana/ 'koedoekalf'

Hierdie klankverandering is reëlmatig wanneer /l+V_{voor, middel}+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is:

/moβele+-ana/ → [moβeɫjɔna] 'liggaampie'

/maβele+-ana/ → [maβeɫjɔna] 'borsies'

(ii) /r/ → [rʲ]

Palatalisasie van /r/ vind op die sub-fonologiese vlak plaas wanneer /r+V_{voor}+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is.

Vergelyk:

*/k^he-+nare+-ana/ → [k^henarijɔna] 'buffeltjie' ([k^henaɫana] kom ook voor)

*/k^he-+p^hiri+-ana/ → [k^hep^hirjɔna] 'hiënatjie' ([k^hep^hiɫana] kom ook voor)

5.10 Retrofleksering

Retrofleksering is 'n klankverandering op die sub-fonologiese vlak. Dit behels die realisasie van /l/ as [ɭ], [ɭ^w] of [ɭʲ] in bepaalde fonologiese omgewings. Die omgewings waarin hierdie realisasies aangetref word, is:

(a) /l/ → [ɭ]

Hierdie proses vind plaas in geval van die foneemkombinasie /l + V_{hoog}/. Vergelyk:

/mosali/ → [mosaɭi] 'vrou'

/k^heɫɫu/ → [k^heɫɫɭu] 'bokbaard'

(b) /l/ → [ɭ^w]

[ɭ^w] realiseer in geval van die foneemvolgorde */l+u+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana uitmaak. Vergelyk die volgende:

*/k^he-+k^hulu+-ana/ → [k^hɛk^hɭ^wwana] 'skilpadjie'

(c) /l/ → [ɭʲ]

/l+V_{voor, middel}+a/, waar /a/ die eerste vokaal van die diminutiefsuffiks -ana is. Hierdie klankverandering is ook behandel as 'n manifestasie van palatalisasie - kyk 5.9(f).

Vergelyk:

/moβele+-ana/ → [moβe.ljana] 'liggaampie'

Vergelyk ook enkele voorbeelde in 5.9(f) waarin analogie waarskynlik verantwoordelik is vir die realisasie van [ɹ].

5.11 Samesmelting

Samesmelting is 'n klankproses wat die eenwording van twee vokale of konsonante behels. In die geval van konsonante, word die twee naasmekaargestelde klanke, waarvan die tweede een die glyer /j/ ← *N_{voor}/ is, vervang deur 'n enkele konsonant met kenmerke van beide die klanke wat verdwyn het (Schane, 1973:54). Die samesmelting van konsonantfoneme is reeds onder die opskrifte alveolarisasie en palatalisasie behandel (sien onderskeidelik 5.2(a) en 5.9(a)(iii) & (iv), (c), (d)). In daardie gevalle is nie op samesmelting gefokus nie, aangesien die verandering in die plek van artikulasie as kriterium vir die benoeming van die betrokke proses gedien het. Hier word die aandag egter daarop gevestig dat samesmelting nie net beperk is tot vokale soos wat bronne dikwels suggereer deur voorbeelde van konsonante in hierdie verband weg te laat nie. Vergelyk Ziervogel et al. (1967) en Cole (1992) in hierdie opsig. Anders as in die geval van alveolarisasie, kan palatalisasie nie altyd aan samesmelting toegeskryf word nie. Die gepalataliseerde gevalle wat deur 'n j-agtige afloop gekenmerk word - sien 5.9(e) en (f) - word naamlik nie deur samesmelting gekenmerk nie, omdat die glyer nie saam met 'n voorafgaande konsonant in 'n nuwe klank opgaan nie. Dieselfde geld die voorbeelde onder 5.9(a)(i) & (ii), (b). Die volgende voorbeelde dien as illustrasie van konsonantsamesmelting in Lobedu:

Alveolarisasie:

*/fi+i/ → */fi+j/ → /s/ in die voorbeeld */-ɖofi-+-i-+-a/ → */-ɖofi-+-j-+-a/ → /-ɖosa/
'wegneem'. */i/ verteenwoordig die sogenaamde 'ou' kousatief. Die kenmerke van /fi/ en /j/ wat in /s/ opgeneem is, is onderskeidelik frikatief en palataal.

Palatalisasie:

$*/r+e/ \rightarrow */r+j/ \rightarrow /j/$ in die voorbeeld $*/k^h e+na re+-ana/ \rightarrow */k^h e+na rj+-ana/ \rightarrow /k^h e na j ana/$ 'buffeltjie'. $/j/$ besit, onder andere, die kenmerke kontinuant en palataal van $/r/$ en $/j/$ onderskeidelik.

Vokaalsamesmelting word vervolgens in meer besonderhede as konsonantsamesmelting bekyk, aangesien dit nie elders hanteer is nie. Die verandering behels die eenwording van twee vokaalfoneme wat deur 'n sillabegrens geskei word. Aangesien die /KV/-sillabestruktuur van Bantoe ook in Lobedu die basiese sillabestruktuur uitmaak, is dit vanselfsprekend dat die vokaalfoneme wat versmelt deur 'n sillabegrens geskei sal word. Die proses van versmelting hou dus in dat die twee vokale wat betrokke is, opgaan in 'n nuwe, derde vokaalfonem, terwyl die genoemde sillabegrens opgehef word. Vokaalsamesmelting neem die volgende vorme in Lobedu aan:

(a) $/a + i/ \rightarrow /e/$

In die onderstaande voorbeelde maak $/a/$ die uitgang van monosillabiese werkwoordstamme uit, terwyl $/i/$ die eerste vokaal van die perfektumuitgang, die kousatiefekstensie of die passiefekstensie kan wees. Vergelyk:

$*/-na + -il e/$	\rightarrow	$/-nele/$	'(reën) het geval'
$*/-nwa + -is-(+a)/$	\rightarrow	$/-nwesa/$	'laat drink'
$*/-la + -iw-(+a)/$	\rightarrow	$/-lewa/$	'word geëet'

Meinhof (1932:77) bied 'n ander verklaring vir die tot standkoming van $/-nele/$ aan as Lombard et al. (1988). Hy voer naamlik aan dat die vokaal i in $-*il\acute{e}$ na e verander onder invloed van die finale \acute{e} (Meinhof, 1932:77), terwyl Lombard et al. (1988:120) die e in $-el\acute{e}$ aan vokaalsamesmelting toeskryf. Laasgenoemde outeurs voer vokaalsamesmelting ook as oorsaak vir die tot standkoming van die ander twee voorbeelde hierbo aan, maar Meinhof verwys nie na klankveranderinge wat monosillabiese werkwoordstamme ondergaan wanneer die passiewe en kousatiewe ekstensies aangevoeg word nie. Dit kom voor asof dieselfde proses al drie

bogenoemde voorbeelde onderlê, maar geen inligting aangaande watter proses dit sou wees, kon bekom word nie. By gebrek aan verdere feite word Lombard et al. (1988) se verklaring aanvaar, naamlik dat /a+i/ → /e/ (in plaas van /ε/) in al drie gevalle.

(b) /a + i/ → /e/

Hierdie manifestasie van vokaalsamesmelting is uitsonderlik en kom in naamwoorde en werkwoordstamme voor. In die geval van naamwoorde is /a/ deel van 'n klasprefiks en /i/ die vokaal waarmee die naamwoordstam begin. Vergelyk:

*/ma- + -ino/ → /mɛno/ 'tande'
 B. *va- + -inî → /βɛɾɛ/ 'eienaars'

Die verloop van die versmelting van /a/ en /i/ tot /e/ in werkwoordstamme kan alleenlik deur rekonstruksie aangetoon word. Dit behels die indringing van die vokaal /i/ van die perfektumuitgang in die werkwoordstam, waarna vokaalsamesmelting plaasvind. Tydens die proses word /l/ deur elisie weggelaat, en word die finale vokaal in /e/ verander (vergelyk 7.5.2.4(f)). Na aanleiding van Meinhof (1932:78), word die verskillende stappe van die veronderstelde ontwikkelingsgang soos volg aangegee:

*/-gwar- + -ile/ → */-gwarile/ → */-gwaire/ → /-gwere/ 'het aangetrek'

(c) /a + e/ → /e/

Hierdie geval van samesmelting raak gelokativeerde naamwoorde en vind patroonmatig plaas: /a/, die finale vokaal van 'n naamwoord en /e/ die eerste vokaal in die onderliggende vorm van die lokatiewe suffiks (kyk 6.2.5.1) smelt saam om /e/ te vorm. Vergelyk:

*/bidʒa + *-ene/ → /bidʒene/ 'in die pot'

(d) /a + o/ → /ɔ/

Hierdie geval van samesmelting kan alleenlik geïllustreer word met verwysing na die ontwikkeling van defisiënte hulpwerkwoordvorme vanuit hoofwerkwoorde. Volgens Louwrens (1991:53-55) (asook Ziervogel et al. (1967:273)) kom die toekomstige hulpwerkwoordvorm en die kasuele hulpwerkwoordvorme tot stand deur samesmelting van die infinitiewe prefiks en 'n werkwoordstam wat voorheen as 'n hoofwerkwoord gefunksioneer het. Die gevolg van die eenwordingsproses van die infinitiewe prefiks en die werkwoordstam is 'n defisiënte hulpwerkwoordvorm wat op /ɔ/ eindig. Vergelyk in hierdie verband die defisiënte hulpwerkwoordvorme -tɪɔ-, -nɔ-, -diɔ- en -fɔ- van Noord-Sotho. Louwrens dui aan dat die konsonant /x/ (/h/ in die geval van Lobedu) van die infinitiewe prefiks eers wegval, waarna die vokaal /o/ met die werkwoorduitgang /-a/ saamsmelt. Vergelyk:

*/-ɔa + fiɔ-/ → */-ɔa + o-/ → /-ɔɔ-/ 'sal', soos in

Ge ɔɔ ɔa 'Ek sal kom'

Roux (1983:35) stem nie saam met Louwrens en Ziervogel et al. dat /ɔ/ in die pasgemelde voorbeeld deur samesmelting van /a/ en /o/ tot stand kom nie. Hy wys daarop dat die samesmelting van hierdie twee vokaalfoneme vreemd is in die Suidelike Bantoetale, en hou 'n hipotetiese afleiding voor waarvolgens /ɔ/ die gevolg van vokaalverlaging is. Nòg Roux nòg Louwrens verklaar waarom /ɔ/ algemeen in die literatuur aangedui word as 'n vernoude vokaal. Roux (1983) bevraagteken egter tradisionele impressionistiese vokaalbeskrywings en voer oortuigend aan dat prosodiese vokaalmerke vokaalkwaliteit sodanig kan versluier dat dit 'n akkurate impressionistiese beskrywing onmoontlik maak. Die vraag kan dus gestel word of hierdie /ɔ/ inderdaad as vernou realiseer? 'n Uitspraak hieroor kan nie hier gemaak word nie. As gevolg van onsekerhede met betrekking tot die ware kwaliteite van /ɔ/, en die feit dat Roux se verduideliking van die hipotetiese herkoms van /ɔ/ oënskynlik nie op 'n in diepte ondersoek in hierdie verband berus nie, word by die bestaande siening, soos geformuleer in Louwrens (1991) en Ziervogel et al. (1967), gehou. Indien daar bewys kan word dat /ɔ/ wel 'n vernoude vokaal is, ontstaan die vraag waarom dit

vernou is, en, daarmee saam, of vernouing nie juis die gevolg kan wees van samesmelting soos wat Louwrens en Ziervogel et al. dit rekonstrueer nie. Dit moet egter beklemtoon word dat daar geen ooglopende fonetiese gronde kan wees vir die vernouing van /ɔ/ nie, en gevolglik is navorsing met betrekking tot die ware kwaliteite van hierdie vokaal nodig.

Dit is duidelik dat vokaalsamesmelting soos wat dit in Lobedu voorkom in hoofsaak ooreenstem met die voorkoms daarvan in standaard Noord-Sotho.

5.12 Vokaalverhoging

Vokaalverhoging, ook bekend as vokaalassimilasie of vokaalvernouing, vind op die sub-fonologiese vlak plaas. Ziervogel et al. (1967:71) beskryf vokaalverhoging as 'n proses waarin "vokale wat minder gespanne of hoog of nou is, meer gespanne gemaak, m.a.w. hoër of nouer uitgespreek" word. Hierdie uitspraak van Ziervogel et al. is impressionisties van aard en is oor die jare as korrek aanvaar, totdat Roux (1983) 'n eksperimentele ondersoek na die vokale van Suid-Sotho geloods het. Soos vermeld in 2.4.1 hierbo, bewys Roux dat die bestaande sieninge van die vokale van, onder andere die Sothotale, aan baie gebreke mank gaan. Hy toon aan dat wisselings in toon die perseptuele kwaliteite van veral hoë vokale kan beïnvloed. Hy bevind ook, in teenstelling met Ziervogel et al. (1967), dat "die konsonante ter hand as sodanig nie veel invloed op die fisiese en perseptuele kwaliteite gehad het nie; die invloed was veel eerder afkomstig van 'n hoë vokaal in die volgende lettergreep" (Roux, 1983:106). Roux het nie alle VK volgordes in sy ondersoek betrek nie, maar sy bevindinge maak 'n eksperimentele ondersoek na die akoestiese kwaliteite van die vokale van Noord-Sotho van absolute belang, sodat akoestiese kriteria die impressionistiese kriteria kan vervang, en vokaalvergelykings in die toekoms op meer wetenskaplike gronde kan geskied. Aangesien so 'n omvattende studie nog nie ten opsigte van Noord-Sotho se vokale onderneem is nie, en dit ook nie sou sin maak om Lobedu se vokale te interpreteer in terme van Ziervogel et al. se impressionisties-gebaseerde kriteria vir vokaalverhoging nie, word hier nie 'n gedetailleerde ontleding van vokaalverhoging in Lobedu aangebied nie.

Soos voorheen vermeld (kyk 2.4.1), bevind Roux (1983) dat die vokale in die pare [e] - [e̞] en [o] - [o̞] eerder in 'n voor-agter verhouding tot mekaar staan as in 'n hoog-laag verhouding. Die term 'vokaalverhoging' is dus, sover dit Suid-Sotho aangaan, nie geskik om na hierdie proses te verwys nie. Die term word wel in hierdie proefskrif gebruik omdat die formantkaart van Lobedu vokale (sien figure 1 en 2, hoofstuk 2) aantoon dat die vokale [e] - [e̞] wel 'n hoog-laag verhouding tot mekaar aanneem, hoewel dieselfde nie ooglopend vir die agtervokale [o] en [o̞] geld nie. Laasgenoemde vokale skyn in 'n voor-agter verhouding te verkeer, soos in Suid-Sotho. Die diskrepansie tussen die gegewens vir voor- en agtervokale word egter toegeskryf aan die welbekende problematiek rondom onduidelike spektrogramme vir agtervokale. Gevolglik word meer ag geslaan op die gegewens wat deur voorvokale verkry is. Daar behoort egter in die toekoms verdere navorsingsprojekte op die vokaalsisteem van Lobedu toegespits te word ten einde meer duidelikheid te verkry oor die vraagstukke wat in hierdie hoofstuk en hoofstuk 2 opgeduik het.

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat vokaalverhoging in Lobedu onder dieselfde fonologiese omstandighede as in standaard Noord-Sotho plaasvind. Gebaseer op spektrografiese getuienis (kyk figure 1 & 2, hoofstuk 2), is die standpunt dat die vier middelvokale van Lobedu elk oor 'n verhoogde allofoon beskik. Die bespreking van vokaalverhoging word hier afgesluit met enkele voorbeelde waarin die bestaan van verhoogde vokale spektrografies vasgestel is. In alle gevalle word die verhoogde vokaal in die volgende sillabe deur 'n hoër vokaal gevolg. Die verhoogde allofone word aangedui deur middel van die diakritiese teken vir vokaalverhoging, dit wil sê [̥]. Vergelyk die volgende voorbeelde:

/e/ → [e̥]:	[mole̥phi]	'betaler'
/o/ → [o̥]:	[-r̥omile]	'het gestuur'
/e/ → [e̥]:	[more̥gi]	'koper'
/o/ → [o̥]:	[mol̥qmo]	'mond'

5.13 Vokaalvervanging

Ziervogel et al. (1967:71) erken die bestaan van hierdie klankverandering, maar haal nie voorbeelde daarvan uit standaard Noord-Sotho aan nie. Hulle verwys daarna as "'n verskynsel whereby 'n vokaal vervang word deur 'n ander een sonder dat 'n ander verskynsel 'n rol speel." Hoewel vokaalassimilasie die dryfveer is agter die veranderinge in die onderstaande voorbeelde, word nogtans verkies om daarna as vokaalvervanging te verwys omdat, soos in 5.1.3 aangedui is, assimilasie aanleiding tot die oorgrote meerderheid van klankveranderinge gee. Vokaalvervanging as gevolg van volledige vokaalassimilasie is 'n fonologiese verskynsel omdat dit sporadies voorkom en dus nie voorspelbaar is nie. Vokaalvervanging word veroorsaak deur beide volledige progressiewe vokaalassimilasie en volledige retrogressiewe vokaalassimilasie. Vergelyk:

(a) Volledige retrogressiewe assimilasie

/ɔ/ → /e/: */-hɔdzela/ → /-jedzela/ 'slaperig wees'

(b) Volledige progressiewe assimilasie

/e/ → /a/: */mosimane/ → /mosimana/ 'seun'

/e/ → /a/: */mosaɖe/ → /mosaɖa/ 'hoofstat'

5.14 Samevatting

Die voorafgaande bespreking weerspieël 'n redelike mate van ooreenkoms tussen die fonologiese sisteme van standaard Noord-Sotho en Lobedu gemeet aan die tipes klankveranderinge wat die twee klanksisteme gemeen het. Nogtans moet daarvan kennis geneem word dat daar duidelike verskille voorkom in die verloop en resultaat van sekere klankveranderingsprosesse. Een van die uitstaande verskille tussen die klanksisteme van Lobedu en standaard Noord-Sotho is dat nasaalvorming en velarisasie nie in Lobedu plaasvind nie. Eersgenoemde kom nie in Lobedu voor nie, omdat die foneemkombinasies /mo+β/ en /mo+ϕ/ (waar /mo/ in die laasgenoemde geval die klasprefiks van klas 3 is) in Lobedu toelaatbaar is, en hierdie kombinasies dus onveranderd gelaat word. Alveolarisasie, soos wat dit in standaard Noord-Sotho

bestaan, word ook nie in Lobedu aangetref nie.

Die feit dat velarisasie nie in Lobedu voorkom nie, word toegeskryf aan die wyse waarop die klanksisteem van Lobedu opeenvolgende labiale konsonantfoneme hanteer. Twee ander klankveranderinge wat ook weens Lobedu se reaksie op naasmekaargestelde labiale anders verloop as in standaard Noord-Sotho, is alveolarisasie en palatalisasie. Vervolgens word enkele opmerkings omtrent die raakpunte tussen hierdie drie klankveranderinge gemaak met die fokus spesifiek op labiale konsonante. Vooraf word die volgende standaard Noord-Sotho voorbeelde van nader bekyk:

SNS. Velarisasie:

$*/m+w/ \rightarrow /ŋw/$ $*/-lomwa/ \rightarrow /-lonŋwa/$ 'gebyt word'

SNS. Alveolarisasie:

$*/p+w/ \rightarrow /tsw/$ $*/setopoana/ \rightarrow /setotswana/$ 'lykie', maar ook
 $\rightarrow /setopjana/$

SNS. Palatalisasie:

$*/f+w/ \rightarrow /fj/$ $*/-βɔfwa/ \rightarrow /-βɔfja/$ 'gebind word'
 $*/β+w/ \rightarrow /βʒ/$ $*/-tseβwa/ \rightarrow /-tseβʒa/$ 'bekend wees'
 $*/p+w/ \rightarrow /pj/$ $*/-ɣapwa/ \rightarrow /-ɣapja/$ 'aangejaag word'
 $*/p^h+w/ \rightarrow /pʃ^h/$ $*/-tɔp^hwa/ \rightarrow /-tɔpʃ^ha/$ 'gegroepeer word'

Uit hierdie voorbeelde blyk dit dat die kombinasie $/K_{lab}+w/$ aanleiding gee tot velarisasie, alveolarisasie en palatalisasie. Alveolarisasie vind ook plaas indien $/p/$ deur 'n voorvokaal gevolg word, maar die volgende hipotetiese voorstelling toon aan dat die voorvokale omvorm word tot $/w/$ met die gevolg dat labiale konsonante uiteindelik dieselfde op voor- en agtervokale kan reageer:

*/selepeana/ → */selepjana/ Glyervorming: /e/ → /j/
 → */selepwana/ Assimilasie: /j/ → /w/
 → /seletswana/ Dissimilasie lei tot alveolarisasie: /p/ → /ts/
 'byltjie'

Hierdie voorstelling dien as verklaring vir die ontstaan van beide /setotswana/ en /setopjana/ hierbo. In laasgenoemde geval is die ongewenste naasmekaarstelling van */pw/ opgelos deur die tweede segment, dit wil sê /w/, te verander in /j/. Vergelyk /setopjana/ ← */setopjana/ ← */setopwana/ ← */setopoana/. In eersgenoemde geval het die eerste segment van die kombinasie */pw/ verander, en wel in /ts/. Vergelyk /setotswana/ ← */setopwana/ ← */setopoana/ 'lykie'.

Soos wat in hoofstuk 2 aangetoon is, word Lobedu daardeur gekenmerk dat labiale konsonante 'n j-agtige uitspraak (sekondêre artikulasie) as gevolg van palatalisasie bekom. Daar word veronderstel dat Sepedi, waarop standaard Noord-Sotho hoofsaaklik gebaseer is, vroeër ook gekenmerk is deur labiale konsonante met 'n palatale sekondêre artikulasie. Palatalisasie het egter 'n stap verder ontwikkel deurdat hierdie palatale sekondêre artikulasie tot 'n volwaardige palatale segment ontwikkel het. Die gevolg is labio-palatale foneme soos SNS. /pʃ/, /fʃ/ en /βʒ/ wat uit 'n labiale en 'n palatale segment bestaan en wat dus deur dubbelartikulasie gekenmerk word.

Al die klankomgewings wat hierbo vir standaard Noord-Sotho ten opsigte van alveolarisasie, velarisasie en palatalisasie genoem is, het egter dieselfde gevolg in Lobedu, naamlik dat */K_{lab}+w/ → /K_{labj}/, dit wil sê die resultaat is 'n gepalataliseerde labiale klank met 'n j-agtige afloop. Ten einde hierdie feit te illustreer, word die voorbeelde hierbo herhaal soos wat hulle in Lobedu daar uitsien:

L. */m+w/ → /mj/: */-lomwa/ → /-lomja/ 'gebyt word'
 L. */b+w/ → /bj/: */k^bedoboana/ → /k^bedobjana/ 'lykie'
 L. */φ+w/ → /φj/: */-βɔφwa/ → /-βɔfja/ 'gebind word'
 L. */β+w/ → /βj/: */-dzeβwa/ → /-dzeβja/ 'bekend wees'

- L. */b+w/ → /bj/: */-fiabwa/ → /-fiabja/ 'aangejaag word'
 L. */p^h+w/ → /p^hj/: */-t^hɔp^hwa/ → /-t^hɔp^hja/ 'gegroepeer word'

Die palatalisering van labiale foneme in Lobedu verskil dus in twee opsigte van soortgelyke foneme in standaard Noord-Sotho. Eerstens is die klanksisteem van Lobedu eenvormig wat die reaksie op naasmekaargestelde labiale segmente betref deurdat die resultaat deurgaans palatalisasie is. Tweedens gee palatalisasie in Lobedu aanleiding tot sekondêre artikulasie deurdat die labiale segment 'n j-agtige afloop bekom as gevolg van die invloed van die daaropvolgende glyer /j/.

HOOFSTUK 6

MORFOLOGIE VAN NIE-VERBALE WOORDE

6.1 Inleiding

Alle woordkategorieë wat nie predikatief optree nie en dus as nie-verbaal beskou kan word, word in hierdie hoofstuk gedek. Uitsonderings moes egter gemaak word deurdat naamwoorde in klas 15 en demonstratief-kopulatiewe ook in hierdie hoofstuk opgeneem is. Vanweë hulle nomino-verbale karakter word naamwoorde in klas 15 egter ook in meer besonderhede in hoofstukke 7 en 8 bespreek. 'n Bespreking van diminutief-afgeleide werkwoorde is ook in hierdie hoofstuk opgeneem.

Demonstratief-kopulatiewe is insgelyks problematies vanweë hulle dualistiese aard. Sommige taalkundiges, waaronder Lombard et al. (1988:163) gaan so ver om demonstratief-kopulatiewe as 'n afsonderlike woordkategorie te beskou. Hulle baseer hulle standpunt op morfologiese, semantiese en sintaktiese verskille met ander voornaamwoorde. Terwyl hierdie standpunt van Lombard et al. erken word, geskied die insluiting van demonstratief-kopulatiewe in hierdie hoofstuk om praktiese oorwegings. Die vernaamste redes is dat demonstratief-kopulatiewe kongruensie met naamwoorde vertoon en ook verskillende posisies het - kenmerke wat ook vir demonstratiewe voornaamwoorde geld. Gevolglik word demonstratief-kopulatiewe in hierdie hoofstuk as 'n tipe voornaamwoord hanteer.

Kopulatiewe partikels figureer nie in hierdie hoofstuk nie, aangesien hulle wel 'n besondere tipe predikaat verteenwoordig.

Bo en behalwe woorde, word nie-verbale woardelemente en allomorwe van sodanige elemente in die hoofstuk opgeneem ten einde so volledig moontlik verslag te doen oor die nie-verbale woorde en woorddele wat in Lobedu aangetref is. Die bespreking van basiese en deverbatiwe naamwoorde word afgesluit met 'n opsomming van die verskillende vorms waarin klasprefikse in elk van hierdie naamwoordtipes aangetref is - vergelyk onderskeidelik 6.2.1.22 en 6.2.2.13 in hierdie verband. Oor die

aanbieding van Lobedu feite deur die outeurs van geraadpleegde bronne oor Lobedu word, waar nodig, kommentaar gelewer.

6.2 Morfologie van die naamwoord

Lombard et al. (1988) onderskei op grond van sekere morfologiese kenmerke en gebruiksaanwendings tussen basiese, deverbatiewe, kwalifikatiewe, lokatiewe, diminutiewe en augmentatiewe/vroulike naamwoorde. Spesifieke besonderhede rakende die samestelling van die onderskeie tipes naamwoorde word verstrek waar elkeen bespreek word. In 6.2.1 en 6.2.2 word normvariante met 'n asterisk gemerk. Allomorwe wat nie tot stand gekom het as gevolg van 'n morfofonologiese proses nie, word vir die doel van hierdie hoofstuk as normvariante beskou.

6.2.1 Basiese naamwoorde

Lombard et al. (1988:57) definieer basiese naamwoorde as "nouns of which the morphological structure is Class prefix + root, i.e. which do not have a suffix so that a stem (i.e. root + suffix) could be distinguished,".

Hierdie definisie is ook op Lobedu van toepassing, maar dan moet in gedagte gehou word dat, soos in standaard Noord-Sotho, dubbelprefigering sowel as die weglating van klasprefikse in Lobedu plaasvind.

6.2.1.1 Klas 1

Die klasprefiks neem die volgende vorms aan:

(a) my-

my- word aangetref voor naamwoordwortels wat op a of ê begin, byvoorbeeld

myana	'kind'
myale	'vroulike stamskoolinisiant'
myêdži	'bruid'

In die uitspraak van sekere sprekers, en somtyds in die uitspraak van dieselfde

spreker, word die klankkombinasies **mya** en **myê** as **moya** en **moyê** onderskeidelik waargeneem, dit wil sê **moyana**, **moyêdži**, ensovoorts.

(b) *mo-

Die normvariant ***mo-** word gebruik voor alle wortels wat nie op **a** of **ê** begin nie. **y** word soms as oorgangsklank tussen die klasprefiks en die wortel gebruik wanneer laasgenoemde op **a** of **ê** begin:

monna	'man'
moŋho	'mens'
mosadi	'vrou'
moyana	'kind'
moyêni	'gas'

6.2.1.2 Klas 2

Die prefiks van klas 2 word normaalweg gebruik om die meervoudsvorm van naamwoorde in klas 1 af te lei. Die klasprefiks neem die volgende vorms aan:

(a) v-

Die allomorf **v-** word aangetref voor naamwoordwortels wat op **a** of **ê** begin. In gevalle waar die naamwoordwortel op **a** begin, kom **v-** moontlik tot stand deur vokaalsamesmelting, en deur elisie in gevalle waar die naamwoordwortel op **ê** begin. Vergelyk:

vana	'kinders'
vale	'vroulike stamskoolinisiante'
vêdži	'bruide'
vênye	'eienaars'

vêdži kan ook as **dimyêdži** voorkom, in welke geval daar twee klasprefikse voorkom, te wete dié van klas 10 gevolg deur dié van klas 1. **vênye** is 'n uitsondering op die reël aangesien die vokaal **ê** sy oorsprong het in vokaalsamesmelting tussen **a** van die

normvariant ***va-** en die vokaal B. i waarmee die wortel histories begin het, dit wil sê **B. va- + -yini → *veni → L. vênye**

(b) *va-

Voor alle ander wortels tree die normvariant van klas 2, naamlik ***va-** as prefiks op:

vaêni	'gaste'
vanna	'mans'
vaṭho	'mense'
vasadi	'vrouens'

6.2.1.3 Subklas 1(a)

Informante was dit eens dat die meervoudsprefiks **vô-** ook in die enkelvoud gebruiklik is. Vorme soos ***babawê** 'sy vader', ***mmawê** 'sy moeder' en ***malome** 'oom' is afgewys en vervang met **vôbabawê**, **vômmawê** en **vômalome**. Hierdie toedrag van sake het duidelik sy oorsprong in die gebruik om respek teenoor meerderes te betoon, en vir dié doel word die meervoudsprefiks gebruik om na 'n enkelvoudige saak te verwys. Daar kom egter klas 1(a)-naamwoorde voor wat na enkelvoudige nie-menslike sake verwys en **ma-** as klasprefiks het. Sodanige naamwoorde, vergelyk **maravyê** 'pofadder' en **mamolêmalema** 'vlermuis', neem normaalweg klas 2(a) se prefiks om die meervoud aan te dui. Klas 1(a) het dus in wese, soos in standaard Noord-Sotho, nie 'n klasprefiks nie. Die norm word gevolglik aangedui as ***∅-**. Vergelyk die volgende voorbeelde:

vôbabawê	'sy/haar vader'
vômmawê	'sy/haar moeder'
vômalome	'oom'
maravyê	'pofadder'
mamolêmalema	'vlermuis'

6.2.1.4 Subklas 2(a)

***vô-** word deurgaans as meervoudsprefiks vir subklas 1(a) gebruik.

vôbabawê	'sy/haar vader-hulle'
vômmawê	'sy/haar moeder-hulle'
vômalome	'oom-hulle'
vômamolêmalema	'viermuise'
vômaravyê	'pofadders'

6.2.1.5 Klas 3

Die klasprefiks neem die volgende vorms aan:

(a) my-

Soos in die geval van klas 1, is die prefiks van klas 3 **my-** wanneer dit vooraan 'n naamwoordwortel wat op a of ê begin, geplaas is.

myaha	'jaar'
myêdi	'maan'
myanye	'onkruid'

Aangesien **moyêdi** en **moyanye** as alternatiewe vir **myêdi** en **myanye** geld, kan met veiligheid geargumenteer word dat **myê** en **mya** die saamgetrekte vorme van die klankreekse **moyê** en **moya** onderskeidelik is, dit wil sê **moyê** → **myê** en **moya** → **mya**.

(b) m-

Die volgende voorbeelde met **m-** as prefiks is teëgekrom:

musi	'rook'
môya	'lug'
môgô	'murg'

(c) *mo-

Die normvariant ***mo-** word in alle gevalle waarna nie spesifiek in (a) en (b) hierbo verwys is nie gebruik. Anders as in standaard Noord-Sotho sluit dit naamwoordwortels

wat op **v** of **fh** begin in.

mokhwidišani	'rooibosboom'
movuḍa	'haas'
mofhaga	'mes'
mofhenye	'(byl-)steel'

Soos in (a) hierbo aangedui is, word **y** soms as oorgangsklank tussen die klasprefiks en die wortel gebruik wanneer laasgenoemde op **a** of **ê** begin. Vergelyk:

moyêdi	'maan'
moyanye	'onkruid'

6.2.1.6 Klas 4

(a) *me-

In Lobedu word slegs een prefiks in klas 4 aangetref, naamlik ***me-**, en laasgenoemde word gebruik om die meervoud van naamwoorde in klas 3 af te lei.

meêdi	'mane'
mefhaga	'messe'
mefhenye	'(byl-)stele'
mevala	'kleure'
memyaha	'jare'

In die geval van **memyaha** 'jare' word ***me-** geprefigeer sonder dat dit die prefiks van klas 3 vervang. **memyaha** bestaan dus uit **me-** (klas 4) + **my-** (klas 3) + **-aha**.

6.2.1.7 Klas 5

(a) *le-

***le-** is die norm vir klas 5 en word in alle klankomgewings aangetref. Hoewel ***le-** in hedendaagse Lobedu meer gebruiklik as ***lo-** van klas 11 is, wissel hierdie twee klasprefikse mekaar sonder enige semantiese implikasies af. Sien ook die opmerkings

in hierdie verband in 6.2.1.13. Soos in standaard Noord-Sotho, is ***le-** in die geval van sommige naamwoorde weglaatbaar.

'hanoni	'mondholte'
'laba	'werf'
lemaô	'naald'
leithô	'oog'
leru	'wolk'
lerama	'wang'

Palatalisasie na ***le-** kom algemeen in Lobedu voor. Die volgende naamwoorde illustreer dié feit:

- *leboho is ledzoho 'arm'
- *lerabo is lešabo 'been'

In **lerama** 'wang' het palatalisasie van **r** egter nie plaasgevind nie. Soos in standaard Noord-Sotho, vind palatalisasie na ***le-** dus nie altyd plaas in fonologiese omgewings wat daarvoor gunstig is nie.

6.2.1.8 Klas 6

Die prefiks en allomorfe van klas 6 soos hieronder uiteengesit, is die meervoudsekwivalente van ***le-** sowel as van ***lo-** (klas 11), en van ***vo-** (klas 14). ***ma-** word soos in standaard Noord-Sotho ook aangetref saam met naamwoorde wat vloeistowwe en abstrakte aandui en wat dus nie ooreenstemmende enkelvoudsvorme het nie. Die gebruik van ***ma-** om die kollektiewe meervoudsvorm van naamwoorde in klas 9 af te lei soos wat dit in standaard Noord-Sotho voorkom, is nie algemeen in Lobedu nie. Slegs een voorbeeld wat aan die informante voorgehou is, was vir hulle aanvaarbaar, naamlik **masemo** 'landerye' ← **tshemo**.

(a) m-

m- is slegs in **mênô** 'tande' teëgekem, waarin die vokaal **a** van die norm ***ma-** en die aanvangsvokaal **i** van die naamwoordwortel weens vokaalsamesmelting in **ê** verander.

(b) mē-

Die voorkoms van **mē-** is eweneens baie beperk. Naas **maadzi** 'water' kom **mêédzi** ook algemeen voor. Die bestaan van twee toon morae, naamlik laag op **mē-** en hoog op die daaropvolgende **ê** dien as basis vir die standpunt dat **mē-** as 'n allomorf van ***ma-** beskou behoort te word.

(c) *ma-

In alle ander gevalle is die prefiks van klas 6 ***ma-**.

mašabô	'bene'
mamaô	'naalde'
mabôhó	'arms'
marôfha	'pote'
maadzi	'water'
mariha	'winter'
mavyalwa	'soorte bier'

In **mabôhó** kom die basiese vorm van die naamwoord na vore omdat die prefiks ***ma-** geen elemente bevat wat kan aanleiding gee tot palatalisasie nie. Vergelyk hierteenoor die enkelvoudsvorm **ledzôhó**. In die geval van **mašabô** word die gepalataliseerde vorm egter na analogie van die enkelvoudsvorm netso saam met ***ma-** gebruik sonder dat teruggeval word na die basiese vorm van die wortel.

Aangesien die prefikse van klas 5 en klas 11 mekaar dikwels kan vervang, word hier nie spesifiek voorsiening gemaak vir voorbeelde van naamwoorde in klas 11 wat hulle meervoude in klas 6 neem nie. Die volgende is voorbeelde van naamwoorde in klas 14 waarvan die meervoudsvorm in klas 6 afgelei word:

voyanye	→	maanye	'soorte gras'
vooswa	→	maaswa	'soorte meel'
vubi	→	maubi	'soorte meel'
vyôgô	→	mavyôgô	'harsings'
vyalwa	→	mavyalwa	'soorte bier'

Dubbelprefigering ontstaan dikwels wanneer die meervoud van klas 14 naamwoorde in klas 6 gevorm word. **mavyalwa** ← *ma- (klas 6) + vy- (klas 14) + -alwa (wortel) en **mavyôgô** ← *ma- (klas 6) + vy- (klas 14) + -ôgô (wortel) dien as voorbeelde hiervan.

6.2.1.9 Klas 7

(a) *khe-

***khe-** is die enigste vorm waarin die prefiks van klas 7 realiseer. In Lobedu het dit egter die funksie om saam met die diminutiewe suffiks diminutiewe naamwoorde af te lei, bo en behalwe die funksie wat klas 7 se prefiks normaalweg in die Sothotale vervul, naamlik om na instrumente, kultuurgoedere, liggaamsdele en persone met uitstaande kenmerke ensovoorts, in die enkelvoud te verwys. Oor die funksie van ***khe-** in diminutievorming word uitgebrei in 6.2.3.

khelôvêdu	'Lobedu taal'
kheêbê	'byl'
kheaḽa	'hand'
khevaḽa	'roofdier'
khelemo	'somer'

Wanneer die identifiserende kopulatiewe partikel **ge** direk deur 'n naamwoord in klas 7 gevolg word, verander die partikel in 'n velêre nasaal op soortgelyke wyse as wat die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud in standaard Noord-Sotho 'n velêre nasaal word voor die potensiële defisiënte werkwoordvorm **-ka-**. Vergelyk:

SNS.	*ke ka sepela	→	Nka sepela	'Ek kan loop'
L.	*ge kheêbê	→	Nkheêbê	'Dit is 'n byl'

Daar bestaan 'n algemene morfofonologiese reël in Lobedu wat bepaal dat indien 'n taalelement **ge** (identifiserende kopulatiewe partikel of onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud) gevolg word deur 'n ander taalelement wat begin op **g** of **kh**, die eerste verander in 'n velêre nasaal, dit wil sê **ge + g../kh.. → ng../nkh...** Hierdie reël strek verder as bogenoemde gevalle omdat dit ook geld in wanneer die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud **ge-** gevolg word deur die situatiefmorfeem **-khe-**, die defisiënte potensiële hulpwerkwoordstam **-ga-**, die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordstam **-kha-** en die negatiefmorfeem **-kha-**. Vergelyk 7.2.1 in hierdie verband.

6.2.1.10 Klas 8

(a) *zvwe-

***zvwe-** realiseer as **dzvwe-** en **zvwe-**. Laasgenoemde word egter in meeste gevalle gebruik en word daarom as die norm beskou. Soos in die geval van ***khe-** in klas 7, het hierdie prefiks 'n tweeledige funksie: om bloot die meervoud van naamwoorde in klas 7 aan te dui; en om die meervoud van diminutiewe naamwoorde in klas 7 uit te druk. In laasgenoemde geval word **zvwe-** tesame met die diminutiewe suffiks gebruik. Vergelyk 6.2.3 in hierdie verband.

Oor die presiese ontwikkelingsgang van B. **yi-** na ***zvwe-** bestaan nie veel sekerheid nie, maar die klankreeks **zvwa** is ook in die geval van L. **lezvwa** 'osriem' afgelei van B. **yi**, in hierdie geval B. **-yia** 'riem'. Die feit dat die prefiks van klas 8 in Venda en Tsonga onderskeidelik **zwi-** en **swi-** is, terwyl dit sover bekend in geen ander Sotho-dialek as **zvwe-** voorkom nie, dui beslis op beïnvloeding deur een van hierdie tale. Aangesien **zw** in Venda **zwi-** stemhebbend is, soos ook **zv** in L. **zvwe-**, word vermoed dat Venda die grootste rol as beïnvloeder in hierdie geval gespeel het.

Die volgende voorbeelde dien as illustrasie:

zvwelô	'goed'
zvweêbê	'byle'
zvweaḍa	'hande'

zwwevaḁa	'roofdier'
zwwelemo	'somers'
zwwedḁiyana	'sprink aantjies'
zwwegōlōyana	'waentjies'
zwwereḁhiana	'hakskeentjies'

6.2.1.11 Klas 9

Soos in standaard Noord-Sotho, realiseer die prefiks van klas 9 slegs in die geval van monosillabiese naamwoordwortels, en dan as 'n nasaal. Die nasaal is konteksgevoelig omdat dit altyd 'n homorganiese verbinding met die daaropvolgende konsonant vorm. In die geval van polisillabiese stamme is die prefiks implisiet teenwoordig in die vorm van okklusivering, terwyl dit in enkele gevalle deur 'n nulmorfeem verteenwoordig word. Vergelyk Lombard et al. (1988:44-46) in hierdie verband. In navolging van Lombard et al. (1988:44) is gevolglik op *N- as normvariant besluit, sodat daarmee na alle realisasies van hierdie prefiks verwys kan word.

(a) m-

Wanneer die artikulasie van die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel bilabiaal is, is die prefiks m-:

mbya 'hond'

(b) n- [n-]

Wanneer die artikulasie van die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel dentaal is, is die prefiks ook dentaal:

ndô 'huis'

(c) n- [n-]

Wanneer die artikulasie van die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel retrofleks is, is die prefiks ook retrofleks:

nɔa 'luis'

'n Enkele geval waar die naamwoordwortel nie monosillabies is nie, is teëgekrom, naamlik

nɔona 'hoofman'

(d) n- [ɲ-]

Wanneer die artikulasie van die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel prepalataal is, is die prefiks ook palataal:

ntšhi 'vlieg'

(e) n- [ŋ-]

Wanneer die artikulasie van die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel velêr is, is die prefiks ook velêr:

ngô 'neus'

(f) Ø- (nulmorfeem)

Ø- tree op voor 'n relatief beperkte aantal polisillabiese onafgeleide naamwoordelike wortels wat met 'n nasaal begin. Vergelyk:

Ø-nama 'vleis'

Ø-nare 'buffel'

Ø-nôha 'slang'

Ø-nôka 'heupbeen'

Ø-notšhi 'heuning'

Anders as in standaard Noord-Sotho, waar klas 9 naamwoorde beginnende met **hl** op die aanwesigheid van **h**- dui, kan vir Lobedu nie dieselfde aanname gemaak word nie. SNS. **hl** is naamlik L. **th**, terwyl SNS. **tlh** óók as L. **th** aangetref word. Gevolglik word klas 9 naamwoorde wat begin met **th** deurgaans hanteer as gevalle waar ***N-** deur okklusivering verteenwoordig word. Vergelyk (g) hieronder.

(g) okkl-

In die geval van polisillabiese naamwoordwortels wat met 'n plosiewe of affrikatiewe konsonant begin, vertoon klas 9 geen herkenbare prefiks nie. Soos in standaard Noord-Sotho, het die historiese nasaalverbinding tussen die prefiks en die aanvangskonsonant van die wortel hier 'n enkelkonsonant, wat nie 'n nasaal is nie, as refleks in Lobedu agtergelaat. ***N-** word in hierdie gevalle, wat die meerderheid uitmaak, verteenwoordig deur okklusivering (**[okkl]-**). Die volgende voorbeelde dien as illustrasie hiervan:

B. Ni- + <u>γoyû</u>	→	ŋgo <u>yû</u>	→	okkl- <u>ḡôu</u>	'olifant'
B. Ni- + <u>pepo</u>	→	m <u>pepo</u>	→	okkl-phe <u>fhô</u>	'wind'
B. Ni- + <u>yulî</u>	→	m <u>bulî</u>	→	okkl-bu <u>di</u>	'bok'
B. Ni- + <u>γuluyē</u>	→	ŋ <u>guluyē</u>	→	okkl-golov <u>ê</u>	'vark'
B. Ni- + <u>koko</u>	→	ŋ <u>koko</u>	→	okkl- <u>thôhô</u>	'kop'
B. Ni- + <u>γîye</u>	→	ŋ <u>îye</u>	→	okkl-d <u>žiê</u>	'sprinkaan'

6.2.1.12 Klas 10

(a) *di-

Die prefiks ***di-** word reëlmatig gebruik om naamwoorde in klas 9 meervoudig af te lei, terwyl sommige klas 11 naamwoorde se meervoude ook deur middel van ***di-** gevorm word. In die geval van klas 9 naamwoorde word ***di-** in alle gevalle aan die klas 9 teenhanger geprefigeer, ten spyte van die teenwoordigheid van klas 9 se prefiks. Dit gee gevolglik aanleiding tot dubbelprefigering, dit wil sê ***di- + *N-**. Vergelyk:

*di- + m-:	dimbya	'honde'
*di- + n- ([n-]):	dindô	'huise'

*di- + n- ([ŋ-]):	dinɔa	'luise'
*di- + n- ([n-]):	dintšhi	'vlieë'
*di- + n- ([ŋ-]):	dingô	'neuse'
*di- + Ø-:	dinôga	'heupbene'
*di- + okkl-:	diɔ̄ou	'olifante'
	dikhômo	'beeste'
	diɔ̄au	'leeus'
	dibudi	'bokke'
	digolovê	'varke'

Hoewel slegs enkele voorbeelde van klas 11 naamwoorde wat hulle meervoud in klas 10 neem teëgekem is, moet aanvaar word dat daar meer sodanige voorbeelde bestaan. Okklusivering van die aanvangskonsonant tydens meervoudsvorming is in hierdie voorbeelde veral opvallend omdat die enkelvoudsvorm geen okklusivering vertoon nie. Daar kan dus afgelei word dat *di- + *N- vir die meervoudsvorm verantwoordelik is. Vergelyk:

lohonye	→	dikhonye	'vuurmaakhout'
loleme	→	diɔ̄eme	'gehakkel'
lonaga	→	dinaga	'horings'
lovône	→	dibône	'tradisionele rietfakkels'

6.2.1.13 Klas 11

Die proses waarvolgens klas 11 naamwoorde na klas 5 gekanaliseer word, vind ook in Lobedu plaas, hoewel dit in die aanvangstadium is. Die vernaamste teken dat die proses wel begin het, is dat klas 5 se kongruensiemorfeme normaalweg vir naamwoorde in klas 11 verkies word. Die ooreenstemmende klas 11 vorm van die bepaalde morfeem is egter ook vir informante aanvaarbaar.

Alle naamwoorde in klas 11 kan ook die prefiks van klas 5 neem, terwyl klas 5 naamwoorde, soos in 6.2.1.7 genoem, ook klas 11 se prefiks kan vertoon.

(a) *lo-

***lo-** is die normvariant vir hierdie klas. Vergelyk die voorkoms daarvan in

lophilô	'skuim'	(vgl. SNS. lephilô)
lovese	'melk'	(vgl. SNS. lebese)
lohaha	'krans'	(vgl. SNS. legaga)
lohadima	'weerligstraal'	(vgl. SNS. legadima)
loraḁa	'geraas'	(vgl. SNS. lešata)

(b) lw-

lw- kom tot stand deur glyervorming wanneer ***lo-** gevoeg word aan naamwoordstamme/-wortels wat op **a** begin, dit wil sê ***lo- + -a... → lw- + -a...**

lwaadê	'see'
lwaabô	'vertroulike gesprek'

Baumbach (1987:127) behandel **lw-** ook as 'n allomorf van klas 11 in Tsonga. Een van sy voorbeelde, **lwala** 'maaklip', kom ook in Lobedu voor, maar as **lolwala**. Dit wil voorkom asof ***lo-** (**le-** in ander dialekte) geprefigeer is nadat **lwala** Sotho binnegedring het, omdat **lw-** nie as prefiks van klas 11 herken word nie maar as deel van die wortel funksioneer. Hierdie dubbelprefigering van dieselfde klasprefiks herinner sterk aan dieselfde verskynsel in Tswana in voorbeelde soos **bodjwang** 'gras' ← **bo-** (klas 14) + **djw-** (klas 14) + **-ang** (wortel).

Meervoude van klas 11 naamwoorde word meestal deur middel van die prefiks van klas 6 gevorm. Vergelyk die volgende voorbeelde:

mašabô	'bene'
mahare	'lemme'
mahaha	'kranse'
matshwaô	'merke'
mavône	'lampe'

6.2.1.14 Klas 13

Geeneen van die oorblyfsels van hierdie klas wat in enkele standaard Noord-Sotho voorbeelde behoue gebly het, word in Lobedu gebruik nie. Vergelyk die volgende voorbeelde wat in standaard Noord-Sotho voorkom:

kgabutlane	'hasie'
kgaribišana	'klein uilsoort'

6.2.1.15 Klas 14

(a) vy-

vy- word voor naamwoordwortels wat op a of ô begin aangetref.

vyaalwa	'bier'
vyôya	'dierehare'
vyôgô	'harsings'

Hoewel die wisseling tussen **vya** en **voya** met betrekking tot die uitspraak van **vy- + a...** in klas 14 veel meer beperk is as dié tussen **my- + a** in klasse 1 en 3, is daar bepaald ooreenkomste tussen hierdie kombinasies. In gevolg hierdie wisseling kom **voyanye** 'gras' ook as **vyanye** voor, hoewel eersgenoemde die gebruiklikste is. 'n Wisseling tussen ***vyô** en ***voyô** bestaan nie omdat die glyer y nie tussen o en ô aangetref word nie.

(b) v-

In **vubi** 'meel' word die vokaal van ***vo-** (sien (c) hieronder) weggelaat om tot die allomorf **v-** aanleiding te gee. Weens die gebrek aan soortgelyke voorbeelde kan 'n

reël vir die verskynsel nie aangebied word nie.

(c) *vo-

In die meeste gevalle word ***vo-** aan die naamwoordwortel geprefigeer.

vosiho	'nag'
vodze	'goedheid'
voṭhuṭhwana	'warmte'
volebô	'voëlent'
votšhefha	'jaloesie'

Soos in 6.2.1.8 aangedui, dien klas 6 as meervoudsklas vir dié naamwoorde in klas 14 wat wel 'n meervoudsvorm kan neem.

6.2.1.16 Klas 15

(a) *ho-

***ho-** word in alle gevalle aan werkwoordstamme geprefigeer. Infnitiewe naamwoorde in die positief sowel as in die negatief word so gevorm.

Positief:

Ho tšhebela ho a labisa 'Om te loop is vermoeiend'

Negatief:

Ho khe šomê ha ho labisê 'Om nie te werk nie is nie vermoeiend nie'

6.2.1.17 Klas 16

Die prefiks van klas 16 word in twee vorme aangetref, naamlik:

(a) fh-

Weens 'n gebrek aan genoegsame voorbeelde met hierdie allomorf, kon daar nie vasgestel word wat die oorsprong van dié vorm is nie.

fhelô 'plek'

(b) *fha-

fhase 'onder'

6.2.1.18 Klas 17

(a) *ho-

***ho-** is die enigste vorm waarin die prefiks van klas 17 voorkom.

hodimo 'bo'

homyê 'elders'

holê 'vêr' word ook in hierdie klas aangetref, hoewel dit in standaard Noord-Sotho as **kgolê** in die 'Y'-klas val. Die voorkoms van **holê** in klas 17 dui daarop dat dit 'n verskuiwing vanaf die 'Y'-klas na klas 17 ondergaan het.

6.2.1.19 Klas 18

(a) *mo-

***mo-** is die enigste vorm vir hierdie prefiks.

moraho 'agter'

mosê 'anderkant'

moseleno 'duskant'

moselela 'anderkant'

Louwrens (1991:113) wys op die twee stellingsterminologieë wat in standaard Noord-Sotho gebruik word om na lokatiewe naamwoorde met die prefikse **ga-** en **N-** te verwys, naamlik 'X' en 'Y', en **Ga-** en **N-**. Aangesien Lombard et al. (1988) se

beskrywingsraamwerk in hierdie proefskrif grootliks nagevolg word, en hulle 'X' en 'Y' in hierdie geval verkies, word vervolgens dieselfde in 6.2.1.20 en 6.2.1.21 gedoen.

6.2.1.20 Klas 'X'

(a) *ha-

Hierdie klas word deur die prefiks ***ha-** gekenmerk.

hae 'tuis'

hare 'tussen'

6.2.1.21 Klas 'Y'

Die prefiks van klas 'Y' is ook konteksgevoelig op dieselfde wyse as klas 9 se prefiks in soverre die vorm van die nasaal deur die daaropvolgende konsonant bepaal word. Dit kom verder ooreen met dié van klas 9 in dié opsig dat daar deurgaans tekens van okklusivering is, wat die teenwoordigheid van 'n nasaal in die prefiks suggereer. Gevolglik word in (b) hieronder, soos in die geval van klas 9, 'n allomorf, **okkl-**, herken, terwyl ***N-** as die normvariant beskou word.

(a) n- [ŋ-]

Wanneer die aanvangskonsonant van 'n monosillabiese naamwoordwortel se artikulasie dentaal is, is die prefiks ook dentaal.

ndê 'buite'

(b) okkl-

Soos in klas 9, het die historiese nasaalverbinding tussen die prefiks en die aanvangskonsonant van die wortel 'n enkelkonsonant, wat nie 'n nasaal is nie, as refleks agtergelaat. In die postulasie van **bele** 'voor' hieronder, word die rol van die nasaalbevattende prefiks - voorgestel deur '**N-**' - op soortgelyke wyse aangedui as waarop dit vir klas 9 gedoen is. Die ander voorbeelde het waarskynlik op soortgelyke wyse ontwikkel.

N- + -yele → mbele → bele 'voor'

ḡase 'onder'

khaufhi 'naby'

ṭhogô 'kant'

ḡugwi 'diep binne-in'

6.2.1.22 Samevatting van basiese naamwoordprefikse

Die betekenis van die simbole wat hier gebruik word, is:

'= ' - 'Die allomorfe wat benewens die norm voorkom, volg'

' ' - 'en'

'x' - 'wissel met'

(a) Klas 1 *mo- = my-

(b) Klas 2 *va- = v-

(c) Subklas 1(a) *∅-

(d) Subklas 2(a) *vô-

(e) Klas 3 *mo- = my-, m-

(f) Klas 4 *me-

(g) Klas 5 *le- x lo-

(h) Klas 6 *ma = m-, mê-

(i) Klas 7 *khe-

(j) Klas 8 *zvwe- x dzvwe-

(k) Klas 9 *N- = m-, n- ([ṅ-]), n- ([ṽ-]), n- ([ṇ-]), n- ([ṁ-]), ∅-, okkl-

(l) Klas 10 *di-

(m) Klas 11 *lo- x le-

(n) Klas 14 *vo- = vy-, v-

(o) Klas 15 *ho-

(p) Klas 16 *fha- = fh-

(q) Klas 17 *ho-

(r) Klas 18 *mo-

(s) Klas 'X' *ha-

(t) Klas 'Y' *N- = n- ([ṅ-]), okkl-

6.2.2 Deverbatiewe naamwoorde

Lombard et al. (1988:62) definieer 'n deverbatiewe naamwoord as "a noun derived from a verb". Hulle wys daarop dat deverbatiewe naamwoorde morfologies van basiese naamwoorde verskil ten opsigte van die kern wat in die twee soorte naamwoorde voorkom. Deverbatiewe naamwoorde bevat altyd 'n werkwoordelike wortel as kern teenoor die naamwoordelike wortel wat by basiese naamwoorde voorkom. 'n Verdere onderskeid behels die deverbatiewe uitgang, 'n vokaal as suffiks, wat altyd aan die werkwoordelike wortel gevoeg word wanneer deverbatiewe naamwoorde afgelei word. Laastens wys Lombard et al. daarop dat die deverbatiewe wortel uitgebrei kan wees, dit wil sê dat dit, benewens die uitgang, ekstensies as suffikse kan bevat.

Dieselfde konvensie vir die voorstelling van normmorfeme en allomorfe wat by die basiese naamwoorde gegeld het, word by deverbatiewe naamwoorde gebruik. Voorbeelde in hierdie afdeling word togelig deur werkwoordelike wortels tussen hakies ná voorbeelde te plaas.

6.2.2.1 Klas 1

Die allomorf **my-**, wat in verskeie basiese naamwoorde in klas 1 aangetref word, kom nie in die geval van deverbatiewe naamwoordstamme voor wanneer die aanvangskonsonant **a** of **ê** is nie. Die klankreeks **mo + a** en **mo + ê** bly in sulke gevalle behoue, hoewel die oorgangsklanke **h** en **y** soms tussen **mo** en die daaropvolgende vokaal hoorbaar is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Basiese naamwoorde:

Allomorf my- :	*moana → moyana x myana	'kind'
	*moêdži → moyêdži x myêdži	'bruid'

Deverbatiewe naamwoorde:

moahi x mohahi	'bouer'	(-ah- 'bou')
moêmédi x moyêmédi	'verteenwoordiger'	(-êmêl- 'verteenwoordig')

(a) *mo-

Voor alle deverbatiëwe naamwoordstamme wat nie op **a** of **ê** begin nie, word die normvariant ***mo-** gebruik. Dit sluit stamme wat op **v** begin, in.

movêḍi	'skrynwerker'	(-vêḍ- 'skrynwerk doen')
movusi	'regeerder'	(-vus- 'regeer')

Deverbatiëwe naamwoorde in klas 1 vertoon meesal die uitgang **-i**, hoewel **-ê**, **-o** en **-a** ook as deverbatiëwe uitgange voorkom.

molwêḍê	'sieke'	(-lwal- 'siek wees')
mokhêgolo	'ou vrou'	(-khegol- 'oud word')
molesa	'wagter'	(-les- 'oppas')

6.2.2.2 Klas 2

(a) *va-

In die geval van deverbatiëwe is die prefiks van klas 2 deurgaans ***va-**.

vavusi	'regeerders'	(-vus- 'regeer')
vavêḍi	'skrynwerkers'	(-vêḍ- 'skrynwerk doen')
valwêḍê	'siekes'	(-lwal- 'siek wees')
vakhêgolo	'ou vrouens'	(-khegol- 'oud word')
valesa	'wagters'	(-les- 'oppas')

6.2.2.3 Klas 3

Soos in die geval van klas 1, word **my-** nie voor deverbatiëwe naamwoordstamme wat op **a** of **ê** begin gevind nie. Die klankreekse **moa** en **moê** kan in sulke gevalle behoue bly. 'n Oorgangsklank kan egter tussen die klasprefiks en die volgende vokaal realiseer.

(a) *mo-

Die normvariant ***mo-** word in alle gevalle gebruik. Dit sluit deverbatiëwe naamwoordstamme wat op **v** of **fh** begin in.

moabarô x mohabarô	'kledingstuk'	(-abar- 'aantrek')
moahô x mohahô	'gebou'	(-ah- 'bou')
movusô	'regering'	(-vus- 'regeer')
morwalô	'vrag'	(-rwal- 'dra')
molaô	'wet'	(-lay- 'beveel')

Die mees gebruiklike deverbatiëwe uitgang is **-ô**, terwyl die uitgang **-a** voorkom in voorbeelde soos

mohwaba	'biltong'	(-hwab- 'opdroog')
mouva	'blaasbalk'	(*-uv- 'blaas met blaasbalk')
molaêdža	'boodskap'	(-laêdž- 'boodskap gee')
moêla	'rivierloop'	(-êl- 'vloei')

6.2.2.4 Klas 4

(a) *me-

Klas 4 se prefiks ***me-** vervang die prefiks van klas 3 vir meervoudsvorming.

6.2.2.5 Klas 5

(a) *le-

***le-** word deurgaans as prefiks aangetref en is nie weglaatbaar in die geval van deverbatiëwe naamwoorde nie. Palatalisasie na ***le-** geskied nie by deverbatiëwe naamwoorde nie. Klas 11 ***lo-** word dikwels in plaas van ***le-** gebruik sonder enige semantiese implikasies. Sien ook 6.2.2.11 in hierdie verband.

lemyalô	'brief'	(-myal- 'skryf/tel')
leêqô	'reis'	(-êq- 'reis')
levalêlô	'deklat'	(-valêl- 'deklatte opsit')

letshwaô 'brandmerk' (-tshway- 'merk')
lekhumô 'rykdom' (-khum- 'ryk wees')

Benewens -ô, wat die mees produktiewe uitgang in hierdie klas is, word -e en -a ook aangetref. Laasgenoemde word nie slegs na die passiewe ekstensie gebruik nie.

Vergelyk:

levône 'lamp' (-vôn- 'sien')
leṭhobya 'krygsgevangene' (saam met passiewe ekstensie -y-)
(-ṭhob- 'gevangene neem')
lefhôla 'tabak' (-fhôl- 'rook')

6.2.2.6 Klas 6

(a) *ma-

*ma- is die enigste variant van klas 6 wat saam met deverbatiwe naamwoorde gebruik word. Soos in die geval van klas 5, is -ô die mees produktiewe deverbatiwe uitgang. Vergelyk:

matshwaô 'brandmerke' (-tshway- 'merk')
mavôḍô 'mure' (-vôḍ- 'pleister')
mamyalô 'briewe' (-myal- 'skryf/tel')
mavalêlô 'deklatte' (-valêl- 'deklatte opsit')

-a en -e word ook as deverbatiwe uitgange in klas 6 gebruik. Vergelyk:

maaga 'leuen(s)' (-ag- 'lieg')
maṭhobya 'krygsgevangenes' (saam met passiewe ekstensie -y-)
(-ṭhob- 'gevangene neem')
mavône 'lampe' (-vôn- 'sien')

-i is nie 'n produktiewe uitgang in klas 6 nie, hoewel een voorbeeld daarvan gevind is:

makhuvi 'rooidag' (*-khuv- 'rooi')

maaga 'leuen(s)', matshô 'dagbreek' en makhuvi 'rooidag' tel onder deverbatiëwe in hierdie klas wat nie ooreenstemmende enkelvoudsvorme het nie.

6.2.2.7 Klas 7

(a) *khe-

*khe- dien in alle gevalle as prefiks vir klas 7. Die mees produktiewe deverbatiëwe uitgang is -ô, hoewel -e, -a en -i ook voorkom.

khehô	'skepding'	(-h- 'skep')
khelemô	'ploegtyd/somer'	(-lem- 'ploeg')
khelalêlô	'aandete'	(-lal- 'slaap')
khevône	'spieël'	(-vôn- 'sien')
kheṭhōpha	'groep'	(-ṭhōph- 'groepeer')
kheêḍa	'skoen'	(-êḍ- 'reis')
khenāḍa	'held'	(-naḍ- 'slaan')
kheêdi	'lig'	(-êl- 'helder wees')
khedzevi	'kundige'	(-dzev- 'ken')

6.2.2.8 Klas 8

(a) *zvwe-

*zvwe- x dzvwe- vervang klas 7 se *khe- om 'n meervoudige betekenis aan die betrokke deverbatiëf te gee, hoewel daar enkele voorbeelde voorkom wat nie 'n ooreenstemmende enkelvoudsvorm in klas 7 het nie. Vergelyk:

zvwelewa 'kos' (-lew- 'word geëet')

6.2.2.9 Klas 9

Die normvariant *N- realiseer alleenlik in die geval van monosillabiese deverbatiëwe naamwoordstamme. Die voorkoms van monosillabiese stamme is só beperk dat die

volledige reeks allomorwe wat in die geval van die basiese naamwoorde in klas 9 geïdentifiseer is (vergelyk 6.2.1.11 (a) - (g)), nie hier herhaal kan word nie. Die allomorwe wat wel teëgekrom is, is

(a) m-

mphô 'geskenk' (-fh- 'gee')

(b) n- [ŋ-]

Die voorkoms van -a as deverbatiëwe uitgang in klas 9 is skaars. Slegs enkele voorbeelde is teëgekrom.

nqwa 'oorlog' (-lw- 'veg')

(c) n- [ŋ-]

nkhô '(groot) kleipot' (-kh- 'skep')

(d) okkl-

In die geval van die basiese naamwoorde is aangetoon dat die historiese nasaalverbinding tussen die prefiks en die wortel se aanvangskonsonant 'n enkel konsonant (wat nie 'n nasaal is nie) as refleks nagelaat het. Daar kan aanvaar word dat dieselfde proses gelei het tot die tipe aanvangskonsonant wat by deverbatiëwe naamwoorde aangetref word. Klas 9 vertoon dus geen herkenbare prefiks in die geval van polisillabiëse naamwoordstamme nie. Gevolglik word die prefiks hier voorgestel deur **okkl-**.

- | | | | | | |
|--|---|---------------------|---|---------------------------------------|---------------|
| B. Ni- + -k _o la | → | ŋk _o li | → | okkl-ŋh _o di | 'spioen' |
| B. Ni- + -pindula | → | mpindulo | → | okkl-pheq _o l _o | 'verandering' |
| B. Ni- + -v _a i _y a | → | mbey _o | → | okkl-bêq _o | 'beitel' |
| B. Ni- + -y _a t _a y _a | → | ŋgatav _o | → | okkl-garav _o | 'antwoord' |
| B. Ni- + -lima | → | ndimo | → | okkl-qem _o | 'landbou' |

Die mate waarin -ô as deverbatiëwe uitgang in klas 9 oorheers kan reeds uit die

bostaande voorbeelde afgelei word. Benewens **thôdi** kom **-i** ook as uitgang voor in

okkl-gôvi 'haak' (-ôv- 'haak')
okkl-gêbi 'koevoet' (-êb- 'grawe')

-ê is in een deverbatief aangetref, te wete

okkl-dzwêdê 'koei met 'n kalf' (-zwal- 'geboorte skenk')

6.2.2.10 Klas 10

(a) *di-

Die meervoud van deverbatiëwe naamwoorde in klas 9 word reëlmatig deur middel van ***di-** gevorm, terwyl een voorbeeld van 'n deverbatiëwe naamwoord in klas 11 teëgekóm is wat deur middel van ***di- + *N-** meervoudig afgelei word in klas 10. In die geval van naamwoorde in klas 9 gee meervoudsvorming deur middel van klas 10 se prefiks aanleiding tot dubbelprefigering omdat ***di-** vooraan ***N-** gevoeg word. As norm dui ***N-** hier op enige moontlike realisasie van klas 9 se prefiks. Vergelyk:

dimphô 'geskenke' (-fh- 'gee')
dindwa 'oorloë' (-lw- 'veg')
dinkhô '(groot) kleipotte' (-kh- 'skep')

In die meerderheid van gevalle is slegs ***di-** as prefiks herkenbaar. Vergelyk:

dithôdi 'spioene' (-thôl- 'spioeneer')
diphêdôlô 'veranderinge' (-fhêdôl- 'verander')
dibêdô 'beitels' (-vêd- 'skrynwerk doen')
digaravô 'antwoorde' (-arav- 'antwoord')
ditshêgô 'howe' (-tshêg- 'n saak verhoor')
digôvi 'hake' (-ôv- 'haak')
digêbi 'grawe' (-êb- 'grawe')
didzwêdê 'koeie met 'n kalwers' (-zwal- 'geboorte skenk')

Dieselfde uitgange wat in klas 9 voorkom, word ook hier aangetref.

Ofskoon voorbeelde van deverbatiwe in klas 11 baie beperk is, dui dié wat wel teëgekem is daarop dat deverbatiwe naamwoorde in klas 11 - net soos hulle basiese eweknieë - meervoudig afgelei word deur middel van *di- + *N-. Vergelyk:

lovône → dibône 'tradisionele rietfakkels'

6.2.2.11 Klas 11

In 6.2.1.7, 6.2.1.13 en 6.2.2.5 is verwys na die uitruilbaarheid van klas 5 en klas 11 se prefikse. Hoewel alle naamwoorde in klasse 5 en 11 mekaar se prefikse kan neem, word sommige naamwoorde eerder met die een as die ander prefiks gebruik. Die voorbeelde wat hier aangehaal word, is spontaan deur die informante in klas 11 geplaas.

(a) *lo-

*lo- is die norm omdat dit die enigste vorm is waarin hierdie prefiks voorkom.

lovône	'lig'	(-vôn- 'sien')
loêbô x loyêbô	'lied'	(-êb- 'sing')
loabô x loyabô	'vertroulike gesprek'	(-ab- 'praat')

Die voorkoms van y as oorgangsklank tussen die klasprefiks en die naamwoordstam wanneer laasgenoemde op a of ê begin, is opvallend. Die klankomgewing waarin y aangetref word, is hier dieselfde as wat in 6.2.1.1, 6.2.1.5 en 6.2.1.15 geïdentifiseer is.

6.2.2.12 Klas 14

(a) *vo-

In die geval van deverbatiwe naamwoorde word slegs *vo- as klasprefiks gebruik. -ê, -i, -a en -ô kom voor as uitgange, maar laasgenoemde is die mees produktiewe van die vier.

volwêdê	'siekte'	(-lwal- 'siek wees')
vodiidi	'armoede'	(-diil- 'arm wees')
voima	'gewig'	(-im- 'swaar wees')
vophelô	'lewe'	(-phel- 'lewe')

6.2.2.13 Samevatting van deverbatiwe naamwoordprefikse

Dieselde simbole as in 6.2.1.22, word hier gebruik. Die betekenis daarvan word gerieflikheidshalwe herhaal:

'='	-	'Die allomorfe wat benewens die norm voorkom, volg'
''	-	'en'
'x'	-	'wissel met'
(a) Klas 1		*mo-
(b) Klas 2		*va-
(c) Klas 3		*mo-
(d) Klas 4		*me-
(e) Klas 5		*le- x lo-
(f) Klas 6		*ma-
(g) Klas 7		*khe-
(h) Klas 8		*zwe-
(i) Klas 9		*N- = m-, n- ([ŋ-]), n- ([ŋ-]), Ø-
(j) Klas 10		*di-
(k) Klas 11		*lo- x le-
(l) Klas 14		*vo-

6.2.3 Diminutiewe naamwoorde

In hierdie afdeling word meer uitgebrei oor die betekenisaspek as in die geval van die ander tipes naamwoorde omdat die navorsingsresultate nuwe lig kan werp op die betekenis van diminutiewe naamwoorde in die Bantoetale in die algemeen. 'n Verband tussen die toedrag van sake in Lobedu en moontlike universeel-geldende beginsels in soverre dit verkleining aangaan, is waargeneem. Hieronder tel verskillende grade van diminusie wat korreleer met verskillende affigeringstrategieë.

Diminutiewe naamwoorde kan afgelei word van alle tipes naamwoorde, behalwe gelokativeerde naamwoorde. Uit Lombard et al. (1988:75) blyk dit dat diminutiewe naamwoorde in standaard Noord-Sotho gekenmerk word deur 'n diminutiewe suffiks wat benewens die klasprefiks en wortel/stam aanwesig moet wees. Vergelyk **leswikana** 'klippie' ← **le-** (klasprefiks) + **-swik-** (wortel) + **-ana** (diminutiewe suffiks). Dit sal gaandeweg duidelik word dat meer as een diminutiefvormingstrategie in Lobedu gebruik word. Een van hierdie strategieë, wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie, behels die vervanging van die klasprefiks van 'n betrokke naamwoord deur dié van klas 7 (enkelvoud) of klas 8 (meervoud), terwyl die diminutiewe suffiks **-ana** dan ook aanwesig is. Dit gee aanleiding tot 'n voorbeeld soos **lefhiga** → **khefhigana** 'klippie', waarin klas 5 se prefiks, **le-** vervang word met **khe-** van klas 7.

Die adjektiefstam **-thokho** 'klein' en die verdubbeling daarvan, **-thokhothokho**, maak 'n integrerende deel van die bespreking van diminutiefvorming in Lobedu uit. Daar bestaan duidelike parallele tussen die betekenis en gebruik van **-thokho/-thokhothokho** en diminutiefvormingstrategieë wat in Lobedu gebruik word. Hoewel die gebruik van **-thokho/-thokhothokho** nie tot die vorming van diminutiewe naamwoorde lei nie, is verwysing na die rol daarvan nietemin noodsaaklik.

6.2.3.1 Diminutiefvormingstrategieë

Twee diminutiefvormingstrategieë waarna hieronder as strategie A en strategie B onderskeidelik verwys word, kom in Lobedu voor. Strategie A behels affigering van die diminutiefsuffikse **-ana** of **-nyana** aan die naamwoordstam/-wortel, soos wat die algemene gebruik in Noord-Sotho is. Strategie B daarenteen manifesteer in prefigering en in uitsonderlike gevalle preprefigering van klas 7 (enkelvoud) of 8 (meervoud) se prefikse met die gepaardgaande gebruik van die diminutiewe suffiks **-ana**. **-nyana** word nooit saam met die klas 7/8 prefikse gebruik nie. Ten einde meer duidelikheid te verkry oor hierdie toedrag van sake in Lobedu, word ondersoek ingestel na bestaande diminutiefvormingstrategieë in Venda en Tsonga.

Benewens die aanwending van 'n verskeidenheid klasprefikse met 'n diminutiewe betekenis, kan diminutiewe in Venda ook gevorm word deur affigering van **-ana** of

-nyana, terwyl die gebruik van 'n klasprefiks - waaronder dié van klasse 7 en 8 - tesame met **-ana** ook voorkom (Poulos, 1990:38, 86-87). Wat die laaste twee strategieë betref, bestaan daar 'n besliste ooreenkoms tussen Venda en Lobedu. Die gesamentlike gebruik van klas 7/8 se prefiks en die diminutiewe suffiks is beperk tot sekere woorde in Venda, terwyl dié strategie op feitlik alle naamwoorde in Lobedu van toepassing is.

Tsonga maak slegs van die strategie gebruik waarvolgens klas 7/8 se prefikse en die diminutiewe suffiks **-ana** gesamentlik geaffigeer word (Baumbach, 1987:148-151).

Die gebruikmaking in Lobedu van twee strategieë wat albei in Venda voorkom, plaas dit enersyds na aan Venda, terwyl die meer algemene gebruik van strategie B andersyds op affiniteit met Tsonga dui. Gevolglik is dit moeilik om te sê watter een van Venda of Tsonga die grootste invloed in hierdie verband op Lobedu uitgeoefen het.

'n Aanduiding van ontlening uit Venda is die gebruik van die adjektiefwortel **-thokho** 'klein' in Lobedu. In Venda word **-tuku** 'klein' soms naas en soms in plaas van diminutiewe naamwoorde gebruik, terwyl **-thokho** ook in Lobedu sonder enige betekenisverskil as alternatief vir die genoemde strategieë gebruik kan word. Ekwivalente vir **-thokho** (Lobedu) of **-tuku** (Venda) word nie in Tsonga gebruik nie.

6.2.3.2 Betekenis van diminutiewe naamwoorde

-thokho/-thokhothokho, en die genoemde diminutiefvormingstrategieë kan aanleiding gee tot die uitdrukking van verskillende grade van diminusie. Die gedagte dat grade van diminusie in die taalstruktuur gereflekteer word is nie nuut nie. Dit is reeds terloops vir Noord-Sotho en ander goed gedokumenteerde Bantoetale genoem, hoewel geen skrywer nog breedvoerig hieroor verslag gedoen het nie. Ten opsigte van standaard Noord-Sotho merk Lombard et al. (1988:75) op dat "... [-ana] expresses ordinary diminutives, whereas [-nyana] expresses intense diminution...", asook "The two suffixes **-ana** and **-nyana** may also be combined to express a further degree of intensity of the diminutive" (Lombard et al., 1988:81). Poulos (1990:86-87) sien dit ook

raak in Venda en merk in dié verband op dat "... in some instances a prefix ... may be used together with a diminutive suffix. It appears as though different degrees of diminution or smallness may be achieved in this way". Die Lobedu feite suggereer dat dié onderwerp meer om die lyf het as wat navorsers tot nog toe laat blyk het.

Tydens navorsingsessies het dit algaande duidelik geword dat die grootte van voorwerpe 'n saak van relatiewiteit is. Hoewel 'n klip so groot soos 'n albaster klein is in vergelyking met een so groot soos 'n baksteen, is eersgenoemde weer groot in vergelyking met 'n lastige klippie in 'n skoel. Dit is duidelik dat 'n spreker se belewenis van 'n werklikheidsituasie in baie gevalle deurslaggewend is by die besluit of die naamwoord wat na 'n voorwerp verwys diminutief afgelei moet word aldan nie. Ook die mate waartoe diminusie in die taalstruktuur gereflekteer moet word, word klaarblyklik deur 'n spreker se ervaring en interpretasie van 'n gegewe situasie bepaal. Die gebruik van 'n besondere diminutiefvormingstrategie weerspieël dus die taalgebruiker se persepsie van die intensiteit van die verkleining wat ter sake is.

'n Hele aantal voorbeelde met verskillende diminutiefmorfeme, met of sonder die gelyktydige gebruik van die adjektiefwortel **-thokho**, word gevolglik teëgekome wat fynere onderskeid met betrekking tot grade van diminusie uitdruk. Hier word verwys na semantiese kontraste tussen voorbeelde met **-ana**, **-nyana**, **-anyana**, en enige hiervan in kombinasie met **-thokho/thokho/thokho**. 'n Ondersoek van hierdie aard val buite die bestek van hierdie studie. Hierdie gedeelte bevat derhalwe grotendeels waarnemings in verband met die wyse waarop grade van diminusie in Lobedu verwoord word.

Positiewe gevoelswaarde, waaronder vertedering, en negatiewe gevoelswaarde, waaronder derogasie, kan ook deur diminutiefmorfeme verwoord word. Hierdie aspek van verkleining hou nou verband met sosio-kulturele gedragskodes wat nie in die bestek van hierdie proefskrif grondig ontleed kan word nie. Verwysings na die rol van gevoelswaarde word gevolglik beperk tot die verskillende konnotasies wat taalgebruikers met spesifieke diminutiefvormingstrategieë verbind. Daar is aanduidings dat sprekers tussen ten minste vier semantiese kategorieë onderskei binne die breëre

kader van diminutiefvorming, naamlik:

(a) Kategorie 1

Diminutiefafleiding vind nie plaas nie omdat die voorwerp na die spreker se mening nie verklein is nie. Naamwoorde wat in hierdie kategorie val, kan egter aan diminusie onderwerp word indien die spreker dit noodsaaklik ag, en moet van kategorie 4 hieronder onderskei word. Hierdie is die basiese kategorie waartoe alle diminutief-onafgeleide naamwoorde behoort wat wel diminutief afleibaar is.

(b) Kategorie 2

Voorwerpe wat binne hierdie kategorie val is nie uitermate verklein nie. Daar bestaan twee maniere om hieraan uiting te gee, te wete diminutiefafleiding met behoud van die naamwoord se normale prefiks, enersyds, en bepaling deur middel van die adjektiefstam **-thokho** andersyds. Vergelyk:

Suffigering van **-nyana**:

lefhiganyana 'klippie'

Suffigering van **-ana**:

lefhigana 'klippie'

Adjektief gevorm met **-thokho**:

lefhiga lê lethokho 'klippie'

Daar is nie 'n duidelike semantiese onderskeid tussen hierdie drie voorbeelde waargeneem nie. Verkleinings wat só gevorm word, word vir die doeleindes van hierdie studie as fakultatiewe variante hanteer, hoewel daar na verwagting fyn onderskeide tussen dié voorbeelde getref sou kon word. So dui voorlopige waarnemings daarop dat suffigering van **-ana** in ten minste sommige gevalle 'n intensiewer graad van verkleining tot gevolg het as suffigering van **-nyana**. Vergelyk in dié verband **modzana** 'statjie' teenoor **modzenyana** 'n redelik goterige statjie'.

Hierdie waarneming bots met dié van Lombard et al. (1988:75) wat beweer dat **-ana** in standaard Noord-Sotho 'n minder intensiewe graad van verkleining as **-nyana** aandui.

(c) Kategorie 3

Voorwerpe behorende tot hierdie kategorie is volgens die oordeel van die spreker intensief verklein. Sodanige verkleining kan op twee maniere in Lobedu uitgedruk word:

- (i) Deur die prefiks van 'n naamwoord te vervang met dié van klas 7, **khe-**, of klas 8, **zvwe-**, terwyl **-ana** gesuffigeer word. Vergelyk **khefigana** 'klein klippie'. Hierdie prefikse en **-nyana** word nooit saam gebruik nie. Die waarskynlikste verklaring hiervoor is dat **-nyana** in Lobedu op 'n minder intensiewe graad van diminusie as **-ana** dui. (Vergelyk (b) hierbo). Gevolglik bring die gelyktydige gebruik daarvan saam met **khe-/zvwe-** 'n semantiese anomalie teweeg.
- (ii) Deur 'n adjektief met **-thokhothokho**, 'n verdubbeling van **-thokho**, te vorm, byvoorbeeld **lefhiga lê lethokhothokho** 'klein klippie'.

Die gebruik om **-thokho** te verdubbel ten einde intensiewe diminusie aan te dui, stem ooreen met die verdubbeling van **-nyane** in standaard Noord-Sotho. Vergelyk:

Leswika lê lenyane 'klippie'
Leswika lê lenyanenyane 'klein klippie'

Naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+dierlik] ondergaan slegs diminusie deur middel van strategie B. In die geval van hierdie naamwoorde lei strategie B nie tot intensiewe diminusie nie, maar wys dit op die kleintjies van diere. Vergelyk:

kheḡawana	'leeutjie'
khevuḡana	'hasie'
kheḡhalerwana	'wilde hondjie'

(d) Kategorie 4

Naamwoorde behorende tot hierdie kategorie benoem sake wat om semantiese redes nie verklein kan word nie. Drie sulke semantiese beperkings is geïdentifiseer.

- (i) Ten eerste bestaan daar voorwerpe wat so klein is dat 'n nog kleiner weergawe daarvan aan die ondenkbare sou grens. Informante ag die gebruik van diminutiefvormingsmorfeme saam met naamwoorde wat na sulke piepklein voorwerpe verwys as oortollig en wil nie diminutiewe teenhangers in sodanige gevalle aanvaar nie. In hierdie verband kan verwys word na voorbeelde soos

levu	'sand-/grondkorrel'
ledzêdzê	'vlooi'
monane	'muskiet'

- (ii) 'n Tweede semantiese beperking op diminusie raak sommige naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik +derogatief]. Omdat diminutiefvormingstrategie B, dit wil sê **khe- + -ana**, aan naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik] derogatiewe (ongewensde, veragtelike) kenmerke toevoeg, is diminusie van naamwoorde wat alreeds inherent oor hierdie derogatiewe eienskappe beskik, oorbodig. Vervolgens word enkele voorbeelde van naamwoorde aangehaal waar diminutiefvormingstrategie B aanleiding gee tot die toevoeging van die kenmerkspesifikasie [+derogatief]. Volgens informante behoort die gebruik van sodanige diminutiewe liefs vermy te word. Daarna word naamwoorde aangehaal wat weens 'n inherente derogatiewe betekenis nie aan diminusie onderwerp kan word nie.

khekhalyana	'veragtelike ou mannetjie'
khesadzana	'onaansienlike vroujie'

Naamwoorde soos die volgende het nie diminutiewe teenhangers nie:

kheḥhōḥōlō	'prostituut'
mogwa	'luiaard'
lefōdu	'dief'

Dit lyk egter of laasgenoemde semantiese beperking nie deurgaans geld nie, omdat daar wel diminutiewe vorme vir voorbeelde soos die volgende gedokumenteer kon word:

leḡḡere	→	kheḡḡešana	'veragtelike luiaardjie'
lefhafhara	→	khefhafhašana	'veragtelike stommerikkie'

- (iii) Die derde semantiese beperking op diminusie raak naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik]. Sprekers bied weerstand teen die vorming van diminutiewe in die geval van naamwoorde wat na mense verwys. Dit moet beklemtoon word dat die beperking op diminusie nie net op naamwoorde van klasse 1 en 2 van toepassing is nie, maar op naamwoorde van alle klasse wat na mense verwys.

Die vermyding van 'n diminutiefvormingstrategie wat kan lei tot verwysing na mense op 'n derogatiewe wyse, dui op 'n bepaalde lewensbeskouing van die Balobedu in die besonder, maar ook van die mens in die algemeen. Givón (1970:38 & 44) en (1976:152) verklaar dié toedrag van sake in terme van wat hy 'n 'antroposentriese' ("anthropocentric") lewensbeskouing noem. In eersgenoemde bron voer Givón (1970:34) bewyse aan dat klas 1/2 naamwoorde oorspronklik in klas 9/10 gehuisves is, en dat verskuiwing na klas 1/2 waarskynlik 'n relatief onlangse Proto-Bantoe vernuwing is. Hy beskryf die

Bantoe naamwoordsisteem in die era vóór die bogenoemde herinterpretasie van klasse as 'n "non-anthropocentric, n-ary, non-hierarchized multigender system..." (Givón, 1970:36). Die herinterpretasie van die klasesisteem wat hierop gevolg het, het gesentreer rondom die kombineerbaarheid van spesifieke werkwoorde met spesifieke naamwoorde. Die gevolg hiervan was dat [+menslik] onderskei is van [+lewend], met die gevolg dat "a hierarchized, anthropocentric system of semantic classification of nouns emerged, in which the category/feature [human] was placed at the top of the hierarchy of semantic markedness" (Givón, 1970:41-42).

In Givón (1976:152) wys die outeur op die bestaan van vier binêre hierargiese verhoudings waarvolgens tematisering in tale plaasvind. Een van hierdie binêr-kontrasterende pare, menslik > nie-menslik, reflekteer volgens Givón "the tendency for humans to speak more about humans than non-humans, i.e. the ego/anthropocentric nature of discourse."

Dit wil voorkom asof die antroposentriese lewensbeskouing in Lobedu onder andere vergestalt word deurdat menslike sake nie onderwerp word aan diminusie nie, omdat dit derogatiewe konnotasies as neweprodukte teweegbring.

In die geval van menslike sake dien die gebruik van **-thokho** in 'n adjektiefkonstruksie egter as 'n alternatiewe strategie om diminusie in terme van kategorieë 2 en 3 te bewerkstellig. Deur van **-thokho/-thokhothokho** gebruik te maak word 'n diminutiewe betekenis aan die betrokke naamwoord verleen sonder dat enige ander semantiese implikasies daarmee geassosieer kan word. Dit is gevolglik moontlik om te sê **khôsi ê thokho** 'klein kaptein(tjie)', maar nie ***khôsana/*khôsinyana/*khekhôsana** nie.

Wat verskillende grade van diminusie betref, is standaard Noord-Sotho, Lobedu en

Venda nie uniek nie. Bratus (1969:8) maak melding van drie grade van diminusie in Russies, benewens die grootte van 'n voorwerp wat nie deur verkleining gekenmerk word nie: "minimal", "intermediate" en "highest". By eersgenoemde word slegs een diminutiewe suffiks gebruik, terwyl aaneenstringing van diminutiewe suffikse by die ander twee tipes plaasvind. Die "intermediate" en "highest" tipes word hoofsaaklik gebruik om bepaalde gevoelswaardes uit te druk sonder om noodwendig te impliseer dat die voorwerp klein is.

Vervolgens word diminusie in die geval van kategorieë 2 en 3 met behulp van voorbeelde opgesom:

Kategorie 2

Naamwoorde wat binne die bestek van kategorie 2 val, word diminutief afgelei deur strategie A (vergelyk 6.2.3.1). Die diminutiewe suffikse **-ana** en **-nyana** funksioneer as fakultatiewe variante. Prefikse speel nie 'n rol as diminutiewe morfeme nie. Die adjektiefstam **-thokho** druk dieselfde betekenis as **-ana/-nyana** uit, maar die gebruik daarvan word nie as 'n diminutiefvormingstrategie beskou nie. Vergelyk:

bêu	'saad'	→	bêwana/bêunyana	'saadjie'
lomaô	'naald'	→	lomawana/lomaônyana	'naaldjie'
lefhika	'klip'	→	lefhikana/lefhikanyana	'klippie'
-thokho:	khômo 'bees'	→	khômo ê thokho = khômyana/khômomyana	'besie'

Kategorie 3

Naamwoorde wat in kategorie 3 val, word diminutief afgelei deur strategie B (vergelyk 6.2.3.1). **-ana** is die enigste diminutiewe suffiks wat hier 'n rol speel. Dit word vergesel van **khe-** (klas 7) of **zwwe-** (klas 8), wat in meeste gevalle die klasprefiks van die naamwoord vervang. Die verdubbelde adjektiefstam **-thokhothokho** druk dieselfde betekenis as **khe/-zwwe- + -ana** uit. Die gebruik daarvan word eweneens nie as 'n diminutiefvormingstrategie beskou nie. Vergelyk:

kheêbê	'byl'	→	kheêbyana/zweêbyana	'klein byltjie(s)'
lešabô	'been'	→	khešabyana/zwešabyana	'klein beentjie(s)'
vorofha	'poot'	→	kherofhana/zwerofhana	'klein pootjie(s)'
-ṭhokhoṭhokho: modze 'stat' → modze wô moṭhokoṭhokho = khedzana/zwedzana				'klein statjie(s)'

6.2.3.3 Diminutief-afgeleide werkwoorde

Die suffigering van **-nyana** aan werkwoordstamme kom ook in Lobedu voor. Omdat **-nyana** 'n nominale suffiks is word verslag oor werkwoorde met dié diminutiewe suffiks in hierdie hoofstuk gedoen.

Schuring (1971:102-104) vermeld dat **-nyana** in standaard Noord-Sotho saam met werkwoorde en infinitiewe gebruik kan word. Die affigering van diminutiewe suffikse aan werkwoorde is eweneens algemeen in Russies, waaroor Bratus (1969:53) homself soos volg uitlaat: "... the choice of verbs lending themselves to diminutivization is also very limited"; en verder "... it seems that, apart from their basic meaning, some verbal forms have, in certain contexts the subjectively coloured nuances of diminutiveness (a diminution of the action)...". In hierdie opsig dien **-ema** as voorbeeld:

Emanyana, ge eḁa 'Wag 'n bietjie, ek kom'

Geen voorbeelde van **-ana** as diminutiewe suffiks saam met 'n werkwoord is in Lobedu aangetref nie.

6.2.3.4 Klankveranderinge betrokke by diminutievorming

Die klankveranderinge en -verskynsels wat die klanksisteem van Lobedu kenmerk, is breedvoerig in hoofstuk 5 onder die loep geneem. Die spesifieke klankomgewings wat deur die suffigering van **-ana** tot stand kom en aanleiding gee tot klankveranderinge word hier kursories aangedui, hoewel dit nie ontleed word nie. Soos in standaard Noord-Sotho, aktiveer die suffigering van **-nyana** nie klankveranderinge nie. Die volgende sensitiewe klankomgewings is geïdentifiseer:

(a) Naamwoorde wat op a eindig

a smelt saam met die aanvangsvokaal a van die diminutiewe suffiks, byvoorbeeld:

dinawa	'bone'	→	zwenawana	'boontjies'
kheṯhōpha	'groep'	→	kheṯhōphana	'groepie'
lefhiga	'klip'	→	lefhigana	'klippie'

Uitsonderlike gevalle waarin analogiese palatalisering in die klankomgewing **K+a | -ana** voorkom, is egter ook teëgekom:

lešofha	'poot'	→	lešofhyana	'pootjie'
lešama	'wang'	→	lešamyana	'wangetjie'
lehala	'kool'	→	lehadyana	'kooltjie'
makhura	'olie/vet'	→	makhušana	'bietjie olie/vet'
khevaḍa	'roofdier'	→	khevaḍyana	'roofdiertjie'

In meeste gevalle lei die klankomgewing **K+a | -ana**, waarin **K+a** = konsonant gevolg deur finale a en | = morfeemgrens, nie tot palatalisering nie. Uitsonderings kom waarskynlik voor na aanleiding van 'n reël wat van toepassing is op labiale konsonante gevolg deur 'n voor- of agtervokaal, dit wil sê **K(lab)+V(voor, agter) | -ana** → **Kyana**. Heelwat voorbeelde hiervan word in hierdie afdeling aangehaal.

Nie-labiale konsonante gevolg deur voorvokale, dit wil sê **K(-lab)+V(voor)**, palataliseer as 'n reël wanneer **-ana** gesuffigeer word, hoewel uitsonderings op hierdie reël ook waargeneem is (vergelyk (f) (ii) hieronder). Palatalisering van nie-labiale konsonante gevolg deur a, met ander woorde **K(-lab)+a**, geskied dus waarskynlik na analogie van die kondisie **K(-lab)+V(voor)**.

(b) Naamwoorde wat op 'n agtervokaal eindig

Die agtervokaal verander in die glyer w indien dit nie deur 'n labiale konsonant voorafgegaan word nie, byvoorbeeld:

lomaô	'naald'	→	lomawana	'naaldjie'
levôđô	'muur'	→	levôđwana	'muurtjie'
đoo	'grondboon'	→	kheđowana	'grondboontjie'
belo	'hart'	→	belwana	'hartjie'
bêu	'saad'	→	bêwana	'saadjie'
khuru	'knie'	→	khurwana	'knetjie'
dikhokhokho	'patats'	→	dikhokhokhwana	'bietjie patats'
vořhuřhô	'warmte'	→	vořhuřhwana	'bietjie warmte'
leinô	'tand'	→	leinwana	'tandjie'
mařaho	'boude'	→	mařahwana	'boudjies'
ndô	'huis'	→	ndwana	'huisie'

l+ô → **dy** verteenwoordig 'n uitsondering op hierdie reël. (Vergelyk (f) (ii)).

(c) Naamwoorde wat eindig op 'n voorvokaal wat voorafgegaan word deur nog 'n vokaal

Die voorvokaal verander in die glyer **y**, byvoorbeeld

džiê	'sprinkaan'	→	khedžiyana	'sprinkaatjie'
gôlôi	'wa'	→	khegôlôyana	'waentjie'
lezwai	'sout'	→	lezwayana	'bietjie soutjies'

(d) Naamwoorde wat eindig op **đ of **ř** gevolg deur 'n voorvokaal**

Hierdie klankreekse word omvorm tot **djana** en **řhiana** respektiewelik.

třhêlêđê	'geld'	→	třhêlêđjana	'bietjie geldjies'
lemađi	'deur'	→	lemađjana	'deurtjie'
moriđi	'skaduwee'	→	moriđjana	'skaduweetjie'
dirêřhê	'hakskene'	→	zwereřhiana	'hakskeentjies'

Die klankreeks **dja** en **řhia** word in normale vinnige spraak ook as **dya** en **řhya** onderskeidelik gehoor.

(e) Naamwoord wat eindig op r gevolg deur 'n voorvokaal

Die volgende veranderings, wat in sommige gevalle fakultatief varieer, vind plaas:

r → š:	bêrê 'perd'	→	khebêšana	'perdjie'
	phiri 'hiëna'	→	khephišana x khephiriyana	'hiënatjie'
	moriri 'haar'	→	morišana x moriryana	'haartjie'
r → ry:	nare 'buffel'	→	khenaryana	'buffeltjie'
	more 'boom'	→	moryana	'boompie'
	phiri 'hiëna'	→	khephišana x khephiriyana	'hiënatjie'

Informante wou nie *khešana en *mošana as moontlike wisselvorme van khenaryana en moryana aanvaar nie.

Die klankreeks **rya** word in afgemete spraak ook as **ria** gehoor.

(f) Naamwoorde wat l in die slotsillabe bevat

Die volgende kan gebeur:

- (i) As l deur 'n voorvokaal gevolg word, is die resultaat 'n retrofleks gepalataliseerde **dy**:

mazwêlê 'borste'	→	mazwêdyana	'borsies'
lesôlê 'soldaat'	→	lesôdyana	'soldaatjie'
movele 'liggaam'	→	movedyana	'liggaampie'
khwale 'patrys'	→	khekhwadyana	'patrysie'

Gevalle van ll figureer nie hier nie omdat die opeenvolging l+i in Lobedu soos in standaard Noord-Sotho aanleiding gee tot **dl**.

- (ii) As l deur 'n agtervokaal gevolg word, is die resultaat oor die algemeen **lw**, soos aangedui is in (b) hierbo. Die volgende gevalle van l+ô → **dy** (ook retrofleks en gepalataliseer), wat fakultatief varieer met l+ô → **lw**,

is egter ook aangeteken:

phôôfhôlô	'wildsbok'	→	khephôôfhôdyana x khepôôfhôlwana
			'wildsbokkie'
ṭhólô	'koedoe'	→	kheṭhôdyana x kheṭhôlwana
			'koedoetjie'

Gevalle van **lu** word ook nie hier behandel nie omdat hierdie klankreeks in Lobedu, soos in standaard Noord-Sotho, verander na **du**.

(g) Naamwoorde wat d in die slotsillabe bevat

Die volgende kan plaasvind:

- (i) As **d** deur **i** gevolg word, is die resultaat **dž**, soos in

mosadi	'vrou'	→	mosadžana	'onaansienlike vrou tjie'
moyêdi	'maan'	→	moyêdžana	'maantjie'

d+i kan ook aanleiding gee tot **dy**, in plaas van **dž**:

medi	'wortels'	→	medyana	'worteltjies'
------	-----------	---	---------	---------------

- (ii) As **d** deur **u** gevolg word, is die resultaat **dw**, byvoorbeeld

khudu	'skilpad'	→	khekhudwana	'skilpadjie'
khelêdu	'ken'	→	khelêdwana	'kennetjie'

d+u gee ook aanleiding tot **džw**, waarvan die volgende as voorbeeld dien:

diqêdu	'baard'	→	diqêdžwana	'min baard'
--------	---------	---	------------	-------------

(h) Wanneer die slotsillabe van 'n naamwoord bestaan uit 'n bilabiale konsonant gevolg deur 'n voor- of agtervokaal

Die bilabiale konsonant word gepalataliseer. In sommige gevalle kon daar nie geskikte voorbeelde gevind word om voorsiening te maak vir alle voor- en agtervokale in sodanige omgewings nie. Palatalisering manifesteer op die volgende maniere:

(i) b → by

kheêbê	'byl'	→	kheêbyana	'byltjie'
lemibi	'netvet'	→	lemibyana	'netvetjies'
vubi	'meel'	→	vubyana	'bietjie meel'
lešabô	'been'	→	lešabyana	'beentjie'
kheqobo	'lyk'	→	kheqobyana	'lykie'
lehabu	'waatlemoen'	→	lehabyana	'waatlemoentjie'

(ii) ph → phy

tshêphê	'springbok'	→	kheshêphyana	'springbokkie'
---------	-------------	---	--------------	----------------

(iii) v → vy

golovê	'vark'	→	khegolovyana	'varkie'
govô	'kometers'	→	govyana	'kometersie'
khavo	'aap'	→	khekhavyana	'apie'
guvu	'seekoei'	→	kheguyyana	'seekoeitjie'

(iv) fh → fhy

lehôfhi	'handpalm'	→	lehôfhyana	'handpalmpie'
phefhô	'wind'	→	phefhyana	'windjie'
kheqôfhô	'stoof'	→	kheqôfhyana	'stofie'

(v) m → my

leleme	'tong'	→	lelemyana	'tongetjie'
lekhumô	'rykdom'	→	lekhumyana	'bietjie rykdom'
molômo	'mond'	→	molômyana	'mondjie'

(i) Naamwoorde wat eindig op ne (die ekwivalent van SNS. ng)

Die volgende vind plaas:

(i) ne → n

thône	'skaamte'	→	kheṭhônana	'skamerigheid'
lenône	'aasvoël'	→	khenônana	'aasvoëltjie'

Hierdie klankverandering verteenwoordig 'n uitsondering op die reël aangesien ng → ny, wat in (ii) hieronder behandel word, meer algemeen in gebruik is.

(ii) ne → ny

phephene	'skerpioen'	→	khephephenyana	'skerpioentjie'
vyane	'gras'	→	vyanyana	'bietjie gras'

(j) Naamwoorde wat eindig op n gevolg deur 'n voorvokaal

n kan gepalataliseer word tot ny. Hoewel slegs een voorbeeld hiervan gevind is, is die voorkoms van ander soortgelyke gevalle nie uitgesluit nie.

tšhwêne	'bobbejaan'	→	khetšhwényana	'bobbejaantjie'
---------	-------------	---	---------------	-----------------

(k) Naamwoorde wat eindig op ander konsonante as dié hierbo genoem, gevolg deur 'n voorvokaal

Die vokaal word weggelaat en die konsonant bly onveranderd. Vergelyk enkele voorbeelde:

musi	'rook'	→	musana	'rokie'
nôtšhe	'heuning'	→	nôtšhana	'bietjie heuning'
moyêdzê	'maanhaar'	→	moyêdzana	'maanhaartjie'
modze	'stat'	→	modzana	'statjie'
mêêdzi	'water'	→	mêêdzana	'bietjie water'
lešôžê	'pampoen'	→	lešôžana	'pampoentjie'

maravyê	'pofadder'	→	maravyana	'pofaddertjie'
levônê	'lamp'	→	khevônana	'lampie'
khevône	'spieël'	→	kheivônana	'spieëltjie'
lendzwi	'woord'	→	lendzswana	'woordjie'
mofhenye	'(byl-)steel'	→	khefhenyana	'(byl-)steeltjie'

Enkele gevalle is teëgekome wat aantoon dat die diminutiewe suffikse **-ane** (slegs een voorbeeld hiervan is gevind) en **-ana**, wat reeds geleksikaliseer het, steeds in Lobedu as diminutiewe suffikse geïnterpreteer word. Die volgende voorbeelde dien as illustrasie:

namane	'kalf'	→	khenamane	'kalfie'	en nie *khenamanyana nie
mosimana	'seun'	→	khesimana	'seuntjie'	en nie *khesimanyana nie

6.2.4 Kwalifikatiewe naamwoorde

Twee tipes kwalifikatiewe naamwoorde word onderskei, naamlik adjektiewe naamwoorde en relatiewe naamwoorde - vergelyk Lombard et al. (1988:57) in dié verband. Adjektiewe naamwoorde bestaan uit 'n wortel as kern tesame met 'n klasprefiks wat ooreenstem met dié van die naamwoord wat omskryf word. In teenstelling hiermee is die klasprefiks van relatiewe naamwoorde onveranderlik in die sin dat die relatiewe naamwoord nie met die antesedent klasse-ooreenstemming vertoon nie. Aangesien kwalifikatiewe naamwoorde nie morfologies van hulle eweknieë in standaard Noord-Sotho verskil nie, word beperkte ruimte aan die bespreking afgestaan.

6.2.4.1 Adjektiewe naamwoorde

Adjektiewe naamwoorde word altyd aan die naamwoord wat gekwalifiseer word geskakel met 'n kwalifikatiewe partikel. Klassekongruensie geskied dus deur middel van die kwalifikatiewe partikel wat vormlik ooreenstem met die demonstratiewe voornaamwoord van die eerste posisie, gevolg deur 'n klasprefiks van dieselfde klas as dié waartoe die antesedent behoort. Die kwalifikatiewe partikels word volledig behandel in 6.4.5. Die adjektiewe naamwoorde in die volgende voorbeelde verskyn

in vetdruk:

monna yô momyê	'ander man'
banna ba baṭhano	'vyf mans'
myaha wô moswa	'nuwe jaar'
memyaha yê meraro	'drie jaar'
lerumô lê lelêlê	'lang spies'
marumô a mavêdi	'twee spiese'
khelô khê khehubidu	'rooi ding'
zwvevaḍa zvwê zweraro	'drie roofdiere'
ndô yê ntshwa	'nuwe huis'
dindô džê diswa	'nuwe huise'
loru lô lošwêu	'wit wolk'
vubi vyô voswa	'vars meel'

Vanuit die aangehaalde voorbeelde is dit duidelik dat adjektiewe in Lobedu in sommige opsigte verskil van hulle eweknieë in standaard Noord-Sotho. Eerstens geld die reël waarvolgens okklusivering deur die klasprefiks van klas 8 veroorsaak word, nie soos in standaard Noord-Sotho nie. Ziervogel et al. (1978:60) spreek die mening uit dat klas 8 se prefiks okklusivering veroorsaak na analogie van klas 10 se prefiks - waarskynlik vanweë die vormlike ooreenkoms tussen dié twee prefikse. (Vergelyk **di-** (klas 8) en **di(n)-** (klas 10)). Hierdie eendersheid bestaan nie in Lobedu nie. Vergelyk klas 8 **zwve-** met klas 10 **di(n)-**. Okklusivering realiseer dus in die eerste plek nie wanneer klas 8 se prefiks gebruik word nie omdat die analogie met klas 10 se prefiks nie bestaan nie, en tweedens omdat **zwve-** nie 'n onderliggende nasaal bevat nie.

Verder is dit opvallend dat okklusivering nie plaasvind in die geval van klas 10 naamwoorde indien die adjektiefwortel monosillabies is nie. Dit wil voorkom asof die okklusiveringsreël in sulke gevalle opgehef word. In die geval van polisillabiese adjektiefwortels in klas 10, is klas 9 se prefiks egter, soos in standaard Noord-Sotho, by implikasie aanwesig in die vorm van okklusivering. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Klas 10 (monosillabiese adjektiefwortel):

dibidža džê **diswa** 'nuwe potte' (geen okklusivering)

Klas 10 (polisillabiese adjektiefwortel):

dindô džê **dikholo** 'groot huise' (okklusivering aanwesig)

Dit is ook opvallend dat die prefiks van klas 10 normaalweg nie weggelaat word uit adjektiewe naamwoorde in klas 10 soos in standaard Noord-Sotho nie. Vergelyk L. **dindô džê dikholo** 'groot huise' met SNS. **dintlô tšê kgolo** 'groot huise'. Hierdie reël geld egter nie wanneer die wortels **-vêdi**, **-raro**, **-ne** en **-thano** in adjektiewe naamwoorde van klas 10 opgeneem word nie. Vergelyk:

dimbya džê **bêdi** 'twee honde'

dimbya džê **tharo** 'drie honde'

dimbya džê **ne** 'vier honde'

dimbya džê **thano** 'vyf honde'

Naamwoorde in klas 11 genereer wel kongruensie, hoewel klas 5 se kongruensiemorfeme verkies word. Adjektiewe naamwoorde word dus soos volg aan naamwoorde in klas 11 geskakel:

lomaô lê **lelêlê** 'lang naald', maar ook

lomaô lô **lolêlê**.

Die volgende adjektiefwortels word ook in Lobedu gebruik:

-khufhi 'kort' (vergelyk Venda **-pfufhi**)

-dala 'groen'

-dzôthô/-dzôthwa 'bruin'

-vê 'sleg'

-sêsê 'smal'

-sêkhê 'smal' (vergelyk Venda **-sekene**)

-vyane?	'wat se soort?'
-swa	'nuut'
-gae?	'hoeveel?'
-gagane?	'hoe groot?'
-vodze	'mooi/goed'
-gaa	'so groot'
-gana	'so groot' (kleiner as met -gaa)
-thokho	'klein' (vergelyk Venda -tuku)

-vodze word in adjektiewe sowel as relatiewe naamwoorde opgeneem. Vergelyk die volgende voorbeelde:

moṭho yô movodze 'goeie persoon'

moṭho wa vodze 'goeie persoon'

Die werkwoordstam **-thadafha** 'verhard' word as teenhanger vir SNS. **-thata** 'hard' gebruik. Vergelyk:

SNS. legông lê lethata "n harde stuk hout'

L. lehônye la ho ṭhadafha "n harde stuk hout'

6.2.4.2 Relatiewe naamwoorde

Soos in 6.2.4 genoem is, wissel die klasprefiks van relatiewe naamwoorde nie in ooreenstemming met die klas van die naamwoord wat gekwalifiseer word nie. Anders as in standaard Noord-Sotho is die kwalifikatiewe partikel wat 'n relatiewe naamwoord skakel aan die naamwoord wat gekwalifiseer word nie vormlik dieselfde as die demonstratiewe voornaamwoord van die eerste posisie nie. In Lobedu vervul die possessiewe partikel hierdie funksie. Hierdie toedrag van sake stem ooreen met dié in Hananwa waar die possessiewe partikel eweneens in die geval van relatiewe naamwoorde as kwalifikatiewe partikel funksioneer. Vergelyk Kotzé (1988:121) in hierdie verband. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van relatiewe naamwoorde in Lobedu:

monyana wa vodze	'mooi meisie'
vaisa va maāḡa	'sterk kêrels'
molemō wa maāḡa	'sterk medisyne'
mefhaga ya vohale	'skerp messe'
lehare la vohale	'skerp lem'
marumō a vohale	'skerp spiese'
kheêbê kha vohale	'skerp byl'
zvweêbê zwa vohale	'skerp byle'
mbya ya vodze	'mooi hond'
dibidža dža vodze	'mooi potte'
lomaô lwa vohale	'skerp naald'
vyalwa vya vohale	'kragtige bier'
fhelô ha vodze	'goeie plek'

šoro 'wreed', wat in standaard Noord-Sotho 'n radikale voornaamwoordwortel is, funksioneer in Lobedu as 'n relatiewe naamwoord. Vergelyk **moḡho wa šoro** 'wrede mens'. Wanneer **-šoro** egter gebruik word om die eerste of tweede persoon te omskryf, word dit wel in 'n radikale voornaamwoord gebruik. Vergelyk 6.3.5 in hierdie verband.

lesome 'tien' is uitsonderlik aangesien dit wel aan die antesedent geskakel word deur middel van 'n kwalifikatiewe partikel wat identies is aan die demonstratiewe voornaamwoord van die eerste posisie. Vergelyk **menwana yê lesome** 'tien vingers'.

6.2.5 Gelokativeerde naamwoorde

Lombard et al. (1988:73) en Louwrens (1991:113-120) verskil in hul benadering tot die klassifisering van naamwoorde met 'n lokatiewe betekenis. Eersgenoemde skrywers beskou naamwoorde in klasse 16, 17 en 18, asook plekname, as basiese naamwoorde, en verleen dus nie terminologies erkenning aan die semantiese eiesoortigheid van hierdie naamwoorde nie. Hulle beskou naamwoorde wat deur die lokatiewe suffiks **-ng** gelokativeer is, as lokatiewe naamwoorde. Louwrens (1991) onderskei tussen twee tipes naamwoorde met lokatiewe semantiese waarde, naamlik

lokatiewe en gelokativeerde naamwoorde. Lokatiewe naamwoorde is volgens hom basiese (onafgeleide) naamwoorde wat tot klasse 16, 17 en 18 behoort, terwyl gelokativeerde naamwoorde basiese naamwoorde is wat lokatief afgelei (gelokativeer) is deur middel van die lokatiewe suffiks **-ng**. Die basiese verskil in benadering tussen die genoemde outeurs is dus dat Lombard et al. lokatiewe naamwoorde beskou as naamwoorde wat gelokativeer is deur die lokatiewe suffiks **-ng**, terwyl Louwrens (1991:118) sodanige naamwoorde gelokativeerde naamwoorde noem. In teenstelling met Lombard et al. beskou Louwrens (1991:113) naamwoorde in klasse 16, 17, 18, X en Y as lokatiewe naamwoorde, sonder om die basiese naamwoordstatus van hierdie naamwoorde te ontken. (Louwrens (1991:113) noem Lombard et al. se klasse X en Y onderskeidelik die ga-lokatiefklas en die N-lokatiefklas). Omdat Louwrens se onderskeid verwysing na die twee genoemde tipes naamwoorde met lokatiewe semantiese inhoud vergemaklik, word sy benadering hier gevolg, maar in navolging van Lombard et al. (1988), word die terme X en Y lokatiefklasse in plaas van Louwrens se ga- en N-lokatiefklasse gebruik. Lokatiewe naamwoorde kry nie verdere aandag nie omdat hulle reeds onder 6.2.1.17 tot 6.2.1.21 hanteer is.

Anders as in standaard Noord-Sotho, is die lokatiewe suffiks in Lobedu **-ne** - onderliggend ***-ene** (vanaf B. **-inl**). Die finale **e** is sodanig vernou dat dit maklik as **i** geïnterpreteer kan word. Die onderliggende vorm is van belang omdat die eerste vokaal daarin soms in vokaalsamesmelting betrokke is en die finale vokaal vokaalverhoging tot gevolg kan hê.

6.2.5.1 Klankveranderinge betrokke by lokativering

Die klankveranderinge wat met die suffigering van **-ne** gepaardgaan, stem ooreen met dié van standaard Noord-Sotho. In sommige gevalle is die eerste **e** en in sommige gevalle die finale **e** van die onderliggende vorm van die suffiks, die aktiveerder van hierdie klankveranderinge.

- (a) Wanneer die finale vokaal van 'n naamwoord wat gelokativeer word 'n middelvokaal is, dit wil sê **e**, **ê**, **ô** of **o**, ondergaan hierdie vokaal vokaalverhoging as gevolg van die finale **e** van **-ne**. Onder sekere

omstandighede kan 'n vokaal of vokale wat die finale vokaal voorafgaan, ook verhoging ondergaan weens die suffigering van **-ne**, maar hier word slegs aandag aan verhoging van die finale vokaal gegee. Die verhoogde vokale word in die onderstaande voorbeelde in vet gedruk:

khevô**ne** 'by die spieël'
 vôhwê**ne** 'by die skoonfamilie'
 thôh**ne** 'op die kop'
 masem**one** 'in die landerye'

- (b) Indien 'n naamwoord eindig op **a**, vind vokaalsamesmelting tussen dié **a** en die eerste **e** in die onderliggende vorm van die lokatiefsuffiks plaas om sodoende 'n vernoude **ê** te vorm. Vergelyk:

laba : labê**ne** 'op die werf'
 bidža : bidžê**ne** 'in die pot'
 naha : nahê**ne** 'in die veld'

- (c) Wanneer **-ne** aan 'n naamwoord wat eindig op **nye** gevoeg word, word dié klankreeks vervang deur **nyêne**. Die vokaal **ê** in hierdie klankreeks is eweneens vernou:

mofhenye + **-ne** : mofhenyê**ne** 'op die handvatsel'
 dikhonye + **-ne** : dikhonyê**ne** 'op die vuurmaakhout'
 voyanye + **-ne** : voyanyê**ne** 'in die gras'

Geen klankveranderinge word geaktiveer wanneer **-ne** geaffigeer word aan naamwoorde wat op **i** of **u** eindig nie. Vergelyk:

moriqjine 'in die skaduwee'
 khelêdune 'op die ken'

6.2.6 Augmentatiewe/vroulike naamwoorde

In Lobedu word die suffiks **-hadi** gebruik om uitermate grootte, vroulike grootte, asook bloot vroulike geslag aan te dui. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van **-hadi** om uitermate grootte uit te druk:

ndôhadi	'reuse hut'
modzehadi	'reuse stat'
nogahadi	'reuse rivier'
monnahadi	'reuse man'

-hadi word verder gebruik om na baie ou vroulike diere te verwys. Vergelyk:

tšwênehadi	'groot ou bobbejaanwyfie'
khômohadi	'groot ou koei'
ɖauhadi	'groot ou leeuwyfie'

Wanneer **-hadi** aan naamwoorde wat na menslike sake verwys gevoeg word, word vroulike geslag beklemtoon, sonder dat ouderdom of grootte ter sprake is. Vergelyk:

khôsihadi	'koningin'
morudjisihadi	'onderwyseres'
moḥôlôhadi	'weduwee'

6.3 Voornaamwoorde

Voornaamwoorde word morfologies gekenmerk deur 'n konkordiale element as prefiks en 'n wortel of stam. Verskille in die konkordiale elemente sowel as in die wortels en stamme, dien as basis vir die onderskeiding van ses tipes voornaamwoorde, naamlik absolute, demonstratiewe, demonstratief-kopulatiewe, kwantitatiewe, radikale en possessiewe voornaamwoorde. Lombard et al. (1988:84) verkies die term 'radikaal' in plaas van die meer gebruiklike 'enumeratief' omdat **tee** in standaard Noord-Sotho die enigste van die vier bekende 'enumeratiewe' voornaamwoorde is wat wel 'n enumeratiewe betekenis het.

6.3.1 Absolute voornaamwoorde

In Lobedu neem die absolute voornaamwoord drie vorms aan. Louwrens (1978:73) maak spesifiek melding hiervan. Eerstens is die vorm wat in standaard Noord-Sotho gebruik word aangetref, maar twee ander vorms word gebruik wanneer die betekenis 'hierdie/daardie/doerdie einste een' uitgedruk word. Hierdie vorms van die absolute voornaamwoord is fakultatiewe variante en word gebruik wanneer die absolute voornaamwoord direk deur 'n demonstratief gevolg word. Die variante word vervolgens vir vergelykingsdoeleindes naas mekaar in die onderskeie naamwoordklasse en persone geplaas, waarna die struktuur van elk ontleed word. Vir die doeleindes van die vergelyking word na die vorme wat teenhangers in standaard Noord-Sotho het as 'basies' en na die ander vorms as 'Alternatief 1' en 'Alternatief 2' verwys. Hoewel die absolute voornaamwoorde van die persone ook gespesifiseer kan word deur middel van demonstratiewe, gee dit nie aanleiding tot die gebruik van alternatiewe absolute voornaamwoorde nie.

Basiese vnw.	Alternatief 1	Alternatief 2
1e PE nna	geen	geen
1e PM rena	geen	geen
2e PE wêna	geen	geen
2e PM lena	geen	geen
Klas 1/1a yêna	yana yô	yaa yô
Klas 2/2a vônga	vana va	vaa va
Klas 3 wônga	wana wô	waa wô
Klas 4 yônga	yana yê	yaa yê
Klas 5 lônga	lana lê	laa lê
Klas 6 ônga	ana a	geen
Klas 7 khônga	khana khê	khaa khê
Klas 8 zvwônga	zvwana zvwê	zvwaa zvwê
Klas 9 yônga	yana yê	yaa yê
Klas 10 džônga	džana džê	džaa džê
Klas 11 lônga	lana lô	lwaa lô
Klas 14 vyônga	vyana vyô	vyaa vyô
Klas 15 hônga	geen	geen
Lokatief hônga	hana mô/hôô fha	geen

Kotzé (1988:124) identifiseer 'n vorm soortgelyk aan alternatief 1 in Hananwa. Soos in Lobedu, word dit uitsluitlik saam met die demonstratief gebruik en kom dit semanties ooreen met ooreenstemmende vorme in Lobedu. Vanuit die bostaande vergelyking is dit duidelik dat die verwagte wisseling *ana x *aa* in klas 6 nie realiseer

nie; klaarblyklik omdat die wisselvorm 'n opeenhoping van vokale tot gevolg het. Die wisselvorm vir alternatief 1 in die lokatiefklasse, **hōō**, is eweneens afwykend. Hierdie is in wese 'n verkorte vorm van die basiese klas 17 naamwoord **hōlō** 'plek' wat ook in Hananwa (waarskynlik via Tswana) voorkom.

Die absolute voornaamwoord sowel as die demonstratief van alternatief 2 in klas 11 (**lwaa lō**) word duidelik van klas 11 se klasprefiks afgelei. In teenstelling hiermee, verkies informante om die absolute voornaamwoord en meegaande demonstratief van klas 5 in die geval van alternatief 1 vir klas 11 (**lana lē**) te gebruik. **lana lō** (klas 11) kan egter wel gebruik word.

Aangesien geen demonstratiewe vir klas 15 gevind kon word nie, kon die bestaan van alternatiewe absolute voornaamwoorde in hierdie klas nie vasgestel word nie.

Die struktuur van die basiese en alternatiewe absolute voornaamwoorde word vervolgens in tabelvorm weergegee. Asteriske merk wordelemente wat weggeval het.

Basiese absolute voornaamwoorde

	Prefiks	Wortel	Suffiks	Voornaam- woord
1e PE	n-	*-e-	-na	nna
1e PM	r-	-e-	-na	rena
2e PE	w-	-ê-	-na	wêna
2e PM	l-	-e-	-na	lena
Klas 1	y-	-ê-	-na	yêna
Klas 2	v-	-ô-	-na	vôna
Klas 3	w-	-ô-	-na	wôna
Klas 4	y-	-ô-	-na	yôna
Klas 5	l-	-ô-	-na	lôna
Klas 6	*a-	-ô-	-na	ôna
Klas 7	kh-	-ô-	-na	khôna
Klas 8	zvw-	-ô-	-na	zvwôna
Klas 9	y-	-ô-	-na	yôna
Klas 10	dž-	-ô-	-na	džôna
Klas 11	l-	-ô-	-na	lôna
Klas 14	vy-	-ô-	-na	vyôna
Klas 15	h-	-ô-	-na	hôna
Lokatief- klasse	h-	-ô-	-na	hôna

Absolute voornaamwoorden: Alternatief 1

	Prefiks	Wortel	Suffiks	Voornaamwoord
Klas 1	y-	-a-	-na	yana (yô)
Klas 2	v-	-a-	-na	vana (va)
Klas 3	w-	-a-	-na	wana (wô)
Klas 4	y-	-a-	-na	yana (yê)
Klas 5	l-	-a-	-na	lana (lê)
Klas 6	*-a	-a-	-na	ana (a)
Klas 7	kh-	-a-	-na	khana (khê)
Klas 8	zvw-	-a-	-na	zvwana (zvwê)
Klas 9	y-	-a-	-na	yana (yê)
Klas 10	dž-	-a-	-na	džana (džê)
Klas 11	l-	-a-	-na	lana (lô)
Klas 14	vy-	-a-	-na	vyana (vyô)
Lokatiefklasse	h-	-a-	-na	hana (mô/fha)

Absolute voornaamwoorde: Alternatief 2

	Prefiks	Wortel	Suffiks	Voornaamwoord
Klas 1	y-	-a-	-a	yaa (yô)
Klas 2	v-	-a-	-a	vaa (va)
Klas 3	w-	-a-	-a	waa (wô)
Klas 4	y-	-a-	-a	yaa (yê)
Klas 5	l-	-a-	-a	laa (lê)
Klas 7	kh-	-a-	-a	khaa (khê)
Klas 8	zvw-	-a-	-a	zwaa (zvwê)
Klas 9	y-	-a-	-a	yaa (yê)
Klas 10	dž-	-a-	-a	džaa (džê)
Klas 11	lw-	-a-	-a	lwaa (lô)
Klas 14	vy-	-a-	-a	vyaa (vyô)

6.3.2 Demonstratiewe voornaamwoorde

Behalwe vir enkele verskille, waarvan die klankvormlike eiesoortigheid van die prefigale konkordiale element die vernaamste is, stem die demonstratiewe voornaamwoorde in Lobedu ooreen met hulle teenhangers in standaard Noord-Sotho.

Hoewel die term 'posisie' streng gesproke nie geskik is vir die uitdrukking van die verwysingspunte betrokke by demonstratiewe nie - vergelyk Baumbach (1987:164-165), Kotzé (1985), Louwrens (1991:104-108) en Maphike (1982) in dié verband - word dit nogtans hier gebruik omdat dit reeds so wyd inslag in grammatiese beskrywings gevind het. Die benadering van hierdie outeurs berus op die relatiewe posisies van die spreker, aangesprokene en die voorwerp ten opsigte van mekaar, en dien ook as uitgangspunt vir die onderhawige bespreking.

Die demonstratiewe suffiks **-khwi** van posisie 1(b) is nooit teëgekome nie, terwyl **-no**, ook van posisie 1(b), slegs saam met demonstratiewe van die lokatiefklasse waargeneem is. Vergelyk die lokatiewe demonstratiewe **fhanó** en **mónó** in hierdie verband.

-uwê van posisie 2(b) is aan sommige informante bekend, maar hulle vervang dit verkieslik met die suffiks **-ô** (**-o** in standaard Noord-Sotho) van posisie 2(a). Volgens hierdie informante bestaan daar geen betekenisverskil tussen die suffikse van posisies 2(a) en 2(b) nie. Die vermoede bestaan dat **-uwê** vroeër algemeen in Lobedu voorgekom het, maar dat die plek daarvan sedertdien deur **-ô** ingeneem is omdat die betekenisonderskeide tussen dié suffikse vervaag het.

Die vervanging van die suffiks **-la** van posisie 3 met **-lê** in klasse 2, 6 en 16, wat in standaard Noord-Sotho plaasvind, kom ook in Lobedu voor, maar is volgens informante nie tipies Lobedu nie. **-lê** en **-la** word derhalwe naas mekaar gebruik in klasse 2 en 6 in Lobedu, terwyl slegs **-la** in klas 16 gebruik word.

Lobedu sprekers onderskei ook 'n vierde posisie deur die eerste sillabe van die demonstratief van die derde posisie met lengte uit te spreek, byvoorbeeld **leru lê::la** 'dóérdie wolk'.

Klasse 16 en 18 beskik oor afsonderlike demonstratiewe voornaamwoorde wat saam met al die demonstratiewe suffikse gebruik word, terwyl geen eie demonstratiewe in klas 17 gevind is nie. Gelokativeerde naamwoorde en naamwoorde in klas 17 kan bepaal word deur klas 16 en klas 18 se demonstratiewe. Opvallend is dat naamwoorde in klasse 16 en 18 ook bepaal kan word deur 'n demonstratief wat nie tot dié twee klasse behoort nie. Dit gee aanleiding tot 'n voorbeeld soos die volgende waarin 'n naamwoord van klas 16 bepaal word deur 'n demonstratief van klas 18:

Fhêlô mô ho a lwewa 'By hierdie plek word geveg'

Naamwoorde in klas 11 kan ewe maklik met demonstratiewe van klas 5 as klas 11

bepaal word. Hierdie feit dui daarop dat hoewel klas 11 steeds produktief is in Lobedu, die kanaliseringproses na klas 5 reeds gevorder het. Die demonstratiewe van klas 11 is **lɔ** hoewel dit soms ook as **lwɔ** waargeneem word.

Hoewel 'n konkordiale prefiks sowel as 'n wortel vir klas 6 in die onderstaande tabelle aangedui word, het demonstratiewe van hierdie klas hulle vorm waarskynlik aan samesmelting van die vokale van die prefiks en die wortel van dié klas te danke.

Die struktuur van demonstratiewe voornaamwoorde van die eerste posisie, wat as basis vir verdere beskrywings dien, sien as volg daar uit:

Demonstratiewe van posisie 1

	Prefiks	Wortel	Demonstratief
Klas 1	y-	-ô	yô
Klas 2	v-	-a	va
Klas 3	w-	-ô	wô
Klas 4	y-	-ê	yê
Klas 5	l-	-ê	lê
Klas 6	a-	-a	a
Klas 7	kh-	-ê	khê
Klas 8	zvw-	-ê	zvwê
Klas 9	y-	-ê	yê
Klas 10	dž-	-ê	džê
Klas 11	l-	-ô	lô
Klas 14	vy-	-ô	vyô
Klas 15	m-	-ô	mô
Klas 16	fh-	-a	fha
Klas 17: Gebruik demonstratiewe van klasse 16 en 18			
Klas 18	m-	-ô	mô

Die verskillende demonstratiewe suffikse en posisies is:

Dem. pos.	1	2a	2b	3	4
Dem. suff.	geen	-ô	-uwê	-la/-lê	
Klas 1	yô	yôô	yôuwê	yôla	yô::la
Klas 2	va	vaô	vauwê	vala/valê	va::la/va::lê
Klas 3	wô	wôô	wôuwê	wôla	wô::la
Klas 4	yê	yêô	yêuwê	yêla	yê::la
Klas 5	lê	lêô	lêuwê	lêla	lê::la
Klas 6	a	aô	auwê	ala/alê	a::la/a::lê
Klas 7	khê	khêô	khêuwê	khêla	khê::la
Klas 8	zvwê	zvwêô	zvwêuwê	zvwêla	zvwê::la
Klas 9	yê	yêô	yêuwê	yêla	yê::la
Klas 10	džê	džêô	džêuwê	džêla	džê::la
Klas 11	lô	lôô	lôuwê	lôla	lô::la
Klas 14	vyô	vyôô	vyôuwê	vyôla	vyô::la
Klas 15	mô	môô	môuwê	môla	mô::la
Klas 16	fha	fhaô	fhauwê	fhala	fha::la
Klas 17	Klas 16/18 demonstr. word gebruik.				
Klas 18	mô	môô	môuwê	môla	mô::la

Die demonstratief **fhala** van klas 16, posisie 3 word altyd voorafgegaan deur **hô**, dit wil sê **hô fhala**. Daar heers onsekerheid oor die grammatikale status van **hô**, hoewel die vermoede bestaan dat dit 'n verslete vorm van **holô** 'plek' is wat as gevolg van

oorgebruik in hierdie konteks tot hō gereduseer is.

6.3.3 Demonstratief-kopulatiewe

Twee stelle demonstratief-kopulatiewe bestaan naas mekaar as fakultatiewe variante. Hierdie stelle word as alternatief 1 en alternatief 2 hanteer in die onderstaande morfologiese uiteensettings. In beide stelle word die demonstratief-kopulatiewe van klas 11 deur informante vervang met dié van klas 5. Met die uitsondering van **-uwê** word dieselfde suffikse wat by demonstratiewe voornaamwoorde aangetref word, ook saam met demonstratief-kopulatiewe gebruik. In die onderstaande uiteensettings word die struktuur van beide stelle in tabelvorm ontleed. Hierdie tabelle word opgevolg deur tabelle waarin die suffikse wat saam met demonstratief-kopulatiewe gebruik word, ook ingesluit is.

Die wortel wat in alternatief 1 gebruik word is **se-**, terwyl die variant **so-** in klasse 1 en 3 gebruik word. Die stabiliseerder (**a-**) word tussen hakies geskryf omdat dit opsioneel is. Die konkordiale morfeme van die twee alternatiewe verskil van mekaar ten opsigte van vokaalkwaliteit. Die vokale van alternatief 1 se konkordiale morfeme is middelhoog, terwyl dié van alternatief 2 middellaag is. Die konkordiale morfeme van alternatief 2 kom trouens in alle opsigte met die demonstratiewe voornaamwoorde van posisie 1 ooreen.

Demonstratief-kopulatiewe: Alternatief 1

	Stabiliseerder	Wortel	Konkordiale morfeem	Voornaamwoord
Klas 1	(a-)	so-	-yo	(a)soyo
Klas 2	(a-)	se-	-va	(a)seva
Klas 3	(a-)	so-	-wo	(a)sowo
Klas 4	(a-)	se-	-ye	(a)seye
Klas 5	(a-)	se-	-le	(a)sele
Klas 6	(a-)	se-	-a	(a)sea
Klas 7	(a-)	se-	-khe	(a)sekhe
Klas 8	(a-)	se-	-zwwe	(a)sezwe
Klas 9	(a-)	se-	-ye	(a)seye
Klas 10	(a-)	se-	-dže	(a)sedže
Klas 11	(a-)	se-	-le	(a)sele
Klas 14	(a-)	se-	-vo	(a)sevo

Die tweede alternatief van die demonstratiewe kopulatief bestaan uit die vormelement **ngae-**, waaraan die bogenoemde konkordiale morfeem gesuffigeer word. Dus: **ngaeyô** 'hier is hy/sy' (klas 1); **ngaeva** 'hier is hulle' (klas 2); **ngaekhê** 'hier is dit' (klas 7), ensovoorts. Oor die morfologie van **ngae-** kan daar egter nie in hierdie stadium uitspraak gegee word nie. Of die element **nga-** verwant is aan **o ga** wat gebruik word om 'asof weer te gee (vergelyk 6.6.2 (g)), kan nie met sekerheid gesê word nie. Verder herinner die element **-e-** aan die Lobedu ekwivalent van die kopulatiewe werkwoordstam wat in standaard Noord-Sotho as **-le** voorkom. In Hananwa is SNS. **-le** juis **-e** in sekere beskrywende kopulatiewe in die situatiewe modus (vergelyk Kotzé (1993:22)). Daar bestaan egter nie genoeg sinchroniese materiaal om die geldigheid

van so 'n interpretasie van die feite as korrek te bewys nie.

Demonstratief-kopulatiewe: Alternatief 2

	Wortel	Konkordiale morfeem	Voornaamwoord
Klas 1	ngae-	-yô	ngaeyô
Klas 2	ngae-	-va	ngaeva
Klas 3	ngae-	-wô	ngaewô
Klas 4	ngae-	-yê	ngaeyê
Klas 5	ngae-	-lê	ngaelê
Klas 6	ngae-	-a	ngaea
Klas 7	ngae-	-khê	ngaekhê
Klas 8	ngae-	-zvwê	ngaezvwê
Klas 9	ngae-	-yê	ngaeyê
Klas 10	ngae-	-džê	ngaedžê
Klas 11	ngae-	-lê	ngaelê
Klas 14	ngae-	-vyô	ngaevyô

Die verskillende demonstratief-kopulatiewe suffikse en posisies is:

Demonstratief-kopulatiewe: Alternatief 1

Dem-kop posisie	1	2(a)	3	4
Dem. suffiks		-ô	-la/lê	
Klas 1	(a)soyo	soyoô	soyola	soyo::la
Klas 2	(a)seva	sevaô	sevala/sevalê	seva::la/ seva::lê
Klas 3	(a)sowo	sowoô	sowola	sowo::la
Klas 4	(a)seye	seyeô	seyela	seye::la
Klas 5	(a)sele	seleô	selela	sele::la
Klas 6	(a)sea	seaô	seala/sealê	sea::la/sea::lê
Klas 7	(a)sekhe	sekheô	sekhela	sekhe::la
Klas 8	(a)sezvwe	sezvweô	sezvwela	sezvwe::la
Klas 9	(a)seye	seyeô	seyela	seye::la
Klas 10	(a)sedže	sedžeô	sedžela	sedže::la
Klas 11	(a)sele	seleô	selela	sele::la
Klas 14	(a)sevo	sevoô	sevola	sevo::la

Demonstratief-kopulatiewe: Alternatief 2

Dem-kop posisie	1	2(a)	3	4
Dem. suffiks		-ô	-la/lê	
Klas 1	ngaeyô	ngaeyôô	ngaeyôla	ngaeyô::la
Klas 2	ngaeva	ngaevaô	ngaevala/ ngaevalê	ngaeva::la/ ngaeva::lê
Klas 3	ngaewô	ngaewôô	ngaewôla	ngaewô::la
Klas 4	ngaeyê	ngaeyêô	ngaeyêla	ngaeyê::la
Klas 5	ngaelê	ngaelêô	ngaelêla	ngaelê::la
Klas 6	ngaea	ngaeaô	ngaeala/ ngaealê	ngaea::la/ ngaea::lê
Klas 7	ngaekhê	ngaekhêô	ngaekhêla	ngaekhê::la
Klas 8	ngaezvwê	ngaezvwêô	ngaezvwêla	ngaezvwê::la
Klas 9	ngaeyê	ngaeyêô	ngaeyêla	ngaeyê::la
Klas 10	ngaedžê	ngaedžêô	ngaedžêla	ngaedžê::la
Klas 11	ngaelê	ngaelêô	ngaelêla	ngaelê::la
Klas 14	ngaevyô	ngaevyôô	ngaevyôla	ngaevyô::la

6.3.4 Kwantitatiewe voornaamwoorde

In Lobedu word tussen inklusiewe en eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde onderskei. Kwantitatiewe voornaamwoorde bestaan in meeste gevalle uit 'n konkordiale morfeem as prefiks en 'n wortel. Hierdie strukturele eienskap geld egter nie vir alle eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde nie, aangesien 'n prefiks nie in alle gevalle vir hierdie tipe voornaamwoorde onderskei kan word nie.

6.3.4.1 Inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde

Hoewel inklusiewe kwantitatiewe in Lobedu voorkom, moet ter inleiding daarop gewys word dat informante verkies om die inklusiewe gedagte te verwoord met **ga moga**.

Vergelyk:

Dibudi **ga moga** di voilê 'Al die bokke het teruggekeer' teenoor

Dibudi **džôthê** di voilê

Inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde word gevorm deur 'n konkordiale prefiks wat vormlik identies is aan dié van absolute en demonstratiewe voornaamwoorde vooraan die wortel **-ôthê** te plaas. Lobedu verskil van standaard Noord-Sotho deurdat die eerste en tweede persoon meervoud nie net gebruik maak van klas 2 se kwantitatief nie, maar ook oor wisselvorme beskik wat hierdie persone se kongruensiemorfeme, dit wil sê r- en l- onderskeidelik, vertoon, met ander woorde **rôthê** en **lôthê**.

Die eerste, tweede en derde persoon enkelvoud asook klas 15 het nie inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde nie. Informante was ongeneë om te reageer op voorbeelde wat aan hulle voorgehou is, omdat die gedagte van 'n inklusiewe kwantitatief in die geval van sodanige individue skynbaar semanties vir hulle onaanvaarbaar is. Sulke voorbeelde is deurgaans deur die proefpersone vervang met voorbeelde waarin eksklusiewe kwantitatiewe as kopulatiewe komplemente gebruik word ten einde die gewenste betekenis uit te druk. Vergelyk:

SNS. Nna yôhlê ke a sepela 'Ek alleen loop' teenoor

L. Ge tšhebela ge e nôsi 'Ek loop (synde ek) alleen'

In die geval van klas 15 was geen kwantitatief vir die informante aanneemlik nie. Die struktuur van inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde word in die onderstaande tabel opgesom. Klas 6 se prefiks word met 'n asterisk gemerk omdat dit wegval.

Inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde

	Prefiks	Wortel	Kwantitatief
1e P.E.	-	-	-
1e P.M.	v-/r-	-ôṭhê	vôṭhê/rôṭhê
2e P.E.	-	-	-
2e P.M.	v-/l-	-ôṭhê	vôṭhê/lôṭhê
Klas 1	-	-	-
Klas 2	v-	-ôṭhê	vôṭhê
Klas 3	w-	-ôṭhê	wôṭhê
Klas 4	y-	-ôṭhê	yôṭhê
Klas 5	l-	-ôṭhê	lôṭhê
Klas 6	*a-	-ôṭhê	ôṭhê
Klas 7	kh-	-ôṭhê	khôṭhê
Klas 8	zvw-	-ôṭhê	zvwôṭhê
Klas 9	y-	-ôṭhê	yôṭhê
Klas 10	dž-	-ôṭhê	džôṭhê
Klas 11	l-	-ôṭhê	lôṭhê
Klas 14	vy-	-ôṭhê	vyôṭhê
Klas 15	-	-	-
Lokatiefklasse	h-	-ôṭhê	hôṭhê

6.3.4.2 Eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde

Anders as in standaard Noord-Sotho waar **nôši** die enigste eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord is, beskik Lobedu oor drie eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde wat as fakultatiewe variante naas mekaar voorkom. Die toedrag van sake is feitlik identies aan dié in Tswana. Volgens Cole (1992:156) is die eksklusiewe kwantitatief in standaard Tswana saamgestel uit 'n konkordiale prefiks gevolg deur die kwantitatiewe wortel. Hierdie kwantitatiewe kan óf kwalifikatief in apposisie tot 'n naamwoord optree, óf as kopulatiewe komplement. Vergelyk die volgende Tswana voorbeelde

As kwalifikatief:

Go tla nwa dikgômo **tšôsi** 'Slegs die beeste sal drink'

As kopulatiewe komplement:

Ke batla dikgômo di le **tšôsi** 'Ek wil slegs beeste hê'

(Cole, 1992:156)

Hierbenewens bestaan die dialektiese variante **nôsi** en **êsi** ook, wat nie 'n wisselende konkordiale prefiks het nie. Laasgenoemde kwantitatiewe word altyd as kopulatiewe komplemente gebruik.

In Lobedu word die **-ôsi**-vorm van die eksklusiewe kwantitatief wat voorafgegaan word deur 'n konkordiale prefiks soos in Tswana, naas die statiese vorme **nôsi** en **yêsi** as variante gebruik. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Eksklusiewe kwantitatief met konkordiale prefiks:

Khevaḍa khe dzoma khe e khôsi 'n Roofdier jag alleen'

Eksklusiewe kwantitatiewe sonder konkordiale prefiks:

Khevaḍa khe dzoma khe e nôsi/yêsi 'n Roofdier jag alleen'

Dit is interessant dat Lobedu oor al drie wisselvorme beskik, terwyl standaard Tswana

-ôsi gebruik, sommige Tswana dialekte **nôsi** en ander **êsi**. 'n Verdere verskil met Tswana is dat eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde in Lobedu uitsluitlik as kopulatiewe komplemente aangewend word, terwyl die **-ôsi**-vorm in Tswana as kwalifikatief gebruik kan word.

In die verskillende persone en klasse sien die samestelling van die **-ôsi**-vorm van die eksklusiewe kwantitatief daaruit soos in die onderstaande tabel. Die tweede persoon enkelvoud en klas 1 beskik nie oor 'n eksklusiewe kwantitatief wat deur kongruensie tot stand kom nie. In beide gevalle word die **yêsi**-vorm gebruik.

Eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde

	Prefiks	Wortel	Kwantitatief
1e P.E.	n-	-ôsi	nôsi
1e P.M.	r-	-ôsi	rôsi
2e P.E.			yêsi
2e P.M.	l-	-ôsi	lôsi
Klas 1			yêsi
Klas 2	v-	-ôsi	vôsi
Klas 3	w-	-ôsi	wôsi
Klas 4	y-	-ôsi	yôsi
Klas 5	l-	-ôsi	lôsi
Klas 6	*a-	-ôsi	ôsi
Klas 7	kh-	-ôsi	khôsi
Klas 8	zvw-	-ôsi	zvwôsi
Klas 9	y-	-ôsi	yôsi
Klas 10	dž-	-ôsi	džôsi
Klas 11	l-	-ôsi	lôsi
Klas 14	v-	-ôsi	vôsi
Klas 15	-	-	-
Lokatiefklasse	-	-	-

Eksklusiewe kwantitatiewe kom weliswaar nie in die lokatiefklasse voor nie, maar die eksklusiewe gedagte word deur **ʈhihi** as radikale voornaamwoord uitgedruk:

Fhêlô ho **ʈhihi** 'Op dieselfde plek'

Die gebruik van die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde van die persone (meervoud) word vermy en vervang deur die ooreenstemmende inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde, byvoorbeeld:

Re ɖô ya re e rôsi , maar eerder Re ɖô ya re e rôthê	'Ons sal alleen gaan'
Le ɖô ya le e lôsi , maar eerder Le ɖô ya le e lôthê	'Julle sal alleen gaan'
Va ɖô ya va e vôsi , maar eerder Va ɖô ya va e vôthê	'Hulle sal alleen gaan'

6.3.5 Radikale voornaamwoorde

Daar bestaan heelwat verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu in soverre dit radikale voornaamwoorde aangaan. In 6.2.4.2 is genoem dat **šoro** slegs in die geval van die persone as radikale voornaamwoord gebruik word.

SNS. **-tee** kan as 'n radikale voornaamwoord gebruik word, maar dieselfde geld nie ten opsigte van L. **-ʈhihi** nie. In Lobedu word **-ʈhihi** gebruik in 'n konstruksie bestaande uit 'n partikel **ga** wat aan die instrumentalis herinner, gevolg deur 'n klasprefiks wat **-ʈhihi** voorafgaan. Vergelyk:

Ge moyana ga moʈhihi	'Dit is een kind'
Kheholê khe na le kheada ga kheʈhihi	'Die gebrekkige het een hand'
Dulane fhêlô (ga) hoʈhihi	'Sit op een plek (julle)'

In die geval van die lokatiefklasse kan **ga** weggelaat word.

Lobedu beskik oor twee radikale wortels wat slegs in radikale voornaamwoorde funksioneer, naamlik **-sele** 'vreemd' en **-fheyo?** 'watter?', terwyl **-šoro** net in die geval

van die eerste en tweede persoon in radikale voornaamwoorde voorkom. **-fheyo?** is ontleen uit Venda wat **-fhio?** gebruik (vergelyk Poulos (1990:149)). Naamwoorde in die lokatiefklasse word nie deur **-fheyo?** gekwalifiseer nie, maar deur die vraagwoord **gafhe?** 'waar?' en **fhe?**, die verkorte vorm daarvan. Hierdie vraagwoorde is ontleen uit Venda (vergelyk Poulos (1990:454)). Die volgende dien as toeligting:

O gwa **gafhe/fhe?** 'Waarvandaan kom hy?' in plaas van

*O gwa **fhêlô ho fheyo?** 'Van watter plek af kom hy?'

-sele, **-fheyo?** en **-šoro** kongrueer met naamwoorde/voornaamwoorde wat gekwalifiseer word deur middel van 'n konkordiale prefiks wat vormlik ooreenstem met 'n onderwerpskakel. Hierdie konstruksie is identies aan ooreenstemmende konstruksies in standaard Noord-Sotho. Vergelyk:

Monna o sele 'Vreemde man'

Khômo e fheyo? 'Watter bees?'

Nna ge šoro 'Wrede ek' (letterlike vertaling)

Vervolgens word die struktuur van Lobedu se radikale voornaamwoorde in die verskillende naamwoordklasse getabuleer:

Radikale voornaamwoorde

	Prefiks	Wortel	Voornaamwoord
1e P.E.	ge-	-sele	ge sele
	ge-	-šoro	ge šoro
1e P.M.	re-	-sele	re sele
	re-	-šoro	re šoro
2e P.E.	o-	-sele	o sele
	o-	-šoro	o šoro
2e P.M.	le-	-sele	le sele
	le-	-šoro	le šoro
Klas 1	o-	-sele	o sele
	o-	-fheyo?	o fheyo?
Klas 2	va-	-sele	va sele
	va-	-fheyo?	va fheyo?
Klas 3	o-	-sele	o sele
	o-	-fheyo?	o fheyo?
Klas 4	e-	-sele	e sele
	e-	-fheyo?	e fheyo?
Klas 5	le	-sele	le sele
	le-	-fheyo?	le fheyo?
Klas 6	a-	-sele	a sele
	a-	-fheyo?	a fheyo?

Klas 7	khe-	-sele	khe sele
	khe-	-fheyo?	khe fheyo?
Klas 8	zvwe-	-sele	zvwe sele
	zvwe-	-fheyo?	zvwe fheyo?
Klas 9	e-	-sele	e sele
	e-	-fheyo?	e fheyo?
Klas 10	di-	-sele	di sele
	di-	-fheyo?	di fheyo?
Klas 11	lo-	-sele	lo sele
	lo-	-fheyo?	lo fheyo?
Klas 14	vo-	-sele	vo sele
	vo-	-fheyo?	vo fheyo?
Lokatiefklasse	ho-	-sele	ho sele
	ho-	-fheyo?	ho fheyo?

6.3.6 Possessiewe voornaamwoorde

Wat die naamwoordklasse betref, word absolute voornaamwoorde gebruik om besit uit te druk. Dit is slegs by die persone waar possessiewe en absolute voornaamwoorde ingrypend van mekaar verskil. Om hierdie rede word die possessiewe voornaamwoorde van die naamwoordklasse nie hier herhaal nie. Die possessiewe voornaamwoorde van Lobedu toon ooreenkomste met dié van standaard Noord-Sotho, maar Venda invloed is ook aanwesig. Die possessiewe voornaamwoorde van die tweede en derde persoon enkelvoud is onderskeidelik **-ho** en **-hwê**, terwyl dit **-u** en **-we** in Venda is - vergelyk Poulos (1990:95).

Die possessiewe voornaamwoorde van die verskillende persone is:

1e P.E.	-ga	'my'		
1e P.M.	-hêso	'ons familie'	asook	rena 'ons'
2e P.E.	-ho	'jou'		
2e P.M.	-hêno	'julle familie'	asook	lena 'julle'
3e P.E.	-hwê	'sy/haar'		
3e P.M.	-havô	'hulle familie'		

Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van possessiewe voornaamwoorde:

1e P.E.	Ge moyana wa ga	'Dit is my kind'	
1e P.M.	Ge dibudi dža hêso	'Dit is ons familie se bokke',	asook
	Ge dibudi dža rena	'Dit is ons bokke'	
2e P.E.	Ge khômo ya ho	'Dit is jou bees'	
2e P.M.	Ge dingu dža hêno	'Dit is julle familie se skape',	asook
	Ge dingu dža lena	'Dit is julle skape'	
3e P.E.	Ge mbya ya hwê	'Dit is sy/haar hond'	
3e P.M.	Ge moyana wa havô	'Dit is 'n kind van hulle familie'	

6.4 Partikels

Partikels word deur Lombard et al. (1988:169) as afhanklike woorde beskou omdat hulle nie in isolasie kan voorkom soos ander outonome woordsoorte nie. Partikels is nietemin inherent stabiel, skeibaar en vervangbaar; eienskappe wat daarop dui dat hulle woorde is. Lombard et al. (1988:11-15) en Louwrens (1991:7-8) sit hierdie begrippe aan die hand van voorbeelde uiteen.

Partikels is morfologies heterogeen. Aangesien sommige monomorfematies is, word die samestelling van partikels nie in alle gevalle ontleed nie. Kopulatiewe partikels word in hoofstuk 9 behandel.

6.4.1 Konjunktiewe partikels

6.4.1.1 Konnektiewe partikel

le en na word beide as konnektiewe partikels in Lobedu gebruik. Laasgenoemde het egter verstar in kombinasies soos **navô** 'saam met hulle', **nadžô** 'saam met hulle' ensovoorts. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Moṭho yô a re ṭhômphaho, le rena re a mo ṭhômpha
'n Persoon wat óns respekteer, ons respekteer hom ook'

Dikhoho le digolovê ge diruiwa
'Hoenders en varke is huisdiere'

Dingu le dipudi di a fhula
'Die skape en die bokke wei'

Re tšhebedžê navô
'Ons het saam met hulle geloop'

O dè najô
'Jy moet dit saambring' ('Jy moet saam met dit kom')

O dula nayê
'Hy woon saam met haar'

6.4.1.2 Assosiatiewe partikel

In teenstelling met standaard Noord-Sotho, waarin die assosiatiewe partikel altyd **le** is, word die assosiatiewe partikel in twee vorms in Lobedu aangetref. Benewens **le**, bestaan daar ook 'n ander assosiatiewe partikel wat as **ô** voorgestel word. Laasgenoemde is 'n suprasegmentele taalelement, aangesien dit in die vorm van lengte op die sillabekern van die kopulatiewe werkwoordstam **-nô** waargeneem word. In Kotzé (1993:19) word 'n soortgelyke assosiatiewe partikel, **a**, vir Hananwa beskryf. Volgens dié beskrywing bestaan daar besliste parallels tussen **-na a** in Hananwa

(vergelyk **Ke na a maṭa** 'Ek is sterk') en **-nôô** (vas geskryf in Lobedu - sien verduideliking hieronder) in Lobedu. Wat Hananwa betref, is geargumenteer dat die lengte waarmee **-na** uitgespreek word, verteenwoordigend is van die assosiatiewe bindpartikel, omdat **-na** twee toonmorae bevat. Die stygende toonkontras wat die uitspraak van **-na** kenmerk, dui volgens hierdie beskouing daarop dat **-na** en die assosiatiewe bindpartikel in die geval van Hananwa saamgesmelt het. Aangesien **-nô** in Lobedu ook met lengte en 'n stygende toonkontras uitgespreek word, word die lengte eweneens verklaar as die resultaat van samesmelting tussen **nô** en die assosiatiewe bindpartikel. In Lobedu, soos in Hananwa, kan die bindpartikel egter nie op segmentele vlak as 'n afsonderlike taalelement onderskei word nie, en word die teenwoordigheid daarvan slegs deur die suprasegmentele karaktertrekke van **nô** verrai. **ô** dui dus nie werklik op 'n afsonderlike assosiatiewe bindpartikel nie, maar beliggaam die funksie wat lengte en 'n stygende toonkontras in die geval van **-nô** as assosiatiewe bindpartikel vervul. Dit sou in wese meer korrek wees om bogenoemde toedrag van sake met **nô** alleen voor te stel, maar dan is die bindpartikel nie vergestalt nie. Sodanige vergestaltung is essensieel omdat 'n strukturele ontleding van alle kopulatiewe in tabelvorm in hoofstuk 9 onderneem word. Gevolglik is besluit om die kopulatiewe werkwoordstam **-nô** en die assosiatiewe bindpartikel wat daarmee saamgesmelt het met **nôô** voor te stel.

Besonderhede rakende die gebruik van **le** en **ô** word in 9.5 gevind. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Hê moyana a khe hola, o va le maṭa	'As 'n kind opgroei, word hy sterk'
Rena re nôô dikhômo	'Ons besit beeste'

6.4.2 Instrumentale partikel

Die instrumentale partikel stem ooreen met dié van standaard Noord-Sotho. Vergelyk die volgende voorbeelde waarin **ga** voorkom:

O diilê ga voya	'Hy het reg gedoen'
O gwilê ga molômo wa nḡô	'Sy het by die deur uitgekome'

Re ɖô vônana **ga** matshô 'Ons sal mekaar môre sien'
 Dikhonye di rôvya **ga** zweaɖa 'Vuurmaakhout word met die hande gebreek'

6.4.3 Lokatiewe partikels

Op twee uitsonderings na word alle lokatiewe partikels wat in standaard Noord-Sotho gebruik word, ook in Lobedu aangetref. Die uitsonderings is L. **hōfha** wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie, en die afwesigheid van L. **ho** as teenhanger van SNS. **go**.

(a) hōfha

Aangesien voorbeelde met **hōfha** beperk is, kon die betekenis daarvan nie met sekerheid bepaal word nie. In die voorbeelde wat aan informante voorgehou is, het dit dieselfde betekenis as L. **mô** (vergelyk (d) hieronder) en **ga mô**. Vergelyk:

Vaṭho ge va vandži **hōfha** lefhasene 'Daar is baie mense op die aarde'
 Êma **hōfha** moraho ha ga 'Staan hier agter my'

(b) ga

ga word gebruik om spesifieke lokaliteit - gewoonlik binne 'n geslote ruimte - aan te dui, asook om na plekname te verwys. Die gebruik daarvan stem verder ooreen met dié van SNS. **go**, wat na spesifieke lokaliteit ten opsigte van die komplement van die partikel verwys. Anders as in standaard Noord-Sotho, kan die komplement in Lobedu egter die semantiese kenmerk [+lokatief] besit. Vergelyk Louwrens (1991:120) in hierdie verband. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie:

Re tsholêla voosvwa **ga** ɖelône 'Ons skep pap in die bord'
 O ena digovô **ga** mêêdzine 'Sy week die komberse in die water'
 O žêne **ga** ɖugwi ha nɖô 'Sy het diep binne in die hut in gegaan'
 Gwêla **ga** nɖê 'Kom uit buitentoe'
 O ilê **ga** Khabane 'Sy het na Kgapane toe gegaan'
 O ilê **ga** Dzanene 'Hy het na Tzaneen toe gegaan'
 O ilê **ga** mosadine 'Hy het na sy vrou toe gegaan'

O ilê **ga** moruđi

'Sy het na die predikant toe gegaan'

(c) gwa

Volgens Louwrens (1991:127) is die betekenis van SNS. **kua** vaag omdat dit na 'n afgeleë lokaliteit verwys wat buite sig is. L. **gwa** word oorwegend met dieselfde betekenis as SNS. **kua** gebruik. Vergelyk:

Ge mo lesidžê **gwa** ndê 'Ek het hom daar buite gelaat'

Ge đô ho fholosa **gwa** bele 'Ek sal jou daar voor aflaai'

Êma **gwa** belenyana 'Staan bietjie vorentoe'

(d) mō

Louwrens (1991:122) dui die betekenis van SNS. **mō** aan as 'op', 'bo-op' of 'in'. L. **mō** het oorwegend dieselfde betekenis as SNS. **mō**. Vergelyk:

Ho na le madi **mō** mofhenyêne wa kheêbê 'Daar is bloed op die bylsteel'

Dikhonye di ʈhophya **mō** labêne 'Vuurmaakhout word in die werf
opgestapel'

Mbya e rôvêdže **mō** bele ha ga 'Die hond slaap hier voor my'

(e) ha

Ten einde die betekenis van L. **ha** te begryp moet in gedagte gehou word dat Lobedu nie soos standaard Noord-Sotho oor aparte lokatiewe partikels beskik om na lokaliteit wat met 'n bepaalde persoon geassosieer word aan die een kant, en na 'n persoon as sulks aan die ander kant, te verwys nie. L. **ha** word gevolglik gebruik om beide betekenis uit te druk. Wanneer na 'n individu of persoon as sulks verwys word, verskyn **ha** direk voor die woord wat na die individu/persoon verwys, soos byvoorbeeld in

O ilê **ha** khôsi 'Hy het na die koning toe gegaan'
 Va n̄thomilê **ha** vôlena 'Hulle het my na julle toe gestuur'
 O ilê **ha** malome 'Hy het na oom toe gegaan'

Ten einde na die lokaliteit of grondgebied wat met 'n persoon geassosieer word te verwys, word L. **ha-** as 'n possessiewe partikel gebruik, gevolg deur 'n possessiewe voornaamwoord. Possessiewe voornaamwoorde dui uiteraard op besit, en wanneer daar na lokaliteit/grondgebied as 'n besitting verwys word, kan verwag word dat die possessiewe partikel van die lokatiefklasse (**ha-**) hiervoor aangewend sal word. Vergelyk:

Ge nyaga ho dula **ha** ho 'Ek wil sit (by die plek) waar jy jou bevind'
 Ge nyaga ho ya **ha** hwê 'Ek wil gaan (na die plek) waar hy hom bevind'
 O ðilê **ha** ga 'Hy het gekom (na die plek) waar ek my bevind'

Wanneer die uitdrukking van lokaliteit met betrekking tot die individu aan die een kant, en lokaliteit met betrekking tot die plek waar 'n individu hom/haar bevind aan die ander kant, in Lobedu en standaard Noord-Sotho met mekaar vergelyk word, kom die volgende aan die lig:

- (i) L. **ha** is 'n teenhanger van SNS. **go** omdat laasgenoemde lokatiewe partikel gebruik word om na persone/individue te verwys, byvoorbeeld:

SNS. Ke nyaka go ya go wêna 'Ek wil na jou toe gaan'

- (ii) L. **ha** is eweneens 'n teenhanger van SNS. **ga** wat ook onder andere gebruik word om na die lokaliteit wat met 'n persoon geassosieer word, te verwys (vergelyk Louwrens (1991:122)). Vergelyk die volgende standaard Noord-Sotho voorbeeld:

Ke nyaka go ya ga gago 'Ek wil gaan na (die plek) waar jy jou bevind'

(f) Kombinasies van lokatiewe partikels

Meer as een lokatiewe partikel word dikwels naas mekaar gebruik wanneer spesifieke lokaliteit aangedui word:

O ême ga mô ngê	'Hy staan net hier buite'
Êma ga mô moraho ha ga	'Staan hier agter my'
Dzêna ga mô	'Gaan hier in'

6.4.4 Hortatiewe partikel

Dieselfde twee variasies van die hortatiewe partikel wat in standaard Noord-Sotho gebruik word, kom in Lobedu voor, naamlik **a** en **angê**. Hierbenewens kom **tšha/tšhe** voor, wat nie in standaard Noord-Sotho bekend is nie. Louwrens (1978:82) maak ook melding van 'n verdere hortatiewe partikel, **ngê**, wat waarskynlik verband hou met Venda se dialektiese variant **nga** (Poulos, 1990:283). Vergelyk die volgende voorbeelde:

A/Angê re ɖohê	'Laat ons gaan'
A/Angê va ɖê fhanò	'Laat hulle hierheen kom'
A/Angê va dulê mô	'Laat hulle hier sit'
Tšha/Tšhê re dulê mô	'Kom ons sit hier'
Tšha/Tšhê ke ho ʈhušê	'Laat ek jou help'
Tšha/Tšhê ge dulênyana ge awêlê	'Laat ek so bietjie sit en rus'
Ngê le sô dia molaɖo	'Moenie moeilikheid maak nie (julle)' (Louwrens, 1978:82)

tšha/tšhê is die ekwivalent van Phalaborwa se hortatiewe partikel **ʈhê** (Vercueil, 1966:90). Hierdie aanname berus op die feit dat L.tšh soms Ph.ʈh is. L.**motšhela** 'stert' met sy Phalaborwa teenhanger, **moʈhela**, dien as voorbeeld in hierdie verband. Die herkoms van **tšha/tšhê** en **ʈhê** kon egter nie vasgestel word nie.

6.4.5 Kwalifikatiewe partikels

Lombard et al. (1988:172) haal voorbeelde van kwalifikatiewe partikels in adjektiewe,

nominaal-relatiewe en verbaal-relatiewe woordgroepe aan. In standaard Noord-Sotho stem kwalifikatiewe partikels ooreen met die demonstratiewe van die eerste posisie, terwyl dit nie vir aldrie genoemde woordgroepe in Lobedu geld nie.

In Lobedu is die kwalifikatiewe partikels in adjektiewe en verbaal-relatiewe wel identies aan die demonstratiewe van die eerste posisie, terwyl die kwalifikatiewe partikel in nominaal-relatiewe woordgroepe identies aan die possessiewe partikel is. Vergelyk:

Adjektiewe woordgroep:

Moṭho yô moholo	"n Groot mens'
Medze yê meholo	'Groot statte'
Khehô khê kheholo	"n Groot skepkalbas'

Verbaal-relatiewe woordgroep:

Moṭho yô a lwalaho	'Die persoon wat siek is'
Dimbya džê di lomaho	'Die honde wat byt'
Vyalwa vyô vo ṭhōḍilwêho	'Die bier wat gefiltreer is'

Nominaal-relatiewe woordgroep:

Monyana wa vodze	"n Mooi meisie'
Lomaô lwa vohale	"n Skerp naald'
Fhêlô ha vodze	"n Mooi plek'

Die kwalifikatiewe partikel **yô** van klas 1 varieer in die geval van die verbaal-relatiewe woordgroep met **ya**, wat waarskynlik as gevolg van retrogressiewe assimilasië weens die onderwerpskakel **a** ontstaan. Vergelyk:

Moṭho **ya** a lwalaho 'Die persoon wat siek is'

Wanneer die onderwerp van 'n verbaal-relatiewe woordgroep die eerste of tweede persoon is, word die kwalifikatiewe partikel weggelaat. Die posisie wat in standaard Noord-Sotho deur dié partikels ingeneem word, word in die volgende Lobedu

voorbeelde met (-) aangedui:

Eerste persoon, enkelvoud:

Nna (-) ke hođého khe khône ho šoma

'Ek wat oud geword het, kan nie werk nie'

Tweede persoon, enkelvoud:

Wêna (-) o khe a holaho o khona ho šoma

'Jy wat nie oud is nie, kan werk'

6.4.6 Possessiewe partikels

Possessiewe partikels bestaan uit 'n konkordiale prefiks, soortgelyk aan dié van basiese absolute voornaamwoorde, gevolg deur 'n possessiewe wortel, wat in alle gevalle **-a** is. Die possessiewe partikel van klas 6 bestaan uit slegs een klanksegment, wat dui op samesmelting van die prefigale **a-** en die wortel soos wat ook in die geval van sommige van die voornaamwoorde gebeur (vergelyk 6.3.1 en 6.3.2 in dié verband).

Die possessiewe partikels van Lobedu is:

	Prefiks	Wortel	Partikel
Klas 1	w-	-a	wa
Klas 2	v-	-a	va
Klas 3	w-	-a	wa
Klas 4	y-	-a	ya
Klas 5	l-	-a	la
Klas 6	*a-	-a	a
Klas 7	kh-	-a	kha
Klas 8	zvw-	-a	zvwa
Klas 9	y-	-a	ya
Klas 10	dž-	-a	dža
Klas 11	lw-	-a	lwa
Klas 14	vy-	-a	vya
Klas 15	h-	-a	ha
Lokatiefklasse	h-	-a	ha

Vergelyk die gebruik van possessiewe partikels in die volgende voorbeelde:

Ge vana **va** ga 'Dit is my kinders'

Ge lerumô **la** ga 'Dit is my spies'

Ge lomaô **lwa** ga 'Dit is my naald'

Possessiewe partikels kom ook voor in nominaal-relatiewe. Voorbeelde van hierdie aanwending van possessiewe partikels is aangehaal in 6.4.5.

6.4.7 Agentatiewe partikel

Die agentatiewe partikel van Lobedu stem ooreen met dié van standaard Noord-Sotho. Vergelyk die gebruik van **ge** in die volgende voorbeelde:

O tshwêrwe ge dêne	'Haar ingewande pyn'
Diđôngi di khogahane ge lezwa	'Die donkies is aanmekaar vasgebind deur (vryelik vertaal = 'met') 'n riem'
O dđô vônwa ge vařho	'Jy sal deur die mense gesien word'
Mořho yô o runwa ge yôla	'Hierdie persoon word bemin deur daardie een'

6.4.8 Klitiese partikels

Die volgende klitiese partikels is in Lobedu aangetref:

(a) řhê 'asseblief/tog'

Nřhušê, řhê	'Help my asseblief'
Mo letšhê, řhê	'Laat staan hom tog'

(b) hê 'tog (ongeduldig)'

Tšhebela hê!	'Loop tog!'
Doha hê!	'Gaan tog weg!'

6.4.9 Interrogatiewe partikels

Die volgende interrogatiewe partikels is in Lobedu teëgekom:

(a) đae? 'watter soort/watter volksverband'

đae? is waarskynlik ontleen uit Venda. Vergelyk Venda đe? 'watter soort/ watter tipe/ watter fabriek?' (Poulos, 1990:456-457), wat wel klankvormlik van đae? verskil maar dieselfde betekenis het. Vergelyk die volgende:

Ge vyalwa vya mofhuḍa ḍae?	'Watter soort bier is dit?'
Ge movôḍôrô wa mofhuḍa ḍae?	'Van watter fabriekaat is die motor?'
Ge moḥôvô ḍae?	'Van watter volksverband is die persoon?'

(b) a?

a?, wat altyd 'n sin inlei, kan alleen of in kombinasie met die interrogetiewe partikel **naa?** gebruik word. Vergelyk:

A o fhêḍžidžê?	'Is jy klaar?'
A o a mo runa naa?	'Is jy lief vir haar?'

(c) naa?

naa? sluit altyd 'n sin af, en kan soos genoem in kombinasie met **a?** gebruik word. Vergelyk:

O fhêḍžidžê naa?	'Is jy klaar?'
A o a mo runa naa?	'Is jy lief vir haar?'

(d) afha?

afha? kan 'n sin inlei en in kombinasie met **naa?** gebruik word. Vergelyk:

Afha, o a phêga?	'Is jy mal?'
Afha, o a ndwa naa?	'Hoor jy my?'

(e) ngê? 'Hoekom ... nie?'

ngê? is die teenhanger van SNS. **hleng?** Vergelyk:

Ngê o khe a mbodža?	'Hoekom het jy my nie gesê nie?'
Ngê o khe a mo ḥusa?	'Hoekom het jy hom nie gehelp nie?'

(f) khaṅthe/a(n)thena? 'al die tyd?'

Khaṅthe/A(n)thena ke wêna yô o fhyailêho lefhêsêdêrê?

'En **al die tyd** is dit jy wat die venster gebreek het?'

6.5 Bywoorde

Aangesien bywoorde morfologies heterogeen is, word die strukturele kenmerke van elke tipe afsonderlik beskou.

6.5.1 Basiese bywoorde

Hierdie tipe word as basiese bywoorde beskou omdat hulle nie van ander woordkategorieë afgelei is nie. Vergelyk:

ruri	'baie'
gudu	'baie'
lene?	'wanneer?'
gae?	'waar?'
(e)ne?	'wat'
fhe?	'waar?'

Die gebruik van basiese bywoorde is dieselfde as in standaard Noord-Sotho:

Ge mo vêgilê ruri	'Ek haat haar baie '
Ge mo nyaga gudu	'Ek het hom baie lief'
O dō fhiṅha lene?	' Wanneer sal hy kom'
O šoma fhe wêna?	' Waar werk jy?'
O la ene/O lane?	' Wat eet jy?'

fhe?, vergelyk ook B. **pi?** en Nguni **phi?**, is waarskynlik van Venda **ngafhi?** 'waar?' ontleen. Benewens **fhe?** word **ga fhe?**, wat nou ooreenstem met Venda **ngafhi?**, met dieselfde betekenis in Lobedu gebruik.

6.5.2 Afgeleide bywoorde

Afgeleide bywoorde vertoon 'n gemeenskaplike strukturele kenmerk in die vorm van die bywoordelike prefiks **ha-**, byvoorbeeld:

Ge mo d̥ɛd̥jil̥ɛ **hararo** 'Ek het hom **drie maal** geslaan'

Va n̥ɬusid̥ž̥ɛ **hand̥zi** 'Hulle het my **baie** gehelp'

Ge mo ɬusid̥ž̥ɛ **haɬihi** 'Ek het hom **eenkeer** gehelp'

SNS. **gabotse** 'goed/mooi' word in Lobedu vervang met **zwa vodze**, 'n nominaal-relatief wat bestaan uit die possessiefpartikel **zwa-** gevolg deur die naamwoord **vodze**.

6.5.3 Bywoorde uit ander woordkategorieë

Hierdie bywoorde behoort morfologies tot ander woordkategorieë maar word bywoordelik aangewend (vergelyk Lombard et al. (1988:167)). In Lobedu is slegs voorbeelde van naamwoorde wat bywoordelik aangewend word aangetref:

klas 1(a)	mane?	'wie?'
klas 3	myahôla	'verlede jaar'
klas 6	malovana	'eergister'
klas 14	voseho	'in die nag/saans'
klas 14	vyane?	'hoe?'
'Y' lok klas	halehale	'lank gelede'

Die gebruik van hierdie bywoorde word geïllustreer in die volgende sinne:

myahôla:

Ge il̥ɛ ga mo v̥ona **myahôla**

'Ek het hom een of ander tyd **verlede jaar** gesien'

malovana:

Malovana re vé re ilê Devele

'Ons was **gister** Duiwelskloof toe'

halehale:

Halehale vaṭho va vé va rôga ga lomaô

'**Lank gelede** het die mense naaldwerk gedoen met 'n tradisionele naald'

6.5.4 Die bywoordelike gebruik van partikelgroepe

Die kombinasie van sekere partikels en woorde uit ander woordkategorieë gee dikwels aanleiding tot die totstandkoming van partikelgroepe wat bywoordelik gebruik word. In die onderstaande voorbeelde verskyn die partikelgroep as geheel in vetdruk. Die partikels betrokke in sulke partikelgroepe is:

(a) Konnektiewe partikels le en na

Re tšhebedžê **navô**

'Ons het saam met hulle geloop'

O ḍô tšhebela **le nna** hova o ḍô sala?

'Gaan jy saam met my loop of gaan jy agterbly?'

Vergelyk ook 6.4.1.1 vir verdere voorbeelde.

(b) Instrumentale partikel ga

Dikhonye di rôvya **ga zvweda**

'Vuurmaakhout word met die hande gebreek'

Vergelyk ook 6.4.2 vir verdere voorbeelde.

(c) Lokatiewe partikels

Lokatiewe partikelgroepe kan bestaan uit 'n enkele partikel gevolg deur 'n komplement, of uit 'n kombinasie bestaande uit twee partikels sonder 'n komplement.

'n Derde kombinasie bestaan uit twee partikels en 'n komplement. Vergelyk:

(i) Enkel partikel mō gevolg deur komplement

Dikhonye di ʔhophya mō labêne

'Vuurmaakhout word in die werf opgestapel'

(ii) Twee partikels ga mō sonder komplement

Dzêna ga mō 'Gaan hier in'

(iii) Twee partikels ga mō gevolg deur komplement

Êma ga mō moraho ha ga

'Staan hier agter my'

Vergelyk 6.4.3 vir verdere voorbeelde.

(d) Agentatiewe partikel ge

O ɔ̄o vônwa ge vaʔho

'Jy sal deur die mense gesien word'

Vergelyk 6.4.7 vir verdere voorbeelde.

6.6 Voegwoorde

Aangesien meeste voegwoorde in die Sothotale vanuit ander woordkategorieë ontwikkel het, het hierdie woorde uiteenlopende morfologiese strukture. Voorbeelde wat in die loop van die navorsing aangeteken is, word hieronder aangegee. In ooreenstemming met Lombard et al. (1988:175-178) word die volgende tipes onderskei:

6.6.1 Basiese voegwoorde

Die volgende basiese voegwoorde kom in Lobedu voor:

(a) hê 'as'

O mbodžê hê o khe mo vóna

'Jy moet my sê **as** jy hom sien'

(b) bele ha hê 'voordat'

O fhedžê bele ha hê o khe ḍoha

'Jy moet klaarmaak **voordat** jy gaan'

(c) le hê 'al'

Nga se mo ṭhuse le hê a khe khôbêla

'Ek sal hom nie help nie **al** vra hy'

(d) ga hê 'omdat'

Nga se mo ṭhuse ga hê nkhe a mo dzeve

'Ek sal hom nie help nie **omdat** ek hom nie ken nie'

6.6.2 Voegwoorde wat uit werkwoorde ontwikkel het

(a) hova 'of'

O ḍô tšhebela le nna hova o ḍô sala?

'Gaan jy saam met my loop **of** gaan jy agterbly?'

(b) hore 'sodat/dat'

Ge runa hore le ṇṭhusê

'Ek wil hê **dat** julle my moet help'

(c) eilê hê 'toe'

Eilê hê nkhe levêlêla moraho ga vóna moṭho a khe nkukhunêdža

'**Toe** ek omkyk sien ek iemand wat my bekruipt'

(d) fhêla 'maar/hoewel'

Ge a mo dzeva fhêla khe dzeve hore o dula gae

'Ek ken hom **maar** ek weet nie waar hy bly nie'

O raḡana le monyana **fhêla** o a dzeva hore a ga se mo vegê

'Hy is verlief op die meisie **hoewel** hy weet dat hy nie met haar sal trou nie'

(e) mme 'en'

O ṡhalefhilê **mme** o nôô maada 'Hy is slim **en** hy is sterk'

(f) -vilê 'en/en selfs'

-vilê word voorafgegaan deur 'n veranderlike onderwerpskakel. Vergelyk enkele voorbeelde:

Va mo vidžidžê **o vilê** o ḡilê 'Hulle het hom geroep **en** hy het gekom'

Re va vidžidžê **va vilê** va ḡilê 'Ons het hulle geroep **en** hulle het gekom'

Ge a lwala **ge vilê** ge ya khebêḡêlê 'Ek is siek **en** gaan **selfs** hospitaal toe'

(g) o ga 'asof/jy sou sê'

Dimbya di a hova **o ga** di vōna khevaḡa

'Die honde blaf **asof** hulle 'n roofdier gewaar het'

O ṡshebela **o ga** o a lwala

'Hy loop **asof** hy siek is'

(h) esiḡaho 'en selfs'

Hierdie voegwoord word gekenmerk deur die aanwesigheid van die relatiewe suffiks ofskoon dit nie in 'n relatiefkonstruksie gebruik word nie. Vergelyk:

Ho vê ho ḡilê vaṡho va vandži **esiḡaho** le vana va vê va e e hōna

'Baie mense het gekom **en selfs** die kinders was daar'

Ho vê ho nôô zwaola zvwê zwendži **esiḡaho** le vyalwa vo vê vo e e hōna

'Daar was baie kos **en** daar was **selfs** bier'

6.6.3 Voegwoorde wat uit naamwoorde ontwikkel het

(a) vyale 'maar'

O ɬhalefhi̯lê **vyale** o hana ho dzena khegôlô

'Hy is slim **maar** weier om skool te gaan'

(b) mose 'wanneer/sodra'

mose word altyd gevolg deur 'n werkwoord in die relatiewe modus of 'n werkwoord in die situatief, perfektum. Vergelyk:

Ge ɖô mo vodža **mose** a voyaho

'Ek sal hom sê **wanneer** hy terugkom'

Re ɖô lema **mose** bula e naho

'Ons sal ploeg **sodra** dit reën'

Ge ɖô mo vodža **mose** a voilê

'Ek sal hom sê **sodra** hy teruggekom het'

Va ɖô mo vologa **mose** a ɬhôgôfhadê

'Hulle sal hom begrawe **wanneer** hy gesterf het'

(c) mosommyê 'miskien'

mosommyê is 'n samestelling van die naamwoorde **mose** (vergelyk (b) hierbo) en **momyê** 'ander'. Die saamgetrekte vorm sowel as die nie-saamgetrekte vorme word beide deur sprekers gebruik. Vergelyk:

A re êmênnyana; **mosommyê** o ɖô fhiya

'Kom ons wag 'n bietjie; **miskien** sal hy kom'

Khe dzeve; **mosommyê** o ɖô ɖa

'Ek weet nie; **miskien** sal hy kom'

6.6.4 Voegwoorde wat uit voornaamwoorde ontwikkel het

(a) **hōla** 'terwyl'

hōla was waarskynlik vroeër die demonstratief (posisie 3) van klas 17.

O ndédjilé **hōla** ge dzēna ga ndōne

'Hy het my geslaan **terwyl** ek by die hut inkom'

O swerwe ge dikhōfhē **hōla** a khe a šoma

'Hy het vaak geword **terwyl** hy gewerk het'

(b) **asoo** 'maar intussen'

asoo is die demonstratiewe kopulatief van klas 1 wat na 'n geringe klankvormlike aanpassing voegwoordelik gebruik word. Die basiese vorm van demonstratief-kopulatiewe word in 6.3.3 behandel.

O fhomodē **asoo** ge yēna o thomilēho molaḡo

'Hy bly stil **maar intussen** het hy die moeilikheid begin'

6.6.5 Partikelgroepe met 'n konjunktiewe funksie

Partikelgroepe met 'n konjunktiewe funksie word, soos ander partikelgroepe, saamgestel uit 'n partikel en 'n woord van 'n ander woordkategorie. Verskillende tipes partikels en komplemente is hier ter sprake. In sommige gevalle het die betekenis van die komplement sodanig vervaag dat dit nie meer selfstandig as woord funksioneer nie, maar slegs in die bepaalde partikelgroep aangetref word. Die volgende partikels en komplemente is ter sprake:

(a) **le hōna** 'en boonop'

Ge mohumi **le hōna** o nôô mevôḡôrô yē mendži

'Hy is ryk **en boonop** het hy baie motors'

Moḡho yô o a huzvwa **le hōna** o volaya vaḡho

'Hierdie persoon steel **en boonop** maak hy mense dood'

(b) naorialô 'maar intussen'

Hierdie voegwoord is 'n samestrekking van die konnektiewe partikel **na**, die werkwoord **ho re** en die naamwoord **vyalô**. Vergelyk die volgende voorbeelde:

O aba gudu **naorialô** ha a dzeve khelô
'Hy praat baie **maar intussen** weet hy niks'

(c) ga hovane/ga hore 'omdat/want'

Khe mo rune **ga hovane/ga hore** o a rohana
'Ek hou nie van haar nie **want** sy vloek'

(d) gaorialô 'daarom'

Hierdie partikelgroep bestaan uit 'n sametrekking van die instrumentale partikel **ga**, die werkwoord **ho re** en die naamwoord **vyalô**. Dit word gebruik soos in die volgende voorbeelde:

Moyana wa ga o a lwala **gaorialô** ge mo isa ngagene
'My kind is siek, **daarom** neem haar ek haar dokter toe'

Vana va mo tshwênya **gaorialô** o a va dêḁa
'Die kinders pla haar; **daarom** slaan sy hulle'

6.7 Ideofone

Die navorsingsprogram wat vir hierdie deel van die ondersoek gebruik is, is opgestel in navolging van Nokaneng & Louwrens (1991:436-440). In die onderstaande uiteensetting word aandag aan die klankvorm van ideofone gegee, terwyl verbande tussen ander woordkategorieë en ideofone en moontlike verwantskappe met Venda en Tsonga ook ter sprake kom.

6.7.1 Klankkenmerke van ideofone

Die klankpatroon van 'n noemenswaardige aantal ideofone en tussenwerpsels (vergelyk 6.8) is buitengewoon omdat dit afwyk van die klankpatroon wat ander

woordkategorieë kenmerk. Die afwykings waarna hieronder verwys word sluit 'n verlengde konsonant in woordfinale posisie, 'n verlengde finale vokaal, en ander paranormale fonologiese struktuurkenmerke in.

6.7.1.1 Ideofone wat op 'n verlengde konsonant eindig

khêrr:	geluid van byvoorbeeld 'n lap wat skeur
tšhirr:	gesê van die son wat warm is
phurr:	gesê van voëls wat skielik opvlieg
virr:	gesê wanneer 'n klip gegooi word
tshwitshwirr:	gesê van skreeuende remme

6.7.1.2 Ideofone wat op 'n verlengde vokaal eindig

q̄waa:	gesê van iets wat wit is
vyôô:	gesê van iets wat wit is
ṭhwii:	gesê van iets wat reguit is
dzwêê:	gesê van iets wat baie lekker is
q̄uu:	gesê van stilte
habêê:	gesê van die neerstryk van voëls
haq̄aa:	gesê van die neerstryk van voëls
khuvii:	gesê van iets wat rooi is
sêṭhêê:	gesê van iets wat vaal is
q̄alaa:	gesê van iets wat groen is
fhoo:	gesê van iets wat erg stink
gôô:	gesê van iets wat erg koud is
khuduu:	gesê van bv. 'n geweerskoot
ṭhêê:	gesê van droogte
bêê:	gesê wanneer iemand beeldskoon is
phaa:	gesê vir die slaan van 'n hou
ṭhwaa:	gesê wanneer bv. 'n saal vol mense is
fhii:	gesê van donkerte
waa:	gesê van reën wat val

6.7.1.3 Ideofone wat bestaan uit 'n stam/sillabe wat herhaal word

'n Aansienlike aantal ideofone word gekenmerk deur herhaling van 'n sillabe/sillabes of 'n stam. Stamme wat herhaal word, word met 'n koppelteken verbind, terwyl sillabes wat herhaal word nie so aangedui word nie. Indien daar egter 'n minimale pouse tussen sillabes waarneembaar is, word die sillabes ook deur 'n koppelteken geskei.

- ʈho-ʈho-ʈho: gesê van byvoorbeeld **water wat drup**
- lôrêlôrê: gesê van iets wat **brand**
- khikhikhi: geluid van **voete wat hardloop**
- khidikhidi: geluid van **voete wat hardloop**
- khôkhô: gesê van hoe **iemand doodgemaak word**
- fhôfhô: aanduidend van **hoe vinnig iets klaargemaak word**
- khôkhô: aanduidend van **koue**
- gôgô: gesê wanneer iemand **aanklop**
- džur-džur: geluid van byvoorbeeld **melk wat in 'n emmer val**
- gidj-gidj: beskrywend van **hardloop**
- vuguvuguvugu: geluid van byvoorbeeld **stok wat gegooi word**
- khwašakhwaša: gesê van **geruis van voete**
- tshêrêṭshêrê: gesê van **geruis van voete**
- vêlêvêlêvêlê: gesê wanneer die son **warm is**
- tšhwaṭhatšhwaṭha: gesê van iets wat **ritsel**
- ʈhokhêṭhokhê: gesê van hoe **iemand doodgemaak word**
- ḍan-ḍan-ḍan: gesê van **iets wat lekker smaak**
- khê-khê-khê: geluid van byvoorbeeld 'n **byl wat kap**
- fhinê-fhinê (-fhina 'vasbind'): **stewig vasbind**
- ḍugê-ḍugê (-ḍuga 'vlam vat'): gesê van iets wat **brand**
- tšhebedi-tšhebedi (-tšhebela 'loop'): gesê wanneer iemand **bietjies-bietjies loop**

6.7.1.4 Paranormale klanke in ideofone

Ideofone word dikwels gekenmerk deur paranormale klanke, waarvan verlengde **r (rr)** die meeste voorkom. Paranormale klanke kom slegs in ideofone - en soms ook in tussenwerpsels - voor, en word nie elders in die klanksisteem van Lobedu teëgekom

nie. Om hierdie rede is paranormale klanke nie in hoofstuk 2 bespreek nie. Die volgende paranormale klanke is teëgekrom:

i ([ə]): Schwavokaal vgl. **virr** Gesê van byvoorbeeld 'n **klip wat gegooi word**

d ([d]): Apiko-alveolêre stemhebbende plosief
vgl. **khuduu** Gesê van byvoorbeeld 'n **geweerskoot**

ngw ([ŋw]): Die kombinasie /ŋ + w/ kom nie elders in Lobedu voor nie
vgl. **ngwaḥa** Gesê van bv. 'n **hut wat leeg is/van iemand wat niks by hom/haar het nie**

rr ([r̥r]): Gegemineerde r
vgl. **khêrr** Geluid van byvoorbeeld 'n **lap wat skeur**

pšh ([pʰ]): Labio-prepalatale geaspireerde affrikaat
vgl. **pšharkhaḥa** Gesê van **iemand wat val**

6.7.2 Raakpunte met ander woordkategorieë

'n Groot aantal ideofone vertoon geen waarneembare verband met ander woordkategorieë nie. Sodanige ideofone word as basiese ideofone beskou. In sekere gevalle dui die klankstruktuur van ideofone egter op 'n verband met bestaande werkwoord- of naamwoordstamme. Hierdie feite word vervolgens aangetoon en bespreek.

6.7.2.1 Basiese ideofone

Basiese ideofone is nie afgelei van ander woordkategorieë nie, en derhalwe suggereer hulle klankstruktuur geen verband met ander woordkategorieë nie. Die ideofone in 6.7.2.3 kan ook as basies beskou word omdat hulle as basis vir die afleiding van sekere werkwoordstamme gedien het. Ten einde onnodige herhaling te voorkom, word basiese ideofone nie hier herhaal nie. Bo en behalwe 6.7.2.3 word voorbeelde van basiese ideofone ook gelys in 6.7.1.1, 6.7.1.2, 6.7.1.3, 6.7.1.4 en 6.7.4. (6.7.1.2 en 6.7.1.3 bevat egter ook enkele voorbeelde van afgeleide ideofone.)

6.7.2.2 Ideofone wat van werkwoordstamme afgelei is

Hoewel die oorsprong van meeste ideofone nie bepaal kan word nie, is daar 'n aantal wat duidelike ooreenkomste met sekere werkwoordstamme vertoon. Daar word in hierdie gevalle aangetoon dat die betrokke werkwoordstamme as basis gedien het vir die afleiding van ideofone. Die afleidingsproses geskied deur die vervanging van die werkwoorduitgang met ideofoniseringsmorfeme ("ideophonizing morphemes" - vergelyk Marivate (1982:71)). Die ideofoniseringsmorfeme wat in Lobedu geïdentifiseer is, is -ê, en -i. Vergelyk die volgende voorbeelde:

(a) -ê as ideofoniseringsmorfeem

- fhinê-fhinê (-**fhina** 'vasbind'): **stewig vasgebind**
dugê-dugê (-**duga** 'vlam vat'): gesê van iets wat **brand**
fhinê (-**fhina** 'vasbind'): gesê wanneer **iemand in die moeilikheid is**

(b) -i as ideofoniseringsmorfeem

- dôbi (-**dôba** 'optel'): beskrywend van iets wat **opgelig word**
šaḥi (-**šaḥa** 'pleister'): gesê van die **pleister**-proses
myadi (-**myala** 'skryf'): gesê as iemand **haastig en 'n klein bietjie skryf**
myaḥi (-**myaḥa** 'afbreek'): gesê as iemand 'n stukkie **kos afbreek**
tšhebedi-tšhebedi (-**tšhebela** 'loop'): gesê wanneer iemand **bietjies-bietjies loop**
gidjimi-gidjimi (-**gidjima** 'hardloop'): beskrywend van **hardloop**
tshwani-tshwani (-**tshwana** 'dieselfde lyk'): gesê van **identiese voorwerpe**

6.7.2.3 Ideofone waarvan werkwoordstamme afgelei is

Cantrell (1967:108) en later Marivate (1982:123-125) en Poulos (1990:432-433) spreek die mening uit dat in baie gevalle waar 'n ideofoon 'n verwante werkwoordstam het, die ideofoon as basis vir die afleiding van die werkwoordstam gedien het. Dit geld nie vir ideofone wat deur middel van ideofoniseringsmorfeme van werkwoordstamme afgelei is nie (vergeelyk 6.7.2.2). Die genoemde outeurs identifiseer elk 'n aantal verbaliseerders ("verbalisers") of te wel ekstensies wat aan ideofoniese wortels geaffigeer word ten einde 'n werkwoordstam daar te stel. 'n Ideofoniese wortel is die ideofoon sonder verbaliseerders. Vergelyk in dié verband **thakho** (gesê wanneer

mense **opstaan**) wat as ideofoniese wortel dien vir die werkwoordstam **-ṭhakhoha** 'opstaan'. **-h-** is 'n verbaliseerder terwyl **-a** 'n werkwoorduitgang is. Marivate (1982:121 e.v.) beskou **-a** ook as 'n verbaliseerder. Benewens **-h-** word **-l-** en **-d-** ook as verbaliseerders gebruik. Vergelyk:

džavo:	gesê wanneer iemand gepiets word	→	-džavola	'piets'
ṭhomo:	gesê wanneer bv. 'n doring uitgetrek word	→	-ṭhōmola	'uittrek'
gôgô:	gesê wanneer iemand aanklop	→	-gôgôḍa	'aanklop'

-džavolēla bevat benewens die verbaliseerder **-l-** ook die applikatiewe ekstensie.

6.7.2.4 Ideofone gebaseer op adjektiefwortels wat kleur aandul

Sommige ideofone is duidelik verwant aan bestaande adjektiefwortels. Morfeme soortgelyk in funksie aan die ideofoniseringsmorfeme wat in 6.7.2.2 genoem is, word gebruik om die adjektiefwortel in 'n ideofon te verander. Die afleidingsproses behels vervanging van die wortel se finale vokaal met **-ii**, **-êê** of **-aa** soos in die volgende voorbeelde:

sêṭhêê (-sêṭha 'vaal'):	dui op iets wat vaal is
ḍalaa (-ḍala 'groen'):	dui op iets wat groen is
khuvii (-khuvidu 'rooi' ← B. -kūya):	dui op iets wat rooi is

6.7.3 Raakpunte met Venda en Tsonga

Die ingesamelde Lobedu items is sistematies met ooreenstemmende Venda en Tsonga ideofone vergelyk. Slegs enkele ideofone uit beide tale vertoon ooreenkomste met Lobedu s'n.

6.7.3.1 Raakpunte met Venda

Die volgende ideofone wat reeds elders gelyk is, toon verwantskap met ideofone wat ook in Venda voorkom - vergelyk Poulos (1990:415-433).

virr (Venda mvirr):	gesê wanneer bv. 'n klip gegooi word
khi (Venda khu):	gesê van 'n vuishou wat val
waa (Venda waa):	gesê van reën wat val
pha (Venda pha):	gesê wanneer byvoorbeeld 'n houer oorvol is
thakho (Venda taku):	gesê wanneer mense uit respek opstaan
tšhirr (Venda nzirr):	gesê van die son wat warm is
džur-džur (Venda tzworr):	geluid van bv. melk wat in 'n emmer val
khê-khê-khê (Venda khe):	geluid van byvoorbeeld 'n byl wat kap

6.7.3.2 Raakpunte met Tsonga

Die onderstaande ideofone wat ook reeds elders aangehaal is, dui op verwantskap met Tsonga. Tsonga voorbeelde is bekom in Marivate (1982).

ḍuu (Tsonga **duu**: gesê wanneer iemand **stilbly weens neerslagtigheid**):

gesê van **stilte**

khêkhêkhê (Tsonga **khe**): geluid van byvoorbeeld 'n **byl wat kap**

pha (Tsonga **mpha**): gesê van byvoorbeeld 'n houer wat **oorvol** is

waa (Tsonga **wawawa...**): gesê van **reën wat val**

vêlêvêlêvêlê (Tsonga **viriviri**: gesê van stoof wat **warm** is):

gesê van dag wat **warm** is

6.7.4 Verdere voorbeelde van ideofone

nwe: gesê van byvoorbeeld 'n by se **steek**

vê: gesê van iets wat **rooi** is

khi: gesê van 'n **vuishou wat val**

fhô: gesê van byvoorbeeld **bier wat opgedrink** is

ḍa: aanduidend van **hoe vinnig iets klaargemaak** word

fhô: aanduidend van **hoe vinnig iets klaargemaak** word

khô: aanduidend van **koue**

pha: gesê van byvoorbeeld 'n houer wat **oorvol** is

balagaḍa: gesê wanneer mense **skinder**

ngwaṭha:	gesê van byvoorbeeld 'n hut wat leeg is/van iemand wat niks by hom/haar het nie
fhêlêlê:	gesê van iets wat opraak
fhêlêlê:	gesê van byvoorbeeld 'n haas wat in 'n gat verdwyn
khuvya:	geluid wanneer byvoorbeeld 'n klip in water val
tshapšha:	gesê wanneer byvoorbeeld 'n haas vinnig uit sy gat vlug
phunumunu:	gesê wanneer by 'n plek ingebars word
pšhōšô:	gesê van byvoorbeeld 'n been/stok wat breek
mêmênê:	gesê van 'n knoop wat stewig vas is
ṭhofhya:	gesê wanneer 'n kort rukkie gesit word
khôkhôṭhō:	geluid van hoewe
phukhu:	gesê wanneer byvoorbeeld 'n saal vol mense is
gôgôḍô:	geluid van byvoorbeeld 'n emmer wat val
phukhu:	gesê van byvoorbeeld 'n houer wat oorvol is
pšharakhāṭha:	gesê van iemand wat val

6.7.5 Konstruksies waarin ideofone gebruik word

6.7.5.1 Ideofone as komplemente van -re of -ilê

In meeste gevalle word ideofone as komplemente van die werkwoordstamme -re of -ilê gebruik. Die volgende voorbeelde dien ter illustrasie:

Ledžadži le a fhesa le re **tšhirr** 'Dit is warm'

Va fhedžidžê vyalwa va ilê **fhô** 'Hulle het die bier vinnig opgedrink'

Ideofone volg nie altyd direk op -re of -ilê nie, aangesien 'n bywoordelike bepaling dit soms van die werkwoord skei. Vergelyk:

Dinonyana di re mô morene **habêê** 'Die voëls stryk in die boom neer'

O ilê ga voraha **šaṭhi** 'Hy het gepleister'

O ilê ga mô nḍône **fhêlêlê** 'Sy het in die hut verdwyn'

In uitsonderlike gevalle kan ideofone wat van werkwoordstamme afgelei word deur 'n

voorwerpskakel voorafgegaan word. Marivate (1982) haal verskeie vergelykbare voorbeelde hiervan uit Tsonga aan. Vergelyk eerstens **mo** saam met **fhinê** 'swaarkry' (vanaf **-fhina** 'vasbind') hieronder en let op die gebruik van die voorwerpskakel **n'wi-** in die daaropvolgende Tsonga voorbeeld.

Molaḡo o ilê mo **fhinê**

'Hy is diep in die moeilikheid'

Mbyana yi ri n'wi kabvuu, wanuna hi ku hatlisa (Marivate, 1982:186)

'Die hond **byt** die man vinnig'

6.7.5.2 Ideofone sonder **-re** of **-ilê**

Ideofone kan ook volg sonder dat ander werkwoorde as **-re** of **-ilê** gebruik word. Vergelyk enkele voorbeelde:

E šwêufhêdže **ḡwaa**

'Dit is spierwit'

Va e vôphilê **fhinê**

'Hulle het dit deeglik vasgebind'

Ge ḡo ho volaya **khô-khô**

'Ek sal jou doodmaak'

6.8 Tussenwerpsels

6.8.1 Klankkenmerke van tussenwerpsels

Die klankstruktuur van tussenwerpsels is, soos in die geval van ideofone, dikwels paranormaal. Die finale sillabe is dikwels verleng en in een geval word van 'n suigklank gebruik gemaak. Tussenwerpsels is feitlik deurgaans monomorfematies, en die herhaling van sillabes is algemeen.

6.8.1.1 Tussenwerpsels wat op 'n verlengde vokaal eindig

Die volgende tussenwerpsels dien as voorbeelde:

Êê! 'Ja'

Ahaa! 'Ja?' (leedvermakerig)

Éhêê! 'Ja?' (leedvermakerig)

Ahêê! Gesê om iemand wat besig is om kwaad te doen af te skrik
 Ahêê! Dankbetuiging
 Aowii! Druk simpatie uit
 Jôô nna jôô! Druk vrees/smart uit

6.8.1.2 Tussenwerpsels wat bestaan uit sillabes/klanke wat herhaal word

Koppeltekens word in die onderstaande voorbeelde gebruik om 'n kort pouse tussen sillabes aan te dui.

Aowa-owa! 'Nee'
 A-a-a-a! Druk verbasing uit
 Ê-ê-ê-ê! Druk verbasing uit
 Jô-jô-jô! Druk verbasing uit
 Tšhutšhu! Verwoord pyn
 Tšhitšhu! Verwoord pyn
 Êi-êi-êi! Verwoord pyn
 Alalala! Druk verontwaardiging uit

6.8.1.3 Paranormale klanke in tussenwerpsels

Slegs een paranormale klank is teëgekrom, te wete die genasaleerde laterale suigklank [ŋ]. Een voorbeeld waarin hierdie klank figureer, is teëgekrom, te wete

Nxe! Druk ontevredenheid uit

6.8.2 Herkoms van tussenwerpsels

Tussenwerpsels val uiteen in basiese tussenwerpsels, wat nie verband hou met woorde uit ander woordkategorieë nie, en woorde uit ander woordkategorieë wat as tussenwerpsels aangewend word.

6.8.2.1 Basiese tussenwerpsels

Ten einde onnodige herhaling te voorkom word basiese tussenwerpsels wat reeds

aangehaal is, nie weer aangegee nie. Vergelyk egter 6.8.1.1 en 6.8.1.2 vir voorbeelde van basiese tussenwerpsels.

6.8.2.2 Tussenwerpsels uit ander woordkategorieë

Die onderstaande voorbeelde van nie-basiese tussenwerpsels kan onderverdeel word in:

(a) Eiename as tussenwerpsels

[hovêla! 'Goeie dag!

(b) Naamwoorde as tussenwerpsels

Morena! 'Goeie dag! (ook aan vrouens gerig)'

Khevaḍakhômo! Gesê wanneer alarm gemaak word

6.8.3 Verdere voorbeelde van tussenwerpsels

Êya?! 'O ja?/O nê? (verbasing)'

Aowa! 'Nee'

A?! Druk verbasing uit

Afhaye?! Druk verbasing uit

Eya-e?! Druk verbasing uit

Ao?! Druk verbasing uit

Owê! Uittartend, byvoorbeeld om 'n konfrontasie uit te lok

Nḍao! 'Goeie dag!'

Nanavê! 'Verskoning!'

6.9 Samevatting

Hierdie samevatting bevat slegs die belangrikste morfologiese verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu, in soverre dit die materiaal wat in hierdie hoofstuk vervat is, aangaan. Daar word nie in hierdie samevatting verwys na verskille tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho met betrekking tot individuele voegwoorde, ideofone en tussenwerpsels nie.

6.9.1 Klasprefikse

(a) Klasse 1 en 3

Die allomorf **my-** word aangetref voor naamwoordwortels wat op **a** of **ê** begin:

Klas 1:

SNS.	ngwana	SNS.	ngwêṭši
L.	myana	L.	myêḏzi
	'kind'		'bruid'

Klas 3:

SNS.	ngwaga	SNS.	ngwêḏi
L.	myaha	L.	myêḏi
	'jaar'		'maan'

(b) Klasse 5 en 11

In standaard Noord-Sotho is alle oorspronklike klas 11 naamwoorde na klas 5 gekanaliseer. In Lobedu genereer naamwoorde in klas 11 wel eie kongruensiemorfeme, maar die kongruensiemorfeme van klas 5 word verkies.

SNS.	lemaô		
L.	lemaô	(klas 5)	maar ook
	lomaô	(klas 11)	
	'naald'		

(c) Klas 7 se prefiks is **khe-**

Hierdie prefiks het in Lobedu ook die funksie om diminutiewe naamwoorde af te lei in samewerking met die diminutiewe suffiks **-ana**:

SNS.	leswikanyana
L.	khefhigana
	'(klein) klippie'

(d) Klas 8 se prefiks is zvw-

Hierdie prefiks is eweneens radikaal verskillend van dié van standaard Noord-Sotho. Vergelyk:

SNS. diêpê
L. zvwêébê
'byle'

(e) Klas 9

Vanweë die andersheid van die klanksisteem van Lobedu realiseer die klasprefiks van klas 9 soms as 'n retroflekse nasaal en soms as 'n dentale nasaal:

SNS. nta	SNS. ntlô
L. nda ([ndʰa])	L. ndô ([ndɔ])
'luis'	'hut'

6.9.2 Deverbatiewe naamwoorde

Dieselfde morfologiese beginsels wat deverbatiefvorming in standaard Noord-Sotho reguleer, geld ook in Lobedu. Enkele voorbeelde van deverbatiewe in klas 11 wat meervoudig afgelei word in klas 10, is in Lobedu aangetref:

SNS. lebône	→	mabône	'lampe'
L. lovône	→	dibône	'tradisionele rietfakkels'

6.9.3 Diminutiewe naamwoorde

Diminutiefvorming is in diepte bespreek aangesien daar 'n verband tussen grade van diminusie en verskillende affigeringstrategieë gevind is. Lobedu toon sekere ooreenkomste met Venda en Tsonga in soverre dit diminutiefvormingstrategieë aangaan. Sprekers onderskei klaarblyklik tussen vier semantiese kategorieë binne die breëre kader van diminutiefvorming, naamlik:

(a) Kategorie 1

Hieronder tel voorwerpe wat na die spreker se oordeel nie verklein is nie:

kheṭhare 'boom'

(b) Kategorie 2

Voorwerpe wat verklein is, maar nie uitermate nie. Die diminutiewe agtervoegsels **-ana** of **-nyana** word gebruik:

lefhiganyana/lefhigana 'klippie'

(c) Kategorie 3

Wanneer 'n voorwerp na die oordeel van die spreker uitermate verklein is, word die naamwoord se prefiks met dié van klas 7 of klas 8 vervang, en **-ana** word gesuffigeer. Wanneer na die kleintjies van diere verwys word, word dieselfde strategie wat so pas geskets is gebruik, maar dan is die bedoeling nie dat die diertjie uitermate verklein is nie. In laasgenoemde gevalle word jonkheid verwoord.

SNS. leswikanyana

SNS. tawana

L. khefhigana

L. kheḍawana

'klein klippie'

'welpie'

(d) Kategorie 4

Sommige voorwerpe mag weens 'n semantiese beperking nie aan diminusie onderwerp word nie. Die eerste van drie geïdentifiseerde beperkings is van toepassing op voorwerpe wat so klein is dat diminusie onlogies blyk te wees. Vergelyk:

L. nda 'luis'

'n Verdere beperking is van toepassing op naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik +derogatief]. Wanneer **khe-** en **-ana** aan naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik] gevoeg word, verkry sodanige naamwoorde die

addisionele kenmerk [+derogatief]. Dit is dus onnodig om hierdie diminutiefvormingstrategie op naamwoorde toe te pas wat reeds die kenmerke [+menslik +derogatief] in hulle leksikale betekenis bevat. Hierdie beperking geld egter nie in alle gevalle nie. L. **mogwa** 'luiaard' het nie 'n diminutiewe teenhanger nie, terwyl L. **khefhafhašana** 'veragtelike stommerik' afgelei is van **lefhafhara** 'stommerik'.

Laastens bied sprekers weerstand teen die vorming van diminutiewe in die geval van naamwoorde wat na mense verwys. Hierdie beperking word gesien as 'n bewys van die Balobedu se antroposentriese lewensbeskouing.

6.9.4 Adjektiewe naamwoorde

Wanneer monosillabiese adjektiewortels aan klas 10 naamwoorde geskakel word, vind okklusivering nie plaas soos in standaard Noord-Sotho nie. Die prefiks van klas 10 word ook nie weggelaat uit adjektiewe naamwoorde nie, behalwe wanneer die adjektiefwortel **-bēdi**, **-tharo**, **-ne** of **-thano** is:

SNS. Dipitša tšē mpsha

L. Dibidža dža diswa

'Nuwe potte'

6.9.5 Kwalifikatiewe naamwoorde

Naamwoordelike relatiewe verskil morfologies van hulle standaard Noord-Sotho teenhangers deurdat 'n possessiewe partikel in Lobedu as kwalifikatiewe partikel funksioneer in plaas van 'n demonstratief:

SNS. Legare lê bogale

L. Lehare la vohale

'n Skerp lem'

6.9.6 Lokatiewe naamwoorde

Die lokatiewe suffiks is **-ne** in Lobedu, in plaas van SNS. **-ng**:

SNS. sehlaeng

L. khet̥harene

'in/by die boom'

6.9.7 Augmentatiewe/vroulike naamwoorde

L. **-hadi** dui uitermate grootte, vroulike grootte, asook vroulike geslag aan, terwyl SNS. **-gadi** slegs gebruik word om vroulikheid aan te dui:

L. modzehadi 'reuse stat'

L. **-hadi** word ook gebruik om na baie ou vroulike diere te verwys:

L. khômohadi 'groot ou koei'

6.9.8 Absolute voornaamwoorde

Benewens die absolute voornaamwoorde wat in standaard Noord-Sotho gebruik word, het Lobedu ook twee alternatiewe stelle wat gebruik word wanneer die absolute voornaamwoord deur 'n demonstratief gevolg word. Demonstratiewe van beide stelle bestaan uit die normale demonstratiewe prefiks, 'n wortel **-a-** en 'n suffiks. Die eerste alternatiewe stel het **-na** as suffiks, terwyl die tweede stel **-a** as suffiks het. Vergelyk enkele voorbeelde:

	<u>Alternatief 1</u>	<u>Alternatief 2</u>	
Klas 1	yana (yô)	yaa (yô)	'hierdie einste een'
Klas 5	lana (lê)	laa (lê)	'hierdie einste een'
Klas 11	lana (lô)	lwaa (lô)	'hierdie einste een'

6.9.9 Demonstratief-kopulatiewe

Twee stelle wat fakultatief varieer, kom in Lobedu voor. Hierdie stelle verskil beide van die demonstratief-kopulatiewe van standaard Noord-Sotho. In beide stelle word 'n wortel gevolg deur 'n konkordiale morfeem wat ooreenstem met die demonstratiewe voornaamwoorde van die verskillende naamwoordklasse. Die eerste stel maak gebruik

van die wortels **se-** en **so-**, en die tweede van **ngae-**. Vergelyk:

Klas 1:

- SNS. monna šo
L. monna soyô/ngaeyô
'Hier is die man'

Klas 2:

- SNS. banna šeba
L. vanna seva/ngaeva
'Hier is die mans'

6.9.10 Kwantitatiewe voornaamwoorde

In Lobedu word onderskei tussen inklusiewe en eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde. Inklusiewe kwantitatiewe word gekenmerk deur die wortel **-ôthê**. Wanneer inklusiewe kwantitatiewe na die eerste en tweede persoon meervoud verwys, word nie net klas 2 se kongruensie morfeme gebruik soos in standaard Noord-Sotho nie, maar kan prefikse ook deur die genoemde persone gegenerer word, naamlik **r-** en **l-**. In plaas van slegs **vôthê** (SNS. **bôhlê**) word **rôthê** 'ons alleen' en **lôthê** 'julle alleen' dus ook in Lobedu gebruik.

Beide Lobedu en Tswana het drie stelle eksklusiewe kwantitatiewe wat fakultatief varieer. In Tswana is hierdie egter dialektiese variante, terwyl al drie stelle naas mekaar in Lobedu aangetref word. Die **-ôsi-** vorm word deur 'n konkordiale prefiks voorafgegaan, terwyl die **nôsi-** en **yêsi-** vorme nie wisselende konkordiale prefiks het nie. Al drie vorme word slegs as kopulatiewe komplemente gebruik. Vergelyk:

- SNS. Sebata se tsoma se le nôši
L. Khevaḡa khe dzoma khe e khôsi/nôsi/yêsi
'n Roofdier jag alleen'

6.9.11 Radikale voornaamwoorde

Die Lobedu teenhangers van SNS. **-šoro** 'vreemd' en **-tee** 'een' word anders gebruik as in standaard Noord-Sotho. L. **-šoro** word slegs in die geval van die persone as radikale voornaamwoord gebruik, terwyl L. **-t̥hihi** glad nie as 'n radikale voornaamwoord gebruik word nie. Vergelyk:

SNS. Motho o šoro

SNS. Motho o tee

L. Moṯho wa soro

L. Moṯho ga moṯhihi

'n Wrede mens'

'Een mens'

-šoro word in Lobedu as 'n relatiewe naamwoord gebruik, terwyl **-t̥hihi** in 'n konstruksie voorkom wat bestaan uit 'n partikel **ga** wat met die instrumentale partikel ooreenstem, gevolg deur 'n klasprefiks wat aan **-t̥hihi** gevoeg word.

-sele 'vreemd' en **-fheyo?** 'watter?' word egter uitsluitlik as radikale voornaamwoorde in Lobedu gebruik. Laasgenoemde is uit Venda ontleen. Vergelyk:

SNS. Monna o šele

SNS. Kgômo efe?

L. Monna o sele

L. Khômo e fheyo?

'n Vreemde man'

'Watter bees?'

6.9.12 Possessiewe voornaamwoorde

Die possessiewe voornaamwoorde wat na die persone verwys verskil in sommige gevalle van dié wat in standaard Noord-Sotho bekend is:

Tweede persoon enkelvoud:

SNS. Dikgômo tša gago

L. Dikhômo dža ho

'Jou beeste'

Derde persoon enkelvoud:

SNS. Dikgômo tša gagwê

L. Dikhômo dža hwê

'Sy beeste'

In beide Lobedu voorbeelde is die voornaamwoord verkort deur weglating van die sillabe **ga** wat in standaard Noord-Sotho voorkom.

6.9.13 Partikels

(a) Lokatiewe partikels

L. **hôfha** 'hier' kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie:

L. Éma hôfha moraho ha ga 'Staan hier agter my'

L. **ga** funksioneer as teenhanger van SNS. **go**, maar in teenstelling met SNS. **go** wat nie komplemente met die semantiese kenmerk [+lokatief] neem nie, kan L. **ga** wel sodanige komplemente akkommodeer:

SNS. O ilê go mosadi

L. O ilê ga mosadine

'Hy het na sy vrou toe gegaan'

(b) Hortatiewe partikels

Benewens SNS. **a** en **ankê** wat as onderskeidelik L. **a** en **angê** in Lobedu voorkom, word **tšha/tšhe** ook in Lobedu aangetref:

SNS. A re dulê mô

L. Tšha/Tšhe re dulê mô

'Laat ons hier sit'

(c) Interrogatiewe partikels

L. **ḡae?** 'watter soort/volksverband?' is waarskynlik uit Venda ontleen en kom nie in

standaard Noord-Sotho voor nie, terwyl L. **ngê?** 'hoekom ... nie?' die teenganger van SNS. **hlêng?** is. Vergelyk:

L. Mavyalwa vya mofhuḁa ḁae?
'Watter soort bier?'

SNS. Hlêng o sa mpôtša?

L. Ngê o khe a mbôdža?
'Hoekom het jy my nie gesê nie?'

HOOFSTUK 7

MORFOLOGIE VAN PREDIKATIEWE WOORDE

7.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat 'n beskrywing van alle werkwoordelike prefigale en suffigale morfeme sowel as defisiënte hulpwerkwoordvorme wat in Lobedu aangetref is. Die verspreiding van die stabiliseerder e-, wat nie morfeemstatus besit nie, word ook in hierdie hoofstuk behandel. Alle morfeme en allomorwe waarna verwys word, is op sinchroniese vlak geïdentifiseer. In sommige gevalle word verwysings na die historiese oorsprong van allomorwe gemaak ten einde meer lig op die vorm daarvan te werp. In sodanige uiteensettings word gerekonstrueerde vorme met 'n asterisk aangedui.

Kopulatiewe word nie in hierdie hoofstuk bespreek nie, aangesien hulle nie in alle gevalle werkwoorde bevat nie. Voorts is die samestelling en betekenis van kopulatiewe sodanig dat hulle as 'n eenheid afsonderlik in hoofstuk 9 onder die loep geneem word.

Hoewel daar in baie gevalle duidelike ooreenkomste tussen werkwoorde in standaard Noord-Sotho en Lobedu bestaan, is daar ook 'n noemenswaardige hoeveelheid werkwoorde wat struktureel en (klank)vormlik van mekaar verskil. Aangesien hierdie studie nie vergelykend van aard is nie, word verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu nie sistematies teen mekaar opgeweeg nie.

Werkwoordelike prefikse en die stabiliseerder e- word eerstens behandel, waarna defisiënte hulpwerkwoordvorme en werkwoordelike suffikse volg.

Soos in hoofstuk 6, word normvariante deur middel van 'n asterisk gemerk. In gevalle van morfeme met slegs een realisasie word hierdie werkswyse egter nie gevolg nie. Ten einde verwarring te voorkom, word asteriske as aanduiders van normvariante slegs gebruik binne die afdeling waar die betrokke prefiks of suffiks onder bespreking is.

7.2 Werkwoordelike prefikse

Werkwoordelike prefikse sluit sowel morfeme met 'n skakelfunksie as dié daarsonder in. Onder eersgenoemde tipe word onderwerpskakels en voorwerpskakels gereken, terwyl onder laasgenoemde tipe die refleksiefmorfeem, onvoltooidheidsmorfeem, situatiefmorfeem en negatiefmorfeme ingesluit word.

7.2.1 Onderwerpskakels

Die onderwerpskakels van die verskillende naamwoordklasse en persone word hieronder in tabelvorm uiteengesit. Onder die opskrif "Alle modi" word die onderwerpskakels van die onderskeie modi, met die uitsondering van dié van die konsekutiewe (positief) en kondisionale modi, aangehaal. Die onderwerpskakels wat in laasgenoemde modi aangetref word, word saam onder die opskrif "konsek./kondis." getabuleer omdat hulle vormlik ooreenstem. Klasse 1(a) en 2(a) maak gebruik van klasse 1 en 2 se kongruensiemorfeme. Die tabel word opgevolg met opmerkings oor gevalle waar meer as een onderwerpskakel voorkom.

Onderwerpskakels

	Alle modi	Konsek./kondis.
Eerste pers. enk.	*ge-/(n)khe-/n-	ga-
Eerste pers. mv.	*re-	ra-
Tweede pers. enk.	*o-	wa-
Tweede pers. mv.	*le-	la-
Klas 1	*o-/a-	a-
Klas 2	*va-	va-
Klas 3	*o-	wa-
Klas 4	*e-	ya-
Klas 5	*le-	la-
Klas 6	*a-	a-
Klas 7	*khe-	kha-
Klas 8	*zwe-	zwa-
Klas 9	*e-	ya-
Klas 10	*di-	dža-
Klas 11	lo- (norm - klas 5)	la-
Klas 14	*vo-	vya-
Klas 15	*ho-	ha-
Lokatiefklasse	*ho-	hwa-

(n)khe- (eerste persoon enkelvoud) word slegs in die indikatiewe modus, negatief (onvoltooid en voltooid) gebruik. **(n)** dui aan dat hierdie onderwerpskakel realiseer as **nkhe-** en **khe-**. Na analogie van die wisselende vorms van die eerste persoon enkelvoud onderwerpskakel in Venda word die volgende verklaring vir die ontstaan van **(n)khe-** voorgehou. In Venda vertoon die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud twee vorme, naamlik **ndi-** en **thi-**. Eersgenoemde word in meeste gevalle gebruik, terwyl **thi-** beperk is tot gebruik na die negatiefmorfeem **a-** wat die ekwivalent van die Lobedu negatiefmorfeem **ha-** (vergelyk SNS. **ga-**) is. Die vermoede bestaan dat weens vroeëre kontak met Venda, die wisseling **ndi-/thi-** aanleiding gegee het tot die wisseling ***ge-/ (n)khe-** in Lobedu. Die volgende voorbeelde illustreer die toedrag van sake in Venda:

Indikatief onvoltooid, positief:

Ndi a mu funa mutukana 'Ek hou van hom, die seun' (Poulos, 1990:256)

Indikatief onvoltooid, negatief:

A **thi** khou guda 'Ek studeer nie' (Poulos, 1990:213)

Die negatiefmorfeem **ha-** word in teenstelling met die gebruik in Venda egter weggelaat, waarskynlik omdat die andersheid van **(n)khe-** (in vergelyking met **ge-**) as voldoende markering van die begrip 'negatief' dien. Die volgende voorbeelde kontrasteer hierdie onderwerpskakels in Lobedu:

Indikatief onvoltooid, positief:

Ge a abea 'Ek kook (kos)'

Indikatief onvoltooid, negatief:

Khe/Nkhe abee 'Ek kook nie (kos) nie'

In 7.2.7.1 word verdere aandag aan **(n)khe-** gewy.

n- (eerste persoon enkelvoud) (foneties [ŋ]-) realiseer wanneer dit gevolg word deur

die situatiefmorfeem **-khe-**, die potensiële defisiënte hulpwerkwoordvorm **-ga-**, die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-kha-**, of die negatiefmorfeem **-khe-**.
Vergelyk:

Situatiefmorfeem:

Hê **nkhe** dzoma ... 'As ek jag ...'

Potensiële defisiënte hulpwerkwoordvorm:

Nga dzoma 'Ek kan jag'

Persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm:

Nkha dzoma 'Ek jag nog'

Negatiefmorfeem:

Hê **nkhe** a dzome ... 'As ek nie jag nie ...'

Verdere opmerkings rakende **n-** word ook gemaak by die bespreking van elk van die vier genoemde werkwoordelemente.

Soos in standaard Noord-Sotho word ***o-** (klas 1) slegs in die indikatiewe modus positief aangetref, terwyl **a-** in alle ander gevalle realiseer. Die gebruik van ***le-** (klas 5) as onderwerpskakel van klas 11 naamwoorde naas **lo-**, is 'n aanduiding dat die kongruensiemorfeme van klas 5 besig is om dié van klas 11 te verdring. 'n Verdere aanduiding hiervan is dat klas 5 se konsekwentiewe onderwerpskakel, **la-**, reeds as die enigste onderwerpskakel vir klas 11 in dié modus funksioneer. Om hierdie rede word die onderwerpskakel ***le-** van klas 5 reeds as norm vir klas 11 beskou. Die voorwerpskakel van klas 11 word ook deur dié van klas 5 verdring. (Sien die uiteensetting van voorwerpskakels in 7.2.2).

7.2.2 Voorwerpskakels

Die voorwerpskakels van die verskillende naamwoordklasse en persone is:

Voorwerpskakels

Eerste pers. enk.	*N-
	m-
	n- ([ŋ-])
	n- ([n-])
	n- ([ɲ-])
	n- ([ɹ-])
	n- ([ɻ-])
Eerste pers. mv.	re-
Tweede pers. enk.	(h)o-
Tweede pers. mv.	le-
Klas 1	mo-
Klas 2	va-
Klas 3	o-
Klas 4	e-
Klas 5	le-
Klas 6	a-
Klas 7	khe-
Klas 8	zvwe-
Klas 9	e-
Klas 10	di-
Klas 11	*le-/lo-
Klas 14	vo-
Klas 15	ho-
Lokatiefklasse	ho-

Geen oppervlakte realisasie van die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud kan as norm beskou word nie, aangesien elke realisasie deur die fonologiese omgewing bepaal word. Die voorwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud se vorm word bepaal deur die artikulasiepunt van die werkwoordstam se aanvangskonsonant. Soos in die geval van klas 9 se prefiks (sien 6.2.1.11), is dit waarskynlik die beste om *N- as normvariant te gebruik om hierdie toedrag van sake

te hanteer. Vergelyk die volgende voorbeelde:

m-	:	O mbidžidžê	'Hy het my geroep'
n- ([ŋ-])	:	Khegolo khe a n̄thalefhisa	'Die skool maak my slim'
n- ([n-])	:	Va a ndzeva	'Hulle ken my'
n- ([ŋ-])	:	O a n̄thôṯha	'Sy knyp my'
n- ([ŋ-])	:	Va a nnyaga	'Hulle soek na my'
n- ([ŋ-])	:	O khe nkhanêdžê!	'Moenie my teëgaan nie!'

Die voorwerpskakel van die tweede persoon enkelvoud realiseer as **ho-** sowel as **o-** - vandaar die voorstelling daarvan as **(h)o-**.

7.2.3 Refleksiefmorfeem **zvwe-**

Vanweë verskille in vokaalkwaliteit tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu gee Louwrens (1978:75) die vokaal in die refleksiefmorfeem **zvwe-** as **i** aan, dit wil sê **zwi-** (Louwrens se skryfwyse). Beide die vokale **i** en **e** kom egter in Lobedu voor, en navorsing het getoon dat die vokaal wat in die refleksiefmorfeem voorkom **e** is, en nie **i** nie. In teenstelling met standaard Noord-Sotho waar okklusivering na die refleksief reëlmatig plaasvind, is dié fonologiese proses opsioneel na L. **zvwe-**. Vergelyk ook Louwrens (1978:75) in hierdie verband. Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van **zvwe-**:

zvwe- sonder okklusivering:

Mokhegolo o **zvwerogêla** zwegwarô
'Die ou vrou maak vir haarself klere'

zvwe- met okklusivering:

Mokhegolo o **zvweṯhogêla** zwegwarô
'Die ou vrou maak vir haarself klere'

Aangesien L. **zvw** 'n refleks van B. **v** is, sou aanvaar kon word dat **zvwe-** van B. **vi-** afgelei is. Meinhof (1948:222) gee sewe verskillende Oer-Bantoe refleksiefmorfeme

aan, maar B. **vi-** is nie een hiervan nie. Trouens, nie een van die sewe refleksiefmorfeme in sy lys bevat B. **v** nie. Geen direkte verband kon gevind word tussen L. **zvwe-** en die refleksiefmorfeme van Venda, Tsonga en Phalaborwa nie.

7.2.4 Onvoltooidheidsmorfeem **-(y)a-**

Geen verskille met betrekking tot die distribusie en funksie van die onvoltooidheidsmorfeem in standaard Noord-Sotho en Lobedu kon vasgestel word nie. Dit kom uitsluitlik in die positief van onvoltooide indikatiewe werkwoorde voor. Vormlik verskil die onvoltooidheidsmorfeem van Lobedu egter van die standaardvorm in die opsig dat dit in die spraak van sommige informante realiseer as **-ya-** in plaas van **-a-**. Hierdie vorm realiseer alleenlik wanneer die onderwerpskakel **o** bevat. Gevolglik kan dit as **-(y)a-** voorgestel word. Daar is egter besluit om dit elders in hierdie proefskrif slegs as **-a-** voor te stel. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Ge a abea	'Ek kook'
O (y)a tšhebela	'Hy loop'

7.2.5 Situatiefmorfeem **-khe-**

Werkwoorde in die situatiewe modus (onvoltooide en toekomstige tye, positief) word gekenmerk deur **-khe-**, wat tussen die onderwerpskakel en die werkwoordstam optree. Wanneer die werkwoord 'n voorwerpskakel bevat, word **-khe-** deur die voorwerpskakel van die werkwoordstam geskei.

-khe- is duidelik aan Venda ontleen, waar V. **-tshi-** dieselfde funksie as merker van die situatiewe modus vervul - vergelyk Poulos (1990:264 & 265). L. **khe** korreleer ook met V. **tshi** in die geval van die prefikse van klas 7 in die twee tale: L. **khe-** is V. **tshi-**. Hoewel L. **khe** nie die reëlmatige teenhanger van V. **tshi** is nie, is daar beslis bewyse van 'n sekondêre klankverskuiwingsreël wat voorgestel kan word as L. **khe** ← B. **ki** → V. **tshi**. Soos in Lobedu, kenmerk V. **-tshi-** positiewe situatiewe werkwoorde in die onvoltooide en toekomstige tye. Louwrens (1978:78) beskryf die voorkoms van **-khe-**, maar meld nie die aanwesigheid daarvan in die toekomstige tyd nie.

Indien die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-kha-** in 'n situatiewe werkwoord voorkom, word **-khe-** weggelaat. Dit geld positiewe sowel as negatiewe werkwoorde. Vergelyk ook 7.4.1 in hierdie verband. **-khe-** is ook afwesig in negatiewe werkwoorde sonder die persistief. Vergelyk die volgende Lobedu voorbeelde waarin **-khe-** wel voorkom:

Situatiewe modus onvoltooid, positief:

Hê dibôô di **khe** lwa le di lamolê

'As die bulle baklei moet julle hulle uitmekaar maak'

Situatiewe modus toekomstend, positief:

Hê va **khe** ɖô ɖa mô, re ɖô va vodža

'As hulle hierheen sou kom, sal ons hulle sê'

Soos verduidelik, kom **-khe-** nie in die volgende voorbeelde voor nie:

Situatiewe modus onvoltooid, negatief:

Hê dibôô di khe a lwe ... 'As die bulle nie baklei nie ...'

(**-khe-**, 'n negatiefmorfeem, is die ekwivalent van SNS. **-se-**)

Situatiewe modus toekomstend, negatief:

Hê va ga se ɖê mô, re ga se va vodžê

'As hulle nie hierheen sal kom nie, sal ons hulle nie sê nie'

Situatiewe modus onvoltooid, persistief, positief:

Hê a kha lwala, a ga se ɖê

'As hy nog siek is, sal hy nie kom nie'

Situatiewe modus voltooid (toestandsvorm), persistief, positief:

Hê va kha laɖê, le khe va dzosê

'As hulle nog slaap, moet julle hulle nie wakker maak nie'

Louwrens (1978:78) se waarneming dat die onderwerpskakele van die eerste persoon enkelvoud as **n-** ([ŋ]-) realiseer wanneer dit deur **-khe-** gevolg word, word bevestig deur die navorsing vir hierdie proefskrif. Vergelyk:

Hê **nkhe** ɖa mô ... 'As ek hierheen kom ...'

In teenstelling met Venda word **-khe-** in Lobedu ook in kopulatiewe in die situatiewe modus aangetref - vergelyk 9.3, 9.4 en 9.5.

7.2.6 Perfektiewe/statiewe **-(y)a-**

Lombard et al. (1988:146) wys op die voorkoms van die perfektiewe/ statiewe **-a-** in standaard Noord-Sotho, waar dit aangetref word in die indikatiewe modus voltooide tyd, negatief. Vergelyk:

Mmutla ga o a tšhaba

'Die haas het nie gevlug nie' (Lombard et al., 1988:146)

In Lobedu realiseer perfektiewe/statiewe **-(y)a-** soms as **-a-** en in ander gevalle met die oorgangsklank **y** vooraan, dit wil sê as **-ya-**. Gevolglik word dit in hierdie paragraaf as **-(y)a-** voorgestel, hoewel dit deurgaans elders in hierdie proefskrif as **-a-** geskryf word, soos in die geval van die onvoltooidheidsmorfeem - vergelyk 7.2.4.

-(y)a- word alleenlik in negatiewe werkwoorde gebruik, maar is nie beperk tot die indikatiewe modus soos in standaard Noord-Sotho nie. Die negatief van sekere situatiewe en relatiewe werkwoorde word ook gekenmerk deur **-(y)a-**, maar in kombinasie met die negatiefmorfeem **-khe-**. Vergelyk ook 7.2.7.2 in hierdie verband. Die volgende voorbeelde illustreer die voorkoms van **-(y)a-**:

Indikatief voltooid, negatief:

Ha le **(y)a** dia molaɖo

'Julle het nie moeilikheid gemaak nie'

Situatief onvoltooid, negatief:

Hê bula e khe **(y)a** ne re ga se lemê
'As dit nie reën nie, kan ons nie ploeg nie'

Situatief voltooid, negatief:

Ha re vune hê mavêlê a khe **(y)a** vugwa
'Ons oes nie as die koring nie ryp is nie'

Situatief toekomstig, negatief:

Hê va khe **(y)a** ɖe ho lwa, va ga nô ɖa
'As hulle nie sal kom om te veg nie, kan hulle maar kom'

Relatief onvoltooid, negatief:

Ge raɖa moɖho yô a khe **(y)a** gwafheho
'Ek hou van iemand wat nie lui is nie'

Relatief voltooid, negatief:

Vyalwa vyô vo khe **(y)a** thôthiwaho ha vo nwewe
'Bier wat nie gefiltreer is nie, word nie gedrink nie'

7.2.7 Negatiefmorfeme

Weens die voorkoms van variërende negatiefvorme moet in sommige gevalle na meer as een negatiefmorfeem verwys word ten einde 'n bepaalde modus volledig te dek. Die infinitiewe modus dien hier as voorbeeld daar dit oor drie negatiefvorme, elk met 'n ander negatiefmorfeem, beskik. Vergelyk byvoorbeeld:

Golovê ge phôôfhôlô ya ho se lewê	"n Vark is 'n dier wat nie geëet word nie'
Golovê ge phôôfhôlô ya ho sa lewa	"n Vark is 'n dier wat nie geëet word nie'
Golovê ge phôôfhôlô ya ho khe lewê	"n Vark is 'n dier wat nie geëet word nie'

Die volgende negatiefmorfeme is geïdentifiseer:

7.2.7.1 *ha-

***ha-** tree alleenlik op as negatiefmorfeem in werkwoorde in die indikatiewe modus (onvoltooide en voltooide tyd). Vergelyk:

Indikatief, onvoltooid, negatief:

Ha a tšhebele 'Hy loop nie'

Indikatief, voltooid, negatief:

Ha le a dia molaḡo 'Julle het nie moeilikheid gemaak nie'

Wanneer die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud egter gebruik word, kom **(n)khe** (vergelyk ook 7.2.1) in die plek van die negatiefmorfeem ***ha-** en die onderwerpskakel **ge-** tot stand. Soos verduidelik is in 7.2.1, bestaan die vermoede dat ***ha-** weggelaat word wanneer dit saam met **(n)khe-** gebruik word omdat die andersheid van **(n)khe-** (negatief) teenoor **ge-** (positief) die rol as negatiefmerker oorgeneem het.

7.2.7.2 -khe-

-khe- is die teenhanger van die negatiefmorfeem **-se-**, wat verspreid in negatiewe werkwoorde in standaard Noord-Sotho voorkom. In Lobedu word dit in negatiewe situatiewe, relatiewe, subjunktiewe, habituele en infinitiewe werkwoorde gebruik. Die volgende voorbeelde dien as illustrasie:

Situatief onvoltooid, negatief:

Hê o **khe** a šome, o ga se khumanê tšhêlêḡê

'As jy nie werk nie, sal jy nie geld kry nie'

Situatief voltooid, negatief:

Hê kheêbê khe **khe** a khwaḡa khe ga se rêmê

'As die byl nie sterk is nie kan dit nie kap nie'

Situatief toekomstend, negatief: (wissel met situatief toekomstend, negatief in 7.2.7.3)

Hê va **khe** a ɖe ho lwa, va ga nô ɖa

'As hulle nie sal kom om te baklei nie, kan hulle maar kom'

Relatief onvoltooid, negatief:

Ge raɖa moɖho yô a **khe** a gwafheho

'Ek hou van iemand wat nie lui is nie'

Relatief voltooid, negatief:

Vyalwa vyô vo **khe** a ɖhòthiwaho ha vo nwewe

'Bier wat nie gefiltreer is nie, word nie gedrink nie'

Subjunktief negatief:

Re hogilê mbya hore e **khe** lomê

'Ons het die hond vasgemaak sodat hy nie kan byt nie', asook

Re hogilê mbya hore e **khe** gê ya loma

'Ons het die hond vasgemaak sodat hy nie kan byt nie'

Habitualis negatief:

O ya ɖôrôbône ga madžadži a **khe** re ɖêlê le khelô

'Hy gaan elke dag dorp toe en dan bring hy vir ons niks'

Infinitief, negatief:

Ge raɖa dimbya dža ho **khe** lomê

'Ek hou van honde wat nie byt nie'

Die negatief van sekere situatiewe en relatiewe werkwoorde word gekenmerk deur **-khe-** gevolg deur die perfektiewe/ statiewe **-(y)a-**. Vergelyk 7.2.6 in hierdie verband.

7.2.7.3 -se-

Ten spyte van die voorkoms van **-khe-**, wat soos in 7.2.7.2 genoem, in die meeste

gevalle die teenhanger van SNS. **-se-** is, bestaan daar in Lobedu ook 'n negatiewe formatief **-se-**. Laasgenoemde word oorwegend in die ontkenning van werkwoorde in die toekomstige tyd saam met die potensiële defisiënte werkwoordvorm **-ga-** gebruik. Die voorkoms daarvan in die kondisionale en infinitiewe modi kan as uitsonderlik beskou word omdat **-khe-**, soos aangetoon in 7.2.7.2, in feitlik alle modi as negatiefmorfeem optree. Vergelyk:

Indikatief toekomstend, negatief:

Bula e **ga se** nê ga matshô

'Dit sal nie môre reën nie'

Situatief toekomstend, negatief: (wissel met situatief toekomstend, negatief in 7.2.7.2)

Hê va **ga se** lwê, va ga nô ða

'As hulle nie sal baklei nie, kan hulle maar kom'

Relatief toekomstend, negatief:

Budi yê re **ga se** e ɬhavêho, e ôɟilê

'Die bok wat ons nie sal slag nie, is maer'

Kondisionalis, negatief:

Wa **se** šomê zwwa vodze, ge ðô ho giɟimisa

'Indien jy nie goed werk nie sal ek jou wegjaag'

Infinitief, negatief:

Ge raɟa dimbya dža ho **se** lomê

'Ek hou van honde wat nie byt nie'

7.2.7.4 **-sa-**

Hierdie negatiefmorfeem kom slegs in die infinitiewe modus voor. Vergelyk:

Ge raɟa dimbya dža ho **sa** loma

'Ek hou van honde wat nie byt nie'

7.3 Stabiliseerder e-

e- kan nie as 'n morfeem beskou word nie omdat dit nie 'n aanwysbare betekenisnuanse aan die werkwoord verleen nie. Daar bestaan dus nie 'n abstrakte begrip ("abstract concept" - vergelyk Matthews (1978:79)) waarvan e- 'n realisasie is nie. Verder is die aanwesigheid van e- onderhewig aan fonologiese faktore, aangesien dit slegs vooraan monosillabiese werkwoordstamme (positief) gebruik word. e- beskik dus oor vorm, maar ontbreek aan betekenis, en kwalifiseer gevolglik nie as 'n morfeem nie.

Die gebruik van e- in die situatiewe modus is idiolekties aangesien sommige sprekers verkies om dit nie te gebruik nie. Verder kom dit selektief in hierdie modus voor omdat sprekers in wie se spraak dit wel figureer, dit nie saam met alle monosillabiese werkwoordstamme gebruik nie. -swa 'brand' en -la 'eet' neem byvoorbeeld nie die stabiliseerder nie, terwyl dit wel saam met -gwa 'uitkom' en -da 'kom' gebruik word. Die gebruik van e- saam met monosillabiese werkwoordstamme in die imperatiewe modus is reëlmatig. Die voorkoms daarvan word in die volgende voorbeelde geïllustreer:

Situatief:

Va ðô ꞑhakhala hê nkhe eða mô

'Hulle sal bly wees as ek hierheen kom'

Imperatief, enkelvoud:

Ela! 'Eet (jy)'

Imperatief, meervoud:

Elane! 'Eet (julle)'

Enkele voorbeelde van die gebruik van e- saam met kopulatiewe is in hoofstuk 9 opgeneem.

7.4 Defisiënte hulpwerkwoordvorme

Louwrens (1991:53) beskryf defisiënte hulpwerkwoordvorme as vorme wat hulle oorspronklike werkwoordelike karakter ingeboet het. Waar hulle eers as woorde gefunksioneer het, tree hierdie vorme nou op as grammatikale formatiewe binne die morfologiese struktuur van ander werkwoorde. Die huidige status van die onderhawige vorme regverdig dus hulle insluiting in hierdie hoofstuk. Die volgende defisiënte hulpwerkwoordvorme is gevind:

7.4.1 Persistiewe -kha-

L. **-kha-** verskil klankvormlik wel opvallend van SNS. **-sa-**, maar dit het dieselfde distribusie en vervul dieselfde funksie. Wanneer die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud hierdie vorm voorafgaan, realiseer dié onderwerpskakel as **n-** ([ŋ]). **-kha-** word in positiewe en negatiewe werkwoorde in die indikatiewe, situatiewe en relatiewe modi, asook in die toestandsvorm aangetref. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Indikatief onvoltooid, positief:

Mokhegolo o kha lwala	'Die ou vrou is steeds siek'
Nkha (← *ge kha) dzoma	'Ek jag nog'

Indikatief onvoltooid, negatief:

Mokhegolo ha a kha lwala	'Die ou vrou is nie meer siek nie'
Ha nkha dzoma	'Ek jag nie meer nie'

Indikatief voltooid (toestandsvorm), positief:

Va kha laḁê	'Hulle slaap nog'
--------------------	-------------------

Indikatief voltooid (toestandsvorm), negatief:

Ha va kha laḁê	'Hulle slaap nie meer nie'
-----------------------	----------------------------

Situatief onvoltooid, positief:

Hê a kha lwala ...	'As hy nog siek is ...'
---------------------------	-------------------------

Situatief onvoltooid, negatief:

Hê a khe **kha** lwala ... 'As hy nie meer siek is nie ...'

Situatief voltooid (toestandsvorm), positief:

Hê va **kha** laḍê ... 'As hulle nog slaap ...'

Situatief voltooid (toestandsvorm), negatief:

Hê va khe **kha** laḍê ... 'As hulle nie meer slaap nie ...'

Relatief onvoltooid, positief:

Mosadi yô a **kha** lwalaho ... 'Die vrou wat nog siek is ...'

Relatief onvoltooid, negatief:

Mosadi yô a khe **kha** lwalaho ... 'Die vrou wat nie meer siek is nie...'

7.4.2 Potensialis -ga-

Die potensialis word in positiewe sowel as negatiewe werkwoorde aangetref. Soos by die ontkenning van werkwoorde in die toekomstige tyd, gaan **-ga-** die negatiefmorfeem **-se-** vooraf, en word die potensialis en die toekomstige tyd deur dieselfde ontkenningsvorm gekenmerk. Vergelyk:

Potensialis, positief:

Le **ga** džena 'Julle kan inkom'

Potensialis, negatief:

Le **ga se** džênê 'Julle kan nie inkom nie'

Indikatief toekomstig, negatief:

Bula e **ga se** nê ga matshô 'Dit sal nie môre reën nie'

Situatief toekomstig, negatief:

Hê va **ga se** ḍê mô ... 'As hulle nie hierheen kom nie ...'

Indien die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud die potensialis voorafgaan, realiseer dit as **n-** (velêr), soos in:

Nga (← *ge ga) dzoma 'Ek kan jag'

7.4.3 Toekomende tyds -ḡḡ-

In Lobedu word slegs -ḡḡ- gebruik, in teenstelling met standaard Noord-Sotho waarin beide -tlô- en -tla- aangetref word. 'n Verdere verskil tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu met betrekking tot die gebruik van hierdie defisiënte hulpwerkwoordvorm is dat dit in Lobedu nie in negatiewe werkwoorde figureer nie. 'n Standaard Noord-Sotho voorbeeld soos die volgende uit Lombard et al. (1988:150) kom dus nie in Lobedu voor nie:

Le gê mošemane a ka se tlô ngwala ... 'Hoewel die seun nie sal skryf nie ...'

Die Lobedu teenhanger van bogenoemde voorbeeld is:

Le hê mosimana a ga se myalê ... (vergelyk ook 8.2.2.3)

Die volgende voorbeelde illustreer die gebruik van Lobedu -ḡḡ- in die indikatiewe, situatiewe en relatiewe modi:

Indikatief toekomend, positief:

Re ḡḡ ḡa ga matshô 'Ons sal môre vertrek'

Situatief toekomend, positief:

Hê va khe ḡḡ ḡa mô ... 'As hulle hierheen sou kom ...'

Relatief toekomend, positief:

Budi yê re ḡḡ e ḡhavaho ... 'Die bok wat ons sal slag ...'

7.4.4 Kasuele -nô-/diô-

By gebrek aan 'n beter benaming vir -nô-/diô- word bogenoemde term as Afrikaanse weergawe vir Lombard et al. (1988:190) se "casual deficient verb forms" gebruik. -nô- en -diô- word in Lobedu gebruik. 'n Lobedu teenhanger van SNS. -fô- wat ook deur Lombard et al. as 'n kasuele defisiënte hulpwerkwoordvorm beskou word, is nie teëgekomp nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

Moṭho yô o **nô** aba / Moṭho yô o **diô** aba 'Hierdie persoon praat maar net'

7.4.5 Negatiewe *-sô-/tšhô-

Hierdie defisiënte hulpwerkwoordvorme, wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie, word in die ontkennings van die hortatiewe vorm van die subjunktiewe modus en in die imperatiewe modus gebruik. In die geval van die hortatief verskil die werkwoord waarin dit voorkom morfologies van die normale subjunktiewe negatief. Die struktuur daarvan is: onderwerpskakeel + *-sô-/tšhô- + kern + uitgang -a. Vergelyk:

Normale subjunktief, negatief:

... a khe wê '... dat sy nie val nie'

Hortatief, negatief:

A re **sô** dula mô / A re **tšhô** dula mô 'Laat ons nie hier sit nie'

Imperatief, negatief:

Esô la! 'Moenie eet nie!'

(-tšhô- word nie in imperatiewe werkwoorde aangetref nie)

*-sô-/tšhô- word as defisiënte hulpwerkwoordvorme beskou vanweë die vokaal ô daarin wat ander defisiënte hulpwerkwoordvorme in Lobedu kenmerk (vergelyk -ḡô-, -nô-, -diô-, -yô- en -rô-). Die feit dat *-sô-/tšhô- vormlik verskil van die negatiefmorfeme van Lobedu, ten spyte daarvan dat hulle ook merkers van die grammatiese kategorie 'negatief' is, verleen verdere steun aan die vermoede dat hulle defisiënte hulpwerkwoordvorme is. 'n Addisionele aanduiding in hierdie verband is die

feit dat die werkwoorduitgang **-a** is, terwyl dit na verwagting **-ê** sou gewees het indien ***-sô-/tšhō-** negatiefmorfeme was.

7.4.6 Futuritiewe -yô-

Die term 'futuriteit' is gekies omdat **-yô-** ontstaan het uit 'n sametrekking van die werkwoordstam **-ya** 'gaan' en die infinitiewe prefiks **ho-**, wat aan die defisiënte hulpwerkwoordvorm die futuritiewe implikasie 'gaan om te ...' gee. Vergelyk die volgende voorbeeld:

Re **yô** va vōna gwa dōrōbōne ga matshō 'Ons gaan hulle môre in die dorp sien'

Benewens die voorafgaande defisiënte hulpwerkwoordvorme, wat op semantiese gronde gekategoriseer kan word, bestaan die volgende vorm wat nie so 'n duidelik onderskeibare semantiese nuanse aan werkwoorde verleen nie:

7.4.7. Die defisiënte hulpwerkwoordvorm -rō-

-rō- kom tot stand weens sametrekking van die hulpwerkwoordstam **-re** 'sê' en die infinitiewe prefiks **ho-**, wat aan die defisiënte hulpwerkwoordvorm die implikasie 'en daarna/en vervolgens' gee. Vergelyk:

Re ilê dōrōbōne, ra **rō** (← *ra re ho) fhiya ra va vōna
'Ons het dorp toe gegaan en by ons aankoms hulle toe (daarna) gesien'

7.5 Werkwoordelike suffikse

Werkwoordelike suffikse verwys na alle morfeme wat agteraan wortels geaffigeer word. Vergelyk in dié verband Matthews (1978:124). Wilkes (1971:15) tref egter 'n verdere onderskeid:

"Morfeme wat op die finale woordgrense verskyn, word periferale suffikse genoem, terwyl morfeme wat tussen die periferale suffikse en woordgrense verskyn, die sentrale suffikse genoem kan word. In die beskrywende Bantoetaalkunde word die sentrale suffikse van werkwoorde meesal agtervoegsels genoem, terwyl die periferale suffikse in geval van die werkwoord as uitgange bekend staan".

Wilkes se term 'agtervoegsel' word deurgaans in hierdie proefskrif vervang met 'ekstensie' omdat eersgenoemde term met 'suffiks' verwar kan word. Die term 'uitgang' word gebruik soos Wilkes dit doen. Wilkes (1971:32-34) en Van der Merwe (1941:29) identifiseer vier tipes werkwoordelike uitgange wat ook vir standaard Noord-Sotho en Lobedu onderskei kan word, naamlik (Wilkes se terminologie): die multifunksionele -a, die afhanklike -ê, die negatiewe -e en die perfektum -ilê. Van der Merwe (1941:29) verwys in 'n voetnota by sy bespreking van die werkwoordelike uitgange na die meervoudsmorfeme (imperatief en hortatief afsonderlik) en die relatiewe suffiks as "three more suffixal morphemes", sonder om hierdie morfeme pertinent uitgange te noem. Aangesien hy dit egter by implikasie doen, en hierdie morfeme volgens Wilkes (1971:15) se omskrywing wel as periferale morfeme kwalifiseer, word hulle in hierdie proefskrif as uitgange beskou. Die hantering van die meervoudsmorfeme en die relatiewe suffiks as uitgange bring mee dat werkwoordstamme in die imperatiewe, subjunktiewe en relatiewe modi soveel as twee uitgange kan hê. Vergelyk die gelyktydige voorkoms van -a en -ho in die volgende relatiewe werkwoord:

(Dibudi džê) di fhulaho '(Die bokke) wat wei'

Werkwoordelike ekstensies verwys na (sentrale) suffikse wat tussen die wortel en die uitgang gesetel is en wat in meeste gevalle die struktuur **vokaal + konsonant** het.

7.5.1 Ekstensies

Wanneer 'n wortel uitgebrei word deur middel van een of meer ekstensies, word dit as 'n uitgebreide/afgeleide wortel beskou. Alle ekstensies wat vervolgens in oënskou geneem word, kom ook in standaard Noord-Sotho voor, hoewel klankvormlike verskille vir heelwat afwykings verantwoordelik is.

7.5.1.1 'Ou' kousatief

Die 'ou' kousatiefsuffiks, **-y-* (B. *-ŷ-*), het sy benaming waarskynlik te danke aan grammatici soos Doke (1954:141) wat daarna verwys as die "original causative suffix". **-y-* word nie meer produktief in die Bantoetale aangewend nie aangesien dit in 'n beperkte hoeveelheid stamme voorkom. Hoewel dit oorspronklik in betekenis verskil het van *-is-* - vergelyk Cole (1992:207) - het laasgenoemde die plek daarvan begin inneem. In Lobedu is byvoorbeeld gevind dat stamme wat eindig op *n* slegs *-is-* as kousatiewe suffiks neem. Vergelyk **-dzēnya* 'insit' wat nie voorkom nie, terwyl *-dzēntšha* wel voorkom.

Wanneer B. *-ŷ-* met die finale konsonant van 'n wortel of uitgebreide wortel verbind word, lei dit in alle gevalle tot morfonologiese aanpassing, sodat B. *-ŷ-* en die oorspronklike finale konsonant verlore gaan, en 'n nuwe konsonant tot stand kom. Vanweë die palatale eienskappe van B. *-ŷ-* behels die verandering wat plaasvind in die reël 'n manifestasie van palatalisasie. Hoewel die resulterende klank in die oppervlak nie altyd palatale artikulasie het nie, kan tog met behulp van vergelykende studies aangetoon word dat die oorspronklike verandering palatalisasie behels het. 'n Verdere kenmerk van stamme wat **-y-* bevat, is dat die finale stamkonsonant 'n sibilant is. In die geval van 'n affrikaat as finale konsonant is die tweede segment 'n sibilant. Vergelyk die verandering wat *l*, *h* en *b* in die onderstaande Lobedu voorbeelde ondergaan:

<i>l</i> → <i>dž</i> :	<i>-fhêl-</i> + ekstensie + uitgang	→	<i>-fhédža</i>	'voltooi'
<i>h</i> → <i>s</i> :	<i>-dzoh-</i> + ekstensie + uitgang	→	<i>-dzosa</i>	'wakker maak'
<i>b</i> → <i>zw</i> :	<i>-ṭhab-</i> + ekstensie + uitgang	→	<i>-ṭhazvwa</i>	'was'

Indien die genoemde eienskappe van stamme met ***-y-** en dié van stamme met **-is-** (vergelyk 7.5.1.2) in gedagte gehou word, kan geredelik tussen verskillende kousatiewe werkwoordstamme onderskei word. Vergelyk in dié verband die duidelike verskil tussen **-fhédža** 'voltooi' ('ou' kousatief) en **-fhédisa** 'voltooi', (in die meer letterlike sin van 'laat klaar raak') (kousatief).

7.5.1.2 Kousatief

Soos in die geval van die aplikatiewe en sommige ander ekstensies word die vorm van die kousatiewe ekstensie bepaal deur die finale konsonant van die wortel waaraan dit gevoeg word. Die vorme wat dit kan aanneem is:

(a) ***-is-**

Dit word as die normvariant van die kousatiewe ekstensie in Lobedu beskou omdat dit ooreenstem met die erkende basiese vorm van die kousatiewe ekstensie, naamlik SNS. **-iš-** - vergelyk Meinhof (1932:76). Die kousatiewe ekstensie realiseer as ***-is-** wanneer dit nie in die klankomgewings wat in (b), (c) en (d) hieronder uiteengesit word, voorkom nie. Vergelyk enkele voorbeelde:

-šom- + ekstensie + uitgang	→	-šomisa	'gebruik'
-val- + ekstensie + uitgang	→	-vadisa	'laat lees'
-sêh- + ekstensie + uitgang	→	-sêhisa	'laat lag'
-vugw- + ekstensie + uitgang	→	-vugwisa	'laat ryp word'
-dzev- + ekstensie + uitgang	→	-dzevisa	'laat weet'
-lefh- + ekstensie + uitgang	→	-lefhisa	'laat betaal'
-ruq- + ekstensie + uitgang	→	-ruqisa	'onderrig'
-êdž- + ekstensie + uitgang	→	-êdžisa	'na-aap'

(b) **-tšh-**

Wanneer die wortel of uitgebreide wortel waaraan die kousatiewe ekstensie gevoeg word op **n** of **ny** eindig, realiseer die kousatief as **-tšh-**, byvoorbeeld:

-vôn- + ekstensie + uitgang → -vôntšha 'wys'
 -[huny]- + ekstensie + uitgang → -[hüntšha] 'laat skiet'

Ten einde die oorsprong van **-tšh-** te verklaar, moet van die standpunt uitgegaan word dat L. ***-is-** vroeër **-iš-** was, gegewe die palatale artikulasie van **-tšh-**. Die ontwikkelingsgang wat tot die vorming van **-tšh-** gelei het, behels waarskynlik die volgende fases:

Elisie van I in ***-iš-**: ***-vôn- + -iš- + -a** → ***-vôn + -š- + -a**
 Okklusivering van ***-š-**: ***-vôn- + -š- + -a** → **-vôntšha**

(c) -es-

Wanneer **-is-** aan basiese monosillabiese werkwoordstamme geaffigeer word, smelt die uitgang **-a** en die vokaal **i** van die ekstensie gewoonlik saam tot **e**. Die gevolg hiervan is dat onreëlmatige kousatiewe vorme soos SNS. **-noša** 'laat drink' en **-uša** 'laat val' nie in Lobedu voorkom nie. Vergelyk:

-bya + ekstensie + uitgang → -byesa 'laat grawe'
 -nwa + ekstensie + uitgang → -nwesa 'laat drink'
 -la + ekstensie + uitgang → -lesa 'laat eet'
 -wa + ekstensie + uitgang → -wesa 'laat val'

-gwisa 'laat uitkom' is in hierdie opsig uitsonderlik aangesien vokaalsamesmelting nie plaasvind nie, en **-is-** normaalweg geaffigeer word.

(d) -ês-

-ês- is slegs in enkele gevalle teëgekome en die presiese omstandighede waaronder dit voorkom, is onseker. Dit is egter ook soos in die geval van **-es-** in (c) hierbo die gevolg van vokaalsamesmelting tussen die uitgang **-a** en die vokaal **i** van die kousatiefsuffiks. **-ês-** is alleenlik teëgekome in gevalle van suffigering aan wat Lombard et al. (1988:111) die "ou" vorm van sekere werkwoordstamme noem. Met dié term verwys hy na oorspronklike wortels wat vandag slegs deur rekonstruksie bepaal kan

word. **-rw-** en **-ab-** in onderskeidelik **-rwala** 'dra' en **-abara** 'aantrek' dien as voorbeelde:

* rwa + ekstensie + uitgang	→	-rwêsa	"n vraag op iemand tel'
* aba + ekstensie + uitgang	→	-abêsa	'laat aantrek'

7.5.1.3 Applikatief

Die applikatiewe ekstensie neem verskillende vorms aan, afhange van die konsonant waarop die wortel waaraan dit gevoeg word eindig. Die verskillende vorms van die applikatiewe suffiks is:

(a) ***-êl-**

***-êl-** word op historiese gronde as die normvariant van alle vorme van die applikatiewe suffiks beskou omdat Meinhof (1932:45 en 77) dit as die basiese vorm aandui. Dit kom voor in al die gevalle wat nie onder (b) hieronder gedek word nie. Vergelyk enkele voorbeelde:

-lem- + ekstensie + uitgang	→	-lemêla	'ploeg vir'
-nyag- + ekstensie + uitgang	→	-nyagêla	'soek vir'
-tshwar- + ekstensie + uitgang	→	-tshwarêla	'vang vir'
-[hiv- + ekstensie + uitgang	→	-[hivêla	'afweer'
-êd- + ekstensie + uitgang	→	-êdêla	'kuier vir'

(b) **-êdž-**

-êdž- (SNS. **-êts-**) word in die algemeen waargeneem as **'-êž-**', maar wanneer fyn geluister word, is die plosiewe segment wat **ž** voorafgaan, wel hoorbaar.

-êdž- kom dikwels weens die teenwoordigheid van die 'ou' kousatief, B. **-y-**, tot stand. Ten opsigte van standaard Noord-Sotho voer Meinhof (1932:79-80) aan dat wanneer ***-êl-** aan 'n uitgebreide wortel wat die ou kousatief bevat, geaffigeer word, twee modifikasies moontlik is. Eerstens kan die ou kousatief verplaas en gekombineer word met die applikatiewe ekstensie. Vergelyk byvoorbeeld SNS. **-bitša** 'roep' (← ***-bil-** +

-y- + -a wat **-bilétša** 'uitnooi' (← ***-bil-** + ***-êl** + **-y-** + **-a**) word na aanvoeging van die applikatiewe ekstensie. Die tweede modifikasie behels dat **-étš-** gesuffigeer word sonder dat die uitgebreide wortel se vorm verander, wat meebring dat **-y-** twee maal in dieselfde werkwoordstam voorkom. Vergelyk SNS. **-tlošetša** 'wegneem vir' wat saamgestel is uit **-tlog-** + **-y-** + ***-êl-** + **-y-** + **-a**. In Lobedu is slegs voorbeelde van laasgenoemde aanpassing gevind. Vergelyk die volgende uitgebreide wortels wat die 'ou' kousatief bevat:

-vidž- + ekstensie + uitgang	→	-vidžédža	'uitnooi'
-fhédž- + ekstensie + uitgang	→	-fhédžédža	'klaarmaak vir'
-ḍos- + ekstensie + uitgang	→	-ḍosédža	'wegneem vir'

Verder is dit duidelik dat wanneer 'n werkwoordstam 'n sibilant of **ny** in die finale sillabe bevat, dit ook aanleiding gee tot die suffigering van **-édž-**, ofskoon die finale sillabe nie in alle gevalle die 'ou' kousatief **-y-** bevat nie. Dit wil voorkom asof sprekers in sulke gevalle **-édž-** selekteer na analogie van die gevalle wat wel **-y-** bevat. **-édž-** word dus aan wortels of uitgebreide wortels gevoeg wat eindig op **s**, **dz**, **zvw**, **dž**, **(n)tšh** en **ny**. Vergelyk:

-vês- + ekstensie + uitgang	→	-vêsédža	'braai vir'
-ṭhadz- + ekstensie + uitgang	→	-ṭhadzédža	'bekots'
-uzvw- + ekstensie + uitgang	→	-uzvwédža	'steel vir'
-vidž- + ekstensie + uitgang	→	-vidžédža	'uitnooi'
-legantšh- + ekstensie + uitgang	→	-legantšhédža	'vergelyk vir'
-tšhiny- + ekstensie + uitgang	→	-tšhinyédža	'sondig teen'

7.5.1.4 Resiprokalis

Die resiprokale ekstensie funksioneer in Lobedu soos in standaard Noord-Sotho, byvoorbeeld:

-vôn- + ekstensie + uitgang	→	-vônana	'mekaar sien'
-raḍ- + ekstensie + uitgang	→	-raḍana	'mekaar liefhê'
-tshwar- + ekstensie + uitgang	→	-tshwarana	'mekaar gryp'

7.5.1.5 Passief

L. *-iw- word, soos in standaard Noord-Sotho, as norm vir die passiefsuffiks beskou, ofskoon die passiefekstensie in die meerderheid van gevalle in die vorm van die variante -w-, -y- en -ew- realiseer.

(a) *-iw-

*-iw- dien in sommige gevalle as alternatief vir -y-, wat reëlmatig in verbindings met bilabiale konsonante voorkom. In verbinding met finale m wissel *-iw- en -y- reëlmatig, en by uitsondering in ander gevalle. Voorbeelde waarin -w- en *-iw- wissel, kom egter ook voor. Vergelyk:

-lom- + ekstensie + uitgang	→	-lomya	'word gebyt',	asook
	→	-lomiwa		
-ṭhav- + ekstensie + uitgang	→	-ṭhavya	'word geslag',	asook
	→	-ṭhaviwa		
-fhêdž- + ekstensie + uitgang	→	-fhêdžwa	'word voltooi',	a s o o k
	→	-fhêdžiwa		

(b) -ew-

*-iw- word meesal aan monosillabiese werkwoordstamme gevoeg en dan omvorm tot -ew-, na samesmelting tussen die uitgang -a van die stam en die aanvangsvokaal van *-iw-. Vergelyk:

-la + ekstensie	→	-lewa	'word geëet'
-nwa + ekstensie	→	-nwewa	'word gedrink'
-lwa + ekstensie	→	-lwewa	'word geveg'

-gw- is 'n uitsondering omdat dit monosillabies is maar *-iw- as suffiks neem sonder

dat vokaalsamesmelting plaasvind. Vergelyk:

-gw- + ekstensie + uitgang → -gwiwa 'word uitgegaan'

(c) -w-

Soos in standaard Noord-Sotho, word -w- gebruik in plaas van *-iw- in die geval van polisillabiese basiese en uitgebreide wortels, maar dan slegs in daardie fonologiese omgewings waarvoor -w- nie gevoelig is nie. In die reël kombineer -w- dus met alle konsonante uitgesonderd labiale konsonante. Vergelyk:

-vôn-	+ ekstensie + uitgang	→	-vônwa	'word gesien'
-val-	+ ekstensie + uitgang	→	-valwa	'word getel'
-vidž-	+ ekstensie + uitgang	→	-vidžwa	'word geroep'
-og-	+ ekstensie + uitgang	→	-ogwa	'word versorg'
-tshwar-	+ ekstensie + uitgang	→	-tshwarwa	'word gegryp'
-les-	+ ekstensie + uitgang	→	-leswa	'word opgepas'
-siq-	+ ekstensie + uitgang	→	-siqwa	'word baasgeraak'
-letšh-	+ ekstensie + uitgang	→	-lêtšhwa	'word laat staan'
-fhêny-	+ ekstensie + uitgang	→	-fhênywa	'word oorwin'
-[hôtʰ-	+ ekstensie + uitgang	→	-[hôtʰwa	'word geknyp'

-w- word ook aangetref in die geval van werkwoordwortels wat op 'n vokaal of semivokaal eindig:

-abê-	+ ekstensie + uitgang	→	-abêwa	'word gekook'
-ru-	+ ekstensie + uitgang	→	-ruwa	'word besit'
-volay-	+ ekstensie + uitgang	→	-volawa	'word gedood'

(d) -y-

Wanneer -w- met 'n labiale konsonant verbind, word die naasmekaarstelling van twee labiale segmente voorkom deur dissimilasie. In Lobedu behels hierdie volgordebepanking ("sequential constraint" - vergelyk Ponelis (Section B, 1973:124)

- die omvorming van -w- tot -y-. Hierdie uiteensetting verskil van Ponelis (Section B, 1973:124-125) wat die fynere besonderhede daarvan betref, maar stem ooreen daarmee ten opsigte van die beginsel dat labiale dissimilasie plaasvind. Volgens Ponelis (Section B, 1973:124) word 'n nie-labiale glyer y tussen 'n labiale konsonant en die passiewe ekstensie -w- ingevoeg as deel van 'n volgordebepanking ten opsigte van labialiteit. 'n Volgende stap in die historiese ontwikkelingsproses behels frikativisasie waarvolgens die reeds genoemde glyer y in 'n frikatief verander, terwyl -w- steeds behoue bly. -w- word eers hierna weggelaat as gevolg van sogenaamde "/w/-Absorption" (Ponelis (Section B), 1973:125). Ponelis (Section B, 1973:125) gebruik die volgende voorbeeld:

*-bopwa "mould PASSIVE"

-bopywa Labiality Dissimilation (invoeging van y tussen p en w)

-bopšwa Fricativization (y frikativiseer tot š)

-bopša /w/-Absorption

'n Haakplek in Ponelis se verklaring is dat indien dit op Lobedu toegepas word, /w/-absorpsie in Lobedu reeds moes plaasgevind het voor die aanvang van frikativisasie omdat w afwesig is terwyl die y-vorm nog gebruik word. Só 'n toepassing is duidelik nie werkbaar nie omdat dit die opeenvolging van prosesse in gedrang bring. Vir Lobedu word 'n hipotese voorgestel waarvolgens -w- dissimileer tot -y-. Ponelis se benadering waarvolgens y tussen 'n labiale segment en -w- ingevoeg word, word dus vermy. Vergelyk:

*-vobwa "vorm PASSIEF"

-vobyā Labiale Dissimilasie

Passiewe stamme met labiaal-gepalataliseerde konsonante voor die passiefekstensie in Hananwa (Kotzé, Hananwa veldnotas) kom sterk ooreen met dié in Lobedu, en maak Ponelis se hipotese dus verder verdag.

Die glyer -y- verteenwoordig weliswaar 'n afsonderlike klanksegment, maar lei tot

sekondêre artikulasie van die labiale konsonant waarop dit volg. Die sekondêre artikulasie is herkenbaar as 'n j-agtige afloop van die labiale segment. Hierdie j-agtige kwaliteit wissel in waarde tussen 'n bykans suiwer j tot 'n ʃ- of ʒ-agtige affriksie in die geval van sluitklanke. Die wisseling is deels idiolekties omdat 'n bepaalde uitspraak oorwegend figureer in die taalgebruik van spesifieke sprekers, terwyl wisseling binne die individu se uitspraak ook voorkom. Vergelyk ook 2.4.2 vir verdere voorbeelde hiervan. Die labiale konsonante waarmee -y- kombineer is:

- | | | | | |
|-------|-----------|-------------------------------|---|------------------------------------|
| (i) | m | | | |
| | | -rēm- + ekstensie + uitgang | → | -rēmya 'word gekap', asook |
| | | | → | -rēmiwa |
| | | | | |
| (ii) | v | | | |
| | | -dzev- + ekstensie + uitgang | → | -dzevya 'word geken' |
| | | | | |
| (iii) | fh | | | |
| | | -rafh- + ekstensie + uitgang | → | -rafhya '(heuning) word uitgehaal' |
| | | | | |
| (iv) | b | | | |
| | | -dôb- + ekstensie + uitgang | → | -dôpya 'word opgetel' |
| | | | | |
| (v) | ph | | | |
| | | -thôph- + ekstensie + uitgang | → | -thôphya 'word opgehoop' |

Vergelyk ook 5.14 vir opmerkings oor labiale dissimilasie.

7.5.1.6 Neutro-aktief

Voorbeelde soos die volgende, waarin -al- figureer, kom in Lobedu voor:

- | | | | |
|-----------------------------|---|---------|-----------------|
| -vôn- + ekstensie + uitgang | → | -vônala | 'sigbaar wees' |
| -d̥w- + ekstensie + uitgang | → | -d̥wala | 'hoorbaar wees' |

7.5.1.7 Neutro-passief

Die volgende voorbeelde dien as illustrasie:

-nyag- + ekstensie + uitgang	→	-nyagêha	'benodig word'
-rôv- + ekstensie + uitgang	→	-rôvêha	'breekbaar wees'
-tšhebel + ekstensie + uitgang	→	-tšhebelêha	'begaanbaar wees'

7.5.1.8 Intensief-neutro-aktief

Verskeie voorbeelde wat hierdie ekstensie bevat, is aan informante voorgehou, maar geeneen is aanvaar nie. Die neutro-passiewe ekstensie word deur informante gebruik om die intensief-neutro-aktiewe ekstensie mee te vervang. Die volgende standaard Noord-Sotho voorbeelde wat -agal- bevat, is afgekeur:

-bônagala	'sigbaar wees'
-tsebagala	'beroemd wees'
-kwagala	'hoorbaar wees'

7.5.1.9 Transitief-reversief

Die transitief-reversiewe ekstensies *-ol- en -oll- word gebruik. Laasgenoemde is 'n verkorte weergawe van -olol-, wat weer die resultaat van die duplisering van *-ol- is (Meinhof, 1932:79). Gevolglik word *-ol- as die basiese vorm van die transitief-reversief, en dus as die norm, beskou. Die wortels wat met asteriske gemerk is het histories sonder ekstensies gefunksioneer, maar word nie meer daarsonder aangetref nie. Vergelyk:

-hôg- + ekstensie + uitgang	→	-hôgolla	'losmaak'
-šêl- + ekstensie + uitgang	→	-šolla	'uitgooi'
*-tḥaḍ- + ekstensie + uitgang	→	-tḥaḍola	'oplig'
*-tshwam- + ekstensie + uitgang	→	-tshwamola	'uitpluk'

7.5.1.10 Intransitief-reversief

Die intransitief-reversiewe ekstensie is in die volgende voorbeelde teëgekem:

- *-phig- + ekstensie + uitgang → -phigoloha 'omrol'
- *-fhêq- + ekstensie + uitgang → -fhêqoloha 'omdraai (soos in slaap)'
- khun- + ekstensie + uitgang → -khunoloha 'losraak'

Die asteriske dui weereens oorspronklike wortels aan wat nie meer sonder ekstensies voorkom nie. Die intransitief-reversiewe ekstensie **-oh-** is nie in Lobedu aangetref nie.

7.5.1.11 Kontakatief

Die verspreiding van die kontaktiewe ekstensie **-ar-** is beperk aangesien dit kombineer met 'n minimale aantal werkwoordwortels. In die meerderheid gevalle het dit deel van die werkwoordwortel geword. Vergelyk:

- tshwara 'vang'
- khupara 'vashou'
- gwara '(broek) aantrek'
- ṭhōmara 'verbind'
- khubarédža 'vashou'

7.5.1.12 Posisionalis

Met die uitsondering van **-alamêla** '(eiers) uitbroei' het **-am-** in al die onderstaande voorbeelde deel van die werkwoordwortel geword:

- ṭhabamilê 'namiddag wees'
- baḍama 'plat op maag lê'
- gwaḍama 'met skuins ingevoude bene sit (vroue)'
- al- + ekstensies + uitgang → -alamêla '(eiers) uitbroei'

7.5.1.13 Dispersief

Die verspreiding van die dispersiewe ekstensie, **-alal-**, is beperk en slegs enkele voorbeelde is teëgekome. In beide gevalle maak dit ook deel van die werkwoordwortel uit:

- phaḍalala 'versprei wees'
- ragalala 'wydsbeen staan'
- rabalala 'uitgesprei wees'
- savalala '(mense) versprei oor 'n groot gebied'

7.5.1.14 Assosiatief

Die verspreiding van die assosiatiewe ekstensie **-ahan-** is beperk. Enkele voorbeelde is teëgekrom:

- khog- + ekstensie + uitgang → -khogahane 'aan mekaar vasgebind wees'
- ṭhôm- + ekstensie + uitgang → -ṭhômahana 'agtermekaar loop'
- mom- + ekstensie + uitgang → -momahana 'aanmekaar voeg'
- baḍ- + ekstensie + uitgang → -baḍahana 'knel'

7.5.1.15 Denominatief

Voorbeelde van ***-fh-** en **-fhah-** as denominatiewe ekstensies is teëgekrom. ***-fh-** is die norm omdat dit die mees basiese vorm van die denominatief verteenwoordig. **-fhah-** bestaan uit ***-fh-** en 'n addisionele suffiks **-ah-** (Meinhof, 1932:44).

- ḍe- + ekstensie + uitgang → -ḍefha 'lekker wees'
- hi- + ekstensie + uitgang → -hifahala 'donker word'
- ḍala- + ekstensie + uitgang → -ḍalahala 'groen word'
- tshôkhu- + ekstensie + uitgang → -tshôkhufhala 'blind word'

7.5.1.16 Iteratief

Die volgende voorbeelde waarin **-ag-** voorkom, is teëgekrom:

- haḍ- + ekstensie + uitgang → -haḍaga 'vertrap'
- roh- + ekstensie + uitgang → -rohaga 'herhaaidelik vloek'

7.5.2 Werkwoorduitgange

Die werkwoorduitgange wat in Lobedu geïdentifiseer is, stem grootliks ooreen met die uitgange wat vir standaard Noord-Sotho onderskei word. Hieronder word gepoog om alle gevalle waarin elke uitgang voorkom, afsonderlik te dek.

Sommige negatiewe werkwoorde is vormlik identies en het gevolglik dieselfde uitgang, hoewel hulle negatiefvorme in verskillende modi verwoord. In Lobedu word subjunktiewe werkwoorde gebruik om negatiewe bevels uit te druk. Negatiewe werkwoorde in die subjunktiewe en imperatiewe modi vertoon dus dieselfde uitgang. Vergelyk:

Subjunktief:

Re hogilê mbya hore e khe lomê

'Ons het die hond vasgemaak sodat hy nie kan byt nie'

Imperatief:

O khe va vidžê!

'(Jy) moet hulle nie roep nie!'

Die teenoorgestelde van bogenoemde toedrag van sake is ook waar, naamlik dat meer as een negatiefvorm vir 'n bepaalde werkwoordkonjugasie in sommige modi voorkom. Dit bring mee dat 'n bepaalde ontkenning van die werkwoord meer as een uitgang kan hê. Vergelyk in hierdie verband die ontkenning in die subjunktiewe modus:

Re hōgilê mbya hore e khe lomê vaṭho

'Ons het die hond vasgebind sodat dit nie mense kan byt nie'

Re hōgilê mbya hore e khe gē ya loma vaṭho

'Ons het die hond vasgebind sodat dit nie mense kan byt nie'

Die perfektumuitgang en alle allomorwe daarvan word in 7.5.2.4 behandel. Gevolglik word die allomorwe -ê en -e nie saam met die modale uitgange -ê en -e in 7.5.2.2 en

7.5.2.3 onderskeidelik bespreek nie.

7.5.2.1 Die uitgang -a

Hierdie uitgang kom in positiewe sowel as negatiewe werkwoorde voor. Voorbeelde van die voorkoms van -a in alle modi waarin dit aangetref is, word aangehaal. Soos reeds genoem, kom meer as een negatiefvorm vir 'n bepaalde konjugasie van die werkwoord in sommige modi voor. Dit bring mee dat 'n bepaalde ontkenning van die werkwoord met verskillende uitgange gevorm kan word. Vergelyk in hierdie verband die insluiting van die subjunktiewe modus, negatief onder (d) hieronder sowel as onder 7.5.2.2 (d).

(a) Indikatief

Onvoltooid, positief:

Lomaô lo ya ṭhava 'Die naald steek'

Voltooid, negatief:

Ha va a lesa dibudi 'Hulle het nie die bokke opgepas nie'

Toekomend, positief:

Ge ḡô voya ga matshô 'Ek sal môre terugkom'

(b) Situatief

Onvoltooid, positief:

Hê dibôô di khe lwa le di lamolé

'As die bulle baklei moet julle hulle uitmekaar maak'

Voltooid, negatief:

Ha re le vooswa hê vo khe a vugwa

'Ons eet nie pap as dit nie gaar is nie'

Toekomend, positief:

Hê va khe ɔ̌ ɔ̌ ɔ̌ mō, re ɔ̌ ɔ̌ va vōdža

'As hulle hierheen sou kom, sal ons hulle sê'

(c) Relatief

Onvoltooid, positief:

Nkhe nyage moɔho yō a uzvaho

'Ek hou nie van iemand wat steel nie'

Voltooid, negatief:

Vyalwa vyō vo khe a ɔ̌hōɔ̌hiwaho ha vo nwewe

'Bier wat nie gefiltreer is nie word nie gedrink nie'

Toekoemend, positief:

Budi yē re ɔ̌ e ɔ̌havaho e nōndē

'Die bok wat ons sal slag, is vet'

(d) Subjunktief

Negatief:

Re hōgilē mbya hore e khe gē ya loma vaɔho

'Ons het die hond vasgebind dat hy die mense nie kan byt nie'

Vergelyk ook die wisselvorm in 7.2.7.2.

Hortatief, negatief:

A re sō dula mō 'Laat ons nie hier sit nie'

(e) Konsekutief

Positief:

Re fhiilê modzene ra mo khumana

'Ons het by die stat aangekom en hom gevind'

(f) Kondisionalis

Positief:

Noha ya loma moṭho, o ya fa

'Indien 'n slang 'n mens pik, gaan hy dood'

(g) Imperatief

Positief, sonder voorwerpskakeel:

Eḍa mōno! 'Kom hier!'

Negatief, '-sô-'-ontkenning:

Esô va vidža! 'Moet hulle nie roep nie!'

(h) Infinitief

Positief:

Dikhômo di nyaga ho fhula

'Die beeste wil wei'

Negatief:

Ge runa dimbya dža ho sa loma

'Ek hou van honde wat nie byt nie'

Vergelyk ook die wisselvorme van die negatief in 7.2.7.

7.5.2.2 Die uitgang -ê

-ê word in negatiewe sowel as positiewe werkwoorde aangetref, en word in verskeie modi gebruik.

(a) Indikatief

Voltooid, negatief:

Ha veso va lesê dibudi

'Hulle het nie die bokke opgepas nie'

Hierdie sin verskil van sy teenhanger in standaard Noord-Sotho, omdat die komplement van **-ešo** (L. **-eso**) altyd in die konsekutiewe modus is, met ander woorde **Ga ba ešo ba lesa dipudi**. In Lobedu is die komplement klaarblyklik in die subjunktiewe modus omdat die werkwoorduitgang **-ê** is.

Toekomend, negatief:

Bula e ga se nê ga matshô

'Dit sal nie môre reën nie'

(b) Situatief

Toekomend, negatief:

Hê va ga se d̥ê mô, re ga se va vodžê

'As hulle nie hierheen sou kom nie, sal ons hulle nie sê nie'

Vergelyk ook die wisselvorm in 7.2.7.2.

(c) Relatief

Toekomend, negatief:

Budi yê re ga se e ɬhavêho, e ôdîlê

'Die bok wat ons nie sal slag nie, is maer'

(d) Subjunktief

Positief:

Va mbôdžidžê hore ge d̥ê

'Hulle het vir my gesê dat ek moet kom'

Negatief:

Re hôgilê mbya hore e khe lomê vaṭho

'Ons het die hond vasgebind sodat dit nie mense kan byt nie'

Vergelyk ook die wisselvorm in 7.2.7.2.

Hortatief, positief:

A va ḍê ho fhanô 'Laat hulle hierheen kom'

(e) Konsekutief

Die ontkenning van konsekutiewe werkwoorde geskied deur middel van dieselfde negatiefvorm as wat in die subjunktiewe modus gebruik word. Die negatiefvorm van die konsekutiewe modus bevat dus nie 'n konsekutiewe onderwerpskakel nie, en gevolglik word die onderskeid tussen konsekutief en subjunktief opgehef. Vergelyk:

Konsekutief, negatief:

Re fhiilê modzene re khe mo khumanê

'Ons het by die stat gearriveer en hom toe nie gevind nie'

Subjunktief, negatief:

Re hôgilê mbya hore e khe lomê vaṭho

'Ons het die hond vasgemaak sodat dit nie mense kan byt nie'

Vergelyk ook 8.2.4 in hierdie verband.

(f) Habitualis

Volgens Mampuru (1991:18) is die uitgang van negatiewe werkwoorde in die habituele modus normaalweg -e, hoewel sommige sprekers - sy spesifiseer nie - -ê klaarblyklik na analogie van die subjunktiewe ontkenning gebruik. -ê kom ook in Lobedu voor.

Negatief:

Dimbya di dzosa phuṭhi ga madžadži di khe e volayê

'Die honde jaag elke dag 'n duiker op en maak dit nie dood nie'

(g) Kondisionalis

Negatief:

Wa se šomê zwwa vodze, ge ḍô ho giqimisa

'Indien jy nie goed werk nie, sal ek jou wegjaag'

(h) Imperatief

Positief, met voorwerpskakel:

Va vidžê! 'Roep hulle!'

Soos genoem is in 7.5.2, 8.2.5 en 8.2.9 word die subjunktiewe modus se ontkenningvorm vir die ontkenning van die imperatief gebruik. Vergelyk:

Imperatief, negatief:

O khe va vidžê! '(Jy) moet hulle nie roep nie!'

(l) Infinitief

Twee wisselvorme wat elk die uitgang -ê vertoon, kom voor. Die verskil tussen hierdie vorme is gesetel in die negatiefmorfeem wat òf **-khe-** òf **-se-** kan wees. Vergelyk:

Negatief:

Golové ge phôôfhôlô ya ho **khe** lewê

'n Vark is 'n dier wat nie geëet word nie'

Ge raḍa moṭho wa ho **se** gwafhê

'Ek hou van iemand wat nie lui is nie'

7.5.2.3 Die uitgang -e

Netsoos -a en -ê hierbo, kom -e in negatiewe en positiewe werkwoorde in verskeie modi voor. Vergelyk:

(a) Indikatief

Onvoltooid, negatief:

Ha ge rême 'Ek kap nie'

(b) Situatief

Onvoltooid, negatief:

Hê bula e khe ya ne, re ga se vunê mavêlê

'As dit nie reën nie, sal ons nie koring oes nie'

(c) Relatief

Onvoltooid, negatief:

Ge raḍa moḥo yô a khe a gwafheho

'Ek hou van iemand wat nie lui is nie'

(d) Habitualis

Positief:

Ge dzoha ga madžadži ge ye mosomône

'Ek staan daaglik op en gaan werk toe'

7.5.2.4 Die perfektumuitgang -ilê

Die vorm van die perfektumuitgang word ook bepaal deur die fonologiese omgewing waarin dit optree. Sommige van hierdie allomorwe is alleenlik diachronies verklaarbaar. 'n Diachroniese benadering sal gevolglik in sommige gevalle gebruik word ten einde afwykende vorme/allomorwe van die perfektumuitgang te verklaar.

*-ilê, wat deur Meinhof (1932:77) as vertrekpunt vir die bespreking van allomorwe van die perfektumuitgang geneem word, en dus hier as norm vir dié uitgang geld, is in wese 'n onderbroke uitgang omdat -il- van -ê geskei kan word. Só kan die passiefekstensie -il- byvoorbeeld van -ê skei - vergelyk -vônilwê 'is gesien'. -il-

eersgenoemde nooit sonder laasgenoemde voorkom nie. Vergelyk Lombard et al. (1988:117) in hierdie verband.

Naas *-ilê, kom die allomorfe -idzê, -dzê, -ê, -dê, -e en -elê voor. 'n Aantal voorbeelde wat moeilik verklaarbare perfektumvorme bevat, word na bespreking van die genoemde allomorfe onder (g) aangehaal.

(a) *-ilê

By wyse van eliminasie kan gesê word dat *-ilê aangetref word in daardie fonologiese omgewings waarin die ander allomorfe nie voorkom nie. Dit kombineer met werkwoordwortels met verskillende finale konsonante, soos byvoorbeeld:

-rôh- + uitgang	→	-rôhilê	'het gevloek'
-vêḍ- + uitgang	→	-vêḍilê	'het skrynwerk gedoen'
-vôfh- + uitgang	→	-vôfhilê	'het vasgebind'
-vob- + uitgang	→	-vobilê	'het gevorm'
-fher- + uitgang	→	-fherilê	'het verbygegaan'
-hoḥ- + uitgang	→	-hoḥilê	'het afgeskuur'
-gw- + uitgang	→	-gwilê	'het uitgekom'
-aḍ- + uitgang	→	-aḍilê	'het vermeerder'
-pyh- + uitgang	→	-pyhilê	'het opgedroog'
-rêg- + uitgang	→	-rêgilê	'het gekoop'
-ṭhav- + uitgang	→	-ṭhakilê	'het gesteeek'
-f- + uitgang	→	-filê	'het gesterf'
-khêḥ- + uitgang	→	-khêḥilê	'het gekies'
-phônyôkh- + uitgang	→	-phônyôkhilê	'het ontsnap'
-khaph- + uitgang	→	-khaphilê	'het bespat'

Werkwoordelike wortels/stamme met m in die finale sillabe neem ook *-ilê reëlmatig as perfektumuitgang. Gevalle wat eindig op mmê, soos byvoorbeeld SNS. -rommê 'het gestuur', kom nie voor nie. Vergelyk ook:

-lom- + uitgang	→	-lomilê	'het gebyt'
-ham- + uitgang	→	-hamilê	'het gemelk'
-lem- + uitgang	→	-lemilê	'het geploeg'

(b) -idžê

-idžê, wat in vinnige spraak ook soms as **-ižê** gehoor word, word gebruik wanneer die finale konsonant van 'n wortel/stam 'n sibilant is of 'n sibilant as segment insluit. Aangesien die rol wat sibilante in die keuse van **-idžê** speel van kardinale belang is, word vervolgens eers aandag aan die ontstaan van sommige sibilante gegee. Soos aangedui in 7.5.1.1, is die kousatiefsuffiks **-y-** onder andere verantwoordelik vir die ontstaan van stamfinale **dž**, **s** en **zvw**. Volgens Meinhof (1932:78) kom **-itsê** in standaard Noord-Sotho tot stand weens affigering van die kousatiefsuffiks **-y-** aan die basiese perfektumuitgang, dit wil sê ***-il- + -y- + -ê**. Hy toon ook aan hoe **-itsê** aan werkwoordstamme gevoeg word waarin dié suffiks reeds aanwesig is, sodat **-y-** eintlik tweemaal in dieselfde stam voorkom. Vergelyk in dié verband ook die opmerkings oor die verspreiding van **-y-** in 7.5.1.3.

Soos in Lobedu, word SNS **-itsê** egter ook aan wortels/stamme gevoeg waarin **-y-** nie figureer nie, maar dan eindig die wortel/stam in elk geval op 'n sibilant. Die vermoede bestaan dat sprekers, wat lank reeds nie meer bewus is van **-y-** se bestaan vanweë die onproduktiwiteit daarvan nie, **-itsê** aan sodanige wortels/stamme affigeer bloot op grond van die aard van die fonologiese omgewing. Dieselfde toedrag van sake geld klaarblyklik in Lobedu. **-idžê** word aan wortel-/stamfinale sibilante geaffigeer omdat dit onbewustelik as 'n soort kousatiewe perfektum-opsie hanteer word. In die onderstaande voorbeelde word die 'ou' kousatief tussen hakies aangedui in gevalle waar dit wel aanwesig is. Die sibilante waaraan **-idžê** gevoeg word, is:

(i) s

-phas- + uitgang	→	-phasidžê	'het geoffer'
-vêš- + uitgang	→	-vêšidžê	'het gebraai'
-ḡos- (-y-) + uitgang	→	-ḡosidžê	'het weggeneem'

(ii)	dz			
	-ṭhadz- + uitgang	→	-ṭhadzidžê	'het opgegooi'
(iii)	zvw			
	-huzvw- + uitgang	→	-huzvwidžê	'het gesteel'
	-lazvw- (-y-) + uitgang	→	-lazvwidžê	'het gelek'
	-ṭhazvw- (-y-) + uitgang	→	-ṭhazvwidžê	'het gewas'
(iv)	dž			
	-vidž- (-y-) + uitgang	→	-vidžidžê	'het geroep'
	-ḍadž- (-y-) + uitgang	→	-ḍadžidžê	'het volgemaak'
	hôdž- (-y-) + uitgang	→	-hôdžidžê	'het (vuur) gemaak'
(v)	š			
	-haš- + uitgang	→	-hašidžê	'het gesaai'
(vi)	tšh			
	-letšh- + uitgang	→	-letšhidžê	'het laat staan'
	-ntšh- + uitgang	→	-ntšhidžê	'het uitgehaal'

(c) -džê

Hierdie allomorf word aan stamme/wortels geaffigeer wat op **ny** eindig. Die feit dat palatale **ny** -džê selekteer, dui daarop dat die 'ou' kousatiewe -y- ook vir hierdie spesifieke vorm van die perfektumsuffiks verantwoordelik is, omdat **ny**, soos in die geval van die sibilante hierbo, ook onbewustelik hanteer word asof dit in alle gevalle die ou kousatief bevat. Soos in (b) hierbo genoem, toon Meinhof (1932:78) aan dat -y- verskuif en aan die perfektumuitgang gevoeg word, waardeur -idžê dan tot stand kom. Die perfektumuitgang wat hier funksioneer is dus ook 'n 'kousatief-opsie'. Die **i** word weggelaat wanneer suffigering aan die nasaal geskied. Vergelyk in hierdie verband hoe **i** in *-iš- weggelaat word wanneer dit aan -vôn- gevoeg word:

*-vôn- + -(i)š- + -a → -vôntšha 'wys' (Sien ook 7.5.1.2 (b) in hierdie verband).

As voorbeeld kan die volledige ontwikkelingsgang van **-tshindžê** 'het verniel' as volg voorgestel word:

*-tshin- + -y- + -ilê

→ *-tshin- + -il- + -y- + -ê

→ *-tshin- + -idžê

→ *-tshin- + -džê

→ -tshindžê 'het verniel'

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

-fhêny- + uitgang → -fhêndžê 'het oorwin'

-bôny- + uitgang → -bôndžê 'het (oë) geknip'

(d) -ê

-ê word gebruik wanneer die finale sillabe van polisillabiese werkwoordstamme/-wortels 'n l bevat. Die affigering van die perfektumsuffiks lei in sulke gevalle daartoe dat l vervang word met ɖ, sodat die finale sillabe dan ɖê is. Hieronder word aangetoon dat die verandering van l na ɖ toegeskryf word aan indringing van die vokaal i van die perfektumuitgang in werkwoordstamme met l in die finale sillabe. Hoewel daar dus samesmelting plaasvind, is daar op sinchroniese gronde besluit om -ê as allomorf te erken. Vergelyk:

-val- + uitgang → -vaɖê 'het gelees'

-sal- + uitgang → -saɖê 'het agtergebly'

-ɖal- + uitgang → -ɖaɖê 'vol wees'

Die vermoede bestaan dat ɖ in ɖê die refleks van 'n gepalataliseerde Oer-Bantoe postulaat moet wees, aangesien alle ander Lobedu dentale klanke na sodanige Oer-Bantoe postulate teruggevoer kan word. Meinhof (1932:77) se verduideliking van die ontstaan van standaard Noord-Sotho -ala → -etšê blyk terselfertyd die verklaring vir die oorsprong van L. ɖê te wees. Hy toon aan dat wanneer *-ilê aan 'n

werkwoordstam wat eindig op I gevoeg word, die I in die suffiks wegval ten einde die naasmekaarstelling van twee I-klanke te vermy, waarop eersgenoemde I gepalataliseer word deur die agtergeblewe vokaal i van die perfektumuitgang. Vergelyk:

SNS. *-sepel- + -ilê

→ *-sepeliê

→ *-sepelyê

→ -sepetšê 'het geloop'

Hoewel Meinhof nooit aandag aan Pedi refleksie van B.ɿ gee nie, dui die taalfeite, soos in die voorafgaande paragraaf genoem, daarop dat ɿ in L. ɿê 'n refleks van gepalataliseerde I is, hoewel nie van B.ɿ nie. Eiselen (1928-1929:101) se verduideliking van die oorsprong van L. ɿê kom ooreen met hierdie uiteensetting. Hy maak egter geen melding van Meinhof se siening in hierdie verband nie. Die ontwikkeling van L. ɿê was dus na verwagting:

*-hōthōl- + -ilê → *-hōthōliê → *-hōthōlyê → -hōthōɿê 'het gehoës'

Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

-ṭhakhāl- + uitgang	→	-ṭhakhāɿê	'verbly wees'
-magāl- + uitgang	→	-magāɿê	'verbaas wees'
-nōdolol- + uitgang	→	-nōdololɿê	'het oopgesluit'

(e) -ɿê

Die -ɿê-realisasies van die perfektum kom algemeen voor in werkwoordelike wortels wat n in die finale sillabe bevat. Die bekende verband tussen I en n in verskeie Bantoetale is vermoedelik in Lobedu verantwoordelik daarvoor dat hierdie twee klanke aan dieselfde morfonologiese reëls onderworpe is by perfektumvorming. Ten opsigte van standaard Noord-Sotho word hierdie verband geïllustreer in die wyse waarop I en

n mekaar afwissel in **nalêdi** x **nanêdi** 'ster' en **neng?** x **leng?** 'wanneer'?

-vun- + uitgang → -vundê 'het geoes'
-han- + uitgang → -handê 'het geweier'

(f) -e

-e, 'n "verkorte" weergawe van *-ilê (Lombard et al., 1988:119), realiseer in uitsonderlike gevalle as perfektumuitgang in verbinding met werkwoordelike wortels wat eindig op n of m. Meinhof (1932:60) toon aan dat 'n woordfinale B. e dikwels in Noord-Sotho as verhoogde e realiseer. Hy verduidelik ook hoe die perfektumuitgang deur 'n evolusionêre proses tot -e omvorm word wanneer dit geaffigeer word aan werkwoordstamme/-wortels wat op n en m eindig (Meinhof, 1932:78). Vergelyk Pedi *-êmile → *-êmine → *-êmne → -ême 'staan'. Die volgende voorbeelde van hierdie allomorf is in Lobedu aangetref:

-žên- + uitgang → -žêne 'het ingegaan'
-êm- + uitgang → -ême 'staande wees'

In die geval van sommige werkwoordstamme wat op ara eindig, dring die perfektumuitgang die stam binne, sodat ara omvorm word tot êre. Dit bring mee dat die perfektumuitgang sinchronies gesproke as -e herkenbaar is. Meinhof (1932:78) toon die waarskynlike ontwikkelingsgang hiervan aan as *-aparilê → *-apairê → -apêrê 'dra (klere)'. In Lobedu, soos trouens ook in standaard Noord-Sotho - vergelyk Lombard et al. (1988:121) - is die ontwikkelingsgang verskillend in dié opsig dat die uitgang -ê reeds in die aanvangsfase van die proses -e word, soos deur Meinhof (1932:60) aangetoon. Vir Lobedu kan dit dus herhaal word as *-abarylê → *-abarile → *-abaire → -abêre. Vergelyk ook die volgende voorbeelde:

-tshwara + uitgang → -tshwêre 'vashou'
-gwara + uitgang → -gwêre 'dra (broek)'

Nie alle werkwoordstamme wat op ara eindig word egter tot êre omvorm nie. Die

basiese perfektumuitgang word soms gebruik. Vergelyk:

-phara + uitgang → -pharilê 'het gepleister'

(g) -elê

In die geval van monosillabiese werkwoordstamme smelt die vokaal **i** in ***-ilê** en die uitgang **a** van die werkwoordstam saam tot **e**. Vir die doeleindes van hierdie studie word die allomorf van die perfektum op sinchroniese gronde as **-elê** aangegee. Vergelyk die volgende voorbeelde:

-wa + uitgang → -welê 'het geval'

-na + uitgang → -nelê 'het gereën'

-lwa + uitgang → -lwelê 'het geveg'

-gwa 'uitkom' en **-fa** 'sterf' neem die basiese perfektumuitgang hoewel dit monosillabiese werkwoordstamme is, dit wil sê:

-gwa + uitgang → -gwilê 'het uitgekom'

-fa + uitgang → -filê 'het gesterf'

(h) Onreëlmatige vorme

Die vorm van die onderstaande voorbeelde kan nie gereedelik sinchronies verklaar word nie:

-džea + uitgang → -džêre 'het geneem'

-hanywa + uitgang → -handzvwê 'het (vrugte) gedra'

-rwala + uitgang → -rwêle 'het gedra/synde te dra'

-fora + uitgang → -fotšhê 'is versadig'

-ya + uitgang → -ilê 'het gegaan'

-re + uitgang → -ilê 'het gesê'

7.5.2.5 Relatiewe uitgang -ho

Soos in standaard Noord-Sotho kenmerk die relatiewe uitgang werkwoorde in die relatiewe modus. Vergelyk:

Nkhe nyage moṭho yô a uzvaho

'Ek hou nie van iemand wat steel nie'

7.5.2.6 Meervoudsuitgang -ne

-ne kom in die hortatiewe vorm van die subjunktiewe modus en in die imperatiewe modus as meervoudsmerker voor. Hieronder word aangetoon dat die gebruik daarvan in die hortatief besig is om te verdwyn, terwyl dit produktief in die imperatief (meervoud) aangewend word.

(a) Hortatief

-ne funksioneer nie meer produktief as meervoudsmerker in die hortatief nie aangesien dit slegs saam met die werkwoordstam -yê gebruik word. Vergelyk:

A re yêne 'Laat ons gaan'

Hierteenoor bestaan verskeie voorbeelde waarin -ne nie voorkom nie al sou die aangesprokenes in 'n gegewe gespreksituasie meervoudig wees. Vergelyk:

A re ḍohê 'Laat ons vertrek'

A re abê 'Laat ons praat'

(b) Imperatief

In positiewe imperatiewe werkwoorde word -ne produktief as meervoudsmerker aangewend. Vergelyk:

Elane! 'Eet (julle)!'

Va vidžêne! 'Roep hulle (julle)!'

-ne word nie in negatiewe imperatiewe werkwoorde aan die werkwoordstam gevoeg nie (vergelyk **Esône la!/Esône la!** 'Moenie eet nie (julle)!'). *-ne/-no maak egter deel uit van die defisiënte hulpwerkwoordvorm (meervoud) **esône/esôno** wat saamgestel is uit die stabiliseerder **E-**, die defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-**, en *-ne/-no. -no is 'n variant van -ne wat ontstaan het weens vokaalassimilasie, dit wil sê **esô- + *-ne** → **esô- + -no**. **esône/esôno** is klaarblyklik verwant aan die defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-** wat in 7.4.5 behandel is.

7.6 Samevatting

In hierdie samevatting word slegs van die prominentste verskille tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho weergegee. Noord-Sotho voorbeelde word aangehaal ten einde die verskille te illustreer.

7.6.1 Onderwerpskakels

Die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud is **(n)khe** in die indikatiewe modus negatief. Die vorm van hierdie onderwerpskakel word aan kontak met Venda toegeskryf. Vergelyk:

SNS. Ke a apea	L. Ge a abea	'Ek kook (kos)'
Ga ke apee	Nkhe/Khe abee	'Ek kook nie (kos) nie'

Die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud realiseer as L. **n-** (velêr) wanneer dit gevolg word deur die situatiefmorfeem **-khe-**, die potensiële defisiënte hulpwerkwoordvorm **-ga-**, die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-kha-**, of die negatiefmorfeem **-khe-**:

Situatiefmorfeem:

Hê nkhe dzoma ... (SNS. Gê ke tsoma ...)
'As ek jag ...'

Potensialis:

Nga dzoma (SNS. Nka tsoma)
'Ek kan jag'

Persistief:

Nkha dzoma (SNS. Ke sa tsoma)
'Ek jag nog'

Negatiefmorfeem:

Hê nkhe a dzome ... (SNS. Gê ke sa tsome ...)
'As ek nie jag nie ...'

7.6.2 Refleksiefmorfeem

Die refleksiefmorfeme van Lobedu en standaard Noord-Sotho verskil drasties van mekaar. Okklusivering na L. **zwwe-** is nie verpligtend soos na die refleksief in standaard Noord-Sotho nie:

SNS. Mokgekolo o ithokêla diaparô

L. Mokhegolo o zwerogêla/zweꞥhogêla zwegwarô
'Die ou vrou maak vir haarself klere'

7.6.3 Situatiefmorfeem

L. **-khe-** wat uit Venda ontleen is, het geen teenhanger in standaard Noord-Sotho nie. Die sintaktiese posisie wat **-khe-** inneem, sowel as die omstandighede waaronder dit gebruik word, is verduidelik. Vergelyk:

SNS. Gê re fihla gôna

L. Hê re khe fhitha hōna ...
'As ons daar aankom ...'

7.6.4 Negatiefmorfeme

L. **-khe-** is die teenhanger van SNS. **-se-**:

SNS. gore mpša e se lomê

L. hore mbya e khe lomê

'dat die hond nie kan byt nie'

'n Negatiefmorfem **-se-** kom ook in Lobedu voor. Dit word oorwegend in die ontkenning van werkwoorde in die toekomstige tyd saam met die potensialis **-ga-** gebruik:

SNS. Pula e ka se nê

L. Bula e ga se nê

'Dit sal nie reën nie'

7.6.5 Defisiënte hulpwerkwoordvorme

(a) Persistief

L. **-kha-** verskil klankvormlik opvallend van SNS. **-sa-** maar dit het dieselfde distribusie en vervul dieselfde funksie.

(b) Negatiewe **-sô-/tšhô-**

L. **-sô-/tšhô-** word beide in die ontkenning van hortatiewe gebruik, terwyl slegs **-sô-** in die ontkenning van imperatiewe werkwoorde voorkom. Hierdie defisiënte hulpwerkwoordvorme het nie teenhangers in standaard Noord-Sotho nie:

Hortatief, negatief:

L. A re sô/tšhô dula mô 'Laat ons nie hier sit nie'

Imperatief, negatief:

L. Esô la! 'Moenie eet nie!'

7.6.6 Werkwoordekstensies

Die unieke klanksisteem van Lobedu is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat 'n aantal werkwoordekstensies in Lobedu van hulle standaard Noord-Sotho eweknieë verskil. Voorbeelde hiervan is:

(a) Kousatief

SNS. -iš- L. -is-

(b) Applikatief

SNS. -êš- L. -êdž-

(c) Passief

Die SNS. reël wat bepaal dat die passiefekstensie SNS. -iw- slegs aan monosillabiese werkwoordwortels gevoeg word, en die allomorf -w- in alle ander gevalle, geld nie in Lobedu nie. L. *-iw- en die allomorf -y- is fakultatiewe variante in die konteks $K_{lab} + \text{passief}$, terwyl *-iw- en -w- fakultatief varieer in alle ander kontekste. Al die genoemde realisasies word aan meersillabiese werkwoordwortels gevoeg:

SNS. -longwa

SNS. -ratwa

L. -lomya/-lomiwa

L. -radwa/-radjiwa

'gebyt word'

'liefgehê word'

7.6.7 Werkwoorduitgange

(a) Perfektumuitgang

Die meeste verskille tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho kan teruggevoer word na verskillende klanksisteme. Die 'dê'-vorm van die perfektum in Lobedu is egter ongewoon en verdien om uitgesonder te word. Hierdie vorm realiseer in meeste gevalle wanneer die perfektumuitgang gevoeg word aan werkwoordstamme wat op l eindig. l word dan met d vervang, en die allomorf -ê verteenwoordig die perfektumuitgang. Diachroniese gegewens dui daarop dat d 'n refleks van 'n gepalataliseerde Oer-Bantoe konsonant l is. Die -dê'-vorm realiseer ook dikwels in werkwoordstamme wat op n eindig. Vergelyk:

SNS. -thakgala → -thakgêše
L. -{hakhala → -{hakhadê 'verbly wees'

SNS. -buna → -bunnê
L. -vuna → -vundê 'het geoes'

(b) Meervoudsuitgang

SNS. -ng het L. -ne as teenhanger:

SNS. Ejang!

L. Elane!

'Eet (julle)!'

HOOFSTUK 8

SUBKATEGORIEË VAN DIE WERKWOORD

8.1 Inleiding

Met subkategorieë van die werkwoord het Lombard et al. (1988:139) ooreenkomste in die struktuur, betekenis en sintaktiese aanwending van werkwoorde in dieselfde modus in gedagte. Die vernaamste subkategorieë is modus, tyd en aktualiteit.

Die navorsing wat vir hierdie proefskrif onderneem is het aan die lig gebring dat die betekenis en funksie van werkwoorde in die verskillende modi in Lobedu grotendeels ooreenkom met die manier waarop dit in standaard Noord-Sotho gebruik word. Lombard et al. (1988:139 e.v.) en Louwrens (1991:35 e.v.) wy in besonderhede uit oor die funksie en betekenis van werkwoorde in standaard Noord-Sotho. Die verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu wat wel genoteer is, is grotendeels morfologies van aard. Gevolglik val die fokus in hierdie hoofstuk op die struktuurkenmerke van werkwoorde in die verskillende modi in Lobedu. Slegs werkwoordelike elemente wat Louwrens (1991:35) "modally distinctive verbal inflections" (modaal-distinktiewe verbale infleksies) noem word in die bespreking in oënskou geneem. Hy onderskei as volg tussen twee soorte verbale infleksies:

"An important distinction therefore needs to be drawn between what might be called modally indistinctive verbal inflections, i.e. inflections which do not affect the modal status of verbs, and modally distinctive verbal inflections, i.e. inflections which alter the mood of the verb".

(Louwrens, 1991:35)

Met die voorafgaande in gedagte kan modaal-distinktiewe infleksies dus gedefinieer word as daardie unieke morfologiese kenmerke wat individueel of gesamentlik die ondersoeker in staat stel om een modale subkategorie van 'n ander te onderskei. In hierdie verband kan verwys word na die negatiefmorfeem **ga-** wat in standaard Noord-

Sotho uitsluitlik met werkwoorde in die indikatiewe modus geassosieer word. Die kombinasie van onderwerpskakel klas 1 a- en uitgang -ê is eweneens 'n ondubbelsinnige aanduiding van 'n werkwoord in die subjunktiewe modus.

Die modaal-distinktiewe infleksies word vir elke modus afsonderlik aangegee. Met die uitsondering van imperatiewe en infinitiewe vorme, word daar in voorbeelde telkens 'n onderwerpskakel by die struktuur ingesluit om die vorm van die werkwoord in 'n besondere modale subkategorie te vervolledig. Voorwerpskakels word nie *per se* in die voorstellings opgeneem nie, hoewel sommige van die aangehaalde voorbeelde sodanige skakels bevat. Besonderhede betreffende aspektuele morfeme, voorwerpskakels en die refleksiefmorfeem word nie verskaf nie aangesien hulle nie modaal-distinktief optree nie. Hierdie werkwoordelemente is in ieder geval reeds in hoofstuk 7 volledig behandel.

Die benoeming van modi en die beskrywing van die struktuur van werkwoorde geskied binne die tradisionele strukturele raamwerk, soos wat dit ook in Lombard et al. (1988:139 e.v.) gedoen word. Bo en behalwe die agt modi wat Lombard et al. behandel, word die kondisionale modus ook in hierdie studie ingesluit. Lombard et al. (1988:161) verwys daarna as behorende tot "other verb forms" wat by gebrek aan voldoende bewysmateriaal nie deur hom as 'n volwaardige modus erken word nie. Die kondisionale modus is egter so produktief in Lobedu dat daar deeglik vasgestel kon word hoe dit daar uitsien.

Aangesien die aanbieding in hierdie hoofstuk binne 'n tradisionele raamwerk geskied, is daar nie ruimte afgestaan aan die bespreking van kontroversiële kwessies wat lank reeds deel van die gesprek oor die modi in die Bantoetale uitmaak nie. Hier word byvoorbeeld verwys na:

- (a) Die vraag of die infinitief en die relatief wel as modi beskou behoort te word al dan nie (vergeelyk Louwrens (1991:36, 37)).

- (b) Die kwessie of die konsekatief 'n tydvorm van die subjunktief is, en of dit eerder as 'n afsonderlike modus hanteer behoort te word. Taalkundiges soos DeClerq (1961) en Posthumus (1991) beskou die konsekatief en subjunktief as afsonderlike modi, terwyl andere, waaronder Van Eeden (1956), Doke (1973), Ziervogel et al. (1978), en Wilkes (1991) 'n verlede tydvorm van die subjunktiewe modus onderskei wat gebruik word om konsekatiewe handeling in die nabye of verre verlede tyd aan te dui.
- (c) Die verband tussen die situatief en die relatief. Verskeie taalkundiges insluitende Cole (1992), Van Eeden (1956), Doke (1973), Poulos (1982) en Barnard (1987) het hierdie vraagstuk reeds ondersoek, en een van twee standpunte word gehuldig, nl. (i) dat die relatief 'n subkategorie van die situatief is; en (ii) dat die relatief en situatief twee afsonderlike modi is.

Die hantering van bogenoemde kwessies val buite die bestek van hierdie proefskrif omdat die oplossing van hierdie vraagstukke 'n studie van modus, tyd en modaliteit behels. In hierdie hoofstuk val die soeklig slegs op die belangrikste struktuurkenmerke wat met elke modus in Lobedu geassosieer word. Die infinitief en relatief word ter wille van volledigheid in terme van die tradisionele beskrywingsmodel as modi ingesluit.

8.2 Struktuurkenmerke van werkwoorde

Die struktuurkenmerke van werkwoorde in die verskillende subkategorieë word telkens eerstens aangegee, waarna voorbeelde aangehaal word. By die aanduiding van die werkwoordstruktuur verskyn modaal-distinktiewe werkwoordelemente in skuinsdruk, hoewel sodanige elemente nie in die aangehaalde voorbeelde skuins gedruk is nie. In voorbeelde wat uit sinne of frases bestaan en waarin meer as een werkwoord voorkom, word die werkwoord onder bespreking uitgelig deur dit tussen skuins strepe te plaas.

8.2.1 Indikatiewe modus

8.2.1.1 Onvoltooide tyd

(a) Positief

Onderwerpskakel (klas 1 = -o-) + onvoltooidheids -a- (in die geval van die 'lang vorm')
+ werkwoordstam met uitgang -a

Voorbeelde:

Lang vorm:

Ge a rêma 'Ek kap'
Re a abea 'Ons kook'

Kort vorm:

Ge rêga nama 'Ek koop vleis'
Kheêbê khe rêma dikhonye 'Die byl kap hout'

(b) Negatief

Negatiefmorfeem *ha-* + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met uitgang
-e

Die onderskeid tussen 'n lang en kort vorm verval ook in die negatief soos in
standaard Noord-Sotho.

Voorbeelde:

Ha khe rême 'Dit (die byl) kap nie'
Ha re abee 'Ons kook nie'

8.2.1.2 Voltooide tyd

(a) Positief

Onderwerpskakel (klas 1 = -o-) + werkwoordstam met perfektumuitgang

Voorbeelde:

Le diilê molaḡo 'Julle het moeilikheid gemaak'

O hōdžidžê mollô na? 'Het jy vuur gemaak?'

(b) Negatief

Die volgende drie negatiefvorme wat fakultatief varieer is teëgekrom:

- (i) Negatiefmorfeem **ha-** + onderwerpskakel (klas 1 = **-a-**) +
perfektief-statiewe **-a-** + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Ha le a dia molaḡo 'Julle het nie moeilikheid gemaak nie'

Ha o a hōdža mollô na? 'Het jy nie vuur gemaak nie?'

- (ii) Negatiefmorfeem **ha-** + onderwerpskakel (klas 1 = **-a-**) +
hulpwerkwoordstam **-eso** + onderwerpskakel (klas 1 = **-a-**) +
werkwoordstam met uitgang **-ê**

Anders as in standaard Noord-Sotho waar **-ešo** deur 'n komplement in die konsektiewe modus gevolg word, word **-eso** in Lobedu deur 'n subjunktiewe werkwoord gevolg. Ondersoek het verder getoon dat **-eso** nie soos **-ešo** in standaard Noord-Sotho gebruik word om die idee van 'nog nie' uit te druk nie, maar dat dit in Lobedu as 'n gewone negatiefvorm aangewend word.

Voorbeelde:

Ha le eso le diê molaḡo 'Julle het nie moeilikheid gemaak nie'

Ha o eso o hōdžê mollô na? 'Het jy nie vuur gemaak nie?'

Die onderwerpskakele wat **-eso** voorafgaan smelt dikwels daarmee saam.

Vergelyk:

Ha veso va lesê dibudi 'Hulle het nie die bokke opgepas nie'

Kheso ge labê 'Ek is nie moeg nie'

- (iii) Negatiefmorfeem **ha-** + onderwerpskakele (klas 1 = **-a-**) + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Ha le dia molaḡo 'Julle het nie moeilikheid gemaak nie'

Ha o hōdža mollō na? 'Het jy nie vuur gemaak nie?'

8.2.1.3 Toekomende tyd

(a) Positief

Onderwerpskakele (klas 1 = **-o-**) + defisiënte hulpwerkwoordvorm **-ḡō-** + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Va ḡō voya ga matshō 'Hulle sal môre terugkeer'

Bula e ḡō na ga matshō 'Dit sal môre reën'

(b) Negatief

Onderwerpskakele (klas 1 = **-o-**) + negatiefformatief **-ga se-** + werkwoordstam met uitgang **-e**

Voorbeelde:

Va ga se voyê ga matshō 'Hulle sal nie môre terugkeer nie'

Bula e ga se nê ga matshō 'Dit sal nie môre reën nie'

8.2.2 Sitatiewe modus

8.2.2.1 Onvoltooide tyd

(a) Positief

Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + sitatiewe morfeem **-khe-** + stabiliseerder **e-** (realiseer idiolekties voor enkellettergrepige stamme) + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Hê dibôô /di khe (e)lwa/ le di lamolê

'As die bulle baklei moet julle hulle uitmekaar maak'

Re dô va vodža hê /va khe voya/

'Ons sal hulle sê wanneer hulle terugkom'

(b) Negatief

Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem **-khe-** + perfektief-sitatiewe **-a-** + werkwoordstam met uitgang **-e**. (Die sitatiewe morfeem **-khe-** wat tiperend is van die positief, kom nie in die negatief voor nie).

Voorbeelde:

Hê bula /e khe a ne/ re ga se lemê

'As dit nie reën nie, kan ons nie ploeg nie'

Hê mêêdzi /a khe a vele/ re ga se khônê ho abea

'As die water nie kook nie kan ons nie (kos) kook nie'

8.2.2.2 Voltooide tyd

(a) Positief

Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met perfektumuitgang

Voorbeelde:

Re la vooswa hê /vo vugwilê/

'Ons eet die pap as dit gaar is'

Hê /va jêdzêdê/ nga se va tshwênýê

'As hulle slaap sal ek hulle nie pla nie'

(b) Negatief

Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem **-khe-** + perfektief-statiewe **-a-** + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Ha re le vooswa hê /vo khe a vugwa/

'Ons eet nie pap as dit nie gaar is nie'

Hê /va khe a jêdzêla/ nga va vidža

'As hulle nie slaap nie sal ek hulle roep'

8.2.2.3 Toekomende tyd

(a) Positief

Daar bestaan twee strukture wat die toekomende tyd uitdruk, te wete een wat die defisiënte hulpwerkwoordvorm **-dô-** bevat, en 'n ander waarin die werkwoordstam **-da** voorkom, gevolg deur 'n infinitiewe werkwoord.

- (i) Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + situatiefmorfeem **-khe-** + defisiënte hulpwerkwoordvorm **-dô-** + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Hê /va khe ɖ̥a/ m̥o, re ɖ̥o va vodža
'As hulle hierheen sou kom sal ons hulle sê'

Hê /va khe ɖ̥o re t̥husa/, re ɖ̥o va lefha
'As hulle ons sou help, sal ons hulle betaal'

- (ii) Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + situatiefmorfeem **-khe-** +
werkwoordstam **-ɖ̥a**

Bogenoemde struktuur word altyd direk gevolg deur 'n infinitiewe
werkwoord. Vergelyk:

Hê /va khe ɖ̥a/ ho lwa va khe ɖ̥ê m̥o
'Indien hulle sou kom om te baklei, moet hulle nie hierheen kom nie'

Va ɖ̥o re vodža hê /va khe ɖ̥a/ ho šoma
'Hulle sal ons sê as hulle sou kom om te werk'

(b) Negatief

Twee negatiefvorme is teëgekom, naamlik:

- (i) Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem **-khe-** +
perfektief-statiewe **-a-** + werkwoordwortel + uitgang **-ê**

Voorbeelde:

Hê /va khe a ɖ̥ê/ ho lwa va ga nô ɖ̥a
'As hulle nie sal kom om te baklei nie, kan hulle maar kom'

Hê /va khe a ɖ̥ê/ ho šoma, re ga se va levohê
'As hulle nie sal kom om te werk nie, sal ons hulle nie vergoed nie'

- (ii) Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefformatief -ga se- + werkwoordstam met uitgang -ê

Voorbeelde:

Hê /va ga se lwê/, va ga nô ða

'As hulle nie sal kom om te baklei nie, kan hulle maar kom'

Hê /va ga se ðê/ mô, re ga se va vodžê

'As hulle nie hierheen sal kom nie, kan ons hulle nie sê nie'

8.2.3 Relatiewe modus

Hoewel relatiewe werkwoorde in Lobedu voorkom, verkies informante om 'n possessiefkonstruksie te gebruik waarin die possessiewe partikel deur 'n infinitiewe werkwoord gevolg word. Die gebruik van hierdie konstruksie is nie uitsonderlik nie aangesien dit volgens Kotzé (Hananwa veldnotas) ook algemeen in Hananwa gebruik word. Vergelyk die volgende sin waarin hierdie konstruksie tussen skuins strepe geplaas is:

Nkhe nyage moŋho /wa ho uzvwa/

'Ek hou nie van iemand wat steel nie'

Die struktuur van relatiewe werkwoorde stem grootliks met dié in standaard Noord-Sotho ooreen, en die verskille wat voorkom is hoofsaaklik klankvormlik van aard. Relatiewe en situatiewe werkwoorde kom egter nie in Lobedu tot dieselfde mate ooreen as in standaard Noord-Sotho nie, hoofsaaklik vanweë die situatiewe morfeem (vergelyk 8.2.2.1) wat situatiewe werkwoorde tipeer maar nie in relatiewe werkwoorde aangetref word nie. Situatiewe werkwoorde (positief, onvoltooid) verskil dus in Lobedu van relatiewe werkwoorde deurdat eersgenoemde oor die situatiewe morfeem beskik, terwyl laasgenoemde deur die relatiewe suffiks gekenmerk word. Die negatiefvorme van hierdie modi stem egter baie ooreen in die voltooide tyd deurdat albei die perfektief-statiewe -a- gebruik. Vergelyk 8.2.2.2 en 8.2.3.2 in hierdie verband.

Soos in standaard Noord-Sotho, is die verskil tussen direkte en indirekte relatiewe gesetel in die sintaktiese status van die antesedent. In direkte relatiewe is die antesedent die onderwerp van die relatiewe sin of bysin en verwys die kwalifikatiewe partikel en die onderwerpskakel beide daarna. In indirekte relatiewe verwys slegs die kwalifikatiewe partikel na die antesedent, wat sintakties 'n ander funksie as dié van onderwerp het. Dit spreek dus vanself dat die onderwerpskakel in laasgenoemde gevalle nie na die antesedent verwys nie, maar na 'n ander substantief. Voorts bevat die indirekte relatiewe frase altyd òf 'n voorwerpskakel wat na die antesedent verwys òf word die relatiewe werkwoord gevolg deur 'n partikelgroep met 'n substantief wat na die antesedent verwys. Voorbeelde van indirekte relatiewe word ter afsluiting van die afdeling oor relatiewe hieronder aangehaal.

'n Belangrike strukturele verskynsel wat vermelding verdien is die weglating van die kwalifikatiewe partikel wanneer die onderwerp 'n voornaamwoord van die eerste, tweede of derde persoon is. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- 1 P.E. Nna /ge hođêho/, nkhe kha khôna ho šoma
 'Ek wat oud is kan nie meer werk nie'
- 1 P.M. Rena /re lwalaho/, re ga se khônê ho ya
 'Ons wat siek is kan nie gaan nie'
- 2 P.E. Wêna /o khe a lwalaho/, o khôna ho ya
 'Jy wat nie siek is nie kan gaan'
- 2 P.M. Lena /le khe a lwalaho/ le khôna ho ya
 'Julle wat nie siek is nie kan gaan'
- 3 P.E. Yêna /a hođêho/ ha a kha khôna ho šoma
 'Hy wat oud is kan nie meer werk nie'
- 3 P.M. Vôna /va hođêho/ a va kha khôna ho šoma
 'Hulle wat oud is kan nie meer werk nie'

Daar moet andermaal op gelet word dat die **-khe-** wat in die derde en vierde voorbeeld hierbo voorkom 'n negatiefmorfeem is wat nie verwar moet word met die **-khe-** wat 'n modaal-distinktiewe kenmerk van die situatief is nie.

8.2.3.1 Onvoltooide tyd

(a) Positief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met uitgang -a en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Nkhe nyage dimbya džê /di lomaho/

'Ek hou nie van honde wat byt nie'

Ga mô ho nôô vaŋho va /va lwalaho/

'Hierbinne is mense wat siek is'

(b) Negatief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem -khe- + perfektief-statiewe -a- + werkwoordstam met uitgang -e en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Ge nyaga dimbya džê /di khe a lomeho/

'Ek hou van honde wat nie byt nie'

Ga mô ho nôô vaŋho va /va khe a lwaleho/

'Hierbinne is mense wat nie siek is nie'

8.2.3.2 Voltooide tyd

(a) Positief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met perfektumuitgang + relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Vyalwa vyô /vo ʰôḍilwêho/ vo a nwewa

'Bier wat gefiltreer is, word gedrink'

Nna /ge hoḍêho/ nkhe khône ho šoma

'Ek wat oud is kan nie meer werk nie'

(b) Negatief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem -khe- + perfektief-statiwe -a- + werkwoordstam met uitgang -a en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Vyalwa vyô /vo khe a ʰôḍiwaho/ ha vo nwewe

'Bier wat nie gefiltreer is nie, word nie gedrink nie'

Nna /ge khe a hołaho/ nkha khôna ho šoma

'Ek wat nie oud is nie, kan nog werk'

8.2.3.3 Toekomende tyd

(a) Positief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + defisiënte hulpwerkwoordvorm -ḍô- + werkwoordstam met uitgang -a en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Monna yô /a ḍô vodžaho/ vaḥo, ge yô

'Hier is die man wat die mense sal meedeel'

Budi yê /re ḍô e ʰavaho/, e nondê

'Die bok wat ons sal slag, is vet'

(b) Negatief

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + negatieweformatief -ga se- + werkwoordstam met uitgang -ê en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Budi yê /re ga se e thavêho/, e ôdjlê

'Die bok wat ons nie sal slag nie, is maer'

Movôdôrô wô /nga se o rêgêho/, sola

'Daar is die motor wat ek nie sal koop nie'

Die verskille tussen direkte en indirekte relatiewe is reeds in 8.2.3 aangedui en word nie hier herhaal nie. Vanweë die mate van ooreenkoms met standaard Noord-Sotho word slegs enkele voorbeelde in die onvoltooide tyd aangehaal.

(a) Positief

- (i) Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + voorwerpskakeel + werkwoordstam met uitgang -a en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Gabô yê /re e dzevaho/, ge Khelobedu

'Die taal wat ons ken is Lobedu'

Moṯho yô /a re thômphaho/, le rena re a mo thômpha

'Iemand wat ons respekteer, respekteer ons ook'

- (ii) Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met uitgang -a en relatiewe uitgang -ho + partikelgroep

Voorbeelde:

Kheêbê, khê /a rêmahô/ ga khôna ...
'Die byl waarmee hy kap ...'

Mosadi, yô /va tšhebelahô/ le yêna ...
'Die vrou saam met wie hulle loop ...'

(b) Negatief

Soos in die geval van direkte relatiewe, wyk die negatief van standaard Noord-Sotho s'n af wat die negatiefmorfeme betref. Die negatiefmorfeem -khe- gevolg deur die perfektief-statiwe -a- figureer nie in standaard Noord-Sotho nie. Vergelyk:

Kwalifikatiewe partikel + onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem -khe- + perfektief-statiwe -a- + voorwerpskakel + werkwoordstam met uitgang -e en relatiewe uitgang -ho

Voorbeelde:

Gabô yê /re khe a e dzevehô/, ge Khenyesemane
'Die taal wat ons nie ken nie, is Engels'

Moṯho yô /a khe a re ṯhômpehō/, le rena ha re mo ṯhômpe
'Iemand wat ons nie respekteer nie, respekteer ons ook nie'

8.2.4 Konsekutiewe modus

(a) Positief

Konsekutiewe onderwerpskakel + werkwoordstam met uitgang -a

Voorbeelde:

O abêilê vooswa /vya vugwa/

'Sy het pap gekook en toe word dit gaar'

Re fhiilê modzene /ra mo khumana/

'Ons het in die stat aangekom en hom toe gevind'

(b) Negatief

Onderwerpskakel (nie konsekutief) (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem -khe- + werkwoordstam met uitgang -ê

Konsekutiewe werkwoorde in Lobedu word ontken deur 'n struktuur wat vormlik identies is aan die subjunktief negatief. Informante wou nie negatiewe voorbeelde wat die konsekutiewe onderwerpskakel bevat, aanvaar nie. Soos in 8.1 genoem is, beskou verskeie taalkundiges die konsekutief as 'n tydvorm van die subjunktief. Die geldigheid van hierdie siening is egter nog nooit deeglik ten opsigte van standaard Noord-Sotho ondersoek nie. Dat dieselfde ontkenning vir konsekutiewe en subjunktiewe werkwoorde in Lobedu gebruik word, dui egter op 'n waarskynlike verband tussen hierdie werkwoord kategorieë.

Voorbeelde:

O abêilê vooswa /vo khe vugwê/

'Sy het die pap gekook en toe word dit nie gaar nie'

Re fhiilê modzene /re khe mo khumanê/

'Ons het in die stat aangekom en hom toe nie gevind nie'

Bevestiging van 'n verband tussen die konsektiewe en subjunktiewe modi word ook gevind wanneer die ontkenningvorme waarin die hulpwerkwoord **-eso** voorkom ondersoek word. In 8.2.1.2 is daarop gewys dat waar **-ešo** in standaard Noord-Sotho deur 'n konsektiewe komplement gevolg word, die komplement van **-eso** in Lobedu in die subjunktiewe modus is.

8.2.5 Subjunktiewe modus

(a) Positief

Onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + werkwoordwortel + uitgang **-ê**

Voorbeelde:

Mosadi o tsholêdê vana zwaola hore /va lê/

'Die vrou het vir die kinders kos ingeskep sodat hulle kan eet'

Va mbodžidžê hore /ge dê/

'Hulle het vir my gesê dat ek moet kom'

(b) Negatief

Twee negatiefvorme is aangetref. Beide kom ooreen met subjunktiewe ontkenningvorme wat in standaard Noord-Sotho gebruik word. Een van die ontkenningvorme word as 'n kort ontkenningvorm beskou, omdat die predikaat monoverbaal is, terwyl die sogenaamde 'lang vorm' 'n predikaat bevat wat uit 'n hulpwerkwoord en 'n hoofwerkwoord saamgestel is.

- (i) Kort vorm: Onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem **-khe-** + werkwoordstam met uitgang **-ê**

Voorbeelde:

Re hōgilê mbya hore /e khe lomê/ vaḥo

'Ons het die hond vasgebind sodat dit nie die mense kan byt nie'

Re va vodžidžê hore /va khe šavê/

'Ons het vir hulle gesê dat hulle nie moet bang wees nie'

- (ii) Lang vorm: Onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + negatiefformatief **-khe gê-** + onderwerpskakeel (konsekutief) + werkwoordstam met uitgang **-a**

Voorbeelde:

Swara moyana yôo hore /a khe gê a wa/

'Hou daardie kind vas sodat sy nie val nie'

Swara bidža yêo zzwavodze hore /e khe gê ya fhyayeha/

'Hou daardie pot mooi vas dat dit nie breek nie'

8.2.5.1 Subjunktiewe werkwoorde in die hortatief

(a) Positief

Hortatiewe partikel **a/angê/tšha/tšhe** + onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met uitgang **-ê**

Die meervoudsuffiks **-ne** word alleenlik saam met die werkwoordstam **-yê** 'gaan' aangetref, bv. **A re yêne** 'Laat ons gaan'. Gevolglik is die meervoudsuffiks nie in die bostaande struktuurvoorstelling opgeneem nie.

Voorbeelde:

A/Angê/Tšha/Tšhe /re dulê/ mô

'Laat ons hier sit'

A/Angê/Tšha/Tšhe /va d̥/ mô

'Laat hulle hierheen kom'

(b) Negatief

Hortatiewe partikel + onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-/tšhō-** + werkwoordstam met uitgang -a

Voorbeelde:

A/Angê/Tšha/Tšhe /re sô dula/ mô

'Laat ons nie hier sit nie'

A/Angê/Tšha/Tšhe /va tšhō d̥/ mô

'Laat hulle nie hierheen kom nie'

8.2.6 Habituele modus

(a) Positief

Onderwerpskakeel (klas 1 = -a-) + werkwoordstam met uitgang -e

Voorbeelde:

Ge dzoha ga madžadži /ge le/, /ge ye/ mosomône

'Ek staan elke dag op, eet, en gaan werk toe'

Vana va dzoha ga madžadži, /va abare/, /va ye/ khegôlône

'Die kinders staan elke dag op, trek aan, en gaan skool toe'

(b) Negatief

Volgens Mampuru (1991:18) is die habituele uitgang -e, hoewel -ê as 'n variant daarvan in sommige sprekers se spraak voorkom. Sy identifiseer egter nie die sprekers in wie se spraak -ê voorkom nie. Sy spreek ook die vermoede uit dat hierdie wisseling waarskynlik na analogie van die subjunktiewe ontkenning plaasvind.

In Lobedu is die habituele uitgang in die negatief ook -ê. Aangesien die subjunktiewe ontkenning reeds die konsektiewe ontkenning in twee gevalle verdring het - vergelyk 8.2.1.2 en 8.2.4 - bestaan die moontlikheid dat dit ook in hierdie geval gebeur het. Die struktuur van die negatiewe habituele werkwoord toon dat dit in werklikheid identies aan die kort ontkenning van die subjunktief is. Vergelyk:

Onderwerpskakel (klas 1 = -a-) + negatiefmorfeem -khe- + werkwoordstam met uitgang -ê

Voorbeelde:

Dimbya di dzosa phuthi ga madžadži /di khe e volayê/

'Die honde jaag elke dag 'n duiker op en maak dit nie dood nie'

O dzoma diphôôfhôlô ga madžadži /a khe volayê/ khelô

'Hy jag elke dag wild en maak niks dood nie'

8.2.7 Kondisionale modus

Informante aanvaar nie voorbeelde in die kondisionale modus wat aan hulle voorgehou word geredelik nie en reageer maklik met 'n Lobedu voorbeeld in die situatiewe modus. Hierdie toedrag van sake skep die indruk dat kondisionale en situatiewe werkwoorde semanties na aan mekaar lê. Laasgenoemde vermoede word ook deur Barnard (1987:48) uitgespreek. Dat die kondisionale modus egter wel in Lobedu voorkom, kan nie betwyfel word nie aangesien voorbeelde daarvan later gedurende die navorsing teëgekomp is. Wanneer informante eers insien dat die verlangde semantiese nuanse dié een is wat deur kondisionale werkwoorde uitgedruk word, word voorbeelde wat aan hulle voorgehou word, sonder huiwering aanvaar. Die indruk het ontstaan dat die kondisionalis wel produktief in Lobedu gebruik word, en dat die aanvanklike moeite wat ondervind is om voorbeelde daarvan te verkry, eerder aan die afwesigheid van 'n geskikte konteks toegeskryf behoort te word.

Die onderwerpskake van die kondisionalis stem vormlik ooreen met dié van die konsekatief.

(a) Positief

Onderwerpskake (kondisionalis) + werkwoordstam met uitgang -a

Voorbeelde:

Noha /ya loma/ moḥo, o a fha

'Indien 'n slang 'n mens byt, sterf hy/sy'

/Ra fhiya/ ga matshô, re ḍô le ṭhusa

'Indien ons môre arriveer, sal ons julle help'

(b) Negatief

Die kondisionalis is uitsonderlik deurdat dit die enigste nie-tydsonderskeidende modus is waarin slegs **-se-** as negatiefmorfeem voorkom. Die kondisionalis se ontkenning is ook uniek deurdat dit nie soos in standaard Noord-Sotho ooreenkom met dié van die konsekatief nie. Soos uitgewys in 8.2.4 maak die konsekatief in Lobedu gebruik van 'n ontkenningvorm wat ook vir die subjunktief gebruik word. Die ontkenning van die kondisionalis en die konsekatief is dus verskillend, in soverre dit die vorm van die onderwerpskake betref.

Onderwerpskake (kondisionalis) + negatiefmorfeem -se- + werkwoordstam met uitgang -ê

Voorbeelde:

/Wa se šomê/ zzwavodze, ge ḍô ho giḍimisa

'Indien jy nie goed werk nie, sal ek jou wegjaag'

/La se qê/ ga nago, le ga se khumanê zwwaola

'Indien julle nie betyds kom nie, sal julle nie kos kry nie'

8.2.8 Infnitiewe modus

(a) Positief

Infnitiewe klasprefiks *ho-* + werkwoordstam met uitgang *-a*

Voorbeelde:

Khômo ge phôôfhôlô ya /ho lewa/

'n Bees is 'n dier wat geëet word'

Nkhe rune mbya ya /ho loma/

'Ek hou nie van 'n hond wat byt nie'

(b) Negatief

In die infinitief kan die ontkenning op drie maniere gevorm word. Hierdie drie ontkenningsvorme is in volgorde van voorkeur geplaas, dit wil sê die eerste alternatief word algemeen gebruik en deur informante as 'suiwer' Lobedu beskou. Die tweede alternatief word na die oordeel van die outeur minder as die eerste gebruik. Dit word deur informante beskou as van Pedi-oorsprong, en daarom word dit nie algemeen aanvaar nie. Die laaste alternatief is wel, sover vasgestel kon word, tipies Lobedu, maar hierdie vorm is skynbaar besig om in onbruik te verval.

'n Interessante feit omtrent die werkwoorduitgange in die negatief is dat *-a* in die ontkenningsvorm met *-sa-* gebruik word, en *-ê* wanneer die alternatiewe met *-se-* of *-khe-* gebruik word.

- (i) Infnitiewe klasprefiks *ho-* + negatiefmorfeem *-sa-* + werkwoordstam met uitgang *-a*

Voorbeelde:

Golovê ge phôôfhôlô ya /ho sa lewa/
'Die vark is 'n dier wat nie geëet word nie'

Ge runa dimbya dža /ho sa loma/
'Ek hou van honde wat nie byt nie'

- (ii) Infinitiewe klasprefiks **ho-** + negatiefmorfeem **-se-** + werkwoordstam met uitgang **-ê**

Voorbeelde:

Bôhô ge khômo ya /ho se namêlwê/
'n Bul is 'n bees wat nie gery word nie'

Ge runa dimbya dža /ho se lomê/
'Ek hou van honde wat nie byt nie'

- (iii) Infinitiewe klasprefiks **ho-** + negatiefmorfeem **-khe-** + werkwoordstam met uitgang **-ê**

Voorbeelde:

Golovê ge phôôfhôlô ya /ho khe lewê/
'Die vark is 'n dier wat nie geëet word nie'

Bôhô ge khômo ya /ho khe namêlwê/
'n Bul is 'n bees wat nie gery word nie'

8.2.9 Imperatiewe modus

(a) Positief

Aangesien positiewe imperatiewe werkwoorde nie 'n onderwerpskakel insluit nie, en 'n voorwerpskakel wel deel van die werkwoord kan uitmaak, kan die voorwerpskakel

verkeerdelik deur die oningewyde vir 'n onderwerpskakel aangesien word. Om hierdie rede word hieronder onderskei tussen werkwoorde sonder 'n voorwerpskakel enersyds, en dié wat wel sodanige skakel bevat, andersyds.

(i) Sonder voorwerpskakel

Stabiliseerder **e-** (in die geval van monosillabiese werkwoordstamme) +
werkwoordstam met uitgang **-a** + meervoudsmorfeem **-ne**

Voorbeelde:

/Elane/ zwaola zwao! 'Eet jou kos!'

/Vidža/ moŋho yôla! 'Roep daardie persoon!'

(ii) Met voorwerpskakel

Voorwerpskakel + werkwoordstam met uitgang **-ê** + meervoudsmorfeem
-ne

Voorbeelde:

Va vidžêne! 'Roep hulle!'

Mo ŋhusê! 'Help haar!'

(b) Negatief

Die negatief het twee ontkenningvorme. Nie een van hierdie vorme kom struktureel ooreen met die kort imperatiewe ontkenning van standaard Noord-Sotho nie. Vergelyk:

SNS. Se jê! 'Moenie eet nie!'

L. O khe lê! 'Moenie eet nie!', asook

L. Esô la!/Esôno la! 'Moenie eet nie (jy)!'

'Moenie eet nie (julle)!'

In standaard Noord-Sotho vertoon nóg die negatiewe vorm nóg die positiewe vorm 'n onderwerpskakel, terwyl L. **O khe lê!** duidelik 'n negatiewe subjunktief is wat in Lobedu vir die ontkenning van die imperatief gebruik word. (Vergelyk **Re hōgilê mbya hore /e khe lomê/ vaṭho** in 8.2.5). Dit blyk dat die imperatief se eie ontkenningsvorm plek gemaak het vir die ontkenning van die subjunktiewe modus. Hoewel 'n verklaring nie voor die hand lê nie, kan die volgende twee moontlikhede oorweeg word: in die eerste plek kan die verskynsel toegeskryf word aan Venda-invloed. Volgens Poulos (1990:242) word die imperatief negatief in Venda ook deur 'n onderwerpskakel gekenmerk. Anders as in Lobedu, maak die imperatief en subjunktief in Venda egter van verskillende konstruksies in die negatief gebruik. Vergelyk:

Imperatief:

Vha songo shuma fhana!

'Moenie hier werk nie!' (Poulos, 1990:323)

Subjunktief:

..... a si i wane

'.... sodat hy dit nie kan kry nie' (Poulos, 1990:285)

'n Ander rede kan gesoek word in die antroposentriese lewensbeskouing van die Balobedu wat reeds in 6.2.3.1 bespreek is. Die vermoede is dat wanneer die subjunktiewe ontkenning as 'n imperatiewe ontkenning aangewend word, 'n element van respekbetoning ter sprake kom wat by die imperatief afwesig is. Louwrens (1991:38-40) verduidelik dat onmiddellike toekomstigheid ("immediate futurity") van toepassing is op imperatiewe werkwoorde omdat die spreker verwag dat die bevel wat hy gee onmiddellik uitgevoer sal word. Hierteenoor is verwyderde toekomstigheid ("remote futurity") ter sake in die geval van subjunktiewe werkwoorde wat gebruik word om bevele te rig, aangesien die spreker nie van die aangesprokene verwag om onmiddellik te reageer nie. Ten opsigte van Lobedu is die aanname dus dat die element van dringendheid en gesag oor die aangesprokene wat imperatiewe kenmerk, in die geval van negatiewe verdring is deur die subjunktief omdat laasgenoemde waarskynlik as 'n meer hoflike bevelsvorm ervaar en bedoel word.

- (i) Onderwerpskakel + negatiefmorfeem **-khe-** + werkwoordstam met uitgang **-e**

Die meervoudsmorfeem figureer nooit in hierdie struktuur nie.

Voorbeelde:

Le khe va vidžê! 'Moet hulle nie roep nie!'

O khe lê! 'Moenie eet nie!'

- (ii) Stabiliseerder **e-** + negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-** + meervoudsuitgang **-no/-ne** + werkwoordstam met uitgang **-a**

Die negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-** wat hier ter sprake is, stem ooreen met **-sô-** wat in die hortatief negatief gebruik word. Vergelyk 8.2.5.1 in hierdie verband. Laasgenoemde **-sô-** het ook 'n wisselvorm **-tšhô-**, maar dit word nie in die imperatief gebruik nie.

Voorbeelde:

Esôno la! 'Moet nie eet nie (julle)!'

Esô va vidža! 'Moet hulle nie roep nie (jy)!'

8.3 Samevatting

Die mees prominente strukturele verskille tussen werkwoorde in standaard Noord-Sotho en Lobedu is:

- (a) Die gebruik van die situatiewe morfeem **-khe-** in die situatiewe modus (onvoltooid en toekomstige tyd, positief) in Lobedu. Hierdie morfeem word nie in standaard Noord-Sotho aangetref nie.

- (b) Die gebruik van die hulpwerkwoordstam **-eso** in een van die alternatiewe ontkennings van die indikatief, voltooid. Vergelyk 8.2.1.2.
- (c) Die weglating van die kwalifikatiewe partikel wanneer die onderwerp in relatiewe werkwoorde 'n voornaamwoord van die eerste, tweede of derde persoon is. Dit geld die positief sowel as die negatief van alle tydforme. Vergelyk 8.2.3.
- (d) Konsekutiewe werkwoorde in Lobedu word ontken deur 'n struktuur wat vormlik identies is aan die subjunktief negatief. Vergelyk 8.2.4.
- (e) Subjunktiewe werkwoorde in die hortatief word ontken deur die negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-/tšhô-** wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie. Vergelyk 8.2.5.1.
- (f) Die imperatief negatief onderskei twee ontkenningsvorme wat beide struktureel verskil van die kort imperatiewe ontkenning van standaard Noord-Sotho. Die eerste variant kom ooreen met die kort ontkenning van die subjunktief, terwyl die ander deur die negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-esô-** gekenmerk word. Vergelyk 8.2.9.

HOOFSTUK 9

KOPULATIEWE

9.1 Inleiding

In hoofstuk 6 is alle nie-kopulatiewe partikels wat in Lobedu teëgekomp is, behandel. Alle kopulatiewe partikels word gevolglik in hierdie hoofstuk behandel.

In onlangse Noord-Sotho grammatikas, vergelyk onder andere Lombard et al. (1988), Louwrens (1991) en Poulos & Louwrens (1994), word van twee benaderings tot die beskrywing van kopulatiewe gebruik gemaak. Die eerste model wat in Lombard et al. (1988) asook in Louwrens (1991) gevolg word, is die strukturele Van Wykiaanse model, terwyl Poulos & Louwrens (1994) hulle beskrywing van Noord-Sotho se kopulatiewe skoei op die benadering wat Poulos (1990) vir Venda gevolg het. Poulos se doelwit was om 'n reeks handboeke, geskoei op Poulos (1990) daar te stel, wat veral vir vergelykingsdoeleindes en vir taaltipologiese studie nuttig sou wees. Die beskrywing van die kopulatiewe in Poulos & Louwrens (1994) is in verskeie opsigte funksioneel en dus nie so streng struktureel as wat Van Wyk dit doen nie. Die verskille tussen hierdie benaderings, in soverre dit die beskrywing van kopulatiewe aangaan, word kernagtig in Louwrens (1994:133-135) saamgevat. In hoofsaak kom die verskille daarop neer dat die kopulatief binne die Van Wykiaanse model (soos vir die eerste keer uiteengesit in Van Wyk (1955)) as 'n *woordgroep* gesien word, terwyl Poulos & Louwrens (1994) die kopulatief as 'n afsonderlike *woordsoort* hanteer. Die belangrikste implikasies van hierdie verskille in benadering, in soverre dit die hantering van taalfeite in Lobedu aangaan, wentel enersyds om die gebruik van die terme 'partikel' en 'komplement', soos binne die Van Wykiaanse model, en, andersyds, 'prefiks' en 'basis', soos binne die Poulos & Louwrens model. Ten einde die gebruik van die terme 'partikel' en 'komplement' in plaas van 'prefiks' en 'basis' in hierdie werk te motiveer, word enkele belangrike feite rakende die gebruik van elk, kortliks uitgelig.

Van Wyk (1955:85) onderskei twee komponente wat gesamentlik die kopulatief uitmaak, naamlik die kopula en die komplement. Lombard et al. (1988:193) beskou die

kopula en die komplement as noodsaaklike onderdele van die kopulatief, maar noem dat wanneer 'n onderwerp teenwoordig is, dit ook deel van die kopulatief uitmaak. Louwrens (1991:63) sluit die onderwerp, kopula en komplement van die begin af as dele van die kopulatief in. Die kopula kan uit 'n partikel of 'n kopulatiewe werkwoord bestaan, terwyl die onderwerp en die komplement uit 'n nie-werkwoordelike woord of woordgroep bestaan. Partikels is verdeelbaar in veranderlike en onveranderlike partikels, terwyl kopulatiewe werkwoorde ook verdeel kan word in veranderlike en onveranderlike werkwoorde. Vervolgens word 'n reeks standaard Noord-Sotho voorbeelde uit Louwrens (1991:65-68) aangehaal ten einde die verskille tussen die genoemde kopulas te illustreer.

(a) Kopula as onveranderlike partikel

Die vorm van die partikel **ke** in die volgende voorbeeld word nie deur die klas van die naamwoord wat as onderwerp dien, bepaal nie.

Mošimane yô **ke** morutwana 'Hierdie seun is 'n leerling'

(b) Kopula as veranderlike partikel

Die vorm van die partikel **o** in die voorbeeld wat volg word deur die klas van die naamwoord wat as onderwerp funksioneer, bepaal.

Morutiši **o** bogale 'Die onderwyser is kwaai'

(c) Kopula as onveranderlike werkwoord

Onveranderlike werkwoorde word gekenmerk deur die onderwerpskakel **e-** wat gebruik word, ongeag die klas van die onderwerpsnaamwoord.

Gê dipuku **e** le tša gago, di tšeê 'As die boeke joune is, neem hulle'

(d) Kopula as veranderlike werkwoord

Veranderlike werkwoorde bevat onderwerpskakels wat deur die onderwerpsnaamwoord gegenereer word. Die onderwerpskakel **le** word dus deur die

naamwoord **lesôgana** gegeneer.

Lesôgana **le na le mafolofolo** 'Die jongman is fluks'

Soos reeds genoem, vervang Poulos & Louwrens (1994) die terme 'partikel' en 'komplement' met onderskeidelik 'prefiks' en 'kopulatiewe basis'. Louwrens (1994) baseer sy kritiek teen die gebruik van die term 'partikel' op Crystal (1991) en Richards et al. (1992) se definisies van onderskeidelik 'partikel' en 'prefiks'. Crystal (1991:251-252) beskou naamlik 'n partikel as "... an invariable item with grammatical function, especially one which does not readily fit into a standard classification of parts of speech.", terwyl Richards et al. (1992:286) 'n prefiks beskryf as "... a letter or sound or group of letters or sounds which are added to the beginning of a word, and which change the meaning or function of the word". Met inagneming van wat in sommige Noord-Sotho bronne as partikels beskou word, lei Louwrens uit die aangehaalde definisies die volgende af:

- (i) Partikels kan nie geredelik toegedeel word tot die woordklasse wat normaalweg in tale erken word nie. Boonop noem Crystal partikels nie woorde nie. Dit laat die indruk dat hy die woordstatus van partikels afskaal tot dié van morfeme.
- (ii) Die taalitems wat volgens die Van Wykiaanse benadering as partikels hanteer word, kan per definisie - vergelyk Richards et al. (1992:286) - as prefikse hanteer word.
- (iii) Partikels het, net soos prefikse, grammatiese funksie, en nie leksikale funksie nie.

Die feit dat Crystal (1991:251-252) en Richards et al. (1992:286) se definisies van onderskeidelik 'n partikel en 'n prefiks die taalelement wat Van Wyk as 'n partikel beskou, raak beskryf, impliseer nie noodwendig dat partikels as prefikse geherinterpreteer hoef te word nie. Die keuse vir of teen so 'n stap hang af van die

motivering daarvoor. Van Wyk (1955:85) is uit die staanspoor bewus van die feit dat partikels nie in die normale sin as woorde te beskou is nie, maar voel dat hulle van formatiewe te onderskei is. Hy erken dat partikels "...geen selfstandige bestaan of funksie het nie, en ... dus ook nie as woorde beskou kan word nie", maar voeg by "...en tog is daardie vorme ook geen formatiewe in die sin wat bywoordelike, denominatiewe en deverbatiwe formatiewe dit is nie" (Van Wyk, 1955:85). Hy gee ook toe dat die grens tussen partikels en formatiewe vaag is wanneer hy sê "Die feit dat die sintagmeem [partikel] geen selfstandige karakter het nie, word ook gedeel deur die formatief". Van Wyk (1955:85-86) baseer die onderskeid tussen die twee op strukturele gronde:

"Die verskil tussen sintagmeem en formatief kom egter hierop neer dat die sintagmeem altyd gebruik word met groepe **selfstandige** woorde wat daardie selfstandigheid nie prysgee nie, terwyl die formatief alleen gebruik word met stamme, waarin dit daartoe bydra om aan 'n besondere woord sy vorm en funksie te gee". (Beklemtoning deur my).

Van Wyk se onderskeid tussen sintagmeem (partikel) en formatief (prefiks) is die basis vir die besluit om in die hieropvolgende uiteensetting te hou by die term 'partikel', in plaas van 'prefiks'. Kopulatiewe komplemente bestaan feitlik altyd uit 'n selfstandige woord of 'n woordgroep, en indien hierdie feit as kriterium gebruik word, kan partikels nie as prefikse hanteer word nie. Volgens Louwrens (1994:134) is die oorweging wat vir grammatici waarskynlik die swaarste weeg in die besluit om 'partikel' te vervang met 'prefiks', die onreëlmatige wyse waarop woordtoetse wat vir die identifisering van woorde gebruik is, toegepas word. In hierdie verband toon hy aan dat kwalifikatiewe 'partikels', wat geen woordtoetse slaag nie, nogtans binne die Van Wykiaanse model as woorde beskou word, terwyl die bywoordelike prefiks **ga-** voor woorde gebruik word wat deur ander woorde vervang kan word, maar nogtans nie as 'n partikel hanteer word nie. In hierdie verband wys Louwrens (1994:134) dat die kwalifikatiewe partikel **yô** in **monna yô mokôpana** "n kort man" geen woordtoets slaag nie, en gevolglik nie as 'n linguistiese woord kwalifiseer nie. Hy bewys ook dat **ga-** wat nie volgens die Van

Wykiaanse beskouing as 'n partikel beskou word nie, vooraan woorde gebruik kan word wat op hulle beurt deur ander woorde vervang kan word. Louwrens staaf sy siening deur die bywoorde **gabortse** 'goed' en **gabohloko** 'pynlik' as voorbeelde aan te haal.

Louwrens se argument ten spyte, is daar tog taalelemente wat as partikels aan te wys is. Louwrens (1994:133) wys in hierdie verband self daarop dat die sogenaamde instrumentale partikel skeibaar is van die woord waarmee dit optree. Vergelyk **ka** in **ka selêpê** 'met 'n byl' wat skeibaar is van die woord wat daarop volg deur 'n ander woord, soos byvoorbeeld in **ka sôna selêpê** 'met spesifiek 'n byl'. Louwrens (1994) demonstreer dat sekere taalelemente wat in die verlede as partikels hanteer is, nie partikels is nie, en dat ander taalitems wat nie as partikels hanteer is nie, wel binne 'n Van Wykiaanse raamwerk as sodanig beskou sou kon word. Dat daar egter wel taalitems in Noord-Sotho voorkom wat as partikels bewysbaar is, kan moeilik betwis word.

Louwrens (1994:19) se argument teen die gebruik van die term 'komplement' in die geval van kopulatiewe is dat hierdie term eintlik gebruik behoort te word om te verwys na woorde wat op *werkwoorde* volg. Aangesien kopulas dikwels nie werkwoorde insluit nie, is die term 'komplement' volgens Richards et al. (1992:69) se definisie dus nie altyd geskik nie. Ten einde binne die Van Wykiaanse model te bly word 'komplement' egter gebruik soos wat Van Wyk (1955) en ná hom Lombard et al. (1988) en Louwrens (1991) dit doen.

Dit val buite die bestek van hierdie proefskrif om uitsluitel oor die geldigheid, aldan nie, van Louwrens (1994) en Poulos & Louwrens (1994) se argumente teen die term 'partikel' te gee. Louwrens (1994:135) merk tereg op dat "...the debate regarding the validity of this word category will still continue for some time". Die twee benaderings berus, in die geval van die Van Wykiaanse model, op sterk strukturele oorwegings, terwyl die Poulos & Louwrens model meer funksioneel en dus minder strukturalisties geïnterpreteer skyn te wees. Totdat hierdie debat in die een of ander rigting gestuur word, is daar 'n goeie saak uit te maak vir die gebruik van die Van Wykiaanse model

vir die beskrywing van Lobedu se kopulatiewe, veral omdat die benadering in hierdie studie struktureel georiënteerd is. Hierdie benadering bied 'n beproefde beskrywingsraamwerk aan die hand waarvan die unieke materiaal wat in Lobedu teëgekomp is, sinvol aangebied kan word. Aangesien Van Wyk se model op Pedi feite gebaseer is, moes hierdie model, waar nodig, aangepas word ten einde die eiesoortigheid van Lobedu se kopulatiewe te hanteer.

In die bespreking wat volg word kopulatiewe, in ooreenstemming met Lombard et al. (1988) en Louwrens (1991), beskou as bestaande uit drie dele, naamlik 'n onderwerp, 'n kopula en 'n komplement. Die onderwerp maak nie 'n noodsaaklike deel van die kopulatief uit nie, omdat die kopulatief daarsonder kan funksioneer.

9.2 Organisasie van besonderhede

Die kopula is 'n verbale element, en as sulks kan dit, soos enige ander verbale element, met 'n predikatiewe funksie in die verskillende modi en tye aangewend word. Aangesien daar drie tipes kopulatiewe, te wete identifiserende, beskrywende en assosieërende kopulatiewe onderskei word, is dit duidelik dat 'n beskrywing van elke tipe kopulatief soos wat dit in elke modus daar uitsien, 'n uiters uitgebreide bespreking tot gevolg kan hê. Daar moet in gedagte gehou word dat, benewens die drie pas genoemde tipes kopulatiewe, daar ook met statiewe en dinamiese kopulatiewe verhoudings rekening gehou moet word. Louwrens (1991:71) verduidelik die onderskeid tussen hierdie verhoudings baie effektief. Hy beskryf 'n statiewe kopulatiewe verhouding as "... referring to a state of rest which is characterised by the absence of motion or change". In die kopulatief **Phahlane ke morutiši** 'Phahlane is 'n onderwyser' druk die kopula **ke 'is'** so 'n statiewe verhouding uit. In teenstelling met 'n statiewe kopulatiewe verhouding, dui 'n dinamiese kopulatiewe verhouding volgens Louwrens (1991:71) op "...a state of affairs which is progressively changing...". Sy voorbeeld **Phahlane e tlô ba morutiši ngwaga wô o tlogo** 'Phahlane sal volgende jaar 'n onderwyser word', verwoord duidelik so 'n verhouding. Die kopula **e tlô ba** 'hy sal wees' weerspieël 'n wordingsproses wat duidelik van die statiewe tipe verhouding wat vroeër geïllustreer is, te onderskei is.

Die bespreking van Lobedu se kopulatiewe word, sover moontlik, gedoen sonder verwysing na spesifieke standaard Noord-Sotho teenhangers. In 'n verdere poging om die aanbieding van feite so bondig moontlik te hou, is besluit om die data in tabelle aan te bied, soos wat in Kotzé (1993) gedoen is. Dit het die voordeel dat verskillende kopulatiewe gereedlik met mekaar vergelyk kan word, en dat feite maklik opspoorbaar is. Die besonderhede wat so aangebied word, word, waar nodig, bespreek. Die aandag word veral gefokus op die kopulas wat in die verskillende modi 'n ryke verskeidenheid struktuurelemente bevat. Hierdie struktuurelemente is almal benoem, en in hierdie verband is, benewens Louwrens (1991), ook op Kotzé (1993) gesteun. In die tabelle wat volg word die statiewe kopulatiewe telkens eerste aangegee, waarna die dinamiese kopulatiewe onder die opskrif "DINAMIESE VORM" volg. Voorbeelde wat fakultatief varieer word "a, b" ensovoorts genommer. Vervolgens word die verskillende kopulatiewe van nader beskou.

9.3 Identifiserende kopulatiewe

In identifiserende kopulatiewe word die onderwerp en die komplement met mekaar geïdentifiseer. Dit beteken dat die onderwerp en die komplement semanties aan mekaar gelykgestel word, dit wil sê die onderwerp en die komplement het dieselfde referent. In **Malome ke morutiši** 'Oom is 'n onderwyser', verwys **Malome** en **morutiši** na een en dieselfde referent, naamlik 'n spesifieke persoon wat die spreker in gedagte het. Die identifiserende kopulatiewe van Lobedu kan soos volg in tabelvorm ontleed word:

TABEL 1 IDENTIFISEREND POSITIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA									KOMPLEMENT		
				Onveranderlike partikel	Veranderlike partikel	Onveranderlike o/s	Veranderlike o/s	Onveranderlike o/s kons	Situatiewe morfeem	Infinitiese klasprefiks	Toek def hulpww vorm	Stabiliseerder		Werkwoordstam	Relatiewe suffiks
1a	Ind, onv		Ngwé	ge											khevaḡa
b			Ngwé	n											khevaḡa
c			Rena (lpmv)	re											vaéne
2	Ind, volt		Myana		e							vilé			myédzi
3	Ind, toek		Moḡhanga		e						ḡó				monna
4	Sit, onv	hé			e							e			mariha
5	Sit, volt	hé	moḡhanga		e							vilé			monna
6	Sit, toek	hé	monna		e		khe		ḡó			va			ngaga
7	Rel, onv		Dikhómo (džé)		e							ve	ho		ditshadi
8	Rel, volt		Monna (yo)		e							vile	ho		ndona
9a	Rel, toek		Vaḡhanga (va)		e						ḡó	va	ho		varuḡisi
b			Vaḡhanga (va)		e						ḡó		ho	va	varuḡisi
10	Subj	hore			e							vé			modzomi
11a	Konsek		Monna			ya						va			ngaga
b			Monna		a							va			ngaga
12	Habit		SIEN OPMERKINGS 7												
13	Inf						ho					va			kheḡaḡa
14a	Imp (enk)										E	va			kheḡaḡa!
b	Imp (mv)										E	vé		ne	zvwenaḡa!
DINAMIESE VORM															
15	Ind, onv		Mosimana		e							va			molesa
16	Sit, onv	hé	monna		e		khe					va			ngaga
17	Rel, onv		Mosimana (yó)		e							ve	ho		molesa

Vertaling van voorbeelde

- 1a,b 'n Luiperd is 'n roofdier
- c Ons is besoekers
- 2 Die kind was 'n bruid
- 3 Die jongman sal 'n man wees
- 4 ... as dit winter is
- 5 ... as die jongman 'n man was
- 6 ... as die man 'n dokter sal wees
- 7 Die beeste wat koeie is
- 8 Die man wat hoofman was
- 9a,b Die jongmans wat onderwysers sal wees
- 10 ... sodat hy 'n jagter kan wees
- 11a,b ... en die man word dan 'n dokter
- 12 ... dan word dit (gewoonlik) biltong
- 13 Om 'n held te wees
- 14a Wees 'n held (jy)!
- 14b Wees helde (julle)!
- 15 Die seun word 'n wagter
- 16 ... as die man 'n dokter word
- 17 Die seun wat 'n wagter word

Opmerkings

1. Die onveranderlike partikel n in voorbeeld 1b is 'n fakultatiewe variant van ge wat slegs realiseer voor naamwoorde wat op 'n velére konsonant begin.
2. In die indikatief onvoltooid word 'n veranderlike partikel gebruik, en nie 'n onveranderlike partikel soos in die geval van die verskillende klasse nie. Vergelyk voorbeeld 1c.

3. Die werkwoordstam **-e** in voorbeeld 4 is die Lobedu teenhanger van SNS. **-le**. Volgens Kotzé (1993:20, 22) realiseer laasgenoemde werkwoordstam ook in Hananwa as **-e**.
4. In die relatiewe modus (onvoltooid), statief sowel as dinamies (vergelyk voorbeelde 7 en 17), figureer die werkwoordstam **-ve** in die positief. Daar kan geen verklaring vir die uitgang **-e** in hierdie geval gegee word nie. 'n Vergelykende studie van die kopulatief in die verskillende dialekte behoort meer lig op die saak te werp.
5. In voorbeeld 9a word die relatiewe suffiks aan die werkwoordstam **-va** gevoeg, terwyl dit in 9b aan die defisiënte hulpwerkwoordvorm **-d̥o-** gevoeg is. Laasgenoemde gebruik van **-ho** verraaï die verbale oorsprong van **-d̥o-**. Vergelyk Louwrens (1991:56) se kommentaar aangaande die gebruik van die relatiewe suffiks saam met defisiënte hulpwerkwoordvorme.
6. Uit voorbeelde 11a en 11b blyk dit dat die onveranderlike, sowel as die veranderlike onderwerpskakels in die konsekutiewe modus gebruik kan word. Die gebruik van 'n veranderlike onderwerpskakel in 'n identifiserende kopulatief is hoogs uitsonderlik.
7. Ten spyte daarvan dat 'n omvattende korpus voorbeelde aan informante voorgehou is in 'n poging om die vorm van die kopula in die habituele modus vas te stel, kon geen sodanige vorm vir Lobedu geïsoleer word nie.

TABEL 2 IDENTIFISEREND NEGATIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA											KMPIMT			
				Onveranderlike partikel a se	Negatiefmoeseem	Onveranderlike o/s	Veranderlike o/s	Infinitiese klasprefiks	ha- Verand skak element Neg partikel	Negatiefmoeseem	Potensiale def hulpww vorm	Hulpww stam	Negatiefmoeseem	Onveranderlike o/s kons		Negatiefmoeseem	Onveranderlike o/s	Werkwoordstam
1a	Ind, onv		Khoho	a se														khevaqa
b	Ind, onv		Rena (1pmv)					ha re										vaene
2a,b	Ind, volt		Vaṭhanga		ha e				ya									mafodu
b	Ind, volt		Vaṭhanga		ha	va							a					mafodu
3	Ind, toek		Moṭhanga							ga		se						lefodu
4	Sit, onv	hē																maraha
5a	Sit, volt	Hē	moṭhanga								khe	eso			e			monna
b	Sit, volt	Hē	moṭhanga								khe	eso		ya				monna
6a	Sit, toek	hē										khe		ya				ngaga
b	Sit, toek	hē								ga		se						ngaga
7	Rel, onv		Moṭhanga (yó)									se					ho	lefodu
8a	Rel, volt		Monna (yó)									khe		a			ho	ndona
b	Rel, volt		Monna (yó)									khe					ho	ndona
9a	Rel, toek		Vaṭhanga (va)							ga		se					ho	mafodu
b	Rel, toek		Vaṭhanga (va)									khe					ho	mafodu
10a	Subj		vooswa									khe						voba
b	Subj		vooswa			vo						khe						voba
11a	Konsek		vooswa									khe						voba
b	Konsek		mosimana			a						khe						ngaga
12	Habit		SIEN OPMERKINGS 4															
13	Inf						Ho					khe						lefodu
14a	Imp(enk)					O						khe						lefodu!
b	Imp(mv)					Le						khe					ne	mafodu!
DINAMIESE VORM																		
15	Ind, onv		Mavélé		ha	e												vubi
16	Sit, onv	hē	monna			e						khe		a				ngaga
17	Rel, onv		Nama (yē)			e						se					ho	mehwaba

Vertaling van voorbeelde

- 1a 'n Hoender is nie 'n roofdier nie.
- b Ons is nie besoekers nie.
- 2a,b Die jongmans was nie diewe nie.
- 3 Die jongman sal nie 'n dief wees nie.
- 4 ... as dit nie winter is nie.
- 5a,b ... as die jongman nie 'n man was nie.
- 6a,b ... as hy nie 'n dokter sal wees nie.
- 7 Die jongman wat nie 'n dief is nie.
- 8a,b Die man wat nie hoofman was nie.
- 9a,b Die jongmanne wat nie diewe sal wees nie.
- 10a,b ... dat die pap nie halfgaar pap word nie.
- 11a ... en toe word die pap nie halfgaar pap nie.
- 11b ... en toe word die seun nie 'n dokter nie.
- 12 Geen voorbeeld was vir informante verstaanbaar nie.
- 13 Om nie 'n dief te wees nie.
- 14a (Jy) moet nie 'n dief wees nie!
- b (Julle) moet nie diewe wees nie!
- 15 Miellies word nie meel nie.
- 16 ... as die man nie 'n dokter word nie.
- 17 Vleis wat nie biltong word nie ...

Opmerkings

1. Soos in die geval van die identifiserend positief, word 'n veranderlike partikel gebruik in die geval van persone in die onvoltooide tyd van die indikatief.

2. Die negatiewe hulpwerkwoordstam **-eso** figureer in beide die ontkeningsvorme van die situatief voltooid. Vergelyk voorbeelde 5a en b. Hulpwerkwoorde waarin **-eso** voorkom word deur 'n komplementêre werkwoord in die subjunktiewe modus gevolg (vergelyk ook 8.2.1.2 in verband met die gebruik van **-eso** buite kopulas), of deur 'n werkwoord in die konsektiewe modus. Vergelyk in hierdie verband **e vê** (subjunktief) in voorbeeld 5a, en **ya va** (konsektief) in 5b.
3. Verskeie kopulas bevat 'n veranderlike onderwerpskakel wat toon dat sprekers die onveranderlike skakel nie konsekwent as merker van spesifiek die identifiserende kopula gebruik nie. Vergelyk voorbeelde 2b, 10b, 11b. Die gebruik van onderwerpskakels in die geval van kopulatiewe in die imperatiewe modus (sien voorbeelde 14a, b) is normaal in Lobedu. Vergelyk ook 8.2.9(b) in hierdie verband.
4. Geen habituele vorm van die identifiserende kopulatief in die negatief is in Lobedu teëgekome nie. Vergelyk ook opmerking 7 onder tabel 1 hierbo.

TABEL 3 IDENTIFISEREND POSITIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA				KOMPLEMENT
				Onveranderlike o/s	Persistiewe defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief		Monna	e	khê	ê		ndona
2	Situatief	Hê		e	khê	ê		myana yô moṭhokho
3	Relatief		Dikhômo (dzê)	e	kha	ve	ho	didzwêqê

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die man is nog die hoofman.
- 2 As sy nog 'n klein kindjie is ...
- 3 Die beeste wat nou melkkoeie is.

Opmerkings

1. In die persistiewe vorm van die identifiserende kopula (indikatief en situatief) is L. **-khêê** die teenhanger van SNS. **-sa le**. Vergelyk voorbeelde 1 en 2 in hierdie verband. Daar word aangeneem dat L. **-khêê** uit ***-kha- + -le** ontwikkel het, maar 'n meer gesaghebbende uitspraak oor die aard van die proses sal eers gemaak kan word wanneer gegewens uit verwante dialekte ontleed word. Soos in die geval van **-nôô** (sien 6.4.1.2) word die tweede **ê** in **-khêê** slegs op suprasegmentele vlak in die vorm van lengte en 'n stygende toonkontras waargeneem. Met die oog op strukturele ontleding word die **-khê** in **-khêê** beskou as die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm en **ê** as die kopulatiewe werkwoordstam.
2. In voorbeeld 3 is die gebruik van die werkwoordstam **-ve** in die relatief onvoltooid steeds opvallend. Daar is reeds vantevore melding gemaak van die voorkoms van **-ve** in die relatief onvoltooid. Die stam **-ba** word in standaard Noord-Sotho met dinamiese kopulatiewe verhoudings in verband gebring wanneer dit in die relatief voorkom. Die Lobedu materiaal suggereer dat daar in dié dialek nie altyd 'n sistematiese vormlike onderskeid tussen statiewe en dinamiese kopulatiewe getref word nie - 'n verskynsel wat ook in Hananwa waargeneem is. (Vergelyk Kotzé (1993)).

TABEL 4 IDENTIFISEREND NEGATIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA						KOMPLEMENT
				Negatiemorfem	Onveranderlike o/s	Negatiemorfem	Persistiewe defisiente hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief		Monna	ha	e	khé	é		ndona	
2	Situatief	Hé			e	khe	khé	é	myana yó moṭhokho	
3	Relatief		Dikhómo (džá)		e	khe	kha	ve ho	didzwéé	

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die man is nie meer die hoofman nie.
- 2 As sy nie meer 'n klein kindjie is nie ...
- 3 Die beste wat nie meer melkkoeie is nie.

Opmerkings

1. Die alternatiewe vorm van die persistiewe kopulatiewe werkwoord waarna in die voorafgaande opmerkings (no. 1) verwys is, dit wil sê **-khéé**, word ook in die negatief gebruik.

TABEL 5 IDENTIFISEREND POSITIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA					KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Onveranderlike o/s	Potensiale defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1a	Indikatief (1pe)			N		ga	va		mokhumi
b			Mosimana		e	ga	va		monna
2a	Situatief (2pe)	Hê		O		ga	va		ngaga...
b		Hê	monna		e	ga	va		lefôdu...
3	Relatief		Monna (yô)		e	ga	va	ho	ndona ...

Vertaling van voorbeelde

- 1a Ek kan 'n rykman word.
- b Die seun kan 'n man word.
- 2a As jy 'n dokter kan word ...
- b As hy 'n dief kan word ...
- 3 Die man wat hoofman kan word ...

Opmerkings

1. In voorbeelde 1a en 2a kan gesien word dat 'n veranderlike onderwerpskakel telkens gebruik word om te verwys na 'n onderwerp wat tot die persone behoort. Die ander voorbeelde toon dat 'n onveranderlike onderwerpskakel gebruik word om na onderwerpe van die verskillende naamwoordklasse te verwys.

TABEL 6 IDENTIFISEREND NEGATIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA						KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Onveranderlike o/s	Potensiële defisiënte hulpww vorm	Negatiemorfem	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1a	Indikatief (1pe)			N		ga	se	vê		khenaja
b			Mosimana		e	ga	se	vê		mosadi
2a	Situatief (2pe)	Hê		o		ga	se	vê		ngaga...
b		Hê	monna		e	ga	se	vê		lefôdu...
3	Relatief		Monna (yô)		e	ga	se	vê	ho	ndona ...

Vertaling van voorbeelde

- 1a Ek kan nie/sal nie 'n held word nie.
- b Die seun kan nie/sal nie 'n vrou word nie.
- 2a As jy nie 'n dokter sal/kan word nie ...
- b As die man nie 'n dief sal/kan word nie ...
- 3 Die man wat nie 'n hoofman sal/kan word nie ...

Opmerkings

1. Die voorbeelde volg die normale patroon wat tot dusver in die voorafgaande tabelle geïdentifiseer is.

9.4 Beskrywende kopulatiewe

In beskrywende kopulatiewe beskryf die komplement die onderwerp ten opsigte van een of ander kenmerk of eienskap. Die onderwerp en die komplement word dus nie, soos in die geval van identifiserende kopulatiewe, semanties aan mekaar gelykgestel nie. In SNS. **Phahlô e bolma** 'Die bagasie is swaar', beskryf die komplement **boima** die onderwerp **phahlô** ten opsigte van die eienskap 'swaar'. Die beskrywende kopulatiewe van Lobedu kan soos volg in tabelvorm ontleed word:

TABEL 7 BESKRYWEND POSITIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA							KOMPLEMENT
				Veranderlike partikel	Veranderlike o/s	Situatiewe morfem	Infinitiese klasprekiks	Stabiliseerder	Toekomende defisiënte hulpww vorm	Werkwoordslam	
1	Ind, onv		Dikhōmo	di							ga sagēne
2	Ind, volt		Dikhōmo	di							ga sagēne
3	Ind, toek		Dikhōmo	di				qō	vilē		ga sagēne
4	Sit, onv	hē		va			e		e		hōna
5	Sit, volt	hē		va					vilē		hōna
6	Sit, toek	hē		va	khe			qō	va		hōna
7	Rel, onv		Vana (va)	va					ve	ho	hōna
8	Rel, volt		Vana (va)	va					vilē	ho	hōna
9	Rel, toek		Vana (va)	va				qō	va	ho	ga nqōne
10	Subj			a					vē		hōna
11	Kons			a					va		hōna
12	Habit		SIEN OPMERKINGS	3							hōna
13	Inf					ho			va		hōna
14a	Imp (enk)			O					vē		hōna!
b	Imp (mv)			Le					vē	ne	hōna!

DINAMIESE VORM - Sien "Opmerking 5" hier onder.

- 15a Ind, onv o va le voṭhale
 b o nōō voṭhale
 16 Sit, onv (hē) a nōō voṭhale
 17a Rel, onv Mofhaga wō o vee le vohale
 b Mojho wa ho va le voṭhale

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die beeste is in die kraal
 2 Die beeste was in die kraal
 3 Die beeste sal in die kraal wees
 4 ... as hulle daar is
 5 ... as hulle daar was
 6 ... indien hulle teenwoordig sal wees
 7 Die kinders wat teenwoordig is
 8 Die kinders wat teenwoordig was
 9 Die kinders wat in die huis sal wees
 10 ... sodat hy teenwoordig kan wees
 11 ... en toe is hy teenwoordig
 12 Sien "Opmerking 3".
 13 Om daar te wees
 14a Wees teenwoordig (jy)!
 b Wees teenwoordig (julle)!
 15a,b Hy word slim
 16 As hy slim word
 17a Die mes wat skerp word ...
 b 'n Mens wat slim word ...

Opmerkings

1. In Lobedu is daar 'n neiging om assosiërende kopulatiewe te gebruik in plaas van beskrywende kopulatiewe. Hierdie geneigdheid is veral sterk in die voltooide tyd van die situatief. Die kopulatief (Hē) moṭho a vilē voṭhale 'As

die persoon slim was', is weliswaar gedokumenteerd, maar informante verkies veel eerder die assosierende kopulatief **(Hê) moŋho a nôô vohale**. Wanneer die kopulatief 'n lokatiewe komplement het is dit egter semanties onmoontlik om die assosiatiewe struktuur te gebruik. Gevolglik kom 'n kopulatief soos ***(Hê) monna a nôô hōna** 'As die man daar was', nie voor nie.

2. Die werkwoordstam **-ve** wat in identifiserende kopulatiewe in die relatiewe modus onvoltooid voorkom, word ook in beskrywende kopulatiewe aangetref. Vergelyk voorbeeld 7.
3. Geen voorbeelde van beskrywende kopulatiewe in die habituele modus is aangetref nie.
4. Geen dinamiese beskrywende kopulatiewe is teëgekome nie. In plaas van sodanige kopulatiewe, word van assosierende kopulatiewe gebruik gemaak. Vergelyk voorbeelde 15a tot 17b. Die vorm van assosierende kopulatiewe word verderaan in tabelvorm ontleed.
5. Die werkwoordstam **-vee** wat in voorbeeld 17a voorkom, bevat nie die relatiewe uitgang **-ho** nie, hoewel die kopula in die relatiewe modus is. Die vermoede bestaan dat die tweede **e** in **-vee** die plek van die relatiewe uitgang ingeneem het. Die wisseling tussen **-vee** en **-veho** in die negatief - vergelyk voorbeeld 17a in tabel 8 - verleen steun aan hierdie vermoede.

TABEL 8 BESKRYWEND NEGATIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA								KOMPLEMENT		
				Negatiefmorfeem	ha- Veranderlike skak element } Neg partikel	Veranderlike o/s	Infinitiese klasprafiks	Potensiale defisientie hulpww vorm	Negatiefmorfeem	Negatiefmorfeem	Defisientie hulpww vorm		Werkwoordstam	Relatiewe suffiks
1	Ind, onv		Dikhōmo		ha di									ga sagēne
2	Ind, volt		Dikhōmo	ha		di								ga sagēne
3	Ind, toek					di		ga	se	a		va		ga sagēne
4	Sit, onv	Hê				va						khe		hōna
5	Sit, volt	Hê				va						va		hōna
6a	Sit, toek	Hê				va						va		hōna
b		Hê				va		ga	se			ve		hōna
7	Rel, onv		SIEN OPMERKING 3											
8	Rel, volt		Vana (va)			va			khe	a		va	ho	hōna
9a	Rel, toek		Myana (yô)			a		ga	se			ve	ho	hōna
b			Myana (yô)			a			khe	ga		ve	ho	hōna
10	Subj	hore				a			khe			ve		hōna
11	Kons					a			khe			ve		hōna
12	Habit		SIEN OPMERKING 4											
13	Inf						Ho		khe			ve		hōna
14a	Imp (enk)					O			khe			ve		hōna!
b	Imp (mv)					Le			khe			ve	ne	hōna!

DINAMIESE VORM - Sien "Opmerkings"

- 15a Ind, onv Geen ooreenstemmende negatief is gevind nie
- b ha a na/nô voϥhale
- 16 Sit, onv (hê) a khe na voϥhale
- 17a Rel, onv Mofhaga wô o khe vee/veho le vohale
- b Moϥho wa ho šaa voϥhale

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die beeste is nie in die kraal nie.
- 2 Die beete was nie in die kraal nie.
- 3 Die beeste sal nie in die kraal wees nie.
- 4 As hulle nie teenwoordig is nie ...
- 5 As hulle nie teenwoordig was nie ...
- 6a,b As hulle nie teenwoordig sal wees nie ...
- 7 Sien "Opmerking 3".
- 8 Die kinders wat nie teenwoordig was nie.
- 9a,b Die kind wat nie teenwoordig sal wees nie.
- 10 ... sodat hy nie teenwoordig kan wees nie.
- 11 ... en toe is hy nie teenwoordig nie.
- 12 ... dan is hy gewoonlik nie teenwoordig nie.
- 13 Om nie teenwoordig te wees nie.
- 14a Moenie teenwoordig wees nie (jy)!
- b Moenie teenwoordig wees nie (julle)!
- 15b Hy word nie slim nie.
- 16 ... as hy nie slim word nie.
- 17a Die mes wat nie skerp word nie.
- b 'n Mens wat nie slim word nie.

Opmerkings

- 1. Die kopula van die indikatief voltooid stem ooreen met dié van die identifiserende kopulatiewe. Vergelyk tabel 2.

2. Soos in die geval van positiewe beskrywende kopulatiewe in die situatief voltooid, word die negatiewe teenhanger, in gevalle waar die betekenis van die komplement dit toelaat, deur assosiërende kopulatiewe uitgedruk.
3. Geen kopulatiewe vorm is teëgekome nie. Informante verkies 'n possessiewe infinitiewe konstruksie. Vergelyk **Mofhaga wa ho šaa vohale** 'n Mes wat nie skerp is nie' waarin die werkwoordstam **-šaa** 'makeer' voorkom. Die voorbeeld kan letterlik vertaal word met 'n Mes wat aan skerpte ontbreek'.
4. Geen voorbeelde in die habituele modus is aangetref nie.
5. Soos in die geval van positiewe dinamiese beskrywende kopulatiewe, word negatiewe dinamiese beskrywende kopulatiewe ook deur assosiërende kopulatiewe uitgedruk. Vergelyk voorbeelde 15a tot 17b.

TABEL 9 BESKRYWEND POSITIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA				KOMPLEMENT
				Veranderlike o/e	Persistiewe defisiernte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief	Hê	Vanna	va	khê	ê	hōna...	
2	Situatief		Vanna (va)	a	khê	ê	hōna...	
3	Relatief		Vanna (va)	va	kha	ve	ho kholêhōne...	

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die mans is nog teenwoordig.
- 2 As hy nog teenwoordig is ...
- 3 Die mans wat nog in die tronk is ...

Opmerkings

1. Vergelyk "Opmerkings" by tabel 3.

TABEL 10 BESKRYWEND NEGATIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA						KOMPLEMENT
				Negatiefmorfeem	Veranderlike o/s	Negatiefmorfeem	Persistiewe defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffike	
1	Indikatief		Vanna	ha	va		khê	ê		hō
2	Situatief	Hê			a	khe	khê	ê		hō...
3	Relatief		Vanna (va)		va	khe	kha	ve	ho	kholêhōne...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die mans is nie meer teenwoordig nie.
- 2 As hy nie meer teenwoordig is nie ...
- 3 Die mans wat nie meer in die tronk is nie ...

Opmerkings

1. In die geheel gesien, stem die vorm van die kopula in 1 - 3 baie ooreen met dié van die identifiserende kopula soos opgeneem in tabel 4. Die opvallendste verskil is dat onveranderlike onderwerpskakels gebruik word in die geval van die identifiserende kopulatiewe en veranderlike onderwerpskakels in die geval van beskrywende kopulatiewe voorkom.

TABEL 11 BESKRYWEND POSITIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA				KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Potensiale defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief			Re	ga	va		ga nǃǃone
2	Situatief	Hǃ		va	ga	va		nǃǃone...
3	Relatief		Yǃ	a	ga	va	ho	hǃna...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Ons mag/kan in die hut wees.
- 2 As hulle in die hut mag/kan wees ...
- 3 Hy wat teenwoordig mag/kan wees ...

Opmerkings

1. Die kopulatiewe in tabel 11 stem baie ooreen met hulle standaard Noord-Sotho eweknieë.

TABEL 12 BESKRYWEND NEGATIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA					KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Potensiale defisiente hulpww vorm	Negatiefmorfem	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief			Re	ga	se	vê		ga nǃǃone
2	Situatief	Hê		va	ga	se	vê		nǃǃone...
3	Relatief		Yó	a	ga	se	vê	ho	hǃǃna...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Ons mag nie/sal nie in die hut wees nie.
- 2 As hulle nie in die huis mag/kan wees nie ...
- 3 Hy wat nie teenwoordig mag/sal wees nie ...

Opmerkings

- 1. Die kopulatiewe in tabel 12 is eweneens, netsoos hulle positiewe teenhangers in tabel 11, feitlik identies aan die standaard Noord-Sotho eweknieë.

9.5 Assosiërende kopulatiewe

In assosiërende kopulatiewe word die onderwerp en die komplement met mekaar geassosieer. Louwrens (1991:70) toon aan dat die assosiasie tussen die onderwerp en die komplement een van vervreembare of onvervreembare besit kan wees. In eersgenoemde geval benoem die komplement iets wat deur die onderwerp besit word. Vergelyk byvoorbeeld SNS. **Malome o na le dikgomo** 'Oom het beeste'. In die geval van onvervreembare besit, is die besitting, waarna die komplement verwys, van so 'n aard dat dit nie van die besitter, dit wil sê die onderwerp, weggeneem kan word nie, en kan die onderwerp ook nie self daarvan ontslae raak nie. Vergelyk SNS. **Pholo e na le maatla** 'n Os is sterk' (letterlik 'n Os besit krag'). Die identifiserende kopulatiewe van Lobedu kan soos volg in tabelvorm ontleed word:

TABEL 13 ASSOSIËREND POSITIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA							KOMPLEMENT	
				Veranderlike o/s	Veranderlike o/s kons	Infinitiese kiasprefiks	Toekomende defisiënte hulpww vorm	Situatiewe morfeem	Potensieë defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam		Relatiewe suffiks
1	Ind, onv			Ge						nô		ô dikhômo
2	Ind, volt		Mosadi	o						vilê		le myana
3	Ind, toek			Re			qô			va		le vaêne
4	Sit, onv	Hê		ge						nô		ô wêna
5	Sit, volt	Hê		ge						vilê		le tšhêlêqê
6	Sit, toek	Hê		re				ga		va		le tšhêlêqê
7	Rel, onv		Mosadi (yô)	a						ve	ho	le tšhêlêqê
8	Rel, volt		Tshadi (yé)	e						vilê	ho	le bôô
9	Rel, toek		Yô	a			qô			va	ho	le vólêna
10	Subj	hore		va						vê		le nama
11	Kons				ya					va		le zvwetshwiana
12	Habit	SIEN OPMERKING 1										
13	Inf					Ho				va		le tšhêlêqê
14a	Imp (enk)			O						vê		le maaqa!
b	Imp (mv)			Le						vê	ne	le maaqa!
DINAMIESE VORM												
15	Ind, onv		Vyalwa	vo						va		le lephilô
16	Sit, onv	Hê	mosadi	a			khe			va		le myana
17	Rel, onv		Kheêbé (khê)	khe						ve	ho	le mofhênye

Vertaling van voorbeelde

- 1 Ek het beeste
- 2 Die vrou het 'n kind gehad
- 3 Ons sal besoekers hê
- 4 As ek jou het ...
- 5 As ek geld gehad het ...
- 6 As ons geld mag hê ...
- 7 Die vrou wat geld het.
- 8 Die koei wat by die bul was.
- 9 Die een wat julle sal hê.
- 10 ... sodat hulle vleis kan hê.
- 11 ... en dan kry hulle kuikentjies.
- 12 Sien "Opmerking 1".
- 13 Om geld te hê.
- 14a Wees sterk (jy)!
- b Wees sterk (julle)!
- 15 Die bier kry skuim.
- 16 As die vrou 'n kind kry.
- 17 Die byl wat 'n steel kry.

Opmerkings

1. Geen voorbeelde in die habituele modus is aangetref nie.
2. Die gebruik van '-nôô' in die indikatiewe en situatiewe modi is opvallend. Die ontstaan van hierdie saamgetrokke vorm kan waarskynlik die beste verklaar word met verwysing na -na + a van Hananwa. Kotzé (1993:19) verduidelik hoe

-na + a ontstaan deurdat die assosiatiewe bindpartikel ***le** eers die **l** inboet, waarna die oorblywende **e** met die **a** van die (assosiatiewe) werkwoordstam **-na** assimileer. Volgens Kotzé (1993:19) se verduideliking, bestaan die **a** in Hananwa se **-na** uit twee morae waarvan die eerste mora die **a** verteenwoordig wat die vokaal van die werkwoordstam is, en die tweede mora die assosiatiewe bindpartikel. Die ontstaan van Lobedu se **-nô** is waarskynlik ook die resultaat van vokaalsamesmelting, hoewel die presiese aard en verloop van dié proses nie met sekerheid gerekonstrueer kan word nie. Soos vantevore verduidelik is in 6.4.1.2, word die assosiatiewe bindpartikel wat bloot as lengte en 'n tweede toonmora waarneembaar is, vir die doeleindes van strukturele ontleding vergestalt deur dit as **ô** vas aan **-nô** te skryf, dit wil sê **-nôô**.

3. In voorbeeld 6 word die potensiële defisiënte hulpwerkwoordvorm **-ga-** in plaas van die toekomstige defisiënte hulpwerkwoordvorm **-dô-** gebruik.
4. Die werkwoordstam **-ve** word ook in die geval van assosierende kopulatiewe in die relatief onvoltooid gebruik. Vergelyk voorbeelde 7 en 17. Hierdie stam is ook in die geval van identifiserende en beskrywende kopulatiewe in die relatief onvoltooid opgemerk. Dit is nie moontlik om in hierdie stadium te verklaar waarom die uitgang **-e** in plaas van **-a** in hierdie werkwoordstam gebruik word nie, maar verdere vergelykende dialeknavorsing behoort 'n verklaring hiervoor op te lewer.

TABEL 14 ASSOSIËREND NEGATIEF

	MODUS	VOEGW	ONDERWERP	KOPULA										KOMPLEMENT			
				Negatiefmorfeem	Veranderlike o/s	Veranderlike o/s kons	Negatiefmorfeem	Infinitiese klasprefiks	Potensiale defisiënte hulpww vorm	Negatiefmorfeem	Hulpwerkwoordstam	Veranderlike o/s kons	Werkwoordstam		Relatiewe suffiks	Meervoudsuffiks	
1a	Ind, onv			Ha	re												dikhōmo
b				Khe													dikhōmo
2a	Ind, volt		Mosadi	ha	a												le myana
b			Khōmo	ha	e	ya											le khenamane
3	Ind, toek				Re												le vaāne
4	Sit, onv	Hē	mosadi		a			ga	se								vogwa
5	Sit, volt	Hē	tshadi		e				khe	ya							le bōō
6	Sit, toek	Hē			re			ga	se								le tšhélédé
7	Rel, onv		Monna (yó)		a				khe				vé	ho			le tšhélédé
8	Rel, volt		Tshadi (yé)		e					khe	ya		va	ho			le bōō
9	Rel, toek		Yó		a			ga	se				vé	ho			le vólēna
10	Subj	hore			a				khe				vé				le lekhuḑha
11	Kons					ya			khe				vé				le zvwetshwiana
12	Habit		SIEN OPMERKING 1														
13	Inf						Ho		khe				vé				le tšhélédé
14a	Imp (enk)				O				khe				vé				le vogwa!
b	Imp (mv)				Le				khe				vé	ne			le vogwa!
DINAMIESE VORM																	
15	Ind, onv		Vyalwa	ha	vo								ve				le lephilo
16	Sit, onv	Hē	mosadi	a					khe	a			ve				le vana
17	Rel, onv		Monna (yó)	a					khe				ve	ho			le maaqa

Vertaling van voorbeelde

- 1a Ons het nie beeste nie.
- b Ek het nie beeste nie.
- 2a Die vrou het nie 'n kind gehad nie.
- b Die bees het nie 'n kalf gehad nie.
- 3 Ons sal nie besoekers hē nie.
- 4 As die vrou nie lui is nie ...
- 5 As die koei nie 'n bul gehad het nie ...
- 6 As ons nie geld sal hē nie ...
- 7 Die man wat nie geld het nie
- 8 Die koei wat nie 'n bul gehad het nie.
- 9 Hy wat nie saam met julle sal wees nie.
- 10 ... sodat hy nie jaloers word nie.
- 11 ... en dan kry dit nie kuikens nie.
- 12 Sien "Opmerking 1".
- 13 Om nie geld te hē nie.
- 14a Moenie lui wees nie (jy)!
- b Moenie lui wees nie (julle)!
- 15 Die bier kry nie skuim nie.
- 16 As die vrou nie kinders kry nie ...
- 17 Die man wat nie sterk word nie.

Opmerkings

1. Geen voorbeelde in die habituele modus is aangetref nie.
2. Die veranderlike onderwerpskakel khe- (kyk voorbeeld 1b) van die eerste persoon enkelvoud het ook in 7.2.1 ter sprake gekom. Dit realiseer alleenlik in die indikatief voltooid/onvoltooid, negatief.

TABEL 15 ASSOSIËREND POSITIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA				KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Persistiewe defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief	Hê	Vodiva	vo	khê	ê		le maadzi
2	Situatief		khômo	e	khê	ê		le khenamane...
3	Relatief		Khômo (yê)	e	kha	ve	ho	le khenamane...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die fontein het nog water.
- 2 As die bees nog 'n kalf het ...
- 3 Die bees wat nog 'n kalf het ...

Opmerkings

1. L. **-khêê** in voorbeelde 1 en 2 het waarskynlik, soos in die geval van **-khêê** wat in identifiserende en beskrywende kopulatiewe aangetref is, ontstaan deur samesmelting van 'n kopulatiewe werkwoordstam en die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm. In hierdie geval is die veronderstelde kopulatiewe werkwoordstam egter ***-na**. Dit is weer eens moeilik om te verklaar hoe die sametrekking van die persistiewe **-kha-** en die kopulatiewe hulpwerkwoordstam ***-na** tot **-khêê** aanleiding kon gee. Ander historiese faktore wat op hierdie tydstop nie bekend is nie, was moontlik by die ontwikkeling van **-khêê** betrokke. 'n Vergelykende dialektstudie mag moontlik meer lig op die aangeleentheid werp.

TABEL 16 ASSOSIËREND NEGATIEF: PERSISTIEF

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA						KOMPLEMENT
				Negatiefmorfeem	Veranderlike o/s	Negatiefmorfeem	Persistiewe defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief	Hé	Vodiva	ha	vo	khe	khé	é		le maadzi
2	Situatief		khómo	e	e	khe	khé	é		le khenamane...
3	Relatief		Khómo (yé)	e	e	khe	kha	ve	ho	le khenamane...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Die fontein het nie meer water nie.
- 2 As die bees nie meer 'n kalf het het nie ...
- 3 Die bees wat nie meer 'n kalf het nie ...

Opmerkings

1. Sien "Opmerkings" onder tabel 15 rakende die veronderstelde oorsprong van
L. **-khéé** in voorbeelde 1 en 2 hierbo.

TABEL 17 ASSOSIËREND POSITIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA				KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Potensieële defisiënte hulpww vorm	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief			O	ga	va		le volwêde...
2	Situatief	Hê		va	ga	va		le vogwa...
3	Relatief		Yô	a	ga	va	ho	le vogwa...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Jy mag/kan siek wees.
- 2 As hulle lui mag/kan wees ...
- 3 Hy wat lui mag/kan wees ...

Opmerkings

- 1. Die kopulatiewe in tabel 17 stem baie ooreen met hulle standaard Noord-Sotho eweknieë.

TABEL 18 ASSOSIËREND NEGATIEF: POTENSIALIS

	MODUS	VOEGWOORD	ONDERWERP	KOPULA					KOMPLEMENT
				Veranderlike o/s	Potensiele defisjente hulpww vorm	Negatiefmorfeem	Werkwoordstam	Relatiewe suffiks	
1	Indikatief			O	ga	se	vê		le volwêde
2	Situatief	Hê		va	ga	se	vê		le vogwa...
3	Relatief		Yô	a	ga	se	vê	ho	le vogwa...

Vertaling van voorbeelde

- 1 Jy sal/kan nie siek wees nie.
- 2 As hulle nie lui sal/mag wees nie ...
- 3 Hy wat nie lui sal/mag wees nie ...

Opmerkings

1. Soos hulle positiewe eweknieë, stem die kopulatiewe in tabel 18 baie ooreen met hulle standaard Noord-Sotho teenhangers.

9.6 Samevatting

Die opvallendste strukturele verskille tussen die kopulatiewe struktuur in standaard Noord-Sotho en Lobedu, soos weerspieël in tabelle 1 tot 18, kan soos volg saamgevat word:

9.6.1 Identifiserende kopulatiewe

- (a) Voor klas 7 naamwoorde, dit wil sê naamwoorde wat in Lobedu die prefiks **khe-** neem, realiseer die identifiserende kopulatiewe partikel as **n-** in die indikatief onvoltooide tyd positief.

SNS. Nkwê ke sebata

L. Ngwê nkhevaḁa

'Die luiperd is 'n roofdier'

- (b) In die ontkenning van die situatiewe voltooide tyd word 'n hulpwerkwoordkonstruksie in die Lobedu strukture gebruik wat bestaan uit die negatiewe hulpwerkwoord **e khe eso**, gevolg deur 'n komplementêre werkwoord. In die eerste Lobedu voorbeeld hieronder is die komplementêre werkwoord **e vé** in die subjunktiewe modus, en in die tweede voorbeeld is die werkwoord **ya va** in die konsekutiewe modus. Standaard Noord-Sotho se ontkenning bestaan uit 'n monoverbale werkwoord, naamlik **e sa ba**.

SNS. Gê lesôgana e sa ba monna

L. Hê moḥhanga e khe eso e vé monna

Hê moḥhanga e khe eso ya va monna

'As die jongman nie 'n man was nie'

- (c) In die relatief is Lobedu nie sensitief vir die vormlike onderskeid tussen statiewe en dinamiese kopulatiewe nie. Die kopulatiewe werkwoordstam **-ve** word dus gebruik om 'n statiewe verhouding uit te druk. Verder neem die werkwoordstam die uitgang **-e** in plaas van **-a** in die onvoltooide tyd positief.

SNS. Dikgômo tšê e lego ditshadi
L. Dikhômo džê e veho ditshadi
'Die beeste wat koeie is'

- (d) Lobedu is in die konsekutief minder sensitief vir die vormlike markering van die identifiserende kopula deur middel van die onveranderlike onderwerpskakel. In dié modus kom die kopula óf met 'n onveranderlike óf met 'n veranderlike onderwerpskakel voor.

(i) SNS. Lesôgana ya ba ngaka
L. Moṭhanga ya/a va ngaga
'Toe word die jongman 'n dokter'

In die negatief van die indikatief voltooide tyd en die subjunktief negatief is daar ook kopulas wat die veranderlike onderwerpskakel neem. Vergelyk onderskeidelik (ii) en (iii) in hierdie verband:

(ii) SNS. Masôgana ga se ya ba mahôdu
L. Vathanga ha va a va mafôdu
'Die jongmans was nie skurke nie'

(iii) SNS. ... bogôbê e se bê pôtsa
L. ... vooswa vo khe vê vôba
'... dat die pap nie halfgaar pap word nie'

- (e) Die dinamiese vorm van die identifiserende kopula in die situatief word in Lobedu gekenmerk deur die situatiewe morfeem **-khe-** wat 'n unieke kenmerk van dié dialek is.

SNS. Gê lesôgana e eba ngaka
L. Hê moṭhanga e khe va ngaga
'As die jongman 'n dokter word'

- (f) Die negatiefmorfeem, dit wil sê die Lobedu ekwivalent van SNS. **-sa-**, kom as **-khe-** voor in plaas van **-kha-**. Die kopulatiewe werkwoordstam neem in Lobedu die uitgang **-e** in die voltooide tyd in plaas van **-a** soos in standaard Noord-Sotho.

SNS. Monna yô e sa bago tona

L. Monna yô e khe veho nđona

'Die man wat nie 'n hoofman geword het nie'

- (g) In Lobedu bestaan daar nie 'n eie ontkenningvorm vir die imperatief nie. Die subjunktiewe ontkenning word ook vir imperatiewe aangewend. Vergelyk die aan-/afwesigheid van die onderwerpskakel in die ondergenoemde voorbeelde.

SNS. Se bê lehôdu!

L. O khe vê lefôdu!

Le khe vêne mafôdu!

'Moenie 'n skurk wees nie!'

'Moenie skurke wees nie!'

- (h) In die persistiewe vorm van die identifiserende kopula (indikatief en situatief) word L. **-khêê** gebruik in plaas van SNS. **-sa le**. Daar word aangeneem dat L. **-khêê** uit ***-kha-** + **-le** ontwikkel het, maar 'n gesaghebbende uitspraak hieroor sal eers gemaak kan word wanneer verdere gegewens uit verwante dialekte beskikbaar word. Soos in die geval van **-nôô** (sien 6.4.1.2) word die tweede **ê** in **-khêê** beskou as 'n taalelement wat slegs op suprasegmentele vlak in die vorm van lengte en 'n stygende toonkontras waargeneem word. Met die oog op strukturele ontleding is die **-khê** in **-khêê** beskou as die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm en **ê** as die kopulatiewe werkwoordstam. Vergelyk

(i) SNS. Monna e sa le tona

L. Monna e khêê nđona

'Die man is nog steeds 'n hoofman'

Vergelyk ook die situatief:

- (ii) SNS. Gê e sa le ngwana yô monyane
L. Hê e khêê myana yô mothokho
'As dit nog 'n klein kindjie is'

Dieselfde gebeur by die beskrywende kopula, behalwe dat die beskrywende kopula 'n veranderlike in plaas van 'n onveranderlike onderwerpskakeel neem.

- (i) Dieselfde sametrekking wat ten opsigte van (h) hierbo bespreek is, kom in die ontkenning van die persistiewe identifiserende kopula voor.

- SNS. Monna ga e sa le tona
L. Monna ha e khêê ndona
'Die man is nie meer 'n hoofman nie'

9.6.2 Beskrywende kopulatiewe

- (a) In Lobedu realiseer die kopulatiewe werkwoordstam in die situatiewe onvoltooide tyd positief as -e.

- (i) SNS. Gê e le marega
L. Hê e e mariha
'As dit winter is'

Wanneer 'n veranderlike onderwerpskakeel voor die kopulatiewe werkwoordstam -e optree, neem die werkwoordstam 'n stabiliseerder e, byvoorbeeld:

- (ii) SNS. Gê ba le gôna
L. Hê va ee hôna
'As hulle teenwoordig is'

- (b) In die relatief vertoon die beskrywende kopula in Lobedu dieselfde uitsonderlike

vormkenmerke as wat ten opsigte van 9.6.1(b) hierbo vir die identifiserende kopula uitgewys is.

SNS. Banna ba ba lego gôna

L. Vanna va va veho hôna

'Die mans wat teenwoordig is'

- (c) In die voltooide tyd van die situatief verkies informante om die beskrywende kopula met 'n assosiërende kopula te vervang as die betekenis van die komplement dit toelaat:

SNS. Gê monna a bilê bohlale

L. Hê monna a nôô vo̩hale, maar ook

Hê monna a vilê vo̩hale

'As die man slim was'

- (d) In Lobedu word dinamiese beskrywende kopulatiewe (positief sowel as negatief) deurgaans deur middel van assosiërende kopulatiewe uitgedruk. Anders as in statiewe kopulatiewe (sien 9.6.2(c) hierbo), is daar, in die geval van dinamiese kopulatiewe, geen semantiese beperkings op die gebruikmaking van assosiërende kopulatiewe nie:

(i) Indikatief

SNS. Monna o va bohlale

L. Monna o va le vo̩hale

Monna o nôô vo̩hale

'Die man word slim'

(ii) Situatief

SNS. Gê monna a eba bohlale

L. Hê monna a nôô vo̩hale

'As die man slim word'

(iii) Relatief, positief

SNS. Monna yô a bago bohlale

L. Monna yô a vee le voṭhale

'Die man wat slim word'

(iv) Relatief, negatief

SNS. Monna yô a sa bego bohlale

L. Monna yô a khe vee/veho le voṭhale

'Die man wat nie slim word nie'

Die werkwoordstam **-vee** wat in 9.6.2(d)(iii) en 9.6.2(d)(iv) hierbo voorkom, is in die relatiewe modus, hoewel dit nie die relatiewe uitgang bevat nie. Die vermoede bestaan dat die tweede **e** in **-vee** in hierdie voorbeelde die plek van die relatiewe uitgang ingeneem het. Die wisseling tussen **-vee** en **-veho** in die negatief - vergelyk 9.6.2(d)(iv) - ondersteun hierdie vermoede.

- (e) Die Lobedu ekwivalent van standaard Noord-Sotho se persistief **-sa-** kom as **-kha-** voor. In die positief van die persistiewe teenwoordige tyd word die werkwoordstam **-ve** in Lobedu gebruik in plaas van 'n statiewe stam soos SNS. **-le**.

- (i) SNS. Banna ba ba sa lego kgoḷêgông
L. Vanna va va kha veho kholêhông
'Die mans wat nog in die tronk is'

Vergelyk die negatief van bogenoemde:

- (ii) SNS. Banna ba ba se sa lego kgoḷêgông
L. Vanna va va khe kha veho kholêhông
'Die mans wat nie meer in die tronk is nie'

Lobedu se negatiefmorfeem **-khe-** korreleer met SNS. **-se-**, en die persistiewe **-kha-** met SNS. **-sa-**. Waar standaard Noord-Sotho die statiewe werkwoordstam **-le** gebruik, gebruik Lobedu die stam **-ve**, ten spyte daarvan dat die kopulatief 'n statiewe betekenis het.

9.6.3 Assosiërende kopulatiewe

- (a) In die bevestigende vorm van die indikatief se teenwoordige tyd is die kopulatiewe werkwoordstam en die assosiatiewe bindpartikel in Lobedu moeilik van mekaar te onderskei, waarskynlik omdat dié twee elemente saamgesmelt het. Dit is nie duidelik hoe die middellae agtervokaal wat in dié struktuur voorkom sy ontstaan gehad het nie. Ander vorme van assosiërende kopula (kyk verskillende tabelle) dui daarop dat daar in Lobedu wel 'n kopulatiewe werkwoordstam **-na** voorkom, en ook dat daar 'n assosiatiewe bindpartikel **le** in dié dialek aanwesig is. Daar kan moeilik argumente aangevoer word wat sal verklaar hoe die samesmelting van **-na** en **le** 'n middellae agtervokaal as neweproduk tot gevolg kan hê. Dit is egter duidelik dat Lobedu **-nôô** die ekwivalent van SNS. **-na le** is. 'n Vergelykende dialekstudie mag moontlik meer lig werp op die oorsprong van **-nôô**. (Kyk ook 9.6.3(d) verderaan).

SNS. Ke na le dikgômo

L. Ge nôô dikhômo

'Ek het beeste'

- (b) Ook in die assosiërende kopula gebruik Lobedu die werkwoordstam **-ve** in die relatief, terwyl daar in standaard Noord-Sotho 'n statiewe teenhanger **-le** voorkom. Die uitgang **-e** (vergelyk **-ve**) in die bevestigende vorm van die onvoltooide tyd is uitsonderlik.

SNS. Mosadi yô a nago le tshêlêtê

L. Mosadi yô a veho le tshêlêdê

'Die vrou wat geld het'

- (c) In die onvoltooide tyd van die situatief positief, tree die situatiewe morfeem **-khe-** in die Lobedu struktuur op. Dié morfeem het nie 'n vergelykbare teenhanger in standaard Noord-Sotho nie.

SNS. Gê mosadi a ba le ngwana

L. Hê mosadi a khe va le myana

'As die vrou 'n kind kry'

- (d) In die negatief van die assosiatiewe struktuur met **-nôô** wat in 9.6.3(a) hierbo bespreek is, tree die kopulatiewe werkwoordstam **-na** na vore. Dit versterk die vermoede dat **-nôô** op een of ander wyse uit **-na** moes ontwikkel het:

SNS. Ba na le dikgômo/Ga ba na dikgômo

L. Va nôô dikhômo/Ha va na dikhômo

'Hulle het beeste'/'Hulle het nie beeste nie'

- (e) In die ontkenning van die situatiewe onvoltooide tyd maak Lobedu van 'n hulpwerkwoordkonstruksie gebruik wat bestaan uit die hulpwerkwoord **a khe** en 'n komplementêre werkwoord **a ve**. Standaard Noord-Sotho se ontkenning is 'n monoverbale vorm, naamlik **a sa be**.

SNS. Gê mosadi a sa be le bana

L. Hê mosadi a khe a ve le vana

'As die vrou nie kinders kry nie'

- (f) L. **-khêê** het waarskynlik ontstaan deur samesmelting van die kopulatiewe werkwoordstam ***-na** en die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm. Dit is moeilik om te verklaar hoe die sametrekking van die persistiewe **-kha-** en die kopulatiewe hulpwerkwoordstam ***-na** tot **-khêê** aanleiding kon gee. Ander historiese faktore wat op hierdie tydstip nie bekend is nie, was moontlik by die ontwikkeling van **-khêê** betrokke. Dieselfde verskynsel doen hom in die situatief voor:

- (i) SNS. Bodiba bo sa na le mêêtse
L. Vodiva vo khêê le maadzi
'Die fontein het nog water'
- (ii) SNS. Gê kgômo e sa na le namane
L. Hê khômo e khêê le khenamane
'As die bees nog 'n kalf het'

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING

10.1 Inleiding

In hierdie proefskrif is gepoog om 'n linguistiese beskrywing van tipiese Lobedu taalverskynsels aan te bied, sodat Lobedu se posisie binne die groep dialekte wat as 'Noord-Sotho' bekend staan, mettertyd met groter gesag bepaal kan word. Aangesien genoegsame gegewens van ander Noord-Sotho dialekte nie tans beskikbaar is nie, word 'n finale uitspraak in hierdie verband voorbehou. Een van die behoeftes wat voortgespruit het uit 1.7.1 was om te bepaal of Lobedu wel soveel kenmerke met ander dialekte van die Noordoostelike dialekbundel deel dat dit sinvol is om Lobedu as 'n dialek van daardie bundel te beskou. Van Wyk (1969b) se indeling is gebaseer op enkele artikels oor Lobedu, asook die M.A. verhandeling van Ferreira (1948). 'n Omvattende studie soos hierdie behoort meer finaliteit oor die klassifikasie-aangeleentheid te bring.

'n Historiese oorsig van die herkoms van die Balobedu toon aan dat hulle voorgeskiedenis baie sterk veranker lê in dié van Venda. Ander bronne suggereer selfs bande met die Shona en met die Nyakyuse-Ngonde van Tanzanië en Malawi.

In 'n bondige linguistiese oorsig van die dialeksituasie binne die Noordoostelike dialekgroep is aangetoon dat Lobedu, soos ander dialekte binne hierdie groep, 'n aantal a-tipiese Sotho kenmerke vertoon. Lobedu toon heelwat ooreenkomste met Phalaborwa wat as die hoof verteenwoordiger van Noordoos-Sotho beskou word.

10.2 Belangrikste fonologiese kenmerke

Die klanksisteem van Lobedu wyk in verskeie opsigte van standaard Noord-Sotho s'n af. Verskille met betrekking tot die sinchroniese fonologie, klankveranderinge, en ook die tonologie is beklemtoon.

10.2.1 Fonologiese sisteem

10.2.1.1 Vokale

Die vokale van Lobedu is akoesties ondersoek en op formantkaarte volgens die uitspraak van drie manlike informante op die Melskaal geposisioneer. Op grond van die beskikbare data is die volgende afleidings gemaak:

- (a) Die voorvokale [i], [e], [ɛ] en [ɛ̄], asook die agtervokale [u], [o], [ɔ] en [ɔ̄] lê besonder na aan mekaar, maar oorvleuel nie. Dit bevestig Van Wyk (1969b:177) se uitspraak dat die middelhoë vokale van Noordoos-Sotho hoër is as in tipiese Sotho. Hierdie is slegs 'n indruk, aangesien 'n objektiewe, wetenskaplike maatstaf, soos wat deur die akoestiese fonetiek daargestel word, nie ten opsigte van die standaard vokale beskikbaar is nie. Die konsentrasie van bogenoemde vokale is aanduidend van 'n vyfvokaalsisteem, maar aangesien die hoë en (hoë) middelhoë vokale in minimale pare kontrasteer, kan met sekerheid verklaar word dat Lobedu 'n sewevokaalsisteem het. Hierdie uitspraak bevestig dié van Van Wyk (1969b:177).
- (b) [ɛ̄] is hoër op die vokaalkaart geplaas as [i], terwyl [ɛ̄] sodanig vernou is dat dit op dieselfde hoogte as [e] aangetref word. [ɛ̄] is egter minder voor as [i], terwyl dieselfde waarskynlik waar is ten opsigte van [ɛ] en [e]. Op grond van onvoldoende data kan 'n finale uitspraak rakende [ɛ̄] en [e] nie gemaak word nie.
- (c) Die gegewens van twee informante het bewys dat Lobedu se vokaalsisteem, sover dit die verspreiding van die vokale aangaan, in die rigting van 'n vyfvokaalsisteem neig, terwyl dié van 'n ander meer elemente van 'n sewevokaalsisteem bevat. Aangesien laasgenoemde informant oor 'n formele onderwyskwalifikasie beskik, is tot die slotsom gekom dat sy taalgebruik waarskynlik deur standaard Noord-Sotho beïnvloed is. Hierdie informant se gegewens suggereer dat Lobedu in die toekoms in die rigting van 'n sewevokaalsisteem mag neig, omdat formele onderwys 'n beduidende invloed op die taalgebruik van skoolgaande kinders het.

- (d) Die teenhangers van middelhoë vokale in standaard Noord-Sotho is hoë vokale in sommige Lobedu woorde, terwyl middelhoë vokale in ander woorde as middellae vokale aangetref word. Hierdie feit, tesame met die kwessie van die vyf- versus sewevokaalsisteem, skep die indruk dat die vokale van Lobedu stelselmatig geherinterpreteer word. Alleen die tyd sal bepaal wat die uiteinde hiervan sal wees.

10.2.1.2 Konsonante

Wanneer die konsonante van Lobedu met hulle standaard Noord-Sotho teenhangers vergelyk word, val die volgende op:

- (a) Standaard Noord-Sotho se geëjekteerde sluitklanke word oorwegend stemhebbend uitgespreek in Lobedu.
- (b) Standaard Noord-Sotho se laterale sluitklanke het dentale teenhangers in Lobedu.
- (c) Standaard Noord-Sotho se labio-prepalatale konsonante word in Lobedu aangetref as gepalataliseerde labiale klanke. Hierdie klanke word gekenmerk deur 'n j-agtige afloop.
- (d) In Lobedu word retroflekse en alveolêre konsonante ook deur die glyer /j/ gepalataliseer. Sodanige klanke kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie.
- (e) Affriksie is enigsins uitsonderlik in standaard Noord-Sotho, terwyl Lobedu se retroflekse plosiewe gekenmerk word deur affriksie by vrylating.
- (f) Afgesien van bogenoemde klankverskille, is daar ook 'n aantal konsonante wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie
- (g) Sekere fonologiese opposisies wat in standaard Noord-Sotho geld, is nie op

Lobedu van toepassing nie. In hierdie verband is die volgende voorbeelde aangehaal:

SNS. /kx ^h / vs. /k ^h /	Beide foneme het L. /k ^h / as teenhanger
SNS. /t/ vs. /t ^h /	Beide foneme het L. /t ^h / as teenhanger
SNS. /fi/ vs. /y/	Beide foneme het L. /fi/ as teenhanger

10.2.2 Klankveranderinge en klankverskynseis

Hoewel verskeie klankveranderinge in standaard Noord-Sotho én Lobedu voorkom, is duidelike verskille in die verloop en resultaat van sekere klankveranderingsprosesse opgemerk. Hierdie verskille verras nie as 'n mens die sinchroniese verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu in ag neem nie. Een van die uitstaande verskille is dat nasaalvorming en velarisasie nie in Lobedu plaasvind nie. Nasaalvorming kom nie in Lobedu voor nie, omdat die foneemkombinasies /mo+β/ en /mo+ϕ/ in Lobedu toelaatbaar is. Alveolarisasie, soos wat dit in standaard Noord-Sotho voorkom, word ook nie in Lobedu aangetref nie.

Die feit dat velarisasie nie in Lobedu voorkom nie, word toegeskryf aan die wyse waarop die klanksisteem van Lobedu opeenvolgende labiale konsonantfoneme hanteer. Twee ander klankveranderinge wat ook weens Lobedu se reaksie op naasmekaargestelde labiale anders verloop as in standaard Noord-Sotho, is alveolarisasie en palatalisasie. Raakpunte tussen hierdie drie klankveranderinge is aangedui, met die fokus spesifiek op labiale konsonante. Dit het geblyk dat die kombinasie /K_{lab}+w/ in standaard Noord-Sotho aanleiding gee tot velarisasie, alveolarisasie en palatalisasie. Alveolarisasie vind weliswaar ook plaas indien /p/ deur 'n voorvokaal gevolg word, maar daar is aangetoon dat die voorvokale omvorm word tot /w/, met die gevolg dat labiale konsonante uiteindelik dieselfde op voor- en agtervokale reageer. In Lobedu verkry labiale konsonante 'n j-agtige uitspraak as gevolg van palatalisasie. Daar is aangetoon dat die klankomgewings wat in standaard Noord-Sotho lei tot alveolarisasie, velarisasie en palatalisasie, dieselfde gevolg het in Lobedu, naamlik */K_{lab}+w/ → /K_{lab}j/, dit wil sê die resultaat is 'n gepalataliseerde labiale klank met 'n j-agtige afloop. Ten einde die verskille tussen Lobedu en standaard

Noord-Sotho te illustreer, word die volgende voorbeelde aangehaal:

SNS. Velarisasie:

$*/m+w/ \rightarrow /ŋw/$ $*/-lomwa/ \rightarrow /-loŋwa/$ 'gebyt word'

L. Palatalisasie:

$*/m+w/ \rightarrow /mj/$ $*/-lomwa/ \rightarrow /-lomja/$ 'gebyt word'

SNS. Alveolarisasie:

$*/p+w/ \rightarrow /tsw/$ $*/setopoana/ \rightarrow /setotswana/$ 'lykie', maar ook
 $\rightarrow /setopjana/$

L. Palatalisasie:

$*/b+w/ \rightarrow /bj/$ $*/k^{h}eqoboana/ \rightarrow /k^{h}eqobjana/$ 'lykie'

SNS. Palatalisasie:

$*/f+w/ \rightarrow /fj/$ $*/-\beta\alpha fwa/ \rightarrow /-\beta\alpha fjja/$ 'gebind word'

L. Palatalisasie:

$*/\phi+w/ \rightarrow /fj/$ $*/-\beta\alpha\phi wa/ \rightarrow /-\beta\alpha\phi jja/$ 'gebind word'

Die palatalisering van labiale foneme in Lobedu verskil dus in twee opsigte van soortgelyke foneme in standaard Noord-Sotho. Eerstens is die klanksisteem van Lobedu eenvormig wat die reaksie op naasmekaargestelde labiale segmente betref, deurdat die resultaat deurgaans palatalisasie is. Tweedens gee palatalisasie in Lobedu aanleiding tot sekondêre artikulasie deurdat die labiale segment 'n j-agtige afloop bekom as gevolg van die invloed van die daaropvolgende glier /j/.

10.2.3 Diachroniese fonologie

Ten einde makliker toegang te verleen tot die materiaal wat in hoofstuk 4 gedek is, is die verhouding tussen Lobedu foneme en Oer-Bantoe foneme opgesom met die Lobedu foneme as fokuspunt.

10.2.4 Tonologie

In hoofstuk 3 is oorsigtelik gekyk na fasette van nominale en verbale toon in Lobedu. Die primêre doel was om 'n idee te vorm van die mate van ooreenkomste en verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu. Daar is op 'n beperkte skaal aandag gegee aan toonreëls.

Hoewel standaard Noord-Sotho en Lobedu in vele opsigte ooreenstem, bestaan daar ook ingrypende verskille. Alleenlik die verskille word hieronder opgesom.

10.2.4.1 Verskille in nominale toon

- (a) Die voorkoms van toonassimilasie by naamwoorde geskied in Lobedu hoofsaaklik soos in standaard Noord-Sotho, met dié verskil dat die -TA-tipe van die [+] groep in Lobedu oënskynlik opgegaan het in die +TA-tipe.
- (b) Die [-] groep Lobedu naamwoorde verskil van hulle eweknieë in standaard Noord-Sotho deurdat voorbeelde wat Lombard (1976) vir standaard Noord-Sotho geïdentifiseer het as behorende tot die latente toon tipe, reageer asof hulle tot die voorspelbare tipe behoort.

10.2.4.2 Verskille in verbale toon

- (a) Lobedu en standaard Noord-Sotho stem grootliks ooreen wat die onderliggende toon van werkwoordstamme betref. Die enigste uitsondering is dat 4-sillabiese stamme in Lobedu in die /+H/-klas die patroon [+++] het, en nie [++-] soos in standaard Noord-Sotho nie.
- (b) Anders as in standaard Noord-Sotho, waar die infinitiewe en konsekutiewe modi tonologies identies is, is daar aansienlike verskille tussen hierdie modi in Lobedu.
- (c) Die [+] patroon van die situatiewe modus kom nie op dieselfde wyse in Lobedu tot stand as in standaard Noord-Sotho nie. In Lobedu is toonkopiëring

in die geval van /-H/-klas stamme verantwoordelik vir die realisering van hierdie patroon. Hierdie verskynsel kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie.

10.3 Belangrikste morfologiese kenmerke

In hierdie afdeling word 'n opsomming van slegs die belangrikste morfologiese verskille tussen standaard Noord-Sotho en Lobedu gegee.

10.3.1 Nie-verbale woorde

10.3.1.1 Klasprefikse

Die volgende klasprefikse wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie, is in Lobedu teëgekrom:

- (a) In klasse 1 en 3 word die allomorf **my-** voor naamwoordwortels wat op **a** of **ê** begin, aangetref.
- (b) Klasse 5 en 11 se prefikse wissel mekaar dikwels af. In standaard Noord-Sotho is alle naamwoorde in klas 11 na klas 5 gekanaliseer. Naamwoorde in klas 11 genereer wel kongruensie in Lobedu, maar die kongruensiemorfeme van klas 5 word verkies.
- (c) Klas 7 se prefiks is **khe-**. Hierdie prefiks het in Lobedu ook die funksie om naamwoorde diminutief af te lei in gevalle waar dit saam met die diminutiewe suffiks **-ana** optree.
- (d) Die klasprefiks **zvwe-**, van klas 8, is radikaal verskillend van dié van standaard Noord-Sotho.
- (e) Vanweë die andersheid van die klanksisteem van Lobedu realiseer die klasprefiks van klas 9 onder sekere omstandighede as 'n retroflekse, en soms as 'n dentale nasaal.

10.3.1.2 Diminutiewe naamwoorde

Diminutievorming is in diepte bespreek aangesien daar 'n verband tussen grade van diminusie en verskillende affigeringstrategieë gevind is. Lobedu toon sekere ooreenkomste met Venda en Tsonga in soverre dit diminutievormingstrategieë aangaan. Sprekers onderskei klaarblyklik tussen vier semantiese kategorieë binne die breë kader van diminutievorming, naamlik:

(a) Kategorie 1

Hieronder tel voorwerpe wat na die spreker se oordeel nie verklein is nie.

(b) Kategorie 2

Voorwerpe wat verklein is, maar nie uitermate verklein is nie. Die diminutiewe agtervoegsels **-ana** of **-nyana** word gebruik.

(c) Kategorie 3

Wanneer 'n voorwerp na die oordeel van die spreker uitermate verklein is word die naamwoord se prefiks met dié van klas 7 of 8 vervang, en **-ana** word gesuffigeer. Wanneer na die kleintjies van diere verwys word, word dieselfde strategie gebruik, maar dan is die bedoeling nie dat die diertjie uitermate verklein is nie. Die begrip 'jonkheid' oorheers in dergelike gevalle.

(d) Kategorie 4

Sommige voorwerpe mag weens 'n semantiese beperking nie aan diminusie onderwerp word nie. Drie beperkings op diminusie is geïdentifiseer:

- (i) Voorwerpe wat so klein is dat diminusie oorbodig is.
- (ii) Naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik +derogatief]. Wanneer **khe-** en **-ana** aan naamwoorde met die kenmerkspesifikasie [+menslik] gevoeg word, verkry sodanige naamwoorde die addisionele kenmerk [+derogatief]. Dit is egter oorbodig om hierdie strategie op

naamwoorde toe te pas wanneer die kenmerk [+derogatief] in die naamwoord se grondbetekenis geleksikaliseer is.

- (iii) In die algemeen bied sprekers weerstand teen die vorming van diminutiewe in die geval van naamwoorde wat na mense verwys. Hierdie beperking word vertolk in die lig van die Balobedu se antroposentriese lewensbeskouing.

10.3.1.3 Adjektiewe naamwoorde

Wanneer monosillabiese adjektiefwortels aan klas 10 naamwoorde geskakel word, vind okklusivering nie plaas soos in standaard Noord-Sotho nie. Die prefiks van klas 10 word ook nie weggelaat uit adjektiewe naamwoorde nie, behalwe wanneer die adjektiefwortel **-bêdi**, **-tharo**, **-ne** of **-thano** is.

10.3.1.4 Kwalifikatiewe naamwoorde

Naamwoordelike relatiewe verskil morfologies van hulle standaard Noord-Sotho teenhangers deurdat 'n possessiewe partikel in Lobedu as kwalifikatiewe partikel funksioneer, in plaas van 'n demonstratief.

10.3.1.5 Lokatiewe naamwoorde

Die lokatiewe suffiks is **-ne** in Lobedu, in plaas van SNS. **-ng**.

10.3.1.6 Augmentatiewe/vroulike naamwoorde

L. **-hadi** dui uitermate grootte, vroulike grootte, asook vroulike geslag aan, terwyl SNS. **-gadi** slegs gebruik word om vroulikheid aan te dui. L. **-hadi** word ook gebruik om na baie ou vroulike diere te verwys.

10.3.1.7 Absolute voornaamwoorde

Benewens die absolute voornaamwoorde wat in standaard Noord-Sotho gebruik word, het Lobedu ook twee alternatiewe stelle wat gebruik word wanneer die absolute voornaamwoord deur 'n demonstratief gevolg word. Demonstratiewe van beide stelle bestaan uit die normale demonstratiewe prefiks, 'n wortel **-a-** en 'n suffiks. Die eerste

alternatiewe stel het **-na** as suffiks, terwyl die tweede stel **-a** as suffiks het. Vergelyk enkele voorbeelde:

	<u>Alternatief 1</u>	<u>Alternatief 2</u>	
Klas 1	yana (yô)	yaa (yô)	'hierdie einste een'
Klas 5	lana (lê)	laa (lê)	'hierdie einste een'
Klas 11	lana (lô)	lwaa (lô)	'hierdie einste een'

10.3.1.8 Demonstratief-kopulatiewe

Twee stelle wat fakultatief varieer, kom in Lobedu voor. Hierdie stelle verskil beide van die demonstratief-kopulatiewe van standaard Noord-Sotho. In beide stelle word 'n wortel gevolg deur 'n konkordiale morfeem wat ooreenstem met die demonstratiewe voornaamwoorde van die verskillende naamwoordklasse. Die eerste stel maak gebruik van die wortels **se-** en **so-**, en die tweede van **ngae-**. Vergelyk:

Klas 1 SNS. monna šo
 L. monna soyô/ngaeyô
 'Hier is die man'

Klas 2 SNS. banna šeba
 L. vanna seva/ngaeva
 'Hier is die mans'

10.3.1.9 Kwantitatiewe voornaamwoorde

In Lobedu word onderskei tussen inklusiewe en eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoorde. Inklusiewe kwantitatiewe word gekenmerk deur die wortel **-ôthê**. Wanneer inklusiewe kwantitatiewe na die eerste en tweede persoon meervoud verwys, word klas 2 se kongruensie morfeme nie gebruik soos in standaard Noord-Sotho nie, maar word prefikse gegenereer wat met die betrokke (grammatiese) persoon ooreenstem, naamlik **r-** en **l-**. In plaas van ***vôthê** (SNS. **bôhlê**) gebruik Lobedu dus **rôthê** 'ons alleen' en **lôthê** 'julle alleen'.

Drie stelle eksklusiewe kwantitatiewe bestaan naas mekaar in Lobedu. Die **-ôsi**-vorm word deur 'n konkordiale prefiks voorafgegaan, terwyl die **nôsi**- en **yêsi**-vorme nie 'n wisselende konkordiale prefiks het nie. Al drie vorme word slegs as kopulatiewe komplemente gebruik. Vergelyk:

SNS. Sebata se tsoma se le nôši

L. Khevaḍa khe dzoma khe e khôsi/nôsi/yêsi

"n Roofdier jag alleen'

10.3.1.10 Radikale voornaamwoorde

Die Lobedu teenhangers van SNS. **-šoro** 'vreemd' en **-tee** 'een' word anders gebruik as in standaard Noord-Sotho. L. **-šoro** word slegs in die geval van die persone as radikale voornaamwoord gebruik, terwyl L. **-thihi** glad nie as 'n radikale voornaamwoord gebruik word nie. **-šoro** word in Lobedu as 'n relatiewe naamwoord gebruik, terwyl **-thihi** in 'n konstruksie voorkom wat bestaan uit 'n partikel **ga** wat met die instrumentale partikel ooreenstem, gevolg deur 'n klasprefiks wat aan **-thihi** gevoeg word.

Slegs **-sele** 'vreemd' en **-fheyo?** 'watter?' word in Lobedu uitsluitlik as radikale voornaamwoorde gebruik. Laasgenoemde is uit Venda ontleen. Vergelyk:

SNS. Monna o šele

L. Khômo e fheyo?

L. Monna o sele

'Watter bees?'

"n Vreemde man'

10.3.1.11 Possessiewe voornaamwoorde

Die possessiewe voornaamwoorde wat na die persone verwys, verskil in sommige gevalle van dié wat in standaard Noord-Sotho bekend is. In die tweede en derde persoon enkelvoud word die voornaamwoord verkort deur weglating van die aanvangsillabe **ga** wat in standaard Noord-Sotho voorkom. Vergelyk:

Tweede persoon enkelvoud:

SNS. Dikgômo tša gago

L. Dikhômo dža ho

'Jou beeste'

10.3.1.12 Partikels

(a) Lokatiewe partikels

Enkele verskille met betrekking tot lokatiewe partikels kom voor. L. **hōfha** 'hier' kom byvoorbeeld nie in standaard Noord-Sotho voor nie. L. **ga** funksioneer as teenhanger van SNS. **go**, maar in teenstelling met SNS. **go** wat nie komplemente met die semantiese kenmerk [+lokatief] neem nie, kan L. **ga** wel saam met sodanige komplemente optree.

(b) Hortatiewe partikels

Benewens SNS. **a** en **ankê** wat as **a** en **angê** in Lobedu voorkom, word **tšha/tšhe** ook in Lobedu aangetref.

(c) Interrogatiewe partikels

L. **ḡae?** 'watter soort/volksverband?' is waarskynlik uit Venda ontleen en kom nie in standaard Noord-Sotho voor nie, terwyl L. **ngê?** 'hoekom ... nie?' die teenganger van SNS. **hlêng?** is.

10.3.2 Predikatiewe woorde

In hierdie samevatting word slegs van die prominentste verskille tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho weergegee.

10.3.2.1 Onderwerpskakels

Die onderwerpskakel van die eerste persoon enkelvoud is **(n)khe** in die indikatiewe modus negatief. Die vorm van hierdie onderwerpskakel word aan kontak met Venda toegeskryf.

Dieselfde onderwerpskakel realiseer ook as L. **n-** ([ŋ-]) wanneer dit gevolg word deur die situatiefmorfeem **-khe-**, die potensiële defisiënte hulpwerkwoordvorm **-ga-**, die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-kha-**, of die negatiefmorfeem **-khe-**.

10.3.2.2 Refleksiefmorfeem

Die refleksiefmorfeme van Lobedu en standaard Noord-Sotho verskil drasties van mekaar. Okklusivering na L. **zvwe-** is nie verpligtend soos na die refleksief in standaard Noord-Sotho nie.

10.3.2.3 Situatiefmorfeem

L. **-khe-**, wat uit Venda ontleen is, het geen teenhanger in standaard Noord-Sotho nie. Die sintaktiese posisie wat **-khe-** inneem, sowel as die omstandighede waaronder dit gebruik word, is verduidelik.

10.3.2.4 Negatiefmorfeme

L. **-khe-** is die teenhanger van SNS. **-se-**, hoewel 'n negatiefmorfeem **-se-** ook in Lobedu voorkom.

10.3.2.5 Defisiënte hulpwerkwoordvorme

(a) Persistief

L. **-kha-** verskil klankvormlik opvallend van SNS. **-sa-** maar dit het dieselfde distribusie en vervul dieselfde funksie.

(b) Negatiewe -sô-/tšhô-

L. **-sô-/tšhô-** word beide in die ontkenning van hortatiewe gebruik, terwyl slegs **-sô-** in die ontkenning van imperatiewe werkwoorde voorkom. Hierdie defisiënte hulpwerkwoordvorme het nie teenhangers in standaard Noord-Sotho nie.

10.3.2.6 Werkwoordekstensies

Die unieke klanksisteem van Lobedu is hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat 'n aantal werkwoordekstensies in Lobedu van hulle standaard Noord-Sotho eweknieë verskil. Voorbeelde hiervan is:

(a) Kousatief

L. -is- SNS. -iš-

(b) Applikatief

L. -édž- SNS. -étš-

(c) Passief

In standaard Noord-Sotho word die passiefekstensie SNS. -iw- normaalweg slegs aan monosillabiese werkwoordwortels gevoeg, terwyl die allomorf -w- in alle ander gevalle aangewend word. Hierdie reël geld nie in Lobedu nie. L. -iw- en die allomorf -y- is fakultatiewe variante in die konteks $K_{lab} + \text{passief}$, terwyl -iw- en -w- fakultatief varieer in alle ander kontekste. Al die genoemde realisasies word aan meersillabiese werkwoordwortels gevoeg.

10.3.2.7 Werkwoorduitgange

(a) Perfektumuitgang

Die meeste verskille tussen Lobedu en standaard Noord-Sotho kan teruggevoer word na verskille in die klanksisteme van dié twee taalvorme. Die $d\acute{e}$ -vorm van die perfektum in Lobedu is egter ongewoon. Hierdie vorm realiseer in meeste gevalle wanneer die perfektumuitgang gesuffigeer word aan werkwoordstamme wat op l eindig. l word dan met d vervang, en die allomorf - \acute{e} verteenwoordig die perfektumuitgang. Diachroniese gegewens dui daarop dat d 'n refleks van 'n gepalataliseerde Oer-Bantoe konsonant l is. Die allomorf - $d\acute{e}$ realiseer dikwels in werkwoordstamme wat op n eindig.

(b) Meervoudsuitgang

SNS. -ng het L. -ne as teenhanger.

10.3.3 Subkategorieë van die werkwoord

Die mees prominente strukturele verskille tussen werkwoorde in standaard Noord-Sotho en Lobedu is:

- (a) Die gebruik van die situatiewe morfeem **-khe-** in die situatiewe modus (onvoltooide en toekomstige tyd, positief) in Lobedu. Hierdie morfeem word nie in standaard Noord-Sotho aangetref nie.
- (b) Die gebruik van die hulpwerkwoordstam **-eso** in een van die alternatiewe ontkennings van die indikatief, voltooid in Lobedu.
- (c) Die weglating van die kwalifikatiewe partikel wanneer die onderwerp in relatiewe werkwoorde 'n voornaamwoord van die eerste, tweede of derde persoon is. Dit geld die positief sowel as die negatief van alle tydvorme.
- (d) Konsekutiewe werkwoorde in Lobedu word ontken deur 'n struktuur wat vormlik identies is aan die subjunktief negatief.
- (e) Subjunktiewe werkwoorde in die hortatief word ontken deur die negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-sô-/tšhō-** wat nie in standaard Noord-Sotho voorkom nie.
- (f) Die imperatief negatief onderskei twee ontkenningsvorme wat beide struktureel verskil van die kort imperatiewe ontkenning van standaard Noord-Sotho. Die eerste variant kom ooreen met die kort ontkenning van die subjunktief, terwyl die ander deur die negatiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-esô-** gekenmerk word.

10.3.4 Kopulatiewe

Die opvallendste strukturele verskille tussen die kopulatiewe struktuur in standaard Noord-Sotho en Lobedu kan soos volg saamgevat word:

10.3.4.1 Identifiserende kopulatiewe

- (a) Voor klas 7 naamwoorde, dit wil sê naamwoorde wat in Lobedu die prefiks **khe-** neem, realiseer die identifiserende kopulatiewe partikel as **n-** in die indikatief onvoltooide tyd positief.

- (b) In die ontkenning van die situatiewe voltooid tyd word 'n hulpwerkwoordkonstruksie in Lobedu gebruik wat bestaan uit die negatiewe hulpwerkwoord **e khe eso**, gevolg deur 'n komplementêre werkwoord. In die eerste Lobedu voorbeeld hieronder is die komplementêre werkwoord **e vê** in die subjunktiewe modus, en in die tweede voorbeeld is die werkwoord **ya va** in die konsekutiewe modus. Standaard Noord-Sotho se ontkenning bestaan uit 'n monoverbale werkwoord, naamlik **e sa ba**.

SNS. *Gê lesôgana e sa ba monna*

L. *Hê moṯhanga e khe eso e vê monna*

Hê moṯhanga e khe eso ya va monna

'As die jongman nie 'n man was nie'

- (c) In die relatief is Lobedu nie sensitief vir die vormlike onderskeid tussen statiewe en dinamiese kopulatiewe nie. Die kopulatiewe werkwoordstam **-ve** word gebruik om 'n statiewe verhouding uit te druk. Verder neem die werkwoordstam die uitgang **-e** in plaas van **-a** in die onvoltooide tyd positief.
- (d) In die konsekutief is Lobedu minder sensitief vir die vormlike markering van die identifiserende kopula deur middel van die onveranderlike onderwerpskakel. In dié modus kom die kopula óf met 'n onveranderlike óf met 'n veranderlike onderwerpskakel voor. In die negatief van die indikatief voltooid tyd en die subjunktief negatief is daar ook kopulas wat die veranderlike onderwerpskakel neem.
- (e) Die dinamiese vorm van die identifiserende kopula in die situatief word in Lobedu gekenmerk deur die situatiewe morfeem **-khe-** wat 'n unieke kenmerk van dié dialek is.
- (f) Die negatiefmorfeem, dit wil sê die Lobedu ekwivalent van SNS. **-sa-**, kom as **-khe-** voor, in plaas van **-kha-**. Die kopulatiewe werkwoordstam neem in

Lobedu die uitgang **-e** in die voltooide tyd in plaas van **-a** soos in standaard Noord-Sotho.

- (g) In Lobedu bestaan daar nie 'n eie ontkenningvorm vir die imperatief nie. Die subjunktiewe ontkenning word ook vir imperatiewe aangewend.
- (h) In die persistiewe vorm van die identifiserende kopula (indikatief en situatief) is L. **-khêê** die teenhanger van SNS. **-sa le**. Daar is aangevoer dat L. **-khêê** uit ***-kha- + -le** ontwikkel het, maar 'n meer gesaghebbende uitspraak oor die aard van hierdie ontwikkelingsproses is voorbehou totdat gegewens uit dialekte wat aan Lobedu verwant is, bekom is. Vergelyk die volgende voorbeeld in die indikatief:

SNS. Monna e sa le tona

L. Monna e khêê nḡona

'Die man is nog steeds 'n hoofman'

- (i) Dieselfde sametrekking kom in die ontkenning van die persistiewe identifiserende kopula voor.

10.3.4.2 Beskrywende kopulatiewe

- (a) In Lobedu realiseer die kopulatiewe werkwoordstam in die situatiewe onvoltooide tyd positief as **-e**. Vergelyk:

Hê e e mariha 'As dit winter is'

- (b) In die geval van die naamwoordklasse tree 'n veranderlike onderwerpskakel voor die kopulatiewe werkwoordstam **-e** op, en neem die werkwoordstam 'n stabiliseerder **e**, soos in

Hê va ee hōna 'As hulle teenwoordig is'

- (c) In die voltooide tyd van die situatief verkies informante om die beskrywende kopula met 'n assosiërende kopula te vervang as die betekenis van die komplement dit toelaat. Vergelyk:

Hê monna a vilê voṭhale, maar eerder
Hê monna a nôô voṭhale
'As die man slim was'

- (d) In Lobedu word dinamiese beskrywende kopulatiewe deurgaans deur middel van assosiërende kopulatiewe uitgedruk. Anders as in statiewe kopulatiewe, is daar, in die geval van dinamiese kopulatiewe, geen semantiese beperkings op die gebruik van assosiërende kopulatiewe nie.
- (e) Soos in die geval van identifiserende kopulatiewe word die kopulatiewe werkwoordstam **-ve** in die relatiewe modus gebruik om 'n statiewe verhouding uit te druk.

10.3.4.3 Assosiërende kopulatiewe

- (a) In die bevestigende vorm van die indikatief se teenwoordige tyd is die kopulatiewe werkwoordstam en die assosiatiewe bindpartikel in Lobedu moeilik van mekaar te onderskei, waarskynlik omdat dié twee elemente saamgesmelt het. Ander vorme van die assosiërende kopula dui daarop dat daar in Lobedu wel 'n kopulatiewe werkwoordstam **-na** voorkom, en ook dat daar 'n assosiatiewe bindpartikel **le** in dié dialek aanwesig is. Daar kan moeilik argumente aangevoer word wat sal verklaar hoe die samesmelting van **-na** en **le** 'n middellae agtervokaal as neweproduk tot gevolg kan hê. Dit is egter duidelik dat Lobedu **-nôô** die ekwivalent van SNS. **-na le** is. 'n Vergelykende dialekstudie mag moontlik meer lig werp op die oorsprong van **-nôô**. In die negatief van die assosiatiewe struktuur met **-nôô**, tree die kopulatiewe werkwoordstam **-na** na vore. Dit versterk die vermoede dat **-nôô** op een of ander wyse uit **-na** moes ontwikkel het.

- (b) Die werkwoordstam **-ve** wat in die statiewe vorm van identifiserende en beskrywende kopulatiewe in die relatiewe modus gebruik word, figureer ook in assosiërende kopulatiewe, terwyl daar in standaard Noord-Sotho 'n statiewe teenhanger **-le** voorkom.
- (c) In die onvoltooide tyd van die situatief positief, tree die situatiewe morfeem **-khe-** in die Lobedu struktuur op. Soos vantevore opgemerk, het dié morfeem nie 'n vergelykbare teenhanger in standaard Noord-Sotho nie.
- (d) In die ontkenning van die situatiewe onvoltooide tyd maak Lobedu van 'n hulpwerkwoordkonstruksie gebruik wat bestaan uit die hulpwerkwoord **a khe** en 'n komplementêre werkwoord **a ve**. Standaard Noord-Sotho se ontkenning is 'n monoverbale vorm, naamlik **a sa be**. Vergelyk:

SNS. Gê mosadi a sa be le bana

L. Hê mosadi a khe a ve le vana

'As die vrou nie kinders kry nie'

- (e) L. **-khêê** - vergelyk die voorbeeld hieronder - het waarskynlik ontstaan deur samesmelting van die kopulatiewe werkwoordstam **-na** en die persistiewe defisiënte hulpwerkwoordvorm **-kha-**. 'n Gesaghebbende uitspraak aangaande die verloop van hierdie proses kon by gebrek aan vergelykende dialekmateriaal nie gemaak word nie. Vergelyk die volgende voorbeeld in die indikatief:

SNS. Bodiba bo sa na le mêtse

L. Vodiva vo khêê le maadzi

'Die fontein het nog water'

Dieselfde verskynsel doen hom ook in die situatief voor.

10.4 Die klassifikasie van Lobedu as dialek van Noordoos-Sotho

Ten einde 'n ingeligte uitspraak te maak betreffende die status van Lobedu as dialek van Noordoos-Sotho, aldan nie, word enkele prominente fonologiese en morfologiese kenmerke van Lobedu met dié van die Noordoostelike dialekbundel vergelyk. Daar word slegs na Phalaborwa verwys omdat dit die Noordoostelike dialek is wat tot dusver die beste nagevors is.

10.4.1 Fonologiese faktore

(a) Lobedu eweknieë van tipiese Sotho se laterale konsonante

Dit is algemeen bekend dat tipiese Sotho se laterale konsonante deur dentale konsonante vervang word in dialekte van die Noordoostelike dialekbundel. In Lobedu is dit ook die geval.

(b) Retroflekse konsonante

In Lobedu word standaard Noord-Sotho se alveolêre plosiewe as retroflekse plosiewe teruggevind. In hierdie opsig is Lobedu dus 'n tipiese dialek binne die Noordoostelike dialekbundel.

(c) Stemhebbendheid van sekere klanke wat in tipiese Sotho stemloos is

Soos aangetoon, word standaard Noord-Sotho se geëjekteerde sluitklanke oorwegend stemhebbend uitgespreek in Lobedu. Ook hierdie is 'n a-tipiese kenmerk waaraan dialekte van Noordoos-Sotho uitgeken word.

(d) Gepalataliseerde labiale konsonante met 'n j-agtige afloop

Lobedu beskik oor verskeie sulke konsonante. Hierdie is 'n verdere kenmerk wat die Noordoostelike dialekbundel kenmerk.

Die punte genoem in (a) tot (b) is ook tiperend van Hananwa (Noord-Sotho dialekbundel). Benewens hierdie kenmerke, het Hananwa en Lobedu ook ander kenmerke gemeen.

10.4.2 Morfologiese faktore

Hoewel daar uiteraard morfologiese verskille tussen ander dialekte van die Noordoostelike bundel en Lobedu bestaan, is die volgende uitstaande ooreenkomste tussen Phalaborwa en Lobedu opvallend:

(a) Klasprefiks van klas 7

L. **khe-** het Ph. **ṭhe-** as teenhanger. Beide klasprefikse is uitsonderlik. Daar is egter 'n duidelike fonologiese korrelasie tussen L. **kh** en Ph. **ṭh** wat ook in die geval van die persistief en die situatiewe morfeem realiseer. Vergelyk (d) en (e).

(b) Lokatiewe suffiks

In Lobedu sowel as Phalaborwa word **-ne** gebruik.

(c) Refleksiefmorfeem

L. **zvwe-** word in Phalaborwa as **i-**, **ṭhe-** of **tṣe-** aangetref. Laasgenoemde twee morfeme is net so ongewoon as L. **zvwe-**.

(d) Situatiewe morfeem

L. **-khe-** word in Phalaborwa as **-ṭhe-** aangetref. Hierdie morfeme verskil weliswaar klankvormlik, maar hulle sintaktiese posisie en aanwending stem basies ooreen.

(e) Persistief

Volgens Vercueil (1966) word die persistief in Phalaborwa as **-ṭha-** waargeneem. L. **-kha-** word as ewe ongewoon beskou.

(f) Negatiefmorfeem

Die Lobedu en Phalaborwa teenhangers van SNS. **-se-** is in meeste gevalle onderskeidelik L. **-khe-** en Ph. **-ṭhe-**.

(g) **dḗ-** vorm van die perfektum

Werkwoorde in die perfektum wat eindig op **dḗ** kom in Lobedu sowel as in Phalaborwa voor.

10.4.3 Slotsom

Die ooreenkomste tussen Lobedu en ander dialekte van Noordoos-Sotho wat in 10.4.1 genoem is, toon dat Lobedu as 'n dialek van die Noordoostelike dialekbundel beskou moet word. Die a-tipiese kenmerke wat die klanksisteem van Lobedu kenmerk, kom ook in die Noordoostelike en Noord-Sotho dialekbundels voor. Indien taalkundiges dialekte soos Phalaborwa en Hananwa as (a-tipiese) dialekte van Noord-Sotho beskou, moet dieselfde uitspraak ook ten opsigte van Lobedu gemaak word.

Die klankvormlike ooreenkomste tussen Hananwa (Noord-Sotho) en Lobedu (Noordoos-Sotho) suggereer 'n gemeenskaplike bron van beïnvloeding. Wanneer in ag geneem word dat palatalisering van labiale konsonante in Venda ook aanleiding gee tot 'n resulterende klank met 'n j-agtige afloop, dat dentale klanke ook in Venda voorkom, en dat die genoemde twee dialekte grens aan Vendasprekende groepe, is die waarskynlikste gemeenskaplike bron van beïnvloeding Venda. Die neiging om tipiese Noord-Sotho se stemlose (geëjekeerde) plosiewe stemhebbend uit te spreek, kan ook aan Venda invloed toegeskryf word. Wanneer die Lobedu teenhangers van Venda woorde wat 'n nasaalverbinding insluit ondersoek word, blyk dit dat die nasaal wat in nasaalverbinding in tipiese Venda figureer, in Lobedu weggelaat word. Al wat dan van die oorspronklike nasaalverbinding oorbly is die stemhebbende plosief. Vergelyk byvoorbeeld:

V.	mbuvha	L.	bovha	'padkos'
V.	ndou	L.	dôu	'olifant'
V.	nguluvhe	L.	golovhê	'vark'

In sommige Lobedu woorde het die nasaal egter behoue gebly. Vergelyk:

ndona	'hoofman'
nganô	'verhaal/vertelling'

Die prominentste morfologiese ooreenkomste tussen Lobedu en Phalaborwa wat in 10.4.2 opgesom is, aksentueer die ooreenkomste in die klanksisteme van dié twee

dialekte.

Die raakpunte tussen Lobedu en Hananwa is verklaarbaar, as in ag geneem word dat beide deur Venda beïnvloed is. Van Wyk (1969b:179) se diagram van die Sotho-taalgroep, soos aangehaal in hoofstuk 1, figuur 1, reflekteer hierdie feit, deurdat die Noordoostelike en Noord-Sotho dialekbundels met 'n pyl aan mekaar verbind is.

'n Goed gefundeerde, linguistiese klassifikasie van die dialekte van Noord-Sotho sal alleenlik kan realiseer nadat die meerderheid dialekte noukeurig ondersoek is. Hierdie proefskrif behoort daartoe by te dra.

BRONNELYS

- Barnard, R.
1987 *Die situatief in Noord-Sotho*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Baumbach, E.J.M.
1987 *Analytical Tsonga grammar*. Pretoria: University of South Africa.
- Bourquin, W.
1969 *Neue-ur-Bantu-wortstämme*. (Nachdruck). Kraus Reprint: Liechtenstein.
- Bratus, B.V.
1969 *The formation and expressive use of diminutives*. London: Cambridge University Press.
- Brook, G.L.
1965 *English dialects*. (2nd. edition). London: Andre Deutch Limited.
- Cantrell, J.V.
1967 *The verbal root in Xhosa, its component radicals and extensions*. Unpublished Ph. D. thesis, University of South Africa, Pretoria.
- Chambers, J.K. & Trudgill, P.
1988 *Dialectology*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Chomsky, N. & Halle, M.
1968 *The sound pattern of English*. New York: Harper & Row.
- Cole, D.T.
1992 *An introduction to Tswana grammar*. (7th. imp.). Cape Town: Longman.
- Crystal, D.
1991 *A dictionary of linguistics and phonetics*. (3rd. edition). Oxford: Basil Blackwell.
- Departement van Onderwys en Opleiding
1988 *Noord-Sotho terminologie en spelreëls*, Nr. 4. Pretoria: Staatsdrukker.
- De Clerq, J.
1961 *Verledetyd, subjunktief en konsektief in Zoeloe*. *Feesbundel vir prof. dr. Jan Antonie Engelbrecht*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Beperk.
- Doke, C.M.
1935 *Bantu linguistic terminology*. London: Longmans, Green & Co. Ltd.

- 1954 *The Southern Bantu languages*. London: Oxford University Press.
- 1973 *Textbook of Zulu grammar*. (6th. edition). Cape Town: Longman Southern Africa (Pty.) Ltd.
- Doke, C.M. & Mofokeng, S.M.
1971 *Textbook of Southern Sotho grammar*. (3rd. edition). Cape Town: Longman Southern Africa (Pty.) Ltd.
- Du Plessis, J.A.
1963 *Die morfologie van die naamwoord en die voornaamwoord in die Sothotale: 'n Vergelykende studie*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Eiselen, W.
1928 *Nuwe Sesothotekste van volkekundige belang*. (Annale van die Universiteit van Stellenbosch, 1928, VI/3). Nr. 6.
- 1928-1929 Zur Erforschung des Lovedu-Dialektes. *Zeitschrift für Eingeborenen-Sprachen*. Jahrgang XIX, pp. 98-116.
- Ferreira, J.A.
1948 *Klank-en vormleer van Lovedu*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1961 *Die fonemiese struktuur van die Sothotale*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Fromkin, V. & Rodman, R.
1983 *An introduction to language*. (3rd. edition). New York: Holt Rinehart and Winston.
- Fry, D.B.
1979 *The physics of speech*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Givón, T.
1970 Some historical changes in the noun-class system of Bantu, their possible causes and wider applications. In Kim, C. & Stalhke, H. (Eds.), *Papers in African Linguistics*, pp. 33-54, Linguistic Research, Edmonton.
- 1976 Topic, pronoun and grammatical Agreement. In Li, C. (Ed.), *Subject and Topic*, pp. 151-185. New York: Academic Press.
- Guthrie, M.
1948 *The classification of the Bantu languages*. London: Oxford University Press.

- 1970 *Comparative Bantu - an introduction to the comparative linguistics and prehistory of the Bantu languages*, Vol. 3 & 4. Bucharest: Gregg Press Ltd.
- Havenga, B.
1988 *Die samestelling van die Sotho-taalgroep*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- Hockett, C.F.
1959 *A course in modern linguistics*. (2nd. edition). New York: The MacMillan Company.
- Howman, E.G.
1918 History and customs of the Makaranga. *South African Journal of Science*, Vol. XV, pp. 384-393.
- International Phonetic Association
1989 Report on the 1989 Kiel convention. *Journal of the International Phonetic Association*, Vol. 19, No. 2, pp. 67-80.
- Khabanyane, K.E.
1989 *Toward resolving disturbing misconceptions in the learning of vowels in Southern Sotho (A language of South Africa)*. Master's thesis, Cornell University, Cornell.
- Kopp, G.A., Kopp, H.G. & Angelocci, A.
1967 *Visible speech manual*. Detroit: Wayne State University Press.
- Kotzé, A.E.
Hananwa veldnotas.
- 1985 Herinterpretasie van die betekenis van demonstratiewe in Noord-Sotho. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, Vol. 5, Nr. 3, pp. 82-87.
- 1987(a) *Die fonologiese sisteem van Hananwa*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- 1987(b) Dealing with nasals within the phonological system of Northern Sotho: Another alternative. *South African Journal of African Languages*, Vol. 7, Nr. 4, pp. 118-120.
- 1988 Morfologie van nie-predikatiewe woorde en konstruksies in Hananwa. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, Vol. 8, Nr. 4, pp. 114-130.
- 1992 Morfologie van predikatiewe woorde in Hananwa. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, Vol. 12 Nr. 3, pp. 116-129.

- 1993 Die kopulatief in Hananwa. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale*, Vol. 13, Nr. 1, pp. 16-28.
- Kriel, T.J.
1977 *Pukuntšu*. (2de uitgawe). Pretoria: J.L Van Schaik Beperk.
- Krige, E.J.
1947 *The realm of a rain queen*. (3rd. print). London: Oxford University Press.
- Krige, E.J.
s.j. *Medicine magic and religion of the Lovedu*. Thesis presented for the degree of Doctor of Literature, University of the Witwatersrand, Johannesburg.
- Krige, J.D.
1937 Traditional origins and tribal relationships of the Northern Transvaal. *Bantu Studies*, Vol. XI, pp. 321-357.
- Krüger, F.
1935-1936 Märchen der Lobedu. *Zeitschrift für Eingeborenen-Sprachen*, Jahrgang 26, pp. 57-74.
- 1936 The Lovedu. *Bantu Studies*, Vol. X, pp. 89-105.
- 1937 Tlokwa traditions. *Bantu Studies*, Vol. XI, pp. 85-115.
- 1937-1938 Bräuche der Lobedu. *Zeitschrift für Eingeborenen-Sprachen*, Jahrgang 28, pp. 241-255.
- Kunene, D.P.
1961 *The sound system of Southern Sotho*. Unpublished D.Phil. thesis, University of Cape Town, Cape Town.
- Ladefoged, P.
1975 *A course in phonetics*. New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.
- Lass, R.
1989 *Phonology: An introduction to basic concepts*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lombard, D.P.
1976 *Aspekte van toon in Noord-Sotho*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil. proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- 1985 *Studiegids 1 vir NSE201-W (Klankleer)*. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

- Lombard, D.P., Van Wyk, E.B. & Mokgokong, P.C.
 1988 *Introduction to the grammar of Northern Sotho*. (2nd. print). Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Loubser, J.H.N.
 1989 Archaeology and early Venda history. *South African Archaeological Society Goodwin Series*, Vol. 6, pp. 54-61.
- Louwrens, L.J.
 1977 Die fonetiese sisteem van Lobedu. *Studies in Bantoetale*, Jaargang 4.1, pp. 61-83.
 1978 Enkele morfologiese verskynsels in Lobedu. *Studies in Bantoetale*, Jaargang 5.1, pp. 68-92.
 1991 *Aspects of Northern Sotho grammar*. Pretoria: Via Afrika Limited.
 1994 *Dictionary of Northern Sotho grammatical terms*. Pretoria: Via Afrika Limited.
- Lyons, J.
 1968 *Introduction to theoretical linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- MacKay, I.R.A.
 1987 *Phonetics: The science of speech production*. (2nd. edition). Boston: Little Brown and Company.
- Mampuru, D.M.
 1991 *The habitual mood in Northern Sotho*. Unpublished Master's dissertation, Rand Afrikaans University, Johannesburg.
- Maphike, P.R.S.
 1982 The morphology and semantics of the Southern Sotho demonstrative. *South African Journal of African Languages*, Supplement 1.
- Marivate, C.T.D.
 1982 *The ideophone in Tsonga*. Unpublished D.Litt. et Phil. thesis, University of South Africa, Pretoria.
- Matthews, P.H.
 1978 *Morphology: An introduction to the theory of word-structure*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Meinhof, C.
 1932 *Introduction to the phonology of the Bantu languages*. (Translated, revised and enlarged in collaboration with the author and Dr. Alice Werner by N.J. Van Warmelo). Berlin: Dietrich Reiner/Ernst Vohsen.

- 1948 *Grundzüge einer vergleichenden Grammatik der Bantusprachen.*
Hamburg: Eckardt & Messtorff.
- Mokgokong, P.C.
1966 *A dialect-geographical survey of the phonology of the Northern Sotho area.* Unpublished Master's dissertation, University of South Africa, Pretoria.
- Msimang, C.T.
1989 *Some phonological aspects of the Tekela Nguni dialects.* Unpublished D.Litt. et Phil. thesis, University of South Africa, Pretoria.
- Nokaneng, M.B. & Louwrens, L.J.
1991 *Segagešo - Mphato 10.* Pretoria: Via Afrika Limited.
- Odendal, F.F. (Hoofred.)
1987 *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal.* (2de uitgawe, 6de druk). Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- Ponelis, F.
1973 *Aspects of diachronic phonology.* Section A & Section B. Unpublished research report, University of South Africa, Pretoria.
- Posthumus, L.C.
1991 Past subjunctive or consecutive mood? *South African Journal of African Languages*, Vol. 11, No. 3, pp. 91-95.
- Poulos, G.
1982 *Issues in Zulu relativization.* Communication No. 11. Published Ph.D. thesis. Grahamstown: Rhodes University.
- 1990 *A linguistic analysis of Venda.* Pretoria: Via Afrika Limited.
- Poulos, G. & Louwrens, L.J.
1994 *A linguistic analysis of Northern Sotho.* Pretoria: Via Afrika Limited.
- Richards, J.C., Platt, J. & Platt, H.
1992 *Longman dictionary of language teaching and applied linguistics.* (2nd. edition). Essex: Clays Ltd.
- Robins, R.H.
1965 *General linguistics: An introductory survey.* (2nd. edition). London: Longmans Green and Company Ltd.
- 1979 *A short history of linguistics.* (2nd. edition). London: Longman.

- Roux, J.C.
1979 *Labialization in Sesotho*. Unpublished D.Litt et Phil. thesis, University of Stellenbosch, Stellenbosch.
- 1983 *Vokaalkwaliteit, toon en konsonantale invloede in Sotho*. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Schane, S.A.
1973 *Generative phonology*. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.
- Schuring, G.K.
1971 *Die diminutiewe en augmentatiewe agtervoegsels in Noord-Sotho*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Snyman, J.W.
1974 Occlusivation and fortisation in Tswana. *Limi*, Vol. 2.1, pp. 67-76.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
1991 *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. (8ste uitgawe, 1ste druk). Kaapstad: Tafelberg Uitgewers Beperk.
- Tucker, A.N.
1932 *Some little known dialects of Sepedi*. Mitteilugen des Seminaars für Orientalische sprachen zu Berlin, Vol. XXXV, No. 1 en 4.
- 1969 *The comparative phonetics of the Suto-Chuana group of Bantu languages*. (Re-edition). Westmead: Gregg International Publishers Limited.
- Van Eeden, B.I.C.
1956 *Zoeloe-grammatika*. Stellenbosch: Pro-Ecclesia-Drukkery.
- Van der Merwe, D.F.
1941 *On the morphology & semasiology of the Sotho verbal stem*. Unpublished D.Litt. et Phil. thesis, University Cape Town, Cape Town.
- Van Loggerenberg, J.C.
1961 *'n Fonologiese vergelyking van die Sotho-dialekte met Oer-Bantoe*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- Van Rensburg, M.C.J., Van Wyk, E.B. & Steyn, J.C. (samestellers)
1974 *TGG: 'n Eerste oorsig*. Johannesburg: McGraw-Hill.

Van Warmelo, N.J.

- 1935 *A preliminary survey of the Bantu tribes of South Africa*. Department of Native Affairs, Ethnological Publications, Vol. V. Pretoria: Government Printer.
- 1940 *The copper miners of Musina and the early history of the Zoutpansberg*. Pretoria: Government Printer.
- 1944 *The Baletswalo or Banarene*. Ethnological Publications, No. 10. Pretoria: Government Printer.
- 1974 The classification of cultural groups. In: Hammond-Tooke, W.D. (Ed.) *The Bantu-speaking peoples of Southern Africa*, pp. 56-84. London: Routledge & Kegan Paul.
- 1989 *Venda dictionary*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

Van Wyk, E.B.

- 1955 Die kopulatiewe van Noord-Sotho. *Kongo-Overzee*, Vol. XXI, Deel I: pp. 71-94; Deel II: pp. 241-261.
- 1958 *Woordverdeling in Noord-Sotho en Zoeloe. 'n Bydrae tot die vraagstuk van woordidentifikasie in die Bantoetale*. Ongepubliseerde D.Litt.-dissertasie, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1960 *Ongepubliseerde klasaantekeninge*. Departement Bantoetale, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1967 Word classes - Northern Sotho. *Lingua*, Vol. 17, pp. 230-261.
- 1968 Notes on word autonomy. *Lingua*, Vol. 21, pp. 543-557.
- 1969a 'n Kritiese ontleding van die mees algemene morfeem-opvatting. *Klasgids*, Nr. 4.3, pp. 35-43.
- 1969b Die indeling van die Sotho-taalgroep. *Ethnological and Linguistic Studies in Honour of N.J. Van Warmelo*. Ethnological Publications no. 52. Department of Bantu Administration and Development, Ethnological Section (Ed.). Pretoria: Government Printer.
- 1974 Generatiewe fonologie: 'n informatiewe oorsig, in *TGG: 'n Eerste oorsig*, saamgestel deur M.C.J. van Rensburg, E.B. van Wyk & J.C. Steyn, Johannesburg: McGraw-Hill.
- 1979 *Praktiese fonetiek vir taalstudente: 'n Inleiding*. (2de druk). Durban: Butterworth.

- 1986 Consecutive and relative in Northern Sotho: A problem in grammatical analysis. *South African Journal of African Languages*, Vol. 6, No. 4, pp. 176-173.
- Vercueil, F.C.
1966 *Die klank- en vormleer van Phalaborwa: 'n Beskrywende studie*. Ongepubliseerde Magister verhandeling, Universiteit van Pretoria, Pretoria.
- 1981 *Die ontkenning in Noord-Sotho*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-dissertasie, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.
- Wentzel, P.J. & Muloiwa, T.W.
1982 *Verbeterde drietalige woordeboek - Venda-Afrikaans-Engels*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Wilkes, A.
1971 *Agtervoegsels van die werkwoord in Zulu*. Ongepubliseerde D.Litt. et Phil.-dissertasie, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
- 1991 Laying to rest certain myths concerning the subjunctive past tense in Zulu. *South African Journal of African Languages*, Vol. 11, No. 2, pp. 61-66.
- Wilson, M.
1986 The Sotho, Venda, and Tsonga. In: Wilson, M. & Thompson, L. (eds.) *A history of South Africa to 1870*, (3rd. print), pp. 131-182. Cape Town: David Phillip.
- Ziervogel, D.
1959 *A grammar of Northern Transvaal Ndebele*. Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Ziervogel, D. (Red.)
1967 *Handboek vir die spraakklanke en klankveranderinge in die Bantoetale van Suid-Afrika*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Ziervogel, D., Louw, J.A. & Ngidi, J.
1967 *A handbook of the Zulu language*. Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Ziervogel, D., Lombard, D.P. & Mokgokong, P.C.
1978 *Handboek van Noord-Sotho*. (5de uitgawe, 2de druk). Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Ziervogel, D. & Mokgokong, P.C.
1985 *Groot Noord-Sotho woordeboek*. (2de verbeterde weergawe). Pretoria: J.L. Van Schaik.